ELLEN G. WHITE ESTATE

# Die Boodskap



ELLEN G. WHITE

# Die Boodskap

**Ellen G. White**

**2012**

**Copyright © 2021**
**Ellen G. White Estate, Inc.**

# Information about this Book

## Overview

This eBook is provided by the Ellen G. White Estate. It is included in the larger free Online Books collection on the Ellen G. White Estate Web site.

## About the Author

Ellen G. White (1827-1915) is considered the most widely translated American author, her works having been published in more than 160 languages. She wrote more than 100,000 pages on a wide variety of spiritual and practical topics. Guided by the Holy Spirit, she exalted Jesus and pointed to the Scriptures as the basis of one's faith.

## Further Links

A Brief Biography of Ellen G. White
About the Ellen G. White Estate

## End User License Agreement

The viewing, printing or downloading of this book grants you only a limited, nonexclusive and nontransferable license for use solely by you for your own personal use. This license does not permit republication, distribution, assignment, sublicense, sale, preparation of derivative works, or other use. Any unauthorized use of this book terminates the license granted hereby. (See EGW Writings End User License Agreement.)

## Further Information

For more information about the author, publishers, or how you can support this service, please contact the Ellen G. White Estate at

mail@whiteestate.org. We are thankful for your interest and feedback and wish you God's blessing as you read.

# Inhoudsopgawe


Information about this Book . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . i
Hoofstuk 1 - Leerstuk oor God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8
Karakter van God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 8
'n Liefdevolle Vader . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 9
Almagtig, Ewig, Onsterflik. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 12
'n Persoonlike Wese. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 12
Die Drie-Eenheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 13
Nuttelose spekulasie oor God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 14
God se Alwetendheid. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 14
God in Sy Woord . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 15
D/e Lewende Woord . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 17
Helderheid van die Woord [Perspicuitas] . . . . . . . . . . . . . . . . 18
Hoe om die Woord te verstaan. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 19
Miller se reëls vir Bybel vertolking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 20
Openbaring van God deur Christus. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 21
Openbaring deur persoonlike ondervinding. . . . . . . . . . . . . . . . 21
Eenheid van die Skríf . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 22
Die Bybel en die Bybel alleen . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 23
Die getuienisskrifte. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 24
God in die natuur . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 27
Hoofstuk 2 - Die Leerstuk oor Christus. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 29
Jesus se karakter . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 29
Sy Goddelikheid. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 30
Bewyse van Sy Godheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 33
Goddelikheid geopenbaar . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 34
Gelyk aan God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35
Menslikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 35
Die God-mens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 42
Die Sondelose natuur . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 43
Die Ontsettende Risiko . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 44
Die Sentrale Tema . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 45
Eenheid met Christus . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47
In Hom Uitverkies . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 47
Verbond van Verlossing. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 50

Betekenis van die Kruis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 52
Noodsaaklikheid van die Kruis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 54
Die begrip van die Kruis . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 55
Dit is volbring! . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 57
Die Opstanding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 59
Hoofstuk 3 - Die Leerstuk oor die Heilige Gees . . . . . . . . . . . . 64
Ewige Natuur . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 64
Derde Persoon van die Drie-eenheid. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 65
Werk van die Heilige Gees. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 66
Instrument van Verlossing . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 73
Geen Plaasvervanger Van Menslike Plig . . . . . . . . . . . . . . . . 74
Sonde Teen Die Heilige Gees. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 75
Hoofstuk 4 - Leerstuk Leerstuk Oor Die Mens . . . . . . . . . . . . . 78
Díe Volmaakte Skepping . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 78
Ons Afhanklikheid Van God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
Paradys Verbeur . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
Voorwaarde vir Onsterflikheid . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 80
Oorsprong van sonde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 81
Die Val . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 81
Erfsonde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
Die Gevolge Van Sonde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
Vryheid Van Wil . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 82
Die Wil En Denkwese . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 90
Die Beeld Herstel. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 91
Die Huis en die Huwelik. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 91
Humelik met nie-gelowiges. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 97
’n Holistiese benadering. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 98
Hoofstuk 5 - Die Leerstuk oor die Kerk. . . . . . . . . . . . . . . . . . 100
’n Openbaring aan die Wêreld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 100
Gesag en Dissipline . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 107
Die Leesstofbediening. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 108
Die Mediese Sendingwerk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 110
Die Opvoeding Van Die Jeug . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 112
Die Kerk In Die Wêreld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 113
In Die Wêreld Maar Nie Van Die Wêreld Nie. . . . . . . . . . . . 114
Rentmeesterskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115
Ons Publikasies . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 115
Getuienis Aan Die Wêreld . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 116

Die Sakramente - Doop . . . . . . 117
Die Sakramente - Die Avondmaal . . . . . . 118
Die Sakramente - Die Voetewassing . . . . . . 120
Die Christelike Huis . . . . . . 121
Matigheid . . . . . . 121
Hoofstuk 6 - Die Die Leerstuk oor die Versoening. . . . . . 124
Die voorgenome Versoening. . . . . . 124
Die Versoening in Vooruitskou . . . . . . 127
Die Verbond . . . . . . 130
Die Voorsiene Versoening . . . . . . 134
'n Volmaakte Versoening . . . . . . 138
Die Toegepaste Versoening - Regverdiging . . . . . . 139
Die Toegepaste Versoening - Heiligmaking . . . . . . 140
Heiligmaking en Karakterbou . . . . . . 148
Die Wet en Die Evangelie . . . . . . 149
Geloof en Werke . . . . . . 150
Die Ondersoekende Versoening . . . . . . 156
Die Uitvoerende Versoening . . . . . . 158
Hoofstuk 7 - Die Leerstuk Oor Eindgebeure . . . . . . 161
Eindgebeure verbind aan 1798. . . . . . . 162
Die Ondersoekende Oordeel . . . . . . 163
Middernagtelike Geroep . . . . . . 167
Die Eerste Engel Se Boodskap . . . . . . 170
Tweede Engel Se Boodskap . . . . . . 171
Die Groot Teleurstelling . . . . . . 172
Die Derde Engele Boodskap . . . . . . 180
Valse Hoop . . . . . . 181
Die Skudding . . . . . . 182
Wonderlike Werking Van Satan . . . . . . 189
Satan Boots Christus se Wederkoms Na . . . . . . 191
Nasionale Sondag Wet . . . . . . 193
Die Merk Van Die Dier Ontvang . . . . . . 196
Die Luide Groep . . . . . . 198
Verseëlingstyd . . . . . . 200
Die Tyd van Benoudheid . . . . . . 204
Die Groot Tyd Van Benoudheid . . . . . . 208
Die Genade deur Sluit . . . . . . 209
Sewe Laaste Plae . . . . . . 210

Die Doods dekreet . . . . . 211
Kort Tyd Van Benoudheid . . . . . 212
Armageddon. . . . . . 213
Bevryding Van Gods Volk . . . . . 214
Spesiale Opstanding . . . . . 216
Tafels Van Die Wet Verskyn In Die Lug . . . . . 216
Die Uur Van Christus Se Koms Word Aangekondig . . . . . 217
Tweede Koms Van Christus . . . . . 217
Eerste Opstanding - Regverdige Dode . . . . . 218
Heiliges Na Die Hemel . . . . . 219
Die Millennium -1,000 Jaar . . . . . 220
Gebeure Aan Die Einde Van Die Millenium . . . . . 222
Bruilof Van Die Lam . . . . . 222
Die Einde Van Die Stryd . . . . . 224

# Hoofstuk 1 - Leerstuk oor God

## Karakter van God

Dit is die duisternis van ‘n wanbegrip van God wat die wêreld omhul. Die mensdom verloor sy kennis van Sy karakter. Dit is verkeerd verstaan en verkeerd vertolk. Juis in hierdie tyd moet ‘n boodskap van God verkondig word, ‘n boodskap van liggewende invloed en reddende krag. Sy karakter moet bekend gemaak word. Die lig van Sy heerlikheid, die lig van Sy goedheid, genade en waarheid moet in die duisternis van die wêreld skyn. [GCH. 386]

God is die ewige, ongeskape Bron van alles wat goed is. Almal wat in Hom vertrou, sal vind dat Hy dit is. Aan diegene wat Hom dien en na Hom as hulle hemelse Vader opsien, gee Hy die versekering dat Hy Sy beloftes sal vervul. Sy vreugde sal in hulle harte wees en hulle vreugde sal volkome wees. [SD. 199]

Alle eienskappe van ‘n heilige karakter kan gevind word in God as ‘n volmaakte geheel en elkeen wat Christus aanneem as persoonlike saligmaker is bevoorreg om die eienskappe te besit. [ML 271 ]

Die wet weerspieël die karakter van God, en nie ‘n jota of tittel daarvan kan verander word om die gevalle mens tegemoet te kom nie. God het nie Sy wet verander nie, maar het Homself opgeoffer, in Christus, vir die verlossing van die mens. God het in Christus die wêreld met Homself versoen. [KE. 692]

Die boek van die natuur en die geskrewe woord werp lig op mekaar. Albei gee hom ‘n beter kennis van God deur hom Sy karakter en die wette waardeur Hy werk te leer. [HH. 445]

Laat julle geduld, vriendelikheid, lankmoedigheid, teerheid, erbarming en ware goedheid aan almal bekend wees, want dit is ‘n openbaring van die karakter van die God wat julle dien. [Ev. 400]

Hier het die Here duidelik Sy wil geopenbaar aangaande die verlossing van die sondaar. Die houding wat baie aanneem deur

twyfel en ongeloof uit te spreek oor God se wil om hulle te red, werp refleksie op die karakter van God. [5T. 631]

Die lewe en dood van Christus, die losprys vir ons saligmaking, is vir ons nie net die belofte en pand van die lewe nie, nie net die middel om weer vir ons die skatte van die wysheid oop te stel nie, dit [2]
is ‘n breër, hoër openbaring van Sy karakter as wat selfs die heiliges van Eden geken het. [Opv. 28]

Duisende het ‘n verdraaide konsep van God en Sy eienskappe. Hulle dien daardeur in werklikheid net sowel ‘n valse god soos die aanbidders van Baäl.

Hy is lankmoedig en ‘n God van erbarming. As dit die wese is wat ons aanbid en wie se karakter ons in ons eie lewe wil inbou, dan aanbid ons die ware God. [5T. 174]

Daar was egter meer as die redding van die mensdom by die verlossingsplan betrokke. Dit was nie die enigste rede waarom Christus na die aarde gekom het nie, dit was nie net sodat die bewoners van hierdie aarde die regte agting vir die wet van God sou hê nie, dit was ook bedoel om die karakter van God voor die heelal te regverdig. [PP. 63]

## ’n Liefdevolle Vader

Geen ontasbare beginsel, geen onpersoonlike essensie of bloot abstrakte begrip kan die behoeftes en verlangens van mense, in hierdie lewe van worsteling met die sonde en droefheid en pyn, bevredig nie. Dit is nie voldoende om aan wet en mag te glo, aan dinge wat geen medelye het, en nooit die hulpgeroep verhoor nie. Ons het ‘n behoefte daaraan om te weet van ‘n arm wat ons sal onderskraag, van ‘n oneindige Vriend wat vir ons jammer is. Ons het ‘n behoefte daaraan om ‘n hand te gryp wat warm is, om te vertrou op ‘n hart vol teerheid. Dit is juis so dat God Hom in Sy Woord geopenbaar het. [Opv.133]

Die openbaring van Gods liefde vir die mens sentreer in die kruis. Die tong kan nie die volle betekenis daarvan uiter nie, die pen kan dit nie uitbeeld nie, nog minder kan ons menslike verstand dit peil. As ons die kruis van Golgota aanskou, kan ons net uitroep, “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie,

maar die ewige lewe kan hê." (Joh. 3:16). Christus gekruisig vir ons sonde, Christus verrese uit die dood, Christus opgevaar na omhoog, is die wetenskap van verlossing wat ons moet leer en verkondig. [8T. 287]

Die doel vir Sy volk vandag is dieselfde as wat Hy met Israel beoog het toe Hy hulle uit Egipteland uitgelei het. Deur die goedheid, genade, regverdigheid en liefde van God te aanskou wat in Sy kerk
[3] geopenbaar is, sien die wêreld 'n weerkaatsing van Sy karakter. En wanneer die wet só uitgeleef word, sal selfs die wêreld die waarde erken van dié wat God liefhet en vrees, bo al die ander mense in die wêreld. [Reflecting Christ. 348]

As ons die majesteit van Sy troon aanskou, sien ons Sy karakter in 'n openbaring van genade en verstaan ons, soos nooit tevore nie, die betekenis van die liefdevolle benaming:"Onse Vader." [ML. 368]

Die onbekeerde mens dink aan God as liefdeloos, as streng, selfs wraaksugtig. Sy teenwoordigheid word gesien as gedurige weerhouding, Sy karakter as 'n versinnebeelding van "Jy mag nie." Sy diens word beskou as vol droefheid en veeleisende vereistes...

Daar is niks wat die Christen so duidelik onderskei van die wêreldling as sy siening van God nie. [1. SM 183-4]

Ons Skepper maak met reg daarop aanspraak dat Hy kan doen soos Hy wil met Sy skepsels. Hy het die reg om te heers soos Hy wil en nie soos die mens verkies nie. Maar Hy is nie 'n streng regter, 'n harde veeleisende skuldeiser nie. Hy is die fontein van liefde, die Gewer van ontelbare seëninge. [5T. 314]

Satan het aan God al die boosheid toegeskryf wat deur die vlees oorgeërf word. Hy stel Hom voor as 'n God wat behae skep in die lyding van Sy skepsels, wat wraaksugtig en ongenaakbaar is. Dit was Satan wat die leerstuk van ewige pyniging as straf vir sonde begin het, want op die wyse kon hy mense lei tot ongeloof en opstand, hulle siele verlei en die menslike rede onttroon. [FE176]

Christus se mees geliefkoosde tema was die Vaderlike karakter en oorvloedige liefde van God. Die vloek van elke kerk vandag is dat mense nie Christus se metode volg nie. Hulle dink hulle kan verbeter op die reëls van die evangelie en omskryf hulle vrylik, hopende om daardeur die kerk en werksmense te hervorm. Laat God ons een Meester wees, ons een Here, vol goedertierenheid, deernis en liefde. [TM. 192-3]

Broeders, ek doen saam met die geliefde Johannes ‘n beroep op julle om te aanskou watter groot liefde die Vader aan ons bewys het. Hy noem ons kinders van God. Watter liefde, watter ongeëwenaarde liefde dat sondaars en vreemdelinge wat ons is, teruggebring kan word en in Sy familie aangeneem kan word. Ons kan Hom aanspreek op die geliefde naam “Onse Vader” wat ‘n teken is van ons liefde vir Hom en ‘n borg van Sy tere sorg en verwantskap met ons. En die Seun van God, in aanskoue van die erfgename van Sy genade, is nie [4]
skaam om hulle broers te noem nie. Hulle het ‘n heiliger verwantskap met God as die engele wat nooit geval het nie. Al die vaderlike liefde wat van geslag tot geslag deur die kanaal van menslike harte gevloei het, al die fonteine van deernis wat oopgegaan het in die siele van mense, is maar soos ‘n klein stroompie in verhouding met die grenslose oseaan wanneer dit vergelyk word met die eindelose, onuitputlike liefde van God. Die tong kan dit nie uiter nie, die pen kan dit nie uitbeeld nie. Jy kan dit elke dag van jou lewe oorpeins. Jy kan die Skrif ywerig ondersoek om dit te verstaan, jy kan elke krag en vermoë inspan wat God jou gegee het in ‘n poging om die liefde en deernis van die hemelse Vader te begryp, maar daar lê nog altyd meer voor. Jy kan dit vir eeue studeer maar jy sal nooit die lengte en breedte, die diepte en hoogte van die liefde van God begryp wat Sy Seun gegee het om vir die wêreld te sterf nie. Die ewigheid kan dit nooit openbaar nie. [5T. 739-40]

Die mooi dinge van die natuur openbaar Sy karakter en Sy mag as Skepper. Dit is Sy gawes aan die mensdom, om Sy mag te toon en te toon dat Hy ‘n God van liefde is. [MM. 94]

“God is liefde” [1 Joh. 4:16]. Sy aard, Sy wet is liefde. Dit was nog altyd so, dit sal altyd so wees.” Die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon” aan wie die” paa0ie van die ou tyd” behoort, verander nie. [PP. 21]

God is die verpersoonliking van goedertierenheid, genade en liefde. [5T.28]

God is ‘n God van waarheid. Regverdigheid en genade is die grondslag van Sy troon. Hy is ‘n God van liefde, deernis en erbarming. [5T.174]

## Almagtig, Ewig, Onsterflik.

God het altyd bestaan. Hy is die groot EK IS. Die psalmis verklaar, "Voordat die berge gebore was, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God." Ps. 90:2. [MM. 92]

Die bestaan van God is gedemonstreer in die tuin van Eden. Sy karakter is geopenbaar deur die dinge in die natuur wat hulle omring het. [8T.255]

God het in die Skrifte genoegsame bewyse gegee van Sy goddelike gesag. Sy eie bestaan, Sy karakter en die waarheid van Sy Woord, word bevestig deur getuienisse wat die rede bevredig en die getuienisse is volop. [EG. 169]

God wou hê dat Sy volk Israel die lig aan al die bewoners van
[5] die aarde moes oordra. Deur Sy openbare aanbidding te onderhou, het hulle van die bestaan en oppermag van die lewende God getuig. [PP. 556]

In die Woord word God die "ewige God" genoem. Hierdie naam omvat die verlede, die hede en die toekoms. Hy is van ewigheid af tot in ewigheid. Hy is die Oneindige. [8T.220]

Die ware bewys van die lewende God is nie in teorie nie, dit is in die oortuiging wat God in ons harte geskryf het, verlig en verduidelik in Sy Woord. Dit is in die lewende krag in Sy geskape werke, gesien deur oë verlig deur die Heilige Gees. [8T..325]

## 'n Persoonlike Wese.

Christus en Sy dissipels het duidelik geleer van die bestaan van 'n persoonlikeGod [8T.266]

Wonderbare verklaring! Die eenheid wat bestaan tussen Christus en Sy dissipels vernietig nie enigeen se persoonlikheid nie. Hulle is een in doel, in denke en karakter, maar nie in wese nie. Dit is op die wyse dat God en Christus een is. [8T.269]

As 'n persoonlike wese het God Homself in Sy Seun geopenbaar. Jesus, die afskynsel van die Vader se heerlikheid" en die afdruksel van Sy wese" (Heb. 1:3) is op aarde gevind in die gelykenis van 'n mens. [8T.265]

Die Almag wat deur die hele natuur werk en alles onderhou, is nie soos sommige wetenskaplikes dit voorstel, slegs 'n allesdeurdringende beginsel, 'n vermoënde energie nie. God is gees, tog is Hy 'n persoonlike wese want die mens is in Sy beeld geskape. God se handewerk in die natuur is nie God self in die natuur nie. [8T.263]

Die Skrifte wys duidelik die verhouding tussen God en Christus en hulle openbaar net so duidelik die persoonlikheid en individualiteit van elkeen. [HH.401]

Met betrekking tot die persoonlikheid en prerogatiewe van God, waar Hy is en wat Hy is, is 'n onderwerp wat ons nie durf aanraak nie. [MM.92]

God het gesien dat 'n duideliker openbaring nodig was van Sy persoonlikheid en karakter as wat die natuur kon uitbeeld. Hy het Sy Seun na die wêreld gestuur om, sover die mens dit kon verduur, die wese en eienskappe van die onsigbare God te openbaar. [8T.265]

Alles wat geskape is getuig van Sy krag, Sy wysheid en Sy liefde, [6]
maar nóg van die sterre, nóg van die oseaan, nóg van die waterval kan ons die persoonlikheid van God leer ken soos dit in Christus Jesus geopenbaar is. [HH.399]

In al die dade van genade wat Jesus gedoen het, het Hy gestreef om by die mense die vaderlike, liefdevolle eienskappe van God tuis te bring. [SD.139]

Christus se geliefkooste tema was die vaderlike karakter en oorvloedige liefde van God. Hierdie kennis van God was Christus se eie gawe aan die mens en die gawe het Hy aan Sy volk toevertrou om aan die wêreld mee te deel. [6T.55]

## Die Drie-Eenheid

God is die vader van Christus; Christus is die Seun van God. Aan Christus is 'n verhewe posisie gegee. Hy is gelyk gemaak aan die Vader. Al die beraadslagings van die Vader is oopgemaak vir Sy Seun. [8T.268]

Daar is drie lewende persone in die hemelse driemanskap; in die naam van hierdie drie groot magte - die Vader, die Seun en die Heilige Gees - word diegene gedoop wat Christus aanneem deur 'n lewende geloof, en die drie magte sal saamwerk met die gehoorsame

onderdane van die hemel in hul strewe om die nuwe Lewe in Christus te lewe. [Ev. 615] (S.T. series B no.7; pp.62,63; 1905)]

## Nuttelose spekulasie oor God

Die openbaring van Homself wat God in Sy Woord gee is vir ons studie. Ons mag probeer om dit te verstaan, maar ons mag nie verder as dit probeer deurdring nie. Die skranderste intellek kan homself ooreis totdat dit uitgeput is van gissing oor die wese van God, maar dit sal vrugteloos wees. Die probleem is nie aan ons gegee om op te los nie. Die menslike verstand kan God nie verstaan nie. Nietige mense moet Hom nie probeer vertolk nie. Laat niemand hom oorgee aan spekulasie aangaande die wese van God nie. Stilte is hier spraaksaamheid. Die Alwetende Een is verhewe bo bespreking. [8T.279]

Ons moet lewe van elke woord wat uit die mond van God kom. Dit wil sê, dit wat God aan ons geopenbaar het. Alles is nie openbaar gemaak nie, want ons sou dit nie kon dra nie. Maar God het alles wat nodig is vir ons verlossing geopenbaar. Ons moet nie Sy Woord prysgee vir die stelling van mense nie. [CH.371 ]

[7]

## God se Alwetendheid.

Hy onderskei tussen die gedagtes, motiewe en doelstelling van die hart. [2T.560]

Deur kanale wat ons nie ken nie, is Hy gedurig in voeling met elke deeltjie van Sy skepping. [KE.316]

Daar is mense wat die groot en almagtige en heilige God wat in ontoeganklike lig woon, aanspreek asof hulle met ‘n gelyke of selfs ‘n mindere spreek. [PP 255]

Jehova, die ewige, die selfstandige, die ongeskapene wat self die bron en instandhouer is van almal, alleen is geregtig op ons hoogste eerbied en aanbidding. [PP 310]

Van die begin af het God en Christus geweet van die afvalligheid van die Satan en van die val van die mens deur die krag van bedrog van die afvallige. God het dit nie beskik dat daar sonde sou wees nie, maar Hy het die ontstaan daarvan vooruitgesien en Hy het voorsiening gemaak vir die vreeslike gebeurtenis. [KE 16]

## God in Sy Woord

God het in Sy Woord aan mense die kennis toevertrou wat nodig is vir saligheid. Die Heilige Skrifte moet aangeneem word as ‘n gesaghebbende, onfeilbare openbaring van Sy wil. Hulle is die maatstaf van karakter, die openbaarder van leerstellings en die toets van die geestelike lewe. (2 Tim. 3:16,17) [G.C. vii]

Die lewens aangeteken in die Bybel is outentieke verhale van werklike mense. Van Adam af deur opeenvolgende geslagte tot in die tyd van die apostels, het ons ‘n duidelike, egte oorkondes van wat werklik gebeur het en die ware ervarings van vlees en bloed karakters. [R&H 22 Jan.1880 (1:216)

Die mens kan nie deur te soek God vind nie. Laat niemand so voorbarig wees, om die gordyn te probeer lig wat sy heerlikheid omsluier nie. [8T.285]

Al wat die mens kan of hoort te weet van God is geopenbaar in die lewe en karakter van Sy Seun. [8T. 286]

As ons altyd aan die Here dink, Hom van harte dank en loof, sal ons godsdienstige lewe altyd opleef. Ons gebede sal soos ‘n gesprek met God wees asof ons met ‘n vriend gesels. Hy sal Sy verborgenhede persoonlik aan ons bekend maak. Dikwels sal ons ‘n [8]
soete, vreugdevolle bewustheid van die teenwoordigheid van Jesus beleef. Dikwels sal ons harte brandend in ons wees wanneer Hy nader kom om soos met Henog ook met ons gemeenskap te hou. [Gelykenisse van Christus bl. 111 ]

Die Bybel is geskryf vir die gewone mens sowel as vir die geleerdes en kan deur almal begryp word. [R&H 27 Jan.1885 (1:501)]

Die Bybel is geskryf deur geïnspireerde manne, maar dit is nie God se wyse van dink en sê nie. Dit is dié van die mens. God, as skrywer, word nie hier verteenwoordig nie. Mense sal sê dat so ‘n uitdrukking is nie soos God nie. Maar God het nie Homself in woorde, logika of retoriek in die Skrif onder verhoor geplaas nie. Die skrywers van die Bybel was God se skrywers, nie Sy pen nie.

Dit is nie die woorde van die Bybel wat geïnspireer is nie, maar die manne wat geïnspireerd was. Inspirasie werk nie in op die man se woorde of uitdrukkings nie, maar op die man self, wat onder die invloed van die Heilige Gees gevul word met gedagtes. Maar die woorde ontvang die afdruk van individuele persoonlikheid. Die

goddelike denke en wil smelt saam met die menslike denke en wil. Dus word die uitinge van die mens die Woord van God. [1 SM.21 (MSS.24,1886)]

Die Bybel is nie aan ons gegee in grootse verhewe taal nie. Jesus het, om die mens te bereik, mens geword. Die Bybel moet gegee word in die taal van mense. Alles menslik is onvolmaak. Verskillende betekenisse word weergegee in dieselfde woord. Daar is nie een woord vir elke afsonderlike idee nie. Die Bybel is gegee vir praktiese doeleindes. [1 SM 20]

Hy (God) rig die verstand in die keuse van wat om te sê en wat om te skryf. Die skat is toevertrou aan erdekruike, tog is dit die getuienis van God; en die gehoorsame, gelowige kind van God sien daarin die heerlikheid van 'n goddelike krag, vol genade en waarheid. [GC. vii]

In verskillende eeue geskryf deur manne van uiteenlopende stand en nering en van intellektuele en geestelike begaafdhede, bied die boeke van die Bybel 'n wye kontras in styl, sowel as in verskeidenheid in die aard van die onder-werpe ontvou. Verskillende vorms van uitdrukking is gebruik deur verskillende skrywers. Soms is dieselfde waarheid meer treffend voorgestel deur een as 'n ander. En as verskillende skrywers 'n onderwerp met sy vele fasette en verhoudings behandel, mag daar vir die oppervlakkige, agtelosige of bevooroordeelde leser skynbare tekortkomings of weersprekings voorkom, terwyl die denkende, eerbiedige student, net helderder insig, die onderliggende harmonie sal erken. [GC. vi]

[9] Die Bybel wys daarop dat dit deur God ingegee is, maar nogtans is dit deur mense geskrywe en in die afwisselende styl van die verskillende boeke word die karaktereienskappe van die verskillende skrywers geopenbaar.

Hierdie waarhede is almal "deur God ingegee" (2 Tim. 3:16), maar nogtans is hulle in die woorde van mense uitgedruk. Die Oneindige het deur Sy Gees gestraal in die hart en verstand van Sy diensknegte. Hy het drome en gesigte, simbole en beelde gegee en diegene aan wie die waarheid so geopenbaar is, het self die gedagtes in mensetaal beliggaam. [GS v,vi]

## D/e Lewende Woord

Die Bybel gee aan die ware soeker gevorderde verstandelike dissipline en hy kom uit die oordenking van goddelike dinge met verrykte vermoëns: self is verootmoedig, terwyl God en Sy openbaarde waarheid verhef is...

Hoekom beland ons jeug en selfs die van volwasse jare, so maklik in versoeking en sonde? Dit is omdat die Woord van God nie gestudeer en oorpeins word soos dit hoort nie. As dit na regte waardeer word, sal daar ‘n innerlike opregtheid, en ‘n sterkte van Gees wees wat die versoekings van Satan tot boosheid sal kan weerstaan. [R&H. Aug. 21,1888. (2:239)]

Soos mense in die dae van die apostels probeer het om geloof in die Skrif te vernietig, deur oorlewering en filosofie, so ook vandag deur die behaaglike sentimente van “hoër kritiek,” evolusie, spiritisme, teosofie en panteïsme, is die vyand van geregtigheid besig om siele op ‘n dwaalweg te lei.... Die werk van “hoër kritiek” wat ontleed, spekuleer, rekonstrueer, is besig om geloof in die Bybel, as ‘n goddelike openbaring, te vernietig. Dit beroof Gods woord van die mag om menselewens te rig, verhef en te besiel. Menigtes word deur spiritualisme geleer dat die wellus die hoogste wet is, dat losbandigheid vryheid is en dat die mens slegs aan homself verantwoordelik is. [AA. 474]

Die woord van die lewende God is nie slegs geskrywe nie, maar gespreek. Die Bybel is God se stem wat met ons praat, net so seker asof ons dit met ons eie ore hoor. As ons dit besef, met watter eerbied sal ons Gods Woord oopmaak en met watter erns sal ons Sy verordeninge naspeur. Die lees en oordenking van die Skrifte sou beskou word as ‘n onderhoud met die Oneindige. [5 T. 393]

’n Duisend jaar van navorsing kan nie die verskuilde skatte wat dit bevat uitput nie. Slegs die ewigheid sal die wysheid van dié boek
openbaar. Die juwele daarin begrawe is onuitputbaar, want dit is die [10]
Wysheid van ‘n Oneindige Verstand. [FE444]

Een sin van die Skrif is van groter waarde as tienduisend van die mens se idees of argumente. [5T. 71 ]

Daar is geen betroubare leerstelling behalwe die wat ooreenkomstig die Woord van God is nie... Die Here verbied die verkondiging van enige ander leerstelling... Die Heilige Skrifte behoort

verklaar te word deur ander en duideliker tekste... Hierdie heilige boek is, in alle dinge wat vir die Christen nodig is, maklik om te verstaan en bereken om die duisternis te verdryf. Daar is behoefte aan ‘n terugkeer tot die Protestantse beginsel - die Bybel en die Bybel alleen as die maatstaf van geloof en plig. [GS. 233-235]

Gedurende die eerste 2,500 jaar van menslike geskiedenis was daar geen geskrewe openbaring nie. Die wat deur God geleer is, het hul kennis aan ander oorgedra en dit was van vader na seun oorgedra na latere geslagte. Die voorbereiding van die geskrewe Woord het in die tyd van Moses begin. Geïnspireerde openbarings is toe in ‘n geïnspireerde boek saamgevat. Die werk is voortgesit gedurende die lang tydperk van 1,600 jaar - vanaf Moses, die geskiedskrywer van die Skepping en die Wet, tot by Johannes, die skrywer van die verhewendste waarhede van die Bybel. [GC.v.]

## Helderheid van die Woord [Perspicuitas]

Daar sal geen verskoning gevind word vir enigiemand wat verlore gaan omdat hy die Skrifte verkeerd verstaan het nie.

In die Bybel word elke lewensbelangrike beginsel omskryf, elke plig uitgelig, elke verpligting verduidelik. [FCE.187]

Neem die Bybel as u studiegids. Almal kan dit verstaan. [8T.299]

Sommige dink dat ‘n opvoeding of deugdelike kennis van die Skrifte oorbodig is as ‘n persoon net die Gees het. Maar God stuur nooit Sy Gees om onkunde te heilig nie. Hy mag en bejammer en seën wel diegene wie se omstandighede dit vir hulle onmoontlik maak om ‘n opvoeding te bekom en somtyds stem Hy in om Sy krag te volmaak in hulle swakheid. Maar dit is diegene se plig om Sy Woord te studeer. ‘n Gebrek aan kennis in ander wetenskappe is geen verskoning vir nalatigheid in Bybelstudie nie. Want die woord van inspirasie is so duidelik dat die ongeletterdes dit mag verstaan. [GW 106:0]

[11] Die Bybel, met sy kosbare juwele van waarheid, was nie vir die geleerdes alleen geskryf nie. Inteendeel, dit was vir die gewone man ontwerp en die vertolking wat deur die gewone man gegee word, deur die Heilige Gees bygestaan, kom beter ooreen met die waarheid soos dit is in Jesus. Die groot waarhede wat nodig is vir verlossing is so duidelik gemaak soos daglig en niemand kan dit misken en die

weg byster raak nie behalwe die wat hulle eie oordeel wil volg in plaas van die duidelike geopenbaarde wil van God. [5T. 331]

Ons moet menslike regerings erken as 'n ordinansie van goddelike aanstelling en gehoorsaamheid daaraan leer, as 'n heilige plig, binne sy regmatige sfeer. Maar wanneer hul eise bots met die vereistes van God, moet ons God eerder gehoorsaam as die mens. Gods Woord moet erken word as bo alle menslike wetgewing. 'n "So sê die Here" mag nie opsy gesit word vir 'n "So sê die kerk" of 'n "So sê die staat" nie. Die kroon van Christus moet verhef word bo die krone van aardse heersers. [AA. 69:0]

Elke standpunt van waarheid deur ons mense ingeneem sal deur groot denkers geoordeel word. Die grootstes van die wêreld se groot manne sal in aanraking met die waarheid gebring word en daarom moet elke standpunt wat ons inneem, krities aan die Skrif ondersoek en getoets word. Ons skyn nou onopgemerk te wees, maar dit sal nie altyd so wees nie. Bewegings is aan die werk wat ons na vore sal bring en as ons teorie van waarheid deur historici en die wêreld se denkers aan flarde geskeur kan word, sal dit gedoen word. [Ev.69:1]

As daar diegene is wie se geloof in Gods Woord nie die toets kan deurstaan van 'n ondersoek van die Skrifte nie, hoe gouer hulle openbaar word, hoe beter, want dan sal die weg geopen word om aan hulle hul foute te toon. Ons kan nie aanvoer dat as 'n sekere standpunt eers aanvaar is, 'n idee eers verkondig is, dit onder geen omstandighede versaak mag word nie. Daar is maar een wat onfeilbaar is - Hy wat die Weg, die Waarheid en die Lewe is. [TM. 105:2]

## Hoe om die Woord te verstaan.

Almal behoort die belangrikheid aan te voel van 'n plan om die jeug op te voed om die Skrifte te verstaan. Laat die werk gedoen word in die eenvoud van die waarheid self. Lei die jeug se denke van waarheid tot waarheid, hoër en hoër, deur aan te toon hoe een Skriftuurplaas 'n ander vertolk, hoe een teks die sleutel is tot ander. So sal die Skrif self die opvoedingsmag wees wat die gedagtes aan Christus gevange hou. [Ev.581 ]

Die Bybel verklaar Homself. Skrifture moet met mekaar vergelyk [12]
word. Die student moet leer om die Woord as 'n geheel te sien, en

die verwantskap van elke deel. Hy moet 'n kennis verkry van die groot Sentrale tema: van God se oorspronklike doel met die wêreld, die gang van die groot stryd en die plan van verlossing. [CT. 462]

Met die doel om verkeerde leerstellings en onbewustelike gebruike te handhaaf, sal sommige van hulle Skrifgedeeltes uit die verband ruk en miskien net die helfte van 'n teks aanhaal om hul stelling te bewys, wanneer die res van die teks presies die teenoorgestelde bewys... Weer ander, wat 'n ryk verbeeldingskrag het, neem van die sinnebeelde van die Heilige Skrif en verklaar hulle volgens hulle eie idees, sonder om in die minste die getuienisse van die Skrif in ag te neem wat self die verklaring gee en dan stel hulle hulle sondérlinge menings voor as die leer van die Bybel. [GS. 592]

Die duidelikste waarhede in die Bybel word deur geleerde manne in twyfel getrek en in duisternis gehul - manne wat deur groot wysheid te veins, leer dat die Skrifte 'n mistiese, geheime en geestelike betekenis het wat nie duidelik uitkom in die taal waarin dit geskryf is nie. Sulke manne is valse leraars. Dit was aan hierdie klas wat Jesus gesê het: "julle dwaal deurdat julle die Skrifte en ook die krag van God nie ken nie." (Mark. 12:24). Die taal van die Bybel behoort vertaal te word volgens die voor die hand liggende betekenis, tensy daar 'n simbool of figuur gebruik word. [GS 675]

## Miller se reëls vir Bybel vertolking

1. Elke woord moet sy behoorlike strekking gegee word in die onderwerp onder bespreking.

2. Alle Skrif is noodsaaklik en kan verstaan word deur ywerige studie en toewyding

3. Niks in die Skrif geopenbaar sal verborge bly vir dié wat in geloof vra sonder om te weifel nie.

4. Om die Skrif te verstaan moet alle Skrifture oor die onderwerp bymekaar gebring word en elke woord sy regmatige invloed laat geld en as jy jou teorie kan formuleer sonder teenstellings, kan jy nie verkeerd gaan nie.

5. Die Skrif moet homself verklaar, aangesien dit 'n rigwyser op sigself is. [R&H.Nov.25 1884 (VoL 1:482)]

[13] Want om die Gordyn te lig wat die Goddelike Teenwoordigheid bedek is die dood. Geen sterflike siel kan deurdring tot die geheime-

nisse waarin die Almagtige woon en werk nie. Ons kan niks meer van Sy handeling met ons verstaan en die motiewe daarvoor as wat Hy verkies om te openbaar nie. [R&H. Apr. 7,1885.(1.501)]

Die Bybel is geskryf vir die gewone man sowel as vir die geleerde en is verstaanbaar vir almal. [R&H. Jan. 27 1885. (1:501)]

Geneeshere, het julle die Meester se werk gedoen deur te luister na fabelatige en spiritualistiese vertolkings van die Skrifte, vertolkings wat die fondamente van ons geloof ondergrawe en tog nog stil te bly? God sê: "Nog minder sal ek met jou wees, tensy jy ontwaak en jou Verlosser regverdig." [1 SM 196]

Die duidelikste waarhede in die Bybel word deur geleerde manne in twyfel en in duisternis gehul - manne wat deur groot wysheid te veins, leer dat die Skrifte'n mistiese, geheime en geestelike betekenis het wat nie duidelik uitkom in die taal waarin dit geskryf is nie. Sulke manne is valse leraars.... Die taal van die Bybel behoort vertaal te word volgens die voor die hand liggende betekenis, tensy daar 'n simbool of figuur gebruik word. [GS. 675-7]

## Openbaring van God deur Christus.

Die mens kan nie deur te soek God vind nie. Laat niemand met aanmatigende hand probeer die gordyn ooptrek wat Sy heerlikheid bedek nie. [8T. 285]

Al wat die mens kan en nodig het om te weet van God is geopenbaar in die lewe en karakter van Sy Seun. [8T.285-6]

## Openbaring deur persoonlike ondervinding.

As ons altyd aan die Here dink, Hom van harte dank en loof, sal ons godsdienstige lewe altyd opleef. Ons gebede sal soos 'n gesprek met God wees, asof ons met 'n vriend gesels. Hy sal Sy verborgenhede persoonlik aan ons bekend maak. Dikwels sal ons 'n soete, vreugdevolle bewustheid van die teenwoordigheid van Jesus beleef. Dikwels sal ons harte brandend in ons wees wanneer Hy nader kom om soos met Henog ook met ons gemeenskap tehou. [GvC.111]

## [14] Eenheid van die Skríf

In elke eeu is daar ‘n nuwe uitbreiding van die waarheid, ‘n boodskap van God aan daardie geslag. Die ou waarhede is almal noodsaaklik, nuwe waarhede is nie onafhanklik van die oues nie, maar is ‘n ontplooiing daarvan. Eers wanneer ons die ou waarhede verstaan, kan ons die nuwes begryp.Toe Christus aan Sy dissipels die waarheid aangaande Sy opstanding wou openbaar, het Hy “van Moses en al die profete af” begin en “vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het(Lukas 24:27). Maar dit is die lig wat uit die nuwe ontplooiing van die waarheid straal wat die oue verheerlik. Hy wat die nuwe verwerp of verwaarloos, is nie werklik in besit van die oue nie. Vir hom het dit nie meer lewende krag nie; dit word ‘n lewelose vorm. [GHC. 109]

Die vermoë van Christus, die gekruisigde Verlosser, om die ewige lewe te gee, moet voor die mense gehou word. Ons moet aan hulle toon dat die Ou Testament net so waaragtig die evangelie is in beeld en skaduwee as wat die Nuwe Testament is in sy ontvouende krag. Die Ou Testament verteenwoordig nie ‘n godsdiens wat deur die Nuwe vervang moet word nie. Die Nuwe Testament is slegs die voortsetting en ontplooiing van die Ou Testament. [6T. 392:1]

Christus het gekom om die wet groot en heerlik te maak. Hy het gekom om die ou gebod wat julle van die begin af gehad het te verheerlik. Ons het die wet en die profete dus nodig. Ons het die Ou Testament nodig om ons padlangs na die Nuwe Testament te lei, wat die Ou Testament nie vervang nie, maar die verlossingsplan duideliker stel en aan die hele offerstelsel en die Woord wat ons van die begin af gehad het, betekenis te gee. [SD 48:3]

Daar is geen so ‘n kontras soos dikwels aangevoer word tussen die Ou Testament en Nuwe Testament, die wet van God en die evangelie van Christus, die vereistes van die Joodse en die van die Christelike dispensasie nie. Elke siel wat gered is in die vorige dispensasie is net so waaragtig deur Christus gered as wat ons vandag deur Hom gered word. Die patriarge en profete was Christene. [SDABC. 6:1061. (ST. SEPT. 14,1882.)]

Die Ou Testament is die evangelie in beeld en simbole. Die Nuwe Testament is die werklikheid. Die een is so nodig soos die

ander. Die Ou Testament bied lesse van die lippe van Jesus wat in geen opsig hul krag verloor het nie. [CWE.26]

Die Woord van God bevat sowel die Ou Testament as die Nuwe. Die een is onvolledig sonder die ander. Christus het verklaar dat die waarhede van die Ou Testament net so waardevol is as die van [15]
die Nuwe. Aan die begin van die wêreld was Christus net soseer die Verlosser van die mensdom as nou. Voordat Hy Sy Godheid met mensheid beklee en na ons wêreld gekom het, is die evangelieboodskap deur Adam, Set, Henog, Metúsalag en Noag verkondig. Abraham het die boodskap in Kanaan verkondig en Lot in Sodom en van geslag tot geslag het getroue boodskappers Sy koms bekend gemaak. Die rites van die Joodse stelsel is deur Christus self ingestel. Hy was die grondslag van hulle offerstelsel, die groot teenbeeld van al hulle godsdiensoefeninge. [GHC. 107]

## Die Bybel en die Bybel alleen

Protestantisme stel die gewete hoër as die magistraat, stel die gesag van Gods Woord hoër as die sigbare kerk. In die eerste plek verwerp dit burgerlike mag in godsdienstige sake en verklaar saam met die profete en apostels, “Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.” (Hand. 5:29). Voor die kroon van Karel V het dit die kroon van Jesus Christus verhef. Maar dit gaan verder. Dit lê die beginsel neer dat alle menslike leerstellings aan die Woord van God ondergeskik moet wees. [GS. 236]

Daar is ‘n duisend versoekings in vermomming voorberei vir diegene wat die lig van waarheid het en die enigste veilige weg vir enigeen van ons is om geen nuwe leerstelling, geen nuwe vertolking van die Skrifte te aanvaar voordat ons dit vir broeders van ondervinding voorgelê het nie. Lê hulle dit voor in ‘n nederige, ontvanklike gees, met ernstige gebed en as hulle geen lig daarin sien nie, lê jou neer by hulle oordeel, want in ‘n menigte raadgewers is daar wysheid.” [5T. 293]

As die pilare van ons geloof nie die toets van ondersoek kan deurstaan nie, dan is dit tyd dat ons dit weet. Daar moet geen farise-ëragtige gees gekoester word in ons midde nie. [TM 107]

Die groot gevaar met ons mense was dat hulle gesteun het op mense en dit hulle vaste burg gemaak het. Diegene wat nie die

gewoonte aangeleer het om die Bybel vir hulleself te studeer nie, of gegewens te kan oorweeg nie, het vertroue in leiers en aanvaar hulle besluite en so sal baie die boodskappe verwerp wat God aan Sy volk stuur, as die leiers dit nie aanvaar nie. [TM. 106/7]

Die Roomse kerk behou aan die geestelikes die reg voor om die Skrifte te verklaar. Omdat die geestlikes alleen bevoeg beskou word
[16] om Gods woord te verklaar, word dit aan die gewone mense onthou. Ofskoon die Hervorming die Skrifte aan almal beskikbaar gestel het, is dit nogtans dieselfde beginsel wat deur Rome gehandhaaf is wat menigtes in die Protestantse kerke verhinder om die Bybel vir hulleself te ondersoek. Hulle word geleer om die leerstellings van die Bybel aan te neem soos deur die kerk verklaar en daar is duisende wat geen ander leerstelling durf aanneem, hoe duidelik dit ook in die Skrifte geopenbaar is, as dit teenstrydig is met hul belydenis of hulle gevestigde kerkleer. [GS. 674]

Maar God sal 'n volk op die aarde hê wat sal staan op die Bybel en die Bybel alleen as die maatstaf van alle leerstellings en die grondslag van alle hervormings. Die menings van geleerde manne, die bevindings van die wetenskap, die leerreëls en besluite van kerklike konsilies, net so talryk en verskillend as die baie kerke wat hulle verteenwoordig, die stem van die meerderheid. Nie een van hierdie dinge of almal tesame, moet aangeneem word as bewys teen of vir enige geloofspunt nie. Voordat ons enige gebod of leerstelling aanneem, moet ons 'n "So sê die Here"as bewys daarvoor eis. [GS. 673]

## Die getuienisskrifte.

Julle ken nie die Skrifte nie. As julle Gods Woord gestudeer het met die begeerte om die Bybel standaard te bereik en tot Christelike volmaaktheid te kom, sou julle nie die Getuienisskrifte nodig gehad het nie. Dit is omdat julle nagelaat het om bekend te raak met Gods geïnspireerde boek, dat Hy julle probeer bereik met eenvoudige, direkte getuienisse, deur julle aandag te vestig op woorde van inspirasie wat julle nagelaat het om te gehoorsaam. [LS.198]

In 'n gesig wat aan my 20 jaar gelede gegee (1871) is, is ek gesê om algemene beginsels neer te lê, modelings of skriftelik, en terselfdertyd spesifieke gevare, dwaallinge en sondes van sekere per-

sone aan te wys, dat almal gewaarsku kan wees, berispe en van raad bedien. Ek het gesien dat almal hul harte noukeurig moet ondersoek om te sien of hulle nie dieselfde foute maak waarvoor ander teregge-wys is nie en of die waarskuwings nie op hulle ook van toepassing is nie. [5T. 654-662]

Daar is sake in die "Getuienisskrifte" wat geskryf is, nie vir die wêreld as geheel nie, maar vir die gelowige kinders van God en dit betaam ons nie om onder-. wysing, waarskuwing, berisping of raad van hierdie aard aan die wêreld te verkondig nie. Die wêreld se Verlosser, die Gestuurde van God, die grootste leermeester wat mense nog ooit geken het, het sekere sake van onderwys ing aan Sy dissipels voorgestel wat nie vir die wêreld bedoel was nie. [TM. 34]

Soos die einde nader en die werk om die laaste waarskuwing te [17]
gee uitbrei, word dit al hoe meer belangrik vir diegene wat die teen-woordige waarheid aanneem, om 'n duidelike begrip te hê van die aard en invloed van die "Getuienisse" wat God in Sy voorsienigheid gekoppel het aan die werk van die derde engel se boodskap van die begin af. [5T. 654]

Die geskrewe "Getuienisse" is nie om nuwe lig te gee nie, maar om in harte te beklemtoon waarhede alreeds deur inspirasie geo-penbaar... Bykomstige lig word nie uitgebring nie, maar God het deur die "Getuienisse" die groot waarhede vereenvoudig en op Sy eie verkose manier dit voor die mense gebring om hulle denke te stimuleer en te beíndruk sodat almal sonder verskoning sal wees. Die "Getuienisse" is nie om die Woord van God te verkleineer nie, maar om dit te verhef, en soekers daardeur te laat aantrek, sodat die skone eenvoud van die waarheid almal mag oortuig. [5T. 665]

God is óf besig om Sy kerk te leer, hulle sonde te bestraf en hul geloof te versterk, óf Hy is nie. Hierdie werk is van God, óf dit is nie. My werk... dra die stempel van God of die stempel van die vyand. Daar is geen halwe werk in die saak nie. Die "Getuienisse" is van die Gees van God of dit is van die duiwel. [5T. 671]

Laat die "Getuienisse" geoordeel word aan hul vrugte. Wat is die strekking van hul lering? Wat is die resultate van hul invloed? Almal wat wil kan vir hulleself vasstel wat die vrugte van die gesigte is. Die Here het dit goed geag om hul te laat oorlewe en sterk word teenoor die teenstand van Satan se magte en die invloed van menslike werktuie wat Satan in sy werk bystaan. [5T.671]

Die eerste uitgawe van die "Getuienisse" ooit gepubliseer bevat 'n waarskuwing teen die onoordeelkundige gebruik van die lig wat so aan Gods volk gegee is. Ek het verklaar dat sommige onoordeelkundig handel. Wanneer hulle van hul geloof met ander praat en daar word vir bewyse gevra, het hul uit my geskrifte gelees in plaas van om na die Skrif te gaan vir bewys. Dit is aan my getoon dat dié manier van doen onkonsekwent is en dat dit ongelowiges bevooroordeel teen die waarheid. Die "Getuienisse" kan geen gewig dra by mense wat geen kennis dra van hulle strekking nie. [5T. 669-670]

Om lig te verontagsaam is om dit te verwerp. As jy vertroue
[18] verloor in die "Getuienisse" sal jy wegdrywe van Bybelwaarheid. [5T. 672-80]

Baie wat uit die waarheid gaan voer as rede aan dat hulle geen vertroue in die "Getuienisse" het nie. [5T.674-5]

Dit is die Satan se plan om die vertroue van Gods volk in die "Getuienisse" te verswak. Hy weet hoe om sy aanvalle te loods. Hy werk op mense se gevoelens om hulle met jaloesie en ontevredenheid teen die leiers in die werk te vul. Die gawes word volgende bevraagteken en hulle dra vervolgens geen gewig nie en dus word instruksies deur die gesigte verontagsaam. Dan volg skeptisisme in verband met die kardinale punte van ons geloof, die pilare van ons siening, dan twyfel in die Heilige Skrif en dan die afwaartse pad na die verderf. [5T.672-80]

Ek het gesien dat vele misbruik maak van wat God getoon het van die foute en sondes van ander. Hulle het die uiterste betekenis geheg aan wat getoon is in 'n visioen en dit dan deurgevoer totdat dit neig om die geloof van baie te verswak in wat God getoon het en ook om die kerk te ontmoedig en af te skrik. [5T.670]

Sommige predikers loop ver agter. Hulle gee voor dat hulle die getuienisse glo en sommige doen skade deur dit as ysere reëls te maak vir diegene wat nog geen kennis het met betrekking tot die getuienisse nie, maar hulle faal daarin om dit self uit te leef. Hulle het al herhaalde getuienisse gehad, maar het dit verontagsaam. Die weg wat diegene inslaan is nie konsekwent nie. [5T. 669]

Sommige wat hulle eie posisie wil versterk, sal uit die "Getuienisse" sitate neem wat volgens hulle mening hulle siening ondersteun en dan gee hulle ook die sterkste moontlike betekenis daaraan, maar dit wat hulle optrede bevraagteken of wat nie ooreenstem met hulle

oogpunt nie, verklaar hulle as suster White se opinie, terwyl hulle die goddelike oorsprong van die boodskap ontken en dit op dieselfde vlak plaas as hulle eie oordeel. Hulle sê: “Ons glo SusterWhite se “Getuienisse” maar as sy aan ons dinge vertel wat sy nie direk in visioen gesien het nie... tel haar woorde niks meer by ons as die woorde van enige ander persoon nie.” [5T. 687-691]

Die getuienisse van suster White moet nie op die voorfront geplaas word nie. Die Woord van God is die onfeilbare standaard. Die getuienisse moet nie die plek neem van die Woord nie. Gelowiges moet die uiterste sorg handhaaf om die sake versigtig te hanteer en te stop wanneer genoeg gesê is. Laat almal hul posisies uit die Skrifte verantwoord oor elke punt wat hulle as waarheid uit die geopenbaarde Woord van God beskou. [Ev.256 (Letter 12,1890)

Die getuienisse van Sy Gees vestig julle aandag op die Skrifte, en [19]
dui julle defekte van karakter aan. Om julle vleeslike, gemaksugtiage weë te regverdig, begin julle twyfel of dit die getuienisse van God is. As julle hulle lering gehoorsaam sal julle sekerheid hê dat hulle van goddelike oorsprong is. Onthou, julle ongeloof maak nie hulle waaragtigheid tot niet nie. As hulle van God is, sal hul staande bly. Die wat poog om die geloof van Gods volk in hierdie getuienisse af te takel, getuienisse wat al vir die afgelope ses-en-dertig jaar in die kerk is, stry teen God. Dit is nie die instrument wat julle minag en beledig nie, maar God, wat tot julle gespreek het in die waarskuwings en vermanings. [5T. 234)

Sommige wat voorgee dat hulle die Woord van God studeer, lewe in werklikheid in direkte opposisie tot die duidelike vereistes daarin. Om manne en vroue sonder verskoning te laat, gee die Here dan eenvoudige maar gerigte getuienisse om hulle terug te bring na die Woord wat hulle nagelaat het om te volg. [2T.455]

Min aandag is gegee aan die Bybel en die Here het ‘n kleiner liggie gegee om die manne en vroue te lei na die groter lig. [Ev.257]

## God in die natuur

Hoewel die aarde deur die vloek bederf is, moes die natuur nog steeds die mens se lesboek wees. Dit kon nou nie net die goeie voorstel nie, want die kwaad was orals teenwoordig en het land, see en lug met sy besoedelende aanraking geskend. Waar daar eenmaal

net die karakter van God, die kennis van die goeie, geskrywe was, is nou ook die karakter van Satan, die kennis van kwaad, geskryf. Uit die natuur, wat nou die kennis van goed en kwaad geopenbaar het, moes die mens voortdurend waarskuwings oor die gevolge van sonde ontvang. [Opvoeding 26]

En deur die mens se ongehoorsaamheid is die natuur self verander. Geskend deur die vloek van sonde, getuig dit op onvolmaakte wyse van die Skepper. Dit kan nie Sy karakter in Sy volmaaktheid openbaar nie ...

Die dinge van die natuur wat ons vandag aanskou, gee ons maar ‘n vae begrip van die skoonheid van Eden. [8T. 256]

Waar hulle uitwei oor die wette van materie en die wette van die natuur, verloor baie uit die oog of ontken geheel en al die direkte betrokkenheid van God. Hulle skep die idee dat die natuur onafhanklik
[20] van God kan funksioneer omdat dit van sigself eie perke en magte het om mee te werk. In hulle denke is daar ‘n skerp verskil tussen die natuurlike en die bonatuurlike. Die natuurlike word toegeskryf aan normale oorsake wat geen verband het met die krag van God het nie. Inherente lewensvatbaarheid word toegeskryf aan materie en van die natuur word ‘n afgod gemaak. [8T. 259]

Maar terwyl dit waar is dat God in die begin herkenbaar was in die natuur, is dit nie noodwendig so dat na die Sondeval ‘n volmaakte kennis van God tot Adam en sy nageslag gespreek het uit die natuur nie. Die natuur kan sy boodskap oordra aan die mens in sy onskuld. Maar die oortreding sou ‘n vloek op die aarde bring en indring tussen die natuur en die God van die natuur. [8T. 255]

# Hoofstuk 2 - Die Leerstuk oor Christus. [21]

## Jesus se karakter

Hy was skerpsinnig en wakker, met 'n bedagsaamheid en wysheid ver bokant sy ouderdom, met 'n mooi en ewewigtige karakter. Verstandelik en liggaamlik het Hy gelydelik ontwikkel, ooreenkomstig die wette van die jeug. As kind het Jesus 'n besonder lieflike geaardheid geopenbaar. Sy gewillige hande was altyd gereed om te dien. Hy het 'n geduld gehad wat niks kan verstaan nie en 'n onwrikbare waarheidliewendheid en onomkoopbaarheid. In beginsel was Hy rotsvas en 'n onselfsugtige hoflikheid het Sy lewe versier. [KE. 41]

As werksman was Hy volmaak, soos Sy karakter was. Hy het deur Sy eie voorbeeld geleer, dat ons ywerig, presies en deeglik in ons werk moet wees en dat sulke arbeid eerbaar is. [KE. 45]

Jesus het die volk op gelyke voet ontmoet, soos een wat bekend is met hul moeilikhede. Hy het die waarheid mooi laat klink deur dit in die eenvoudigste, mees regstreekse bewoording te klee. Sy taal was suiwer, verfynd en helder soos 'n bergstroom. Sy stem was musiek vir die mense wat aan die eentonige stemme van die rabbi's gewoond was. Alhoewel Hy in eenvoud geleer het, het Hy gepraat soos een wat gesag het. Hy was eerder plegtig as hartstogtelik.Hy het gepraat soos Een wat 'n bepaalde sending te vervul het. Hy het die aandag op die werklikhede van die ewige dinge gevestig. In elke tema is God geopenbaar. [KE. 212]

Sy tere ontferming het heling vir die vermoeide en belaste gebring. Selfs te midde van die oproerigheid en verwoede vyande het 'n atmosfeer van vrede Hom omring. Die skoonheid van Sy gelaat, die lieflikheid van Sy karakter en bo alles, die liefde wat Sy oë en Sy stem weerspieël het, het almal wat nie deur ongeloof verhard is nie na Hom getrek. [KE.213]

Die hoedanighede wat almal moet besit is die wat Christus se karakter afgerond het - Sy liefde, Sy geduld, Sy onselfsugtigheid

en Sy goedheid. Deur die karakter van Christus te aanskou, sal u in Sy beeld verander word. Net die genade van Christus kan u hart verander en dan sal u die beeld van Jesus weerspieël. God roep ons om soos Hy te wees - rein, heilig, onbevlek. Ons moet die ewebeeld van God wees. [SD. 102]

[22]

## Sy Goddelikheid.

Jesus sê: “Onse Vader wat in die hemele is,” om Sy dissipels daaraan te herinner dat, hoewel Hy deur Sy mensheid met hulle verbonde is as ‘n deelgenoot in hul beproewinge en een wat saamvoel in hul smarte, is Hy deur Sy Godheid met die troon van die Oneindige verbind. Wonderbare versekering!

Die hemelse wesens verenig met die mens in meegevoel en arbeid vir die redding van die verlorenes en alle mag in die hemel word by die menslike vermoë gevoeg om siele na Christus te trek. [KE.399]

Christus, die Woord, die eniggeborene van God, was een met die ewige Vadereen van aard, een van karakter een van doel. Hy was die enigste wese wat kon meedoen aan die raadsbesluite en planne van God. [PP. 22]

In Christus is die lewe - die oorspronklike, onontleende lewe. “Hy wat die Seun het, het die lewe.” (1 Joh. 5:12)

Die Godheid van Christus is die gelowige se waarborg van die ewige lewe. “Wie in My glo,” het Jesus gesê “sal lewe, al het hy ook gesterwe.” Deur Sy woord en werke het Hy Hom die bewerker van die opstanding genoem. [KE.477]

In Hom was daar niks wat tot die drogredes van die Satan aangetrokke gevoel het nie. Hy het nie tot sonde ingestem nie. Hy het nie eens deur ‘n gedagte aan die versoeking toegegee nie. So kan ons ook wees. Christus se mensheid is met Sy Godheid verenig. Hy is vir die stryd toegerus deur die inwoning van die Heilige Gees. En Hy het gekom om ons deelgenote te maak van die Goddelike natuur. So lank ons met Hom verenig is deur die geloof, heers die sonde nie meer oor ons nie. God reik na die hand van ons geloof om dit te rig om vas te hou aan die Godheid van Christus, sodat ons ‘n volmaakte karakter kan bereik. [KE. 92-93]

Christus is die voorbestaande, self-bestaande Seun van God... Wanneer Hy praat van Sy voorbestaan, voer Christus die gedagtes terug deur datumlose eeue. Hy verseker ons dat daar nooit 'n tyd was waar Hy nie in noue gemeenskap met die ewige God was nie. Hy, na wie se stem die Jode geluister het, was saam met God soos een wat saam met Hom groot geword het. [ST Aug.29,1900]

Hy was gelyk aan die Vader, eindeloos en almagtig... Hy is die ewige, selfbestaande Seun. [MS.101,1897]

In Christus is al die heerlikheid van die Vader saamgevat. In Hom [23]
woon die volheid van die Godheid liggaamlik. Hy is die afskynsel van die Vader se heerlikheid en die afdruksel van Sy wese. Die heerlikheid en eienskappe van God word uitgedruk in Sy karakter. Die evangelie is heerlik omdat dit bestaan uit Sy geregtigheid. Dit is Christus ontvou en Christus is die evangelie beliggaam. Elke bladsy van die Nuwe-Testamentiese Skrifte skyn met Sy lig. Elke teks is 'n juweel, geraak en deurlig deur die goddelike strale. Ons moet nie die evangelie loof nie, maar Christus. Ons moet nie die evangelie aanbid nie, maar die Here van die evangelie. [SDABC. 7;907. (MS.44,1898)]

Christus, die Woord, die eniggeborene van God, was een met die ewige Vader - een van aard, een van karakter en een van doel - Hy was die enigste wese wat kan meedoen aan die raadsbesluite en planne van God. [PP. 22]

Die Vader was verteenwoordig in Christus en die aandag aan opvoeding moet daarop gevestig word dat hulle in Hom glo en na Hom opsien soos na God. Hy het 'n wonderlike sending na hierdie wêreld gehad en Sy werk was nie om 'n volle weergawe van Sy Goddelikheid te gee nie, maar Sy menslikheid was 'n verseëling van Sy aanspraak op Goddelikheid. [FE. 382]

Christus wou die dissipels laat verstaan dat alhoewel Hy hulle voete gewas het, dit nie afbreuk aan Sy waardigheid gedoen het nie. Hy het dit so belangrik geag dat Hy self, wat gelyk aan God is, as dienskneg vir Sy dissipels opgetree het. Terwyl hulle om die ereplek gewedywer het, het Hy, voor wie elke knie sal buig, wie die heerlike engele dit 'n voorreg ag om te dien, neergebuig om die voete te was van hulle wat Hom Here noem. [KE 589]

Christus is een met die Vader, maar Christus en God is twee verskillende persoonlikhede. Christus bid dat Sy dissipels een moet

word met Hom soos Hy met Sy Vader. Maar die eenheid tussen Christus en Sy volgelinge vernietig nie enige van hul persoonlikhede nie. [SDABC. 5:1148]

Sy liefde vir hulle is nie so maklik geskok of uitgedoof nie. Hy wis dat die Vader alle dinge in Sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan. Hy was ten volle bewus van Sy Godheid, maar Hy het Sy koninklike kroon en gewaad neergelê en die gedaante van die dienskneg aangeneem. Een van Sy laaste dade op aarde was om Hom as 'n dienskneg te omgord en die rol van 'n kneg te speel. [KE. 584]

Deur Sy mensheid het Christus die mensheid aangeraak; deur Sy Godheid was Hy met die troon van God verbind. As Seun van die mens het Hy ons die voorbeeld van gehoorsaamheid gestel; as die Seun van God gee Hy ons krag om te gehoorsaam. [KE. 5]

[24] Terwyl Christus hierdie woorde gebesig het, het die heerlikheid van God uit Sy gelaat gestraal, en almal was met 'n heilige ontsag vervul, terwyl hulle geboeid na Hom geluister het. Hulle het sterker tot Hom aangetrokke gevoel en terwyl hulle met 'n sterker liefde na Hom getrek is, is hulle ook sterker tot mekaar getrek... Die Heiland het dringend verlang dat Sy dissipels moet verstaan vir watter doel Sy Godheid met die mensheid verenig is. Hy het na die wêreld gekom om die heerlikheid van God aan die wêreld te openbaar, sodat die mens opgehef kon word deur Sy herstellende krag. God is in Hom geopenbaar sodat Hy in hulle geopenbaar kon word. [KE 602]

Die werk van God se Geliefde Seun, is om 'n skakel te wees tussen skepsel en Skepper, die begrensde met die Ewige. Die werk van Christus was om die wesens in ander wêrelde van hul onskuld en lojaliteit te verseker, sowel as om die verlorenes van hierdie wêreld te red. Hy maak 'n weg oop vir die gehoorsame om terug te keer tot 'n getroue God en Hy beveilig hulle wat alreeds gereinig is, sodat hulle nie besmet raak nie. [MYP. 253]

Jesus het volgehou dat Hy die Seun van God was. Sy eerste besoek aan die tempel het nuwe drange aangewakker. Hy het alle aardse verpligtinge tydelik uit die oog verloor, maar ondanks Hy van Sy Goddelike sending en van Sy eenheid met God bewus was, het Hy die gesag van Sy ouers nie weerstaan nie. Nadat Hy erken het dat Hy die Seun van God was, het Hy Hom agtien jaar lank aan

die gesag van Sy ouers onderwerp. Dertig jaar lank het Hy Hom aan ouerlike gesag onderwerp. [SD. 127]

## Bewyse van Sy Godheid

Elke wonderwerk wat Christus verrig het, was ‘n teken van Sy Godheid... Wat die Jode beweeg het om die Heiland Se werk te verwerp, was die hoogste bewys van Sy Goddelike natuur. Die grootste betekenis van sy wonderwerke is die feit dat hulle ten behoewe van die mensheid was. Die hoogste bewys dat Hy God was, is dat Sy lewe die karakter van God geopenbaar het. Hy het die werk van God gedoen en Sy woorde gespreek. So’n lewe is die grootste van alle wonderwerke... Dit is God se getuienis aan die wêreld vir die Goddelike sending van Sy Seun. [KE. 364]

As Jesus die belasting sonder protes betaal het, sou Hy feitlik hul bewering erken het en sodoende Sy Godheid verloën het. Maar hoewel Hy dit goed geag het om die geld te stort, het Hy die eis
waarop dit berus het ontken. Selfs in Sy voorsiening vir die betaling [25]
van die geld het Hy Sy Goddelike aard bewys. Hy het getoon dat Hy een met God is en daarom nie belasbaar as ‘n gewone onderdaan van die koninkryk is nie. [KE 390]

Deur die geheim in die verraaier se hart te lees, het Christus aan Judas die laaste, oortuigende bewys van Sy Goddelikheid gegee. [KE.595]

Jesus het die rabbi’s ‘n bewys van Sy Godheid gegee deur te toon dat Hy hulle harte lees. [KE.410]

So het die dag verbygegaan terwyl die dissipels van Johannes alles waarneem. Eindelik het Jesus hulle na Hom geroep en aan hulle gesê om aan Johannes alles te gaan vertel wat hulle gesien het. Toe voeg Hy by: “Salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie.” Die bewyse van Sy Goddelikheid was sigbaar in Sy aanpassing by die behoeftes van die lydende mensdom. Sy heerlikheid is geopenbaar in Sy neerbuigende liefde teenoor ons. [KE. 182]

In vrees en selfveroordeling het Pilatus na die Heiland gekyk. In daardie hele see van gesigte het net Syne vrede weerspieël. Dit was asof ‘n sagte lig om Sy hoof skyn. Pilatus het weer in sy hart gesê: “Hy is ‘n God.” [KE. 668]

## Goddelikheid geopenbaar

Die Godheid het deur die mens gestraal en aan Christus ‘n waardigheid en heerlikheid verleen wat Hy nog nooit vantevore geopenbaar het nie. [KE 529]

’n Oomblik het die Goddelikheid van Christus deur Sy menslike masker gestraal en die hoëpriester het gekrimp voor die deurdringde oë van die Heiland. [KE.363]

Sy stem, helder en deurdringend, dring deur die ore van die dooie. As Hy praat, glim die Godheid deur Sy mensheid. In Sy gelaat, wat verlig is deur die heerlikheid van God, sien die aanwesiges die versekering van Sy krag. Elke oog is op die ingang van die grot gevestig. Elke oor is gespits om die geringste geluid te hoor. Met intense belangstelling wag almal in spanning op die toets vir Christus se Godheid, die getuienis wat Sy aanspraak as die Seun van God sou bevestig, of die hoop vir ewig sal uitdoof. [KE. 481]

Sy gebed word verhoor. Terwyl Hy nog laag op die klipperige aarde neerbuig, gaan die hemele skielik oop, die goue poorte van die Godstad word wyd oopgegooi en ‘n heilige lig straal op die berg neer en omhul die Heiland se gedaante. Die Godheid van binne
[26] glans deur Sy mensheid en ontmoet die heerlikheid van bo. Dan kom Christus orent en Hy staan daar in Goddelike Majesteit. Sy sielefoltering is weg. Sy gelaat “blink soos die son”en Sy klere is “wit soos die lig.” [KE. 378]

Hy is die manifestasie van die Vader en word genoem die Woord van God. God het Sy Seun in die wêreld gestuur, Sy Goddelikheid beklee met menslikheid. Hy maak Sy Goddelike karakter bekend in Sy woorde, krag en majesteit. [SDABC 5:1131]

Met die reiniging van die tempel het Jesus Sy sending as Messias aangekond ig en Sy taak onderneem. Christus het met die gesag van ‘n koning gepraat en in Sy voorkoms en in Sy stem was daar ‘n onweerstaanbare mag. Op die bevel van Sy woord het hulle soos nog nooit tevore nie hul ware toestand as hygelaars en rowers besef. Toe die Godheid deur die mensheid geflits het, het hulle nie net die verontwaardiging op Sy gelaat gesien nie, maar hulle het die betekenis van Sy woorde besef. [KE 158,162]

Christus kon dinge vir Herodes gesê wat die ore van die harde koning sou deurboor het. Hy sou hom in vrees en bewing kon gehad

het deur die goddeloosheid van sy lewe ten volle te ontbloot of met die afgryse van sy naderende verdoemenis. Maar Christus se swye was die striemendste teregwysing wat Hy kon gegee het. Die Majesteit van die hemele het vir hom geen woord gehadnie. [KE 731]

## Gelyk aan God

Christus het na die wêreld gekom om die karakter van die Vader te openbaar en om die gevalle mensdom te verlos. Die wêreld se Verlosser was gelyk aan God. Sy gesag was soos die gesag van God. Hy verklaar dat Hy geen bestaan apart van die Vader het nie. Die gesag waarmee Hy gepraat het en wonderwerke gedoen het, was uitsluitlik Sy eie, tog verseker Hy ons dat Hy en die Vader een is. [R&H Jan.7,1890 (2:355)]

Christus was ‘n ware mens en Hy het bewys gelewer van Sy nederigheid deur mens te word... en Hy was God in die vlees. [SDABC 7:904]

## Menslikheid

As ons ‘n diep probleem soek om te studeer, laat ons ons aandag vestig op die wonderlikste ding wat nog ooit gebeur het in die hemel en op die aarde - die vleeswording van die Seun van God. God het Sy Seun gegee om ‘n skanddood te sterf vir sondige mense. Hy wat aanvoerder was in die hemelse howe, het Sy koninklike kleed en [27]
kroon opsy gesit, Sy Goddelikheid met menslikheid beklee en na hierdie aarde gekom om aan die hoof van die menslike geslag te staan as model-man. Hy het Hom verneder om te ly saam met die mensdom, om hulle krankhede Sy smart te maak. [MS. 76,1903]

Christus was waarlik mens en Hy het bewys gelewer van Sy nederigheid deur mens te word. En Hy was God in die vlees. [SDABC. 7;904 (MS. 67,1898)]

Hy het die sonde gedra van elke sondaar, want alle sonde was aan Hom toegereken, alhoewel “Hy geen sonde gedoen het nie, en geen bedrog in Sy mond gevind is nie.” Alhoewel die skuld van sonde nie Syne was nie, was Sy Gees verskeur en gewond deur die oortredinge van die mens. [R&H Dec. 20,1892. (2:623)]

Omdat Hy vry was van enige smet van sonde, was enige kontak met boosheid onuitspreekbaar pynlik vir die verfynde gevoelens van Sy heilige natuur. Tog het Hy, met die menslike natuur opgesaal, die aartsvyand van aangesig tot aangesig ontmoet en alleen die vyand van Sy troon teëgestaan.

Nie eers in Sy gedagtes kon Christus beweeg word om toe te gee aan versoeking nie. [R&H Nov. 8,1887.(2:167)]

Maar Jesus het Hom met die mensheid geklee nadat die ras al deur vierduisend jaar van sonde verswak was. Soos elke kind van Adam het Hy die gevolge van die uitwerking van die groot erflikheidswet aanvaar. Wat hierdie gevolge was, kon gesien word in die geskiedenis van Sy aardse voorouers. Met so'n erfenis het Hy gekom om ons ellendes en versoekings met ons te deel en om vir ons die voorbeeld van 'n sondelose lewe te kom stel. [KE. 23]

Christus wat nie die geringste smet van sonde of onreinheid geken het nie, het ons natuur in Sy vervalle toestand, op Hom geneem. [1 SM. 253]

Maar toe Adam die versoeker die hoof moes bied, was hy nie aan die gevolge van die sonde onderhewig nie. Hy het in die krag van 'n volmaakte man gestaan, liggaamlik en geestelik. Hy was deur die heerlikheid van Eden omring en was daagliks in verbinding met hemelse wesens. Dit was nie so met Jesus toe Hy die woestyn in is om die Satan die hoof te bied nie. Vierduisend jaar lank het die mens se liggaamskragte, geestesvermoë en sedelike waarde afgeneem en Christus het die swakhede van die ontaarde mensheid op Hom geneem. Alleen op die manier kon Hy die mens uit die dieptes van sy verwording red. [KE. 85-86]

[28] Baie beweer dat Christus onmoontlik deur versoeking oorwin kon word. As dit so is, kon Hy nie in Adam se plek gestaan het nie en sou Hy nie kon oorwin het waar Adam geswig het nie. As ons in enige opsig 'n groter stryd moet voer as wat Christus moes, sou Hy ons nie kon red nie. Maar ons Heiland het die menslike met al sy swakhede op Hom geneem. Hy het die menslike natuur aangeneem, met die moontlikheid om voor die versoeking te swig. Ons het niks om te verduur wat Hy nie verduur het nie. [KE. 86]

Die lewe van Jesus was 'n lewe in harmonie met God. Toe Hy 'n kind was, het Hy soos 'n kind gedink en gepraat, maar geen sweem van sonde het die beeltenis van God in Hom geskend nie. Tog was

Hy nie teen versoeking gevrywaar nie. Die inwoners van Nasaret was bekend vir hul goddeloosheid. Hoe min daar van hulle gedink is, blyk uit Natánael se vraag:"Kan daar uit Nasaret iets goeds wees?" Jesus is geplaas waar Sy karakter getoets kon word. Hy moes gedurig waak om Sy reinheid te bewaar. Hy moes dieselfde stryd stry as ons, sodat Hy as kind, jongeling en volwassene vir ons 'n voorbeeld kon wees. [KE. 44]

Christus word die tweede Adam genoem. In reinheid en heiligheid, een met God en deur Hom geliefd, het Hy begin waar die eerste Adam beqin het. [QD 650]

Hy het die Satan oorwin in dieselfde natuur waaroor Satan in Eden die oorwinning behaal het. [QD 651]

Wees versigtig, uiters versigtig hoe jy uitwei oor die menslike natuur van Christus. Moet Hom nie aan mense voorhou as 'n mens met neigings tot sonde nie...

Moet nooit, op enige wyse, die geringste indruk op mense denke laat dat enige smet of neigings tot sonde in Hom was nie of dat Hy enigsins toegegee het aan sonde nie. Hy was versoek soos wat die mens versoek word en tog word Hy genoem "die Heilige Wese." Dit is 'n verborgenheid wat onverklaar gelaat is hoedat Christus in alle opsigte soos ons versoek kon gewees het, sonder om sondig te wees. Die vleeswording van Christus was altyd en sal altyd 'n verborgenheid bly. [SDABC 5:1128] (Let. 8,1895)]

Hy is die tweede Adam. Die eerste Adam is geskape as 'n rein, sondelose wese, sonder 'n smet van sonde aan hom. Hy was in die beeld van God. Hy kon val en hy het geval deur oortreding. As gevolg van sy sonde word sy nakomelinge gebore met inherente neigings tot ongehoorsaamheid. Maar Jesus was die eniggebore Seun van God. Hy het op Homself die menslike natuur geneem, en was in alle opsigte soos hulle versoek. Hy kon gesondig het, Hy kon [29]
geval het, maar daar was nie vir een oomblik 'n sondige neiging nie. Hy was versoek in die woestyn soos wat Adam versoek was in die tuin van Eden. [SDABC. 5:1128 (Let. 8,1895)]

Wat 'n gesig vir die hemel om te aanskou. Christus wat nie die geringste smet van sonde en onreinheid in Hom het nie, neem ons gevalle natuur aan. Dit was 'n groter vernedering as wat die nietige mens kan begryp. God het Hom openbaar in die vlees...

Christus het na die aarde gekom en menslikheid aanvaar, en gestaan as die mensdom se verteenwoordiger, om te bewys dat in die groot stryd met Satan, die mens soos God hom geskape het, en terwyl hy in die Vader en Seun bly, aan elke goddelike vereiste kan voldoen. [1 SM. 253]

Christus het nie voorgegee dat Hy die menslike natuur op Hom geneem het nie, Hy het dit werklik gedoen. Hy het in heerklikheid die menslike natuur deelagtig geword. "Soos die kinders deel gehad het aan vlees en bloed, so het Hy ook deel daaraan gehad." Hy was die seun van Maria. Hy was die saad van Dawid volgens menslike afkoms. [QD.653]

Toe Jesus die menslike natuur op Hom geneem het en gekom het in die gestalte van 'n mens, het Hy die hele menslike organisme besit. [SDABC 5:1130]

Hy is ons broeder in krankhede, maar nie met soortgelyke drange nie. [2 T 202]

Christus, te midde van versoekings, staan in die plek van Adam, om die toets te deurstaan waarin hy onsuksesvol was.

Christus dra die sonde en swakheid van die menslike ras en ten behoewe van die mens, weerstaan Hy die versoekings van Satan.

Hy wat sonde geken het, het sonde vir ons geword. Hy word diep verneder sodat Hy die mensdom kan bereik en hom kan uithelp uit sy sondigheid waarin hy verval het. [SDABC 5:1081]

Christus het Hom verbind om ons plaasvervanger en borg te wees en Hy veronagsaam niemand nie. Sy gehoorsaamheid het vir ons 'n onuitputlike voorraad van volmaakte gehoorsaamheid voorsien. Wanneer die sondaar se opregte, nederige gebede na die troon van God opstyg, meng Christus daarmee die verdienste van Sy eie lewe van volmaakte gehoorsaamheid. Christus het Hom verbind om vir ons in te tree en die Vader luister altyd na die Seun. [SD. 22]

[30] Christus het nie Sy Goddelikheid verruil vir menslikheid nie, maar beklee Sy Goddelikheid met menslikheid. Christus was God se enigste geliefde Seun. Hy neem op Homself die menslike natuur en word versoek net soos ons. Hy kon sondig, Hy kon val, maar nie vir een oomblik was daar in Hom 'n neiging tot sonde nie. (SDABC 5:1128]

Ons moet die egtheid van Christus se menslikheid besef, voordat ons die waarde van die verlossingsplan kan insien. Dit was nie 'n

skyn menslikheid nie. Christus neem die menslike natuur aan en leef daarvolgens. Christus se lewe verteenwoordig ‘n volmaakte menswees. Sy Goddelike eienskappe was daarvan weerhou om Sy geestelike angs en liggaamlike pyn te verlig. [SDABC 5:1124]

Deur voorskrif en voorbeeld het Christus ‘n waardevolle lewe gelei. Van Sy vroegste jare af het Hy ‘n lewe van swaarkry gehad. Die meeste tyd is deurgebring in die geduldige skrynwerkerswinkel. Hy neem die menslike natuur met al sy swakhede aan. Hy groei op in ‘n dienskneg se huis en was geklee met growwe kledingstukke en het gemeng met die laere klas. Sy voorbeeld wys ons dat dit die mens se plig is om konstruktief en werkende ‘n eerbare lewe te lei. [CT. 276]

Toe Christus die menslike natuur op Homself geneem het, het Hy die mensheid met Homself verbind met ‘n band van liefde wat nooit kon verbreek word, deur enige mag, behalwe uself nie. Met ons oë gevestig op Jesus is ons veilig. [SC 74]

Deur die menslike natuur op Homself te neem, het Hy een met die mensdom geword en terselfdertyd openbaar Hy die hemelse Vader aan die sondige wéreld. Hy wat van die begin af in die teenwoordigheid van die Vader was, was alleen bevoeg om die Goddelike karakter aan die mens te openbaar. In alle opsigte was Hy gelyk aan ons. Hy was honger en dors en moeg. Hy was versterk deur voedsel en verfris deur slaap. Hy het die blaam van die mens gedra tog was hy die onskuldige Seun van God. [MH. 442]

Baie beweer dat Christus onmoontlik deur versoeking oorwin kon word. As dit so is, kon Hy nie in Adam se plek gestaan het nie en sou Hy nie kon oorwin het waar Adam geswig het nie. As ons in enige opsig ‘n groter stryd moet voer as wat Christus moes, sou Hy ons nie kon red nie. Maar ons Heiland het die menslike met al sy swakheid op Hom geneem. Hy het die menslike natuur aangeneem,
met die moontlikheid om voor die versoeking te swig. Ons het niks [31]
om te verduur wat Hy nie verduur het nie. [KE 86]

Die voorsienigheid van God het Jesus geplaas waar Hy was, en Hy was van Sy hemelse Vader afhanklik vir die middele om in die behoeftes te voorsien. [KE 328]

Maar die Seun van God was onderworpe aan die wil van die Vader en was van Sy mag afhanklik. So volkome was Christus van die self geledig dat Hy geen planne vir Homself beraam het nie. Hy

het God se planne vir Hom aangeneem en dag vir dag het die Vader Sy planne ontvou. [KE 172]

Toe hulle Hom in Sy vernedering aanskou het waar Hy as 'n mens tussen die mense gewandel het, het hulle nie die verborgenheid van Sy vleeswording, die dubbele aard van Sy natuur verstaan nie. Hulle oë is toegehou, sodat hulle nie die Godheid in die mensheid behoorlik kon raaksien nie. [KE 456]

As Verlosser van die wêreld het Christus gedurig voor 'n skynbare neerlaag te staan gekom. Hy, die Genadeboodskapper na ons wêreld, kon skynbaar weinig van die werk tot stand bring wat Hy graag wou verrig om op te hef en te red. Duiwelse invloed het gedurig in Sy weg gestaan. Maar Hy het Hom nie laat ontmoedig nie. [KE 615]

Maar as Christus oorwin kon word, sou die aarde die koninkryk van die Satan word en sou die mensdom vir ewig in sy mag wees. Bewus van alles wat in hierdie stryd op die spel was, was Christus se siel bevrees dat Hy van God geskei sou word. Die Satan wou hom wysmaak dat as hy vir 'n sondige wêreld sou borg staan, die skeiding onherroeplik sou wees. Hy sou met die koninkryk van Satan vereenselwig word en sou nooit weer een met God kon word nie. [KE 620]

Niemand was so verhewe soos Christus nie en tog het Hy Hom verwerdig om die nederigste takie te verrig. Hy het self die voorbeeld van nederigheid gestel sodat Sy volk nie mislei hoef te word deur die selfsug wat in die natuurlike hart woon en wat deur die soek van eie belang versterk word nie. Hy wou hierdie grootste onderwerp nie aan die mens oorlaat nie. Hy het dit so belangrik geag dat Hy self, wat gelyk aan God is, as kneg vir Sy dissipels opgetree het. [KE 589]

Toe haar geval menslik gesproke hopeloos voorgekom het, het Christus goeie hoedanighede in haar gesien. Hy het die goeie karakter trekke in haar raakgesien. Die verlossingsplan het die mensdom voor groot moontlikhede gestel en in Maria sou hierdie moontlik-
[32] hede vervul word. Deur Sy genade het sy 'n deelgenoot aan die Goddelike natuur geword. Oie een wat geval het en wie se gees die woonplek van duiwels geword het, is baie na aan die Heiland in gemeenskap en diens gebring. [KE 609]

Hy voel uitermate teder teenoor hulle - met ‘n tederheid so ver verhewe bo wat ons vader en moeder in ons hulpeloosheid teenoor ons gevoel het as wat die Godheid bo die menslike verhewe is. [KE 258]

“Glo My dat Ek in die Vader is en die Vader in My of anders, glo My ter wille van die werke self.” Hulle kon hulle geloof veilig vestig op die getuienis wat Christus se werke gelewer het, werke wat geen mens ooit gedoen of ooit kon doen nie. Die werk van Christus het van Sy Godheid getuig. Deur Hom is die Vader geopenbaar. [KE 602]

As Sy verteenwoordigers onder die mense, kies Christus nie sondelose engele nie, maar mense met dieselfde hartstogte as die wat hulle wil red. Christus het self mens geword sodat Hy die mensheid kon bereik. Die Goddelike het die menslike nodig gehad, want dit het sowel die Goddelike as die menslike vereis om verlossing aan die wêreld te bring. Die Goddelike het die menslike nodig gehad, sodat die menslike ‘n verbindingskanaal tussen God en mens kan word. [KE 256]

Die Satan was onvermoeid in sy pogings om die kind van Nasaret te oorwin. Van Sy vroegste jare af is Jesus deur engele beskerm, maar Sy lewe was een lang stryd teen die magte van die duisternis. Dat daar een lewe op aarde sou wees wat onbesmet is deur die bose, was vir die vors van die duisternis ‘n aanstoot en ‘n verleentheid. Hy het geen steen onaangeroer gelaat om Jesus te verstrik nie. Geen mensekind sal ooit geroep word om soos ons Heiland te midde van so ‘n felle stryd teen versoeking ‘n heilige lewe te lei nie. [KE 44]

Hy is stap vir stap deur die wil van die Vader gelei. Hy het nie geaarsel om op die bestemde tyd op te tree nie. Met dieselfde onderwerping het Hy gewag totdat die tyd aangebreek het. [KE114]

In daardie verskriklike donkerte, oënskynlik deur God verlaat, het Christus die beeld van menslike leed tot die droesem geledig. In daardie verskriklike ure het Hy op die getuienis vertrou wat Hy tot dusver gehad het, dat die Vader Hom aanvaar. Hy was bekend met die karakter van Sy Vader. Hy het Sy geregtigheid, Sy genade en Sy groot liefde geken. In die geloof het Hy in Hom berus vir wie dit altyd Sy lus was om te gehoorsaam. En toe Hy Hom onderworpe aan God toevertrou, verdwyn die gevoel dat Sy Vader Hom verlaat het. Deur die geloof was Christus die oorwinnaar. [KE 685]

[33] **Die God-mens**

Hy was die Seun van God en nogtans ‘n hulpelose kind. As Skepper van die wêreld het Hy die aarde besit, en tog was armoede ‘n kenmerk van elke tree van Sy lewe. Hy het ‘n waardigheid en ‘n individualiteit gehad wat heeltemal apart gestaan het van die wêreldse trots en verwaandheid. Hy het nie na wêreldse grootheid gestreef nie en was tevrede met selfs die nederigste plek. [KE 60]

Toe die stem gehoor word, het ‘n lig uit die wolk gekom en Christus omhul asof die arms van die Almagtige soos ‘n muurkring om Hom sluit. Die mense het die toneel verstom en vreesbevange gadegeslaan. Niemand het durf praat nie. Met ingehoue asem het hulle gestaan, die oë op Christus genael. Nadat die getuienis van die Vader gegee was, het die wolk gelig en in die hemele verdwyn. Voorlopig is die sigbare verbinding tussen die Vader en die Seun beeïndig. [KE 565]

Christus se mensheid is met Sy Godheid verenig. Hy is vir die stryd toegerus deur die inwoning van die Heilige Gees. En Hy het gekom om ons deelgenote te maak van die Goddelike natuur. Solank ons met Hom verenig is deur die geloof, heers die sonde nie meer oor ons nie.[KE 92]

Maar Hy wat die hemelse leër kon ontbied het, Hy wat daardie gepeupel skrikbevange voor Sy oë kon verdryf het met die deurstraling van Sy Goddelike majesteit, het Hom kalm onderwerp aan die grofste mishandeling en belediging. Die Satan was vertoornd toe hy sien dat al die mishandelinge waaraan die Heiland onderwerp word, nie ‘n enkele klag van sy lippe dwing nie. Hoewel Hy die natuur van die mens op Hom geneem het, is Hy met’n Goddelike onwrikbaarheid besiel en het Hy in geen opsig van die wil van Sy Vader afgewyk nie. [KE 665]

Hy was bedroef, beledig en mishandel - op alle maniere was Hy versoek, nogtans het Hy nie gesondig nie, maar ‘n volmaakte gehoorsaamheid aan God weerkaats. Deur hierdie volmaakte gehoorsaamheid, het Hy alle verskonings vir ongehoorsaamheid gekelder. Hy het gekom om aan die mens te wys hoe om te gehoorsaam en om al die gebooie te onderhou. Hy gee Sy lewe, sodat elke mens deel kan word van die Goddelike natuur, om die korrupsie van hierdie sondige wêreld te ontvlug. [MYP 165]

## Die Sondelose natuur [34]

Die man wat na Jesus gekom het, was ‘Vol van melaatsheid.” Die dodelike kwaad het sy liggaam deurtrek. Die dissipels wou belet dat hul Meester aan hom raak, want wie ‘n melaatse aanraak word self onrein. Maar Jesus is nie besoedel deur Sy hand op die melaatse te lê nie. Van sy hand het die lewegewende krag gevloei. Die melaatsheid is genees. So is dit ook met die melaatsheid van sonde - diep gewortel, dodelik en onmoontlik vir die mens om te genees. Maar as Jesus in die mens kom woon, raak Hy nie besoedel nie. Sy teenwoordigheid bring helende krag aan die sondaar. [KE 224]

Hy het die sonde gedra van elke sondaar, want alle sonde was aan Hom toegereken, alhoewel “Hy geen sonde gedoen het nie en geen bedrog in Sy mond gevind is nie. Alhoewel die skuld van sonde nie Syne was nie, was Sy Gees verskeur en gewond deur die oortredinge van die mens.

[R&H Dec.20,1892. (2:623)]

Toe Jesus kom om gedoop te word, het Johannes in Hom ‘n reinheid van karakter bespeur, soos wat hy nog nooit in enige mens gesien het nie. Selfs die atmosfeer wat Hom omring het was heilig en ontsagwekkend. [KE 78]

Gedurende Sy lewe op aarde het Christus ‘n volmaakte karakter ontwikkel. Hy het Sy Vader se gebooie volkome gehoorsaam. Selfs al het Hy in die gedaante van ‘n mens na die aarde gekom, Hom aan die wet onderwerp, aan die mens getoon dat Hy hul siektes, hul droefheid, hul skuld gedra het, het Hy nie ‘n sondaar geword nie. Hy het as die vlekkelose Lam van God voor die wêreld gestaan. [Sn 25]

As die Heiland een onheilige daad gepleeg het, sou dit die voorbeeld bederf het en dan kon Hy nie vir ons ‘n volmaakte voorbeeld gewees het nie, maar hoewel Hy in alle opsigte soos ons versoek is, was daar in Hom geen sweem vansondenie. [Sn 148]

Omdat Hy moes werk, was daar geen ledige oomblike om versoeking uit te lok nie. Geen doellose ure het die weg vir die verderflike omgang geopen nie. Sover moontlik het Hy die deur vir die versoeker gesluit. Geen wins of plesier, applous of bestraffing, kon Hom oorreed om een wandaad te pleeg nie. Hy was gou om die sonde raak te sien, sterk om dit te weerstaan. Christus was die enigste sonde-

lose mens wat ooit op die aarde gewoon het;Tog het Hy byna dertig jaar onder die goddelose inwoners van Nasaret gewoon. Versoeking, armoede en teenspoed is juis die dissipline wat ons nodig het om rein en standvastig te kan word. [KE 44]

Die ideale Christelike karakter is Christus s'n. Soos die Seun van die mens in Sy lewe volmaak was, so moet Sy volgelinge in hulle lewe volmaak wees.

[KE 72]

[35] Omdat die mense aan hulle luste en drange toegee, sou hulle nie instaat wees om die groot waarhede van die verlossingsplan in te sien nie. Nogtans sou Christus getrou bly aan die doel waarvoor Hy die hemel verlaat het. Hy sou Sy belangstelling in die mensdom gaande hou en hulle steeds nooi om hulle swakhede en tekortkominge in Hom te verberg. In die behoeftes van elkeen wat gelowig na Hom toe kom, sou Hy voorsien. [PP 62]

Die Seun van God is self die groot voorspraak vir die sondaar. Hy wat self die losprys betaal het, ken die waarde van die mensesiel. Christus het die sonde gehaat soos net 'n vlekkelose, rein natuur, maar terselfdertyd het Hy die sondaar lief gehad met 'n liefde wat net oneindige goedheid kan baar. [PP140]

## Die Ontsettende Risiko

Maar as Christus oorwin kon word, sou die aarde die koninkryk van die Satan word en sou die mensdom vir ewig in sy mag wees. Bewus van alles wat in hierdie stryd op die spel was, was Christus se siel bevrees dat Hy van God geskei sou word. Die Satan wou hom wysmaak dat as hy vir 'n sondige wêreld sou borg staan, die skeiding onherroeplik sou wees. Hy sou met die koninkryk van Satan vereenselwig word en sou nooit weer een met God kon word nie. [KE 620)

In die hemel het die Satan Christus gehaat ter wille van Sy posisie in die howe van God. Hy het Hom nog meer gehaat toe hy self van sy troon onthef is. Hy het Hom gehaat wat onderneem het om 'n ras van sondaars te verlos. Tog, in 'n wêreld waar die Satan op die heerskappy aanspraak gemaak het, het God toegelaat dat Sy Seun as 'n hulpelose babatjie kom, onderworpe aan die menslike swakhede. Hy het Hom toegelaat om die gevaar van die lewe net soos enige

ander mens te kom trotseer, om die stryd te stry soos elke mensekind moet, op gevaar van mislukking en ewige verlies. [KE 24]

Tensy daar ‘n moontlikheid is van te swik vir sonde, is versoeking geen versoeking nie. Versoeking is teëgestaan as ‘n mens sterk beïnvloed word om ‘n verkeerde daad te doen en, wetende dat hy dit kan doen, dit weerstaan, deur geloof en met ‘n ferm hand op Goddelike krag. Dit was die wroeging waardeur Christus moes gaan. Hy kon nooit in alle opsigte getoets gewees het soos wat die mens getoets word, as daar geen moontlikheid was dat Hy

kon val nie. Hy was ‘n vry wese, op die proef geplaas, soos wat Adam was en soos elke mens vandag [SDABC 5;1082 (Yl.Oct 26,1899)]

## Die Sentrale Tema [36]

Christus beoog dat die hemelse orde, die hemelse heerskappy, die hemelse eensgesindheid in Sy kerk op aarde verteenwoordig sal wees. So word Hy in Sy kinders verheerlik. Deur hulle sal die Son van Geregtigheid met ongedoofde glans in die wêreld skyn. Christus het Sy kerk toegerus om ‘n groot oes van heerlikheid van Sy verloste, vrygekoopte eiendom te ontvang. Aan Sy kinders het Hy vermoëns en seëninge geskenk sodat hulle Sy eie toereikendheid kan demonstreer. Die kerk, toegerus met die geregtigheid van Christus, is Sy opslagplek waarin al die rykdom van Sy genade en liefde in volle luister gesien kan word. Christus beskou Sy kinders in hul reinheid en volmaaktheid as die loon van Sy vernedering en die aanvulling van Sy heerlikheid. Christus, die groot Middelpunt, uit wie al die heerlikheid uitstraal. [KE 616]

Die Satan het die toestand op sy ergste vir die Heiland geskilder: Die volk wat beweer dat hulle in stoflike en geestelike seëninge bo alle andere bevoorreg is, het Jou verwerp. Hulle wil Jou, die middelpunt en seël van die beloftes wat aan hulle as uitverkore volk gemaak is, vernietig. Een van Jou ywerigste volgelinge sal Jou verloën. Almal gaan Jou verlaat. [KE 620]

Al wat die mens kan en moet weet van God, is geopenbaar in die lewe en karakter van Sy Seun. [8T. 286]

Op elke bladsy, of dit nou geskiedenis, gebod of profesie is, is die Ou Testament deurstraal met die heerlikheid van die Seun van

God. Sover as wat dit ‘n Goddelike instelling was, was die hele Joodse stelsel ‘n saamgevatte profesie van die evangelie. Aangaande Christus het “al die profete” getuig. Van die belofte aan Adam af deur die patriarge en regsinstellings het die hemelse lig die voetstappe van die Verlosser verlig. Sieners het die Ster van Betlehem, die komende Silo, gesien namate die toekomstige dinge in ‘n raaiselagtige optog voor hulle verbygetrek het. Elke offerande het van die dood van Christus getuig. In elke wierookwolk het Sy geregtigheid opgestyg. Elke trompet met die jubeljaar het Sy naam uitgebasuin. In elke ontsagwekkende verborgenh-eid van die Allerheiligste het Sy heerlikheid geskyn. [KE175)

Die hele hemelse skatkamer is oop vir die wat Hy soek om te red. Hy het die rykdom van die heelal bymekaargemaak en al die hulpbronne van Sy oneindige mag oopgestel en alles in die hande
[37] van Christus geplaas met die woorde: “Dit alles is vir die mens. Gebruik hierdie gawes om hom te oortuig dat daar geen groter liefde as Myne in hemel of op aarde is nie. Hy sal sy hoogste geluk vind deur My lief te hê.” [KE. 31]

Om reg verstaan en waardeer te word, moet elke waarheid in die Woord van God, van Genesis tot die Openbaring, studeer word in die lig wat straal uit die kruis van Golgota. Ek bied aan julle die groot monument van genade en hernuwing, verlossing en redding - die Seun van God aan die kruis. Dit moet die grondslag wees van elke preek wat ons leraars gee. [Ev. 190]

Wanneer studente van profesie in hul harte voorneem om die waarhede van Openbaring te ontdek, sal hul besef hoe belangrik hul soektog is. Christus Jesus is die Alfa en die Omega, die Genesis van die Ou Testament en die Openbaring van die Nuwe Testament. Albei ontmoet in Christus. Adam en God word versoen deur die gehoorsaamheid van die tweede Adam, wat die werk gedoen het om Satan se versoekings te oorwin en Adam se skandelike mislukking en val te vergoed. [SDABC. 6:1092-3 (MS.33,1897)]

Van alle belydende Christene, behoort Sewendedag Adventiste heel voor te wees om Christus te verhef voor die wêreld. Die verkondiging van die derde engel se boodskap vereis elke prediking van die Sabbatswaarheid. Hierdie waarheid, met ander waarhede wat deel is van die boodskap, moet verkondig word, maar die aantrekkingskrag van die groot Middelpunt, Jesus Christus, moet nie uitgelaat word

nie. Dit is by die kruis van Christus wat genade en waarheid mekaar omhels en geregtigheid en vrede mekaar kus. [GW.156]

Ons het veel minder stryd nodig en veel meer prediking van Christus. Ons Verlosser is die middelpunt van al ons geloof en verlange. Diegene wat Hom kan uitbeeld in Sy ou vergelykbare liefde en harte besiel om aan Hom hul beste en heiligste geneentheid te gee, doen ‘n groot en heilige werk. [Ev. 172]

Christus is die middelpunt van alle ware leerstellinge. Alle ware godsdiens word in Hom en die natuur gevind. Hy is die een op wie ons hoop op die ewige lewe gevestig is en die onderwyser wat van Hom leer vind ‘n veilige ankerplek. [CT.453]

Christus soos geopenbaar aan die patriarge, soos gesimboliseer in die offerandestelsel, soos uitgebeeld in die wet en soos geopenbaar deur die profete, is die rykdom van die Ou Testament. Christus in Sy lewe, Sy dood en Sy opstanding, Christus soos geopenbaar deur die Heilige Gees, is die skat van

die Nuwe Testament. Ons verlosser, die afskynsel van die Vader se heerlikheid is beide die Ou en Nuwe Testament. [GCH.l 26]

## Eenheid met Christus [38]

Niks kan die lewende Christen van die lewende God skei nie. [R&H July 26,1887. (2:160)]

’n Eenwording met Christus deur ‘n lewende geloof is duursaam. Elke ander band moet vergaan. Christus het ons eerste gekies en ‘n onmeetbare prys betaal vir ons verlossing en die ware gelowige kies Christus as eerste en laaste en beste in alles. Maar hierdie eenheid kos ons iets. Dit is ‘n verhouding van totale afhanklikheid wat deur ‘n hoogmoedige wese aangegaan word. Almal wat hierdie verhouding aangaan moet hulle behoefte voel aan die reinigende bloed van Christus... Hulle moet hul eie wil aan die wil van God onderwerp... Daar moet ‘n pynlike werk van versaking wees sowel as ‘n werk vanaanklewing. [R&H Dec.13,1887 (2:175)]

## In Hom Uitverkies

God het verklaar dat diegene wat Christus aanneem as Saligmaker, Hom aanneem as die een wat alle sonde wegneem, vergifnis vir

hulle sondes sal ontvang. Dit is die voorwaardes vir ons uitverkiesing. Die mens se verlossing hang af van of hy Christus aanneem deur geloof. Die wat Hom nie wil aanneem nie, verloor die ewige lewe omdat hulle weier om gebruik te maak van die enigste middel wat deur Vader en Seun voorsien is vir die redding van 'n verloregaande wêreld. [SDA8C 7:1114]

Daar is nie so iets in die Woord van God as onvoorwaardelike uitverkiesing nie. [SDABC 6:1114]

In die raadsvergadering van die hemel is voorsiening gemaak dat die mens, alhoewel oortreders, nie sou sterf in hulle ongehoorsaamheid nie, maar dat hulle deur geloof in Christus as hul Plaasvervanger en Borg, die uitverkorenes van God kan word, voorbestem tot die aanneming tot kinders deur Jesus Christus vir Homself, volgens die welbehae van Sy wil. God wil dat alle mense gered moet word, want ruim voorsiening is gemaak deurdat Hy Sy eniggebore Seun gegee het as ons losprys. Die wat verlore gaan, gaan verlore omdat hulle weier om as kinders van God aangeneem te word deur Jesus Christus. [SDABC 6:1114]

[39] Die leerstelling dat goddelike dekrete die karakter van mense onveranderlik vasstel, het vele gebring tot 'n feitlike verwerping van Gods wet. Wesley het die dwalings van die antinomiaanse leraars hardnekkig bestry en daarop gewys dat hierdie leer wat tot Antinomianisme lei, teenstrydig met die Skrifte was. "Die reddende genade van God het aan alle mense verskyn." Dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom, want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal" (1 Tim. 2:3-6). Die Gees van God word vryelik gegee om elke mens in staat te stel om die saligheid aan te neem. Christus "die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld." (Joh. 1:9). Die mens mis die saligheid deur sy eie moedswillige weiering van die gawe van die lewe. [GS 298-299]

Die verlossing van die mens was nog altyd die doel van die raadsvergaderinge van die hemel. Die genadeverbond is gemaak voor die grondlegging van die aarde. Net so seker as wat daar nooit 'n tyd was wat God nie bestaan het nie, net so seker was daar nie 'n oomblik wat dit nie die behae van dié Ewige Wese was om Sy genade aan die mens te openbaar nie. [SDABC 7:934]

Dit is binne ons vermoë om die verstand te beheer in die dinge, as ons God ons toevlug maak. [R&H Aug.17,1886 (2:67)]

Die wet van die Goddelike regering is dat elkeen die mag het om arbiter te wees van sy eie lot...

Tensy die waarheid die siel reinig, sal oorgeërfde en aangekweekte karaktertrekke ontwikkel en ons sal soek na tekortkominge en foute in ander maar ons maatstaf en oordeel sal volgens ons eie vooroordele, ons menslike voorkeuren afkeur wees. [R&H Aug. 16,1892 (2:587)]

Die Skrifte beroep hulle op die mens as in besit van elke mag om te kies tussen reg en verkeerd; Hulle spreek tot hom in waarskuwing, in berisping, in pleidooi en aanmoediging. [R&H Mar. 4,1884 (1400)]

Die hemele stel belang in julle welsyn en wag op julle versoeke om wysheid en krag. As enige van ons nie gered word nie, sal dit wees omdat ons die diens van Christus se groot vyand gekies het en die vriendskap van sy getroue volgelinge. [R&H July 1,1884(1:439)]

God wil hê dat ons die ernstige les moet leer dat ons besig is om ons eie lotsbestemming uit te werk. Die karakters wat ons bou in die lewe sal bepaal of ons geskik is om deur die eindelose eeue te lewe. [FE. 502]

God kon die mens so gemaak het dat hy nie in staat was om Sy [40]
wet te oortree nie. Hy kon verhinder het dat Adam aan die verbode vrug raak, maar onder sulke omstandighede sou die mens geen vrye keuse gehad het nie, hy sou 'n outomaat gewees het. Sonder die vryheid om te kies sou sy gehoorsaamheid nie vrywillig gewees het nie maar gedwonge. Dan kon hy geen selfstandige karakter ontwikkel het nie. Dit sou natuurlik teenstrydig gewees het met God se beplande behandeling van die inwoners van ander wêrelde. Dit sou benede die waardigheid van die mens as 'n redelike wese, gewees het en sou die Satan se beskuldiging dat God na willekeur regeer, geskraag het. [PP. 40]

Die een wat in versoeking kom, moet die ware krag van die wil verstaan. Dit is die heersende krag in die menslike natuur - die krag om te besluit en te kies. Alles hang van die regte gebruik van die wil af. Begeerte vir die goeie en die reine is op sigself goed, maar as dit net by die begeerte bly, sal dit niks baat nie. Talle sal na die verderf gaan terwyl hulle nog hoop en begeer om hulle bose neigings te

oorwin. Hulle gee die wil nie aan God oor nie. Hulle kies nie om Hom te dien nie.

God het aan ons die mag gegee om te kies en ons kan dit gebruik. Ons kan ons harte nie verander nie, ons kan ons gedagtes, emosies en liefde nie beheers nie. Ons kan ons nie self reinig of geskik maak vir die diens van God nie. Maar ons kan kies om God te dien; ons kan ons wil aan Hom oorgee, dan sal Hy in ons werk om te wil en te werk na Sy welbehae. So sal ons hele natuur onder die beheersing van Christus gebring word.

Deur die regte gebruik van die wil kan ons hele lewe verander word. Deur die wil aan Christus oor te gee, tree ons in bondgenootskap met Goddelike krag. Ons ontvang krag van omhoog om ons standvastig te hou. 'n Rein en edel lewe, 'n lewe van oorwinning oor die aptyt en die luste, is moontlik vir elkeen wat sy swak, wankelende, menslike wil sal verbind met die almagtige en standvastige wil van God. [HH. 160-161 ]

Die wette van God is beplan om Sy volk nader aan Homself te bring. Hy sal hulle red van die bose en lei na die goeie as hulle gelei wil word, maar Hy sal hulle nooit dwing nie. Ons kan nie altyd God se planne begryp nie, maar ons moet Hom vertrou en ons geloof deur ons werke toon. [5 T.444,-5 (1885)]

[41] **Verbond van Verlossing.**

Die verlossing van die mens was nog altyd die onderwerp van die raadsvergaderings van die hemel. Die verbond van genade was gemaak voor die grondlegging van die aarde. Dit bestaan van alle ewigheid af en word genoem die ewige verbond. Net so seker as wat dit is dat daar nooit 'n tyd was wat God nie bestaan het nie, net so seker is dit dat daar geen oomblik was wat dit nie die behae was van die Ewige wil om Sy genade aan die mens te toonnie. [SDABC 7:934]

God en Christus het van die begin af geweet van die afval van Satan en die val van die mens deur die bedrog van die bose. Die plan van verlossing is ontwerp om die verlore mensdom te verlos en hulle 'n tweede toets te gee. Christus Is aangestel as Middelaar vanaf die Skepping van God, van ewigheid af bevestig as ons Plaasvervanger

en Borg. Voor die wêreld geskape is, is dit so gereël dat die Godheid van Christus in Sy mensheid gesluier sou word. [1 SM 250]

Uit die profesieë het Christus Sy dissipels ‘n juiste idee gegee van wat Hy as mens moes wees. Hul verwagting van ‘n Messias wat Sy troon en koninklike gesag moes opneem volgens die wil van die mense, was misleidend. Dit sou hulle belet om Sy afdaling van die hoogste tot die laagste kerf wat bereik kon word, te verstaan. Christus wou dat Sy dissipels se idees in elke opsig rein en waar moes wees. Hulle moes sover moontlik die beker van lyding wat aan Hom opgedra is, verstaan. Hy het hulle getoon dat die verskriklike botsing wat hulle nog nie kon verstaan nie, die vervulling van die verbond was wat voor die grondlegging van die wêreld al gemaak is. Christus moes sterf, net soos elke oortreder van die wet moet sterf as hy in sonde voortleef. Alles moes gebeur, maar dit sou nie in ‘n neerlaag eindig nie, maar in ‘n heerlike, ewige oorwinning. [KE 723]

In die raadsaal van die hemel, voor die wêreld geskape is, het die Vader en die Seun ooreengekom dat as die mens ontrou sou wees aan God, Christus een met die Vader, die plek van die oortreder sou inneem en die straf van sonde wat op Hom sou val, sou dra. [SDABC 6:1070]

Die verlossingsplan was geen nagedagte - ‘n plan wat na die val van Adam geformuleer is nie. Dit was die openbaring van “die verborgenheid wat eeue lank verswyg is” (Rom. 16:25). Dit was die ontplooiing van die beginsels wat deur die eeue heen die grondslag van die troon van God was. Van die begin af het God en Christus geweet van die afvalligheid van die Satan en van die val van die [42]
mens deur die afvallige se bedrieënde mag. God het dit nie beskik dat daar sonde sou wees nie, maar Hy het die ontstaan daarvan voor-uitgesien en het voorsiening vir die vreeslike gebeurtenis gemaak. So groot was Sy liefde vir die wêreld dat Hy Hom verbind het om “Sy eniggebore Seun te gee, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Joh. 3:16). [KE3]

Toe Christus die woorde gespreek het, “Dit is volbring,” het Hy Sy Vader aangespreek. Christus het nie alleen die groot offer gebring nie. Dit was die vervulling van die verbond tussen Vader en Seun gemaak voor die grondlegging van die aarde. Met hande inmekaar-geslaan het hulle die plegtige verbond aangegaan dat Christus die

Plaasvervanger en Borg van die mensheid sou word as hulle voor die drogredes van Satan sou swig. Die ooreenkoms is nou ten volle nagekom. Die klimaks is bereik. Christus het die wete gehad dat Hy die belofte wat Hy gemaak het tot in die fynste besonderheid vervul het. [SDABC 5:1149]

## Betekenis van die Kruis

Die onderwerp is onuitpudbaar. Die studie van die menswording van Christus, Sy versoenende dood en middelaarswerk sal die denke inspan van die ywerigste student solank tyd bestaan en met die oog op die hemel en sy ontelbare jare sal hy uitroep, “Groot is die verborgenheid van geregtigheid!” [GW 251]

Soos Hy aan die kruis gehang het was Christus die evangelie... Dit moet ons boodskap wees, ons argument, ons leer, ons waarskuwing aan die onberouvolle, ons aanmoediging vir die wat treur, die hoop vir elke gelowige. [SDABC 6:1113]

Die offerande van Christus as versoening vir ons sonde is die groot waarheid waarom alle ander waarhede skaar. Om reg waardeer en verstaan te word, moet elke waarheid, van Genesis tot Openbaring studeer word in die lig wat skyn van die kruis van Golgota... Dit moet die basis wees van elke preek deur ons predikers gegee. [GW 315]

Christus is behandel soos ons verdien het, sodat ons behandel kan word soos Hy verdien het. Hy is veroordeel vir ons sondes waaraan Hy geen deel gehad het nie, sodat ons geregverdig kan word deur Sy geregtigheid waarin ons geen deel gehad het nie. Hy het ons dood gesterf, sodat ons Sy lewe kan ontvang, “Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” [KE 6]

[43] Hy het die straf gedra van die skuldige... Die bose gedagtes, die kwaadwillige woorde en die bose dade van elke seun en dogter van Adam, het wraak op Homself neergedaal, want Hy het die mens se plaasvervanger geword ... Ons Goddelike Plaasvervanger het Sy siel ontbloot vir die swaard van geregtigheid. [1 SM 322]

Geregtigheid en genade het teenoor mekaar gestaan deur ‘n groot afgrond geskei. Die Here, ons Verlosser, het Sy goddelikheid met menslikheid beklee en het om die mens se onthalwe ‘n karakter gesmee wat sonder smet of letsel was. Hy het Sy kruis tussen hemel

en aarde geplant en dit die voorwerp van aantrekking gemaak wat na albei kante uitreik om beide geregtigheid en erbarming oor die kloof te trek. Geregtigheid het van Sy verhewe troon beweeg en met al die leërskare van die hemel die kruis genader. Daar het dit Een gesien, gelyk aan God, wat die straf dra vir alle ongeregtigheid en sonde. Met volkome tevredenheid het Geregtigheid in eerbied by die kruis neergebuig en gesé:"Dit is genoegl." [QD 673]

Ons behoort breër en dieper insigte te verkry van die lewe, lyding en dood van God se geliefde Seun. As ons die versoening in sy regte perspektief sien, sal die verlossing van siele ook as van oneindige waarde aangevoel word. [2T.215]

Hy (God) weet dat die kruis 'n sentrale plek moet inneem want dit is die middel tot die mens se versoening en vanweë die invloed wat dit uitoefen op elke deel van die goddelike regering. [6T.235/6]

Die standaard van waarheid moet verhef word en die versoening van Christus as die groot sentrale tema van oordenking. [8T.77]

Die eniggebore Seun van God het die mens se natuur op Homself geneem en Sy kruis gevestig tussen hemel en aarde. Deur die kruis is die mens tot God gebring en God tot die mens. Geregtigheid het van sy hoë en ontsagwekkende troon beweeg, en die hemelse leërskare, die leërs van heiligheid, het die kruis genader en in eerbied neergebuig, want geregtigheid was bevredig. [1SM 349]

Die versoening van die mens met God kon slegs bewerkstellig word deur 'n Middelaar wat gelyk aan God is, en verhewe eienskappe besit wat Hom waardig maak om met die Oneindige God te onderhandel vir die mens en ook God verteenwoordig in 'n gevalle wêreld. Die mens se Plaasvervanger en Borg moet die mens se natuur hê, 'n verbintenis met die menslike gesin wat Hy moes verteenwoordig, en as God se ambassadeur moes Hy die Goddelike natuur deelagtig wees en 'n verbintenis hê met die Oneindige, sodat Hy God kon openbaar aan die wêreld en 'n Middelaar wees tussen God en die mens. [QD.692]

Die Seun van God was die enigste offerande van genoegsame [44]
waarde om die eise van God se volmaakte wet te bevredig. Die engele was sondeloos maar van minder waarde as die wet van God. Hulle was aanpasbaar tot die wet. Hulle was boodskappers om die wil van God te doen en voor Hom neer te buig. Hulle was geskape wesens en op proef. Daar was geen vereiste op Christus gelê om

die werk van versoening te onderneem nie. Dit was ‘n gewillige opoffering wat Hy gemaak het. Sy lewe was van genoeg waarde om die men suit sy gevalle toestand te red. [QD677]

### Noodsaaklikheid van die Kruis

Deur Sy lewe en dood het Christus bewys dat Gods geregtigheid nie Sy genade vernietig het nie, maar dat die sonde vergewe kan word en dat die wet regverdig is en volkome gehoorsaam kan word. Die Satan se beskuldigings is weerlê. God het aan die mens onmiskenbare bewys gegee van Sy liefde. [KE 784]

Soos die sondaar die sterwende Verlosser aan die kruis aanskou en besef dat die lydende goddelik is, vra hy hoekom die groot opoffering gemaak is en die kruis wys na die heilige wet van God wat oortree is. Die dood van Christus is die onteenseglike argument vir die onveranderbaarheid en geregtigtheid van die wet. Toe hy van Christus geprofeteer het, het Jesaja gesê: Hy sal die wet groot en heerlik maak. [1 SM 323]

Die kruis van Christus getuig van die onveranderbaarheid van die wet van God - getuig dat God ons so lief gehad het dat Hy Sy Seun gegee het om te sterf vir ons sonde, maar Christus het nie gekom om die wet te ontbind nie, maar om dit te vervul. Nie een jota of tittel van Gods sedelike standaard kon verander word om die mens tegemoet te kom in sy gevalle toestand nie. Jesus het gesterf sodat Hy Sy eie geregtigheid aan die berouvolle sondaar kon toeken en dit só moontlik maak vir die mens om Sy wet te onderhou. [1 SM 312]

Slegs diegene wat die verpligtinge van die sedewet erken, kan die aard van die versoening verduidelik. Christus het gekom as Middelaar tussen God en die mens, om hom een te maak met God, deur hom getrou te maak aan Sy wet. Daar was geen krag in die wet om
[45] die oortreder te vergewe nie. Slegs Jesus kon sy skuld betaal. Maar die feit dat Jesus die skuld betaal het van die berouvolle sondaar, gee hom nie die reg om voort te gaan om die wet te oortree nie; hy moet in die toekoms in gehoorsaamheid aan die wet lewe. [1 SM 229,30]

In sy onskuld het Adam openlike gemeenskap met sy Maker geniet, maar sonde het skeiding tussen God en die mens bewerk en net die versoening van Christus kon die kloof oorbrug sodat die seëninge en die saligheid van die hemel na die aarde oorgedra

kon word. Die mens kon sy Skepper nog nie regstreeks nader nie, maar God sou deur middel van Christus en die engele met hom gemeenskap hou. [PP 66,67]

## Die begrip van die Kruis

Deur te sterf aan die kruis het Hy die skuld, van die persoon wat oortree, oorgeplaas op die van sy Goddelike Plaasvervanger deur geloof in Hom as sy persoonlike Saligmaker. Die sonde van 'n skuldige wêreld, wat uitgebeeld word as "rooi soos skarlaken," was aan die Goddelike Borg toegereken. [QD 666]

Geen lyding kan vergelyk word met die leed van Hom op wie die wraak van God met so 'n oorweldigende vloed uitgestort is nie. Die menslike natuur kan sleg 'n beperkte hoeveelheid toetse en beproewings verduur. Die stoflike kan slegs 'n beperkte mate verduur voordat dit verkrummel, maar die natuur van Christus het 'n groter kapasiteit vir lyding gehad, want die menslike het in die goddelike natuur bestaan, en 'n groter kapasiteit vir lyding geskep om die lyding te verduur wat vloei uit die sonde van 'n verlore wêreld. Die lyding van Christus verdiep, verbreed en gee 'n meer uitgebreide begrip van die aard van sonde en die aard van die straf wat God sal bring oor diegene wat voortgaan in sonde. [SDABC 5/1103 (MS.35,1895)]

Christus het Homself onderwerp aan kruisiging, alhoewel die hemelse leërskare Hom kon verlos. Die engele het saam met Hom gely. God self is saam met Hom gekruisig, want Christus is een met die Vader. [SDABC 5:1108 (B.E.Aug. 6,1894)]

In die digte duisternis het God die laaste menslike foltering van Sy Seun verberg. Almal wat Christus sien ly het, was oortuig van Sy Godheid. Die mens wat daardie gelaat eenmaal aanskou het, het dit nooit vergeet nie. Soos die gesig van Kain sy skuld as moordenaar uitgedruk het, so het die gelaat van Christus onskuld, deurlugtigheid en welwillendheid geopenbaar - die beeltenis van God. Maar Sy [46]
beskuldigers wou nie ag gee op die stempel van die hemel nie. Ure lank het die jouende menigte die lyding van Christus aangegaap. Nou is Hy genadiglik deur die mantel van God verberg. [KE. 683]

Die beproewings en lyding van Christus was om die mens te beïndruk met 'n besef van sy groot sonde deur die wet van God

te oortree, en om hom tot berou en gehoorsaamheid te bring tot daardie wet, en deur gehoorsaamheid tot aanvaarding deur God. Hy sou Sy geregtigheid toereken aan die mens en hom dus verhef in sedelike waarde voor God, sodat sy pogings om die wet te onderhou aanvaarbaar sou wees. Christus se werk was om die mens met God te versoen deur Sy menslike natuur en God met die mens deur Sy Goddelike natuur. [1 SM 273]

Die Vader het ons lief, nie omrede die versoening nie, maar Hy het die versoening voorsien omdat Hy ons liefhet. Christus was die kanaal waardeur Hy Sy oneindige liefde kon laat vloei tot 'n verlore wêreld. "God het in Christus die wêreld met Homself versoen. Die Vader het saam met Sy Seun gely in die angs van Getsémané en die dood op Gólgota. Die hart van Oneindige liefde het die prys betaal vir ons verlossing. [QD. 676/7 (The Home Missionary. April, 1893)]

Christus het buite die poorte van Jerusalem gely, want Gólgota was buite die stadsmure. Dit was om aan te toon dat Hy gesterf het, nie vir die Jode alleen nie maar vir die hele mensdom. Hy verkondig aan 'n verlore wêreld dat Hy hulle Verlosser is en pleit dat hulle die verlossing moet aanvaar wat Hy aanbied. [QD. 668 (The Watchman, Sept. 4 1906)]

Christus se versoening sluit die hele menslike gesin in. Nie een, hoog of laag, ryk of arm, vryman of slaaf, is uitgelaat uit die plan van verlossing nie. [QD. 668 (Letter 106,1900)]

Die versoening van Christus het vir ewig die verbond van genade verseël. Dit was die vervulling van elke voorwaarde waaraan God die vrye vloei van genade aan die mensdom gekoppel het. Elke struikelblok is uit die weg geruim wat die vrye volheid van die uitvoering van genade, erbarming, vrede en liefde verhinder het aan die skuldigste van Adam se nageslag. [QD 669 (MS 92,1899)]

Die dood van Christus aan die kruis het die vernietiging verseker van hom wat die mag van die dood het, die oorsprong van sonde. As Satan vernietig is sal daar niemand wees wat versoek word om te
[47] sondig nie; die versoening sal nooit herhaal hoef te word nie en daar sal geen gevaar wees van 'n ander opstand in Gods heelal nie. Dit wat alleen effektief kan weerhou van sonde in die duistere wêreld sal voorkom dat sonde in die hemel gebeur. Die betekenis van die dood van Christus sal deur heiliges en engele gesien word. Die gevalle mens sou nie 'n tuiste kan hê in die paradys van God sonder die Lam

wat geslag is van die grondlegging van die aarde nie. Sal ons dan nie die kruis van Christus verhef nie? [QD.680 (ST Dec.30,1889)]

### Dit is volbring!

In die begin het die Vader en die Seun op die Sabbat gerus na Hul skeppingstaak. "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leermag" (Genesis 2:1) en die Skepper en al die hemelse wesens het hulle verheug in die betragting van die luisterryke toneel. "Toe het die móresterre saam gejube en al die seuns van God gejuig" (Job 38:7). Nou het Jesus gerus van die verlossingstaak en hoewel droefheid hulle vervul het wat Hom op aarde liefgehad het, was daar vreugde in die hemel. Die belofte van die toekoms was heerlik in die oë van die hemelse wesens. 'n Herstelde skepping, 'n verloste mensdom wat, nadat hulle die sonde oorwin het, nooit kan val nie - dit het God en die engele gesien as die gevolg van Christus se voltooide taak. [KE 696]

Om hulle, "Sy kerk,"by Hom te hê is volgens die verbondsbelofte en ooreenkoms met Sy Vader. Hy bied eerbiedig die voltooide verlossing aan vir Sy volk voor die genade troon. [TM. 21]

Christus aan die kruis trek nie slegs mense tot berou teenoor God vir die oortreding van Sy wet nie, want wie God vergewe maak Hy eers berouvol, maar Christus het alle geregtigheid volbring; Hy het Homself aangebied as versoening. Sy gestorte bloed, Sy gebreekte liggaam, bevredig die eise van die wet en oorbrug dus die afgrond deur sonde veroorsaak. Hy het in die vlees gely sodat Hy met Sy gewonde en gebreekte liggaam die weerlose sondaar kon dek. Die oorwinning behaal deur Sy dood op Gólgota het vir ewig die beskuldigende mag van Satan oor die heelal verbreek en sy aanklag dat selfverloënitig onmoontlik is by God en dus onnodig vir die mens, stilgemaak. [1SM. 341]

Die wêreld erken nie dat Christus die mensdom gekoop het teen 'n oneindige prys nie. Hulle erken nie dat Hy deur skepping en verlossing 'n geregverdigde aanspraak het op elke menslike wese nie. Maar aan Hom as Verlosser van die verlore geslag, is gegee 'n reg tot besit, wat Hom die reg gee om hulle as Sy eiendom op te eis. [QD.670 (Letter 136,1902)

Die Here wil hê Sy volk moet vasstaan in die geloof - nie onkun- [48]

dig aangaande die groot verlossing so ruim voorsien aan hulle. Hulle moet nie vooruit kyk na ‘n tyd in die toekoms wanneer ‘n groot werk vir hulle gedoen sal word nie, want die werk is nou voltooi. Die gelowige word nie gevra om vrede met God te maak nie. Hy het dit nooit en kan dit nooit doen nie. Hy moet Christus aanvaar as sy vrede, want Christus is God en vrede. [1 SM. 394,5]

Vir die engele en die sondelose wêreld was die roep: “Dit is volbring” betekenisvol. Dit was sowel vir hulle as vir ons dat die groot verlossingswerk voltooi was. Saam met ons deel hulle in die vrugte van Christus se oorwinning. [KE. 688]

Hierdie werk van Christus was om die wesens in ander wêrelde te onderskraag in hulle onskuld en lojaliteit, sowel as om die verlore-gaande wêreld te red. Hy het die weg geopen vir die ongehoorsames om terug te keer tot getrouheid aan God terwyl Hy terselfdertyd ‘n beskerming geplaas het rondom diegene wat reeds rein was dat hulle nie ontreinig word nie. [QD 677]

Deur Christus se verlossingswerk word die heerskappy van God geregverdig. Die Almagtige word geopenbaar as die God van liefde. Die Satan se aantygings is weerlê en sy karakter onthul. Daar kan nooit weer opstand kom nie. Die sonde kan die heelal nooit weer binnedring nie. Tot in ewigheid is almal gevrywaar teen afvalligheid. Deur die opoffering van die liefde word die bewoners van hemel en aarde met onverbreekbare bande saamgebind.

Die verlossingswerk sal volkome wees. Waar die sonde geheers het, sal die genade van God nog oorvloediger wees. Die aarde self, wat die Satan as syne geëis het, sal nie net verlos word nie, maar ook verhoog. Ons wêreldjie wat onder die vloek van die sonde die een klad op Sy heerlike skepping was, sal bo die ander wêrelde in die heelal van God vereer word. Hier, waar die Seun van God in die vlees as mens gewoon het; hier, waar die Erekoning gely en gesterf het, sal God, wanneer Hy alle dinge nuut sal maak, Sy tabernakel by die mense maak, “en Hy sal by hulle woon en hulle sal sy volk wees en God self sal by hulle wees as hulle God” en deur die ewigheid heen sal die verlostes in die lig van die Here wandel en Hom loof vir Sy onuitspreeklike gawe. Emmánuel, “God met ons.” [KE 6,7]

## Die Opstanding [49]

Oor die oopgerukte graf van Josef het Christus triomfantlik uitgeroep: “Ek is die opstanding en die lewe.” Alleen die Godheid kon so praat. Alle geskape dinge leef deur die wil en mag van God. Almal is afhanklike ontvangers van die lewe van God. Van die hoogste seraf tot die nietigste lewende organisme, almal word gevoed uit die Bron van die lewe. Net Hy wat een met God is, kon sê: “Ek het mag om my lewe neer te lê en Ek het mag om dit weer op te neem.” As God, het Christus die mag gehad om die kettings van die dood te verbreek.

Christus het uit die dode opgestaan as die eersteling van die wat ontslaap het. Hy was die teenbeeld van die eerstelinggerf en Hy het opgestaan op dieselfde dag wat die eerstelinggerf voor die Here beweeg moes word. Meer as ‘n duisend jaar lank is hierdie simboliese rite volgehou. Die eerste ryp are is van die saailande ingesamel, en wanneer die volk vir die Pasga na Jerusalem gegaan het, is die eerstelinggerf as dankoffer voor die Here beweeg. Nie voor hierdie seremonie kon die sekel ingeslaan en die oes ingesamel word nie. Die gerf wat aan die Here gewy is, het die oes voorgestel. So het Christus as eersteling die groot geestelike oes wat vir die koninkryk van God ingesamel sou word, voorgestel. Sy opstanding is die simbool en waarborg van die opstanding van al die regverdige dode.” Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.” (IThess 4; 14).

Toe Jesus opgestaan het, het Hy ‘n menigte gevangenes saam uit die graf gebring. Die aardbewing tydens Sy dood het hul grafte oopgeruk, en toe Hy opgestaan het, het hulle saam met Hom opgestaan. Dit was diegene wat mede-arbeiders van God was en wat met hul lewens geboet het vir die waarheid waarvan hulle getuig het. Nou sou hulle getuies wees vir Hom wat hulle uit die dode opgewek het.

Tydens Sy bediening het Jesus die dode opgewek. Hy het die seun van die weduwee van Nain, die owerste se dogter en Lasarus opgewek. Maar hulle was nie met onsterflikheid beklee nie. Na hul opwekking was hulle steeds aan die dood onderhewig. Maar diegene wat met Christus se opstanding uit die graf uitgekom het, is opgewek tot die ewige lewe. Hulle het saam met Hom opgevaar as trofeë van

Sy oorwinning oor die dood en die graf. Hulle, het Christus gesê, is nie langer die Satan se gevangenis nie; Ek het hulle vrygekoop. Ek het hulle uit die graf gekoop as die eerstelinge van My krag, om saam met My te wees waar Ek is en om nooit weer die dood te smaak of leed te ondervind nie.

[50] Hulle het die stad binnegegaan en aan baie verskyn en verklaar dat Christus uit die dode opgestaan het en hulle saam met Hom. So is die heilige waarheid van die opstanding verewig. Die herrese heiliges het getuig van die waarheid van die woorde: "U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan." Hul opstanding was 'n illustrasie van die vervulling van die profesie: "Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is 'n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk" (Jes. 26:19).

Vir die gelowige is Christus die opstanding van die lewe. In ons Heiland is die lewe wat deur die sonde verbeur is, herstel; want Hy het lewe in Homself om op te wek wie Hy wil. Hy is met die reg beklee om onsterflikheid te skenk.

Die lewe wat Hy as mens afgelê het, neem Hy weer op en gee dit aan die mens. "Ek het gekom," het Hy gesê, "dat hulle lewe en oorvloed kan hê." " EIkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe." " Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag." (Johannes 10:10; 4:14; 6:54).

Vir die gelowige is die dood maar 'n geringe saak. Christus verwys daarna as van min betekenis. "As iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie,""sal hy die dood in der ewigheid nie smaak nie." Vir die Christen is die dood maar 'n slaap, 'n oomblik van stilte en donkerheid. Die lewe is met Christus in God verborge, en "wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word." (Johannes 8:51,52; Kolossense 3:4).

Die stem wat van die kruis af uitgeroep het: "Dit is volbring," is onder die dode gehoor. Dit het deur grafwande gedring en die slapers beveel om op te staan. So sal dit wees wanneer die stem van Christus uit die hemel gehoor sal word. Daardie stem sal deur grafmure dring en die grafte open, en die dode in Christus sal opstaan. Met die

Heiland se opstanding is 'n paar grafte oopgemaak, maar met Sy wederkoms sal al die kosbare ontslapenes Sy stem hoor en sal hulle verheerlik en onsterflik te voorskyn kom. Dieselfde mag wat Christus uit die dode opgewek het, sal Sy kerk ook opwek, en sal dit saam met Hom verheerlik word, bo alle owerhede en magte, bo elke naam wat genoem word, nie net in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomende. (KE. 712-714]

Christus het opgevaar na die hemel met 'n geheiligde en heilige [51]
menslike natuur. Hy het die menslike natuur saam met Hom geneem na die hemelse howe, en sal dit deur die eindelose eeue dra as die Een wat elke mensekind in die Godstad verlos het, die Een wat voor die Vader gepleit het" Ek het hulle op My handpalms gegraveer." Die palms van Sy hande dra die merke van die wonde wat Hy ontvang het. [SDABC 5/1125 (RH Maart, 9,1905)]

Maar die Here is bekleed met Krag. Hy kan diegene wat dood is in oortreding en sonde neem, en deur die werking van die Gees, wat Jesus uit die dode opgewek het, die karakter verander en die verlore beeld van God in die siel herstel. [FE. 332]

Die ganse hemel het gewag om die Heiland in die hemelse howe te verwelkom. Al opvarende was Hy aan die spits, terwyl die menigte gevangenes wat met Sy opstanding vrygelaat is, gevolg het. Die hemelse leerskare het die blye optog met gejuig en lof en engelesang begelei.

Toe hulle voor die Godstad kom, het die begeleidende engele uitgeroep:

"Hefop julle hoofde, o poorte, ja, verhefjulle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!"

Vol vreugde antwoord die poortwagte:

"Wie is tog die Erekoning?"

Hulle vra dit nie omdat hulle nie weet wie Hy is nie, maar om die lofbetuiging uit te lok:

"Die Here, sterk en geweldig, die Here, geweldig in die stryd. Hefop julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan."

Weer klink die uitdaging op: "Wie is tog die Erekoning?" want die engele raak nooit moeg daarvan om te hoor hoe Sy Naam geloof word nie. Die begeleidende engele antwoord:

"Die Here van die leërskare - Hy is die Erekoning/" (Psalm 24:7-10)

Dan word die poorte van die Godstad wyd oopgegooi en die engeleskaar stryk deur die poorte onder die verruklikste musiek.

Daar is die troon en rondom die reënboog van belofte. Daar is gerubs en serafs. Die aanvoerders van die engeleheer, die seuns van God, die verteenwoordigers van die sondelose wêrelde, is byeen. Die hemelse raad voor wie Lucifer God en Sy Seun beskuldig het, die verteenwoordigers van al die sondelose ryke waaroor die Satan
[52] gehoop het om sy heerskappy te vestig — is almal daar om die Verlosser te verwelkom. Hulle is gretig om Sy oorwinning te vier en hul Koning te verheerlik.

Maar Hy beduie hulle om te wag. Nie nou al nie; Hy kan nie nou al die kroon van die heerlikheid en die koninklike kleed ontvang nie. Hy begeef Hom in die teenwoordigheid van Sy Vader. Hy wys na Sy verwonde hoof, die deursteekte sy, die deurboorde voete; Hy hef Sy hande omhoog met die spykermerke nog daarin. Hy wys na die simbole van Sy oorwinning; Hy bied God die beweegoffer-aan die wat saam met Hom opgestaan het as verteenwoordigers van die groot menigte wat by Sy wederkoms uit hul grafte sal kom. Hy nader die Vader by wie daar vreugde is oor een sondaar wat hom bekeer het; wat oor Hom sing met gejubel. Nog voor die grondlegging van die wêreld het die Vader en die Seun 'n verbond aangegaan om die mens te verlos indien hy deur die Satan oorwin sou word. Hulle het die hande saamgevou in 'n plegtige gelofte dat Christus borg sou staan vir die mens. Hierdie gelofte het Christus nou nagekom. Toe Hy aan die kruis uitgeroep het: "Dit is volbring" het Hy die Vader aangespreek. Die ooreenkoms is ten volle nagekom. Nou verklaar Hy: "Vader dit is volbring. Ek het U wil gedoen, 0 My God. Ek het die verlossingstaak voltooi. As U geregtigheid bevredig is, wil Ek, dat waar Ek is, hule wat U My gegee het, ook saam met My sal wees." (Joh. 19:30; 17:24).

Die stem van God verkondig dat aan die geregtigheid voldoen is. Die Satan is verslaan. Christus se swoegende, worstelende volgelinge op aarde is begenadig "in die Geliefde" (Efésiërs 1:6). Voor die hemelse engele en die verteenwoordigers van die sondelose wêrelde word hulle as geregverdig verklaar. Waar Hy is, sal Sy kerk ook wees. "Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar, geregtigheid en

vrede kus mekaar" (Psalm 85:11). Die Vader omhels Sy Seun en die bevel weerklink; "Al die engele van God moet Hom aanbid" (Hebreërs 1:6).

Met onuitspreeklike blydskap erken die owerhede die opperheerskappy van die Vors van die lewe. Die engeleheer val voor Hom neer terwyl die hemelhowe weergalm van die blye geroep: "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof." (Openbaring 5:12).

Die oorwinningsliedere smelt saam met die musiek van engeleharpe totdat die ganse hemel skyn oor te loop van vreugde en lof. Die liefde het oorwin. Die verlorenes is gevind. Die hemele weerklink van die magtige geluid van stemme wat roep:"Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" (Openbaring 5:13).

Van daardie toneel van hemelse vreugde, slaan 'n weerklank van [53]
Christus se eie wonderbaarlike woorde neer na die aarde: "Ek vaar op na My Vader en My God en julle God." (Johannes 20:17). Die hemelse gesin en die aardse gesin het een geword, want ons Here het opgevaar en vir ons leef Hy. "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree." (Hebreërs 7:25) [KE 757-759]

# [54] Hoofstuk 3 - Die Leerstuk oor die Heilige Gees

[55]

Die aard van die Heilige Gees is ‘n verborgenheid. Mense kan dit nie verklaar nie, want God het dit nie aan hulle geopenbaar nie. Mense met onwerklike idees kan skrifgedeeltes saamflans en daar ‘n menslike uitleg aan gee, maar dit sal die gemeente nie versterk om hierdie idees aan te neem nie. Aangaande sulke verborgenhede wat vir die menseverstand te diep is, is swye goud. [HA 42]

### Ewige Natuur

Die Gees was vantevore in die wêreld; heel van die begin van die verlossingstaak af het Hy die harte van mense beïnvloed. Maar terwyl Christus op aarde was, het die dissipels geen ander helper verlang nie. Nie voor hulle Sy teenwoordigheid ontneem sou word, sou hulle hul behoefte aan die Gees voel nie en dan sou Hy kom. [KE 605]

Gedurende die patriargale tydperk is die invloed van die Heilige Gees dikwels op ‘n besondere wyse geopenbaar, maar nooit in Sy volheid nie. Gehoorsaam aan hulle Heiland het die dissipels nou om hierdie gawe gebid en in die hemel het Christus Sy voorbidding daaraan toegevoeg. Hy het die gawe van die Gees geëis sodat Hy dit op Sy volk kon uitstort. [HA 31/32]

Die Heilige Gees is ‘n persoon, want Hy getuig saam met ons gees dat ons die kinders van God is. Wanneer hierdie getuienis gelewer word, dra dit Sy eie stempel. Sulke tye glo ons en is ons seker dat ons die kinders van God is.

Die Heilige Gees het ‘n persoonlikheid, anders kan Hy nie saam met ons gees getuig dat ons die kinders van God is nie. Hy moet ook ‘n goddelike persoon wees, anders kan Hy nie die verborgenhede van God peil nie. [Ev 616/617; (Ms 20,1906)]

Die Heilige Gees is die verteenwoordiger van Christus, maar sonder die menslike persoonlikheid en onafhanklik daarvan. Met menslikheid belas, kon Christus nie persoonlik oral wees nie. Daarom

was dit in hul belang dat Hy na die Vader gaan en die Gees stuur om Sy opvolger op aarde te wees. Niemand kon dan bo ander bevoorreg wees as gevolg van sy woonplek of van sy persoonlike aanraking met Christus nie. Deur die Gees sou die Heiland vir almal toeganklik wees. In hierdie sin sou Hy nader aan hulle wees as wat Hy kon gewees het as Hy nie opgevaar het nie. [KE 605]

Die Vader, die Seun en die Heilige Gees, die drie heilige hoogwaardiges, het verklaar dat hulle die mens sal versterk om die magte van die duisternis te oorwin. [5 BC 1110 (Ms.92,1901)1

Die mens word in die watergraf gelê in die naam van die Vader, [56]
Seun en die Heilige Gees, begrawe saam met Christus en opgewek uit die watergraf om 'n nuwe lewe van trou aan God te lewe. Die drie groot magte in die hemel is getuies; hulle is onsigbaar maar teenwoordig. [6 BC 1074 (Ms 57,1900)]

Boosheid het opgestapel deur die eeue en kon slegs weerstaan word deur die mag van die Heilige Gees, die derde persoon van die godheid, wat sou kom, nie in geringe mate nie, maar in die volheid van goddelike krag. [TM 392]

Die prins van die bose magte kan slegs in toom gehou word deur die krag van God in die derde persoon van die godheid, die Heilige Gees. [Ev 617 (SpecialTestinomies, Series B, No 7 p51)]

## Derde Persoon van die Drie-eenheid.

Toe Christus die Heilige Gees aan Sy dissipels beloof het, was Hy na aan die einde van Sy aardse bediening. Hy het in die skaduwee van die kruis gestaan, ten volle bewus van die groot skuldlas wat op Hom as Sondedraer sou rus. Voordat Hy Hom as offer oorgegee het, het Hy Sy dissipels onderrig aangaande die noodsaaklikste en volmaakste gawe wat Hy aan Sy volgelinge sou skenk - die gawe wat die grenslose hulpbronne van die genade binne hulle bereik sou bring. [HA 39]

Christus se hemelvaart was die teken dat Sy volgelinge die beloofde seën sou ontvang. Daarvoor moes hulle wag voordat hulle hul werk kon begin. Toe Christus die hemelpoorte binnegaan is Hy te midde van die aanbiddende engele tot die troon verhef. Sodra hierdie plegtigtheid afgehandel was, het die Heilige Gees in ryke strome op die dissipels neergedaal en is Christus in werklikheid verheerlik met

die heerlikheid wat Hy van alle ewigheid af by die Vader gehad het. Die uitstorting tydens die Pinksterfees was die Hemel se boodskap dat die inhuldiging van die Verlosser voleindig was. Ooreenkomstig Sy belofte het Hy die Heilige Gees van die hemel af na Sy volgelinge gestuur as teken dat Hy as priester en koning alle gesag in die hemel en op die aarde ontvang het en die Gesalfde oor Sy volk was. [HA 32,33]

Die Trooster wat Christus beloof het om te stuur nadat Hy opgevaar het, is die Gees in al die volheid van die Godheid, wat die krag van goddelike genade openbaar aan almal wat Christus ontvang en
[57] in Hom glo as persoonlike Saligmaker. Daar is drie lewende persone in die hemelse trio; in die naam van die drie groot magte - die Vader, die Seun en die Heilige Gees, word dië gedoop wat Christus deur lewende geloof aanneem en die drie magte werk saam met die gehoorsame burgers van die hemel in hulle pogings om die nuwe lewe in Christus uit te lewe. [EV. 615, Special Testemonies, series B, no 7, pp. 62/63]

Die belofte van die Gees is tot geen bepaalde eeu of ras beperk nie. Christus het verklaar dat die Goddelike invloed van Sy Gees tot die einde toe met Sy volgelinge sou wees. Van die dag van die Pinksterfees af tot nou toe is die Trooster na almal gestuur wat hulle ten volle aan die diens van die Here oorgegee het. Tot almal wat Christus as hulle persoonlike Saligmaker aangeneem het, het die Heilige Gees as raadgewer, heiligmaker, leidsman en getuie gekom. [HA 40]

Die sonde kan alleenlik deur die magtige werking van die Derde persoon van die Godheid weerstaan en oorwin word, want Hy sou nie in beperkte mate kom nie, maar in die volheid van die Goddelike krag. Dit is die Gees wat bevestig wat deur die wêreld se Verlosser bewerkstellig is. [KE 607]

### Werk van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees aan die dissipels gegee, het hulle in staat gestel om standvastig te staan teen afgodery, en om God alleen te verhoog. Die Heilige Gees het die penne van die gewyde geskied skrywers gelei om die kosbare werk en woorde van Christus te bewaar vir die wêreld. Die Heilige Gees werk gedurig om die aandag van mense

te vestig op die groot offerande aan die kruis van Golgota, om aan die wêreld die liefde van God aan die mens te openbaar en aan die oortuigde siel die kosbare beloftes van die Skrifte te open. Dit is die Heilige Gees wat aan die duistere verstand die helder strale van die Son van Geregtigheid bring. Dit is die Heilige Gees wat die mense se harte laat brand met 'n nuwe besef van die ewige waarhede. Dit is die Heilige Gees wat voor die mens die sedelike standaard van geregtigheid stel en hulle oortuig van sonde. Dit is die Heilige Gees wat ware berou bewerk en die mens besiel met ware geloof in Hom wat alleen van alle sonde kan verlos. Dit is die Heilige Gees wat die karakter verander deur die begeertes vir wat tydelik en verganklik is weg te lei en te vestig op die ewige erfenis, die ewige realiteite wat onverganklik is. Die Heilige Gees herskep, verfyn en heilig die menselike instrumente dat hulle lede van die koninklike gesin mag word, kinders van die hemelse Koning. [8T 4/17/93]

Die sondaar kan nie een tree neem tensy die Gees hom trek nie; [58]
as hy opstyg na die hemel, moet dit wees deur trap vir trap die volle hoogte van Christus se werk te klim, sodat Christus sy wysheid, geregtigheid, heiligmaking en verlossing sal wees. [RH Nov. 11, 1890 (3:438)]

Het hy [Elia] die reên gesien, die donder gehoor? Nee, hy het die woorde gespreek omdat die Gees van die Here hom beïndruk het en gelei het om te glo dat sy gebed beantwoord sal word. Hy het alles moontlik gedoen om sy geloof te toon en nou het hy begin bid vir die uitstorting van oorvloedige reënt. [R&H May 26,1891 (2:489)]

Moenie dink dat jy uit jou eie in staat is om siele te wen vir Christus nie, al doen jy ook jou bes. Jy moet die gewoonte aanleer om 'n mag te onderskei wat nie deur die menslike oog gesien kan word nie'n mag wat gedurig besig is om op menseharte te werk. Wanneer jy 'n vreemdeling nader of van aangesig tot aangesig is met die onberouvolle, die beproefde, die sielhonger kom, is die Here aan jou sy as jy inderdaad jouself aan Hom gegee het. Hy maak die indruk op die hart, maar jy kan die instrument wees vir Sy werk van genade. [RH Apr. 12,1892 (2:560)]

Sonder die leiding van die Heilige Gees sal ons gedurig geneig wees om die Skrif te verdraai of verkeerd te vertolk. Daar is baie Bybel lesery wat sonder nut is en soms selfs kwaad doen. As die Woord van God oopgemaak word sonder eerbied en sonder gebed;

wanneer die gedagtes en gevoelens nie ingestel is op God of in harmonie is met Sy wil nie, word die verstand vertroebel deur twyfel en die studie van die Bybel versterk dan skeptisisme. Die vyand verkry beheer van die gedagtes en hy suggureer vertolkings wat nie korrek is nie. [5T 704/705]

Dit is deur die Gees wat die hart rein gemaak word. Deur die Gees word die gelowige 'n deelgenoot aan die goddelike natuur. Christus het Sy Gees as 'n goddelike mag gegee om alle oorgeërfde en aangekweekte neigings tot die kwaad te oorwin en om Sy eie karakter op Sy kerk af te stempel. [KE 607]

Jesus sê: "Julle sal krag van omhoog ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal My getuies wees." Dit is die samesmelting van die Heilige Gees en die getuienis van die lewende getuie wat die wêreld sal waarsku. Die werker vir God is die kanaal waardeur die hemelse kommunikasie plaasvind en die Heilige Gees gee goddelike gesag aan die woord van waarheid. [6 BC 1053]

[59] Die Trooster word "die Gees van waarheid" genoem. Sy werk is om die waarheid te omskryf en te handhaaf. Hy woon eers in die hart as die Gees van waarheid en word so die Trooster. Daar is vertroosting en vrede in die waarheid, maar geen ware vrede of troos is in valsheid te vind nie. Dit is deur valse teorieë en oorlewerings dat die Satan die verstand onder sy beheer kry. Deur mense valse standaarde voor te hou, misvorm hy die karakter. Deur die Skrif praat die Heilige Gees tot die verstand en lê Hy die waarheid op die hart. So stel Hy dwaalleer aan die kaak en verban Hy dit uit die siel. Dit is deur die Gees van waarheid, wat deur die Woord van God werk, dat Christus Sy uitverkorenes aan Homself onderwerp. [KE. 607]

Deur met die geloofsoog gedurig na Jesus op te sien, sal ons versterk word. Die Here sal die kosbaarste dinge aan Sy hongerige en dorstige kinders openbaar. Hulle sal in Christus 'n persoonlike Verlosser vind. Soos hulle hul met Sy Woord voed, vind hulle dat dit gees en lewe is. Die Woord vernietig die aardse natuur en voorsien nuwe lewe in Christus Jesus. Die Heilige Gees kom as 'n Trooster in die siel. Deur die vernuwende werking van Sy genade word die beeld van God in die dissipel weergegee; hy word 'n nuwe skepsel. Liefde vervang haat en die hart ontvang die Goddelike gelykenis. Dit is wat dit beteken om te lewe"van elke woord wat deur die mond

van God uitgaan." So word die brood wat uit die hemel neerdaal, geëet. [KE 347]

Dit is aan my getoon dat as Gods volk geen poging van hulle kant af aanwend nie, maar wag op die vernuwing om hulle foute en gebreke te korrigeer. As hulle daarop steun om hulle te reinig van elke smet van die vlees en die gees en om hulle toe te rus om deel te hê aan die luide geroep van die derde engel, sal hulle te lig bevind word. Die vernuwingskrag van God sal slegs op diegene kom wat hulleself voorberei het deur die werk te doen wat God aan hulle beveel het, naamlik, om hulleself te reinig van elke smet van die vlees en gees en in die vrees van die Here tot volmaaktheid voort te gaan. [IT619]

Dit is die afwesigheid van die Gees wat die evangelie bediening so kragteloos maak. U mag geleerdheid, talent, welsprekenheid of elke natuurlike of aangeleerde vermoë besit, maar sonder die Gees van God sal geen hart geraak word, geen siel vir Christus gewen woord nie...

Wanneer die Heilige Gees die denke van ons kerklede beheer, sal daar in ons kerke 'n baie hoër standaard in taal, in diens en in geestelikheid gesien word as wat nou die geval is. [8T211)

Christus het verklaar dat die goddelike invloed van die Gees met [60]
Sy volgelinge sou wees tot die einde. Maar die belofte word nie gewaardeer soos dit moet nie en daarom word die vervulling nie gesien soos dit moet nie. Aan die belofte van die Gees word min aandag gegee en die resultaat is wat moet verwag word - geestelike droogte, geestelike duisternis, geestelike agteruitgang en die dood. Die aandag word in beslag geneem deur onbeduidende sake en die goddelike krag wat nodig is vir die groei en vooruitgang van die kerk en wat alle ander seëninge in Sy wyk bring, bly in gebreke al word dit aangebied in matelose volheid. [8T 21/22]

Wat was die resultaat van die uitstorting van die Gees op Pinkster? Die blye tyding van 'n verrese Heiland is tot in die verste streke van die bewoonde wêreld ingeneem. Die harte van die dissipels is oorlaai met 'n welwillendheid so vol, so diep, so verreikend, dat dit hulle genoop het om te gaan tot aan die einde van die aarde... Soos hulle die waarheid verkondig het soos dit is in Jesus het harte laat oorgee aan die krag van die bookdskap. Die kerk is van alle kante oorstroom met bekeerlinge. [8T19/20]

Die uitstorting van die Gees in die tyd van die apostels was” die vroeë reën” eerlik was die uitvloeisel daarvan, maar die laat reëns sal oorvloediger wees. Wat is die belofte aan die wat in die laaste dae lewe? (Sagaria 9:12; 10:1) [8T 20/21]

Aan ons vandag net so sekerlik as aan die eerste dissipels, behoort die belofte van die Gees. God sal vandag manne en vroue toerus met krag van omhoog soos wat Hy diegene wat op Pinkster die woord van verlossing gehoor het, toegerus het. Op hierdie huidige oomblik is Sy Gees en Sy genade beskikbaar vir almal wat hulle nodig het en Hom op Sy woord sal af gaan. [8T 19,20]

Let wel dat dit was nadat die dissipels tot volkome eenheid geraak het, toe hulle nie meer om die hoogste posisie gewedywer het nie, dat die Gees uitgestort is. Hulle was eensgesind. Alle verskille is uit die weggeruim en die getuienis aangaande hulle nadat die Gees uitgestort is, is dieselfde. [Handelinge 4:32]

So kan dit ook nou wees. Laat Christene alle struwelinge opsy sit en hulleself aan God gee vir die redding van verlorenes. Laat hulle in geloof vra vir die beloofde seëninge en dit sal kom. [8T 20/21]

Die mens is ‘n deel toegeken in die groot stryd om die ewige lewe, hy moet gehoor gee aan die werking van die Heilige Gees. Dit sal stryd verg om deur die magte van duisternis te breek, maar die Gees werk in hom om dit te kan doen. Die mens is egter nie ‘n passiewe wese om gered te word in niksdoen nie. Hy word gemaan om elke krag in te span in die stryd vir onsterflikheid. [8T 65]

[61] Die Gees van die Almagtige beweeg menseharte, en die wat Sy invloed gehoorsaam, word getuies vir God en Sy waarheid. Op baie plekke kan mens toegewyde manne en vroue die lig wat die verlossingswerk deur Christus vir hulle duidelik gemaak het, aan andere sien oordra. En namate hulle, hulle lig soos diegene wat op die dag van Pinkster gedoop is, laat skyn, ontvang hulle al meer van die krag van die Gees. Op hierdie wyse sal die aarde met die heerlikheid van God verlig word. [HA 44]

Maar die feit dat God Sy wil aan die mens deur Sy Woord geopenbaar het, het nie die teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees oorbodig gemaak nie. Inteendeel, die Gees is deur ons Heiland belowe om die Woord aan Sy diensknegte te openbaar en om die leerstellings daarvan te verduidelik en toe te pas. En aangesien dit

die Gees van God is wat die Bybel ingegee het is dit onmoontlik vir die Gees om ooit in stryd met die Woord te wees. [GS 8]

Die amp en werk van die Heilige Gees is nie vir hulle om te gebruik, soos baie veronderstel nie, maar vir die Heilige Gees om hulle te gebruik en elke vermoë te vorm en te heilig. [FE 227]

Ooreenkomstig Gods Woord sou Sy Gees Sy werk deur die hele tydperk van die evangeliebedeling voortsit. In die eeue toe die Skrifte van die Ou en Nuwe Testament ingegee is, het die Heilige Gees gedurig lig oorgedra aan persone behalwe diegene wie se geskrifte in die Heilige Kanon opgeneem word. Die Bybel deel ons self mee hoe manne deur middel van die Heilige waarskuwings, bestraffing, raadgewing en voorligting ontvang het in verband met sake wat niks met die ingewing van die Skrifte te doen gehad het nie. Daar word ook melding gemaak van profete in verskillende eeue wie se profesieë nooit opgeteken is nie. Na die afsluiting van die kanon van die Heilige Skrifte sou die Heilige Gees op soortgelyke wyse Sy werk voortsit om die kinders van God in te lig, te waarsku en te troos. [GC viii]

Onder die leiding van die Heilige Gees, ontwikkel die verstand, wat onvoorwaardelik toegewy is aan God, eendragtelik en word versterk om die vereistes van God te verstaan en te vervul. Die swak wispelturige karakter word verander na een van sterke bestendigheid. Voortdurende toewyding bring so 'n intieme verhouding tussen Jesus en Sy dissipels te weeg, dat die Christen soos sy meester word in karakter. [GW 285]

Sonder die Heilige Gees in 'n kennis van Sy Woord waardeloos. [62]
Die teorie van die waarheid sonder die Heilige Gees kan die siel nie opwek of die hart heilig nie. 'n Mens kan wel met die gebooie en beloftes van die Bybel bekend wees, maar tensy die Gees van God die waarheid tuisbring, sal die karakter nie verander word nie. Sonder die verligting van die Heilige Gees sal mense nie in staat wees om tussen waarheid en dwaling te onderskei nie, en hulle sal onder die meesterlike versoekings van die Satan val. [GvJ 381 ]

Elke hart wat besoek is deur die helder strale van die Son van Geregtigheid, sal die werking van die Heilige Gees openbaar in spraak, denke en karakter. Die masjinerie sal beweeg asof dit gesmeer en bestuur word deur 'n meesterlike hand. Daar sal minder vrywing wees as die werker olie ontvang van die twee olyfbome. [7T195/6]

Die mens word ‘n aandeel toegesê in die groot stryd vir die ewige lewe, hy moet die werking van die Heilige Gees aanvaar. Dit vereis ‘n stryd om deur die magte van die duisternis te dring en die Heilige Gees werk in hom om dit te bewerkstellig. Die mens is nie ‘n passiewe wese, om ten spyte van vasigheid gered te word nie. Daar word van hom vereis om elke krag en vermoë in te span in die stryd vir onsterflikheid, tog is dit God wat dit effektief maak. Geen mens kan in vadsigheid gered word nie. Die Here sê:“Strewe om in die smal weg in te gaan, want baie sal probeer om in te gaan, maar tevergeefs.” [8T 65]

Die teenwoordigheid van die Gees in God se werkers sal aan die bieding van die waarheid ‘n krag verleen wat nie deur die eer en luister van die wêreld kan geëwenaar word nie. Die Gees verleen die krag wat worstelende siele in elke noodsituasie, tussen die nyd van familie lede, die haat van die wêreld en die besef van hulle eie tekortkominge sal onderskraag. [8T 22]

Die Heilige Gees is aan ons gegee om ons by te staan in die studie van die Woord. Jesus belowe: “Die Trooster, d.w.s. die Heilige Gees, wat die Vader in My naam sal stuur, sal julle alle dinge leer en julle in herrinnering bring alles wat Ek vir julle gesê het.” Die wat deur die Heilige Gees onderrig word, sal dit die gees opwek en die lewe verander. [FE 433]

Die prediking van die Woord sal niks baat sonder die teenwoordigheid van die Heilige Gees nie, want die Gees is die enigste effektiewe onderwyser van goddelike waarheid. Slegs wanneer die waarheid vergesel word van die Gees in die hart, sal dit die Gees opwek en die lewe verander. [GW 284]

[63] Die Gees word uitgestort op elkeen wat gehoor gee aan Sy stem en wat menslike metodes met hul bindende reëls en versigtige benadering opsy stoot om die waarheid te verkondig met die volle mag van die Gees. Groot getalle sal die geloof aanvaar en by die leers van die Here aansluit. [Ev 700]

Onder die beeld van die vroeë en die laat reëns wat tydens die saai en die oestyd in Oosterse lande val, het die Hebreeuse profete voorspel dat die genade van die Gees in buitengewone mate op Gods kerk uitgestort sal word. Die uitstorting van die Gees in die dae van die apostels was die begin van die vroeë reëns, en die gevolge was

heerlik. Die teenwoordigheid van die Gees sal tot die einde toe by die kerk bly. [HA 44]

Die werk sal gelyk wees aan die wat op Pinksterdag gedoen is. Net soos die "vroeë reën" gegee is tydens die uitstorting van die Heilige Gees aan die begin van die evangelie om die kosbare saad te laat ontkiem, so sal die "laat reën" gegee word aan die einde om die oes ryp te maak. [Klimaks 351]

Die laat reëns, wat die oes sal ryp maak, stel die geestelike genade voor wat die kerk sal voorberei vir die koms van die Seun van die Mens. Maar tensy die vroeë reëns geval het, sal daar geen lewe wees nie, die groen spruite sal nie uitkom nie.Tensy die vroeë buie hul werk gedoen het, kan die laat reëns nie die saad tot volwassenheid bring nie. [TM 506]

Die uitstorting van die Heilige Gees word as in die toekoms gesien, maar dit is die voorreg van die kerk om dit nou te ervaar. Soek daarna, bid daarvoor, glo dit ons moet dit hê en die hemel wag om dit te gee. [Ev. 701 (R&H Maart 19.1&95)] ' Die magtige uitstorting van die Gees van God, wat die aarde verlig met Sy heerlikheid, sal nie kom voordat ons 'n verligte volk het nie, wat deur ondervinding weet wat dit is om medewerkers van God te wees. Wanneer ons algehele, heelhartige toewyding aan die diens van Christus wy, sal God dit erken deur Sy Gees sonder mate uit te stort, maar dit sal nie wees terwyl die grootste deel van die kerk nie medewerkers van God word nie. God kan nie Sy Gees uitstort terwyl selfsug die eie-ek so ooglopend in die kerk is nie terwyl die Gees van Kain, "Is ek my broer se wagter?" in die kerk heers nie. [R&H Julie 21,1896]

## Instrument van Verlossing

In die vroeë kerk is sendeling op wonderwerkende wyse toegerus met 'n kennis van die tale waarin hulle geroep is om die ondeurtasbare rykdom van Christus moes verkondig. [RH 1:357]

Die Gees van God hoor die geskrei van elke berouvolle hart, [64]
want berou is die gawe van God en 'n bewys dat Jesus besig is om die siel na Homself te trek. Ons kan net so min berou hê vir sonde sonder Christus, as wat ons vergifnis kan hê sonder Hom, en tog is dit vir die mens 'n vernedering weens sy menslike trots

en hoogmoed om dadelik na Jesus te gaan, in Hom glo en Hom te vertrou vir alles wat ons nodig het. [1 SM 381]

Voor Sy kruisiging het Christus belowe dat die Trooster na Sy dissipels gestuur wou word. Hy het gesê: "Dit is beter vir julle as Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal dieTrooster nie na julle kom nie. En wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde, en van geregtigheid en van oordeel." (Joh. 16:7,8) "Wanneer die Gees van waarheid kom, sal Hy julle in alle waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar wat Hy hoor, dit sal Hy spreek. En Hy sal aan julle toekomstige dinge toon. Hy sal My verheerlik, want Hy sal van My ontvang en dit aan julle toon." [1 SM 134]

Die goddelike gawe kom na die wêreld as Christus se verteenwoordiger. Dit is nie alleen die getroue en ware getuie van die Woord van God nie, maar dit deursoek die oordenkinge en gedagtes van die hart. Dit is die bron waarna ons moet soek vir die effektiewe naarstig gesoek in die skole van die profete. Sy herskeppende mag sou die gedagtes in harmonie met die wil van God bring en 'n lewende band skep tussen hemel en aarde. [FE 526]

Die Christen moet bou aan die fondament as hy 'n sterk simmetriese karakter wil bou, as hy gebalanseerd wil wees in sy geestelike ondervinding. Dit is op hierdie wyse dat hy voorbereid sal wees om aan die vereistes van waarheid en geregtigheid te voldoen soos wat dit in die Skrif voorgestel word, want hy sal onderskraag en versterk word deur die Heilige Gees van God. [TM 176]

Christus, in Sy amp as middelaar, gee aan Sy diensknegte die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit is die krag van die Gees wat die menslike instumente in staat stel om verteenwoordigers van die Heiland te wees in die werk van sieleredding. Om met Christus te verenig in hierdie werk, moet ons onsself plaas onder die vormende invloed van Sy Gees. [7T 30]

## Geen Plaasvervanger Van Menslike Plig

Die Here het geen voorneme om vir ons in te tree om te wil of te werk nie. Dit is ons regmatige werk. Sodra ons ernstig toetree tot die werk, word Sy genade aan ons gegee om te wil en te doen, maar nooit as plaasvervanger vir ons poging nie. Ons siele moet neig tot

samewerking. Die Heilige Gees werk deur die menslike instrument om sy eie verlossing uit te werk....

Ons het almal gevoel dat die Here met ons saam gewerk het en ons gelei het om te wil, te besluit en te handel. [TM 240] [65]

Deur die geloof werk die Heilige Gees in die hart om heiligheid daarin te skep, maar dit kan nie gedoen word tensy die menslike instrument saam met Christus werk nie. Ons kan slegs deur die werk van die Heilige Gees in die hart gereed gemaak word vir die hemel, want ons moet die geregtigheid van Christus hê as geloofsbrief, as ons toegang tot die Vader wil hê... Dit is die werk van die Heilige Gees om die gesindheid te verfyn, die hart te heilig en die hele mens te veredel. [1 SM 374]

Aan die ander kant is daar sommige wat nie van hulle huidige geleenthede gebruik maak nie, maar ledig sit en wag dat 'n spesiale tyd van geestelike verkwikking hulle begaafdheid om ander in te lig grootliks moet vermeerder. Hulle verwaarloos die pligte en voorregte van die oomblik en laat hulle lig dof brand, terwyl hulle na die tyd uitsien wanneer hulle sonder enige persoonlike inspanning spesiale seeninge sal ontvang waardeur hulle verander en vir diens toegerus sal word. [HA 44]

## Sonde Teen Die Heilige Gees.

Niemand hoef die sonde teen die Heilige Gees te beskou as iets geheimsinnig en onverklaarbaar nie. Die sonde teen die Heilige Gees is die konsekwente weiering om gehoor te gee aan die uitno-diging van die Gees om ons te bekeer. [RH 29 Junie, 1897]

Diegene was Christus verwerp, verwerp hul enigste hoop op geluk in die lewe en sny hulleself af van die hoop op die ewige lewe. Elke stap om Christus te verwerp is 'n stap nader aan die verwerping van die goedheid van verlossing en tot die sonde teen die Heilige Gees. Dit is duidelik dat nie een wat onder die banier van Jesus Christus staan, wat Hom dien as getroue stryder, hierdie sonde gepleeg het nie. Die sonde teen die Heilige Gees is nie beperk tot enige tydperk of tot enige geslag nie. [Yl 8/8/95]

Elke addisionele bewys van die mag van God wat deur die Egiptiese monarg teëgestaan is, het hom aangespoor tot sterker en volgehoue uittarting van God. So het dit voortgegaan, die nietige mens

wat stry teen die geopenbaarde wil van ‘n Ewige God. Hierdie geval is ‘n duidelike illustrasie van die sonde teen die Heilige Gees. [RH 27/7/97]

[66] Dit was hierdie daad wat hul lot verseël het. Hulle het sonde teen die Heilige Gees gepleeg, ‘n sonde waardeur die mens se hart effektief verhard word teen die invloed van goddelike genade. [RH 11 /12:/03]

Wat is die sonde teen die Heilige Gees? Dit is om moedswilliglik aan Satan die werk van die Heilige Gees toe te skryf... Dit is deur middel van die Heilige Gees wat God met menseharte werk en wanneer mense moeswilliglik die Gees verwerp en dit as van Satan verklaar, sny hulle die kanaal af waardeur God met hulle kan kommunikeer. Deur die bewyse te ontken wat dit God behaag om aan hulle te gee, sluit hulle die lig uit wat in hulle harte skyn en as gevolg daarvan verkeer hulle in duisternis. [5T 634]

Aan my is getoon dat as Gods volk geen poging aanwend van hulle kant, maar wag vir die oplewing om te kom om hulle misstappe uit te wis en hulle foute te korrigeer, as hulle daarop reken om hulle te reinig van die sondes van die vlees en gees sodat julle geskik sou wees om deel te neem aan die luide geroep van die derde engel, sal hulle te lig bevind word. Die verkwikking of krag van God, kom slegs oor diegene wat hulself daarvoor voorberei het deur die werk te doen wat God aan hulle gegee het, naamlik om hulself te reinig van al die onreinhede van die vlees en gees en hul heiligheid te vervolmaak in die vrees van God. [1T 619]

Laat niemand homself mislei met die geloof dat God sal vergewe en seën terwyl hulle op een van Sy vereistes trap nie. As daar wetend en moedswillig gesondig word, verdoof dit die getuienis van die Gees en sny die siel af van God. Watter ekstase in aanbidding ookal ondervind word, Jesus kan nie woon in ‘n hart wat die goddelike wet verontagsaam nie. God sal die vereer wat Hom vereer. [SL 92]

In Sy voorsienigheid laat God diegene toe wat deur die vyand mislei is om fabels te verkies instede van suiwere waarheid, om dieselfde gevoelens teenoor gebooiebewaarders te koester as wat die Joodse nasie teenoor hul Meester gekoester het - gevoelens wat hul sou lei om Hom te verwerp as hul beloofde Messias en Hom oor te gee aan ‘n wrede dood. [R&H Aug. 12,1884 (i 451)]

Ons het nodig dat ons ons harte sal oopmaak vir die invloed van die Gees en om sy helende krag te ondervind. Die rede hoekom julle nie meer van die reddende hulp van God ontvang nie, is omdat die kommunikasie kanaal tussen die hemel en ons siele verstop geraak het deur wêreldsgesindheid, liefde vir vertoon en heerssug. [R&H June 24,1884 (i 437)]

Heiligmaking is ‘n daaglikse werk. Laat niemand hulself mislei [67]
met die geloof dat God hulle sal vergewe en seën terwyl hulle besig is om een van sy gebooie te vertrap nie. [R&H Mei 3,1881 (1:271)]

Waak teen die eerste verdowing van jou lig, die eerste nalatigheid in gebed, die eerste teken van geestelike sluimering. Hy wat volhard tot die einde sal gered word. [R&H Jan. 9,1883 (i. 350)]

Deur die werk van die Heilige Gees, die heiliging van die waarheid, word die gelowige bekwaam vir die hemelhowe, want Christus werk in ons en Sy geregtigheid is op ons. Daarsonder het geen siel ‘n aanspraak op die hemel nie. Ons sou nie die hemel geniet tensy ons bekwaam word vir die heilige atmosfeer deur die invloed van die Gees en die geregtigheid van Christus. [i SM 395]

Die kerk is nie nou die aparte en eiendomsvolk wat sy was toe die vure van vervolging teen haar aangesteek is nie. Hoe dof het haar goud geword! Hoe het haar glans verander! Aan my is getoon dat as die kerk altyd haar kenmerkende heilige karakter behou het, die krag van die Heilige Gees wat aan die dissipels geskenk is, nog met haar sou wees. Die siekes sal genees word, duiwels uitgedryf en sy sou ‘n verskrikking vir haar vyande wees. [EW 227]

[68] # Hoofstuk 4 - Leerstuk Leerstuk Oor Die Mens

[69]

ln beide sy uiterlike voorkoms en Sy karakter moes die mens die beeld van God hê. Net Christus is" die afdruksel" van die Vader [Heb. 1:3], maar die mens is na Gods beeld geskape...

Hier is geen rede vir die onderstelling dat die mens geleidelik uit die laer lewensvorme van die diere of plantelewe ontwikkel het nie. So 'n leerstelling verlaag die werk van die Skepper tot die peil van die mens se enge, aardse begrip...

Die Skrif spoor ons oorsprong nie terug tot 'n geslag wat uit kieme, weekdiere en viervoeters ontwikkel het nie, maar tot die almagtige Skepper. Hoewel Adam uit die stof gevorm is, was hy nogtans die" seun van God." [P&P. 45]

### Díe Volmaakte Skepping

Toe Adam uit die hand van die Skepper gekom het, het hy, in sy liggaamlike, verstandelike en geestelike natuur op Sy Skepper gelyk." God het die mens geskape na Sy beeld" [Gen. 1:27] en dit was Sy doel dat hoe langer die mens geleef het, hoe vollediger hy hierdie beeltenis sou geopenbaar het, om des te vollediger die heerlikheid van die Skepper te weerkaats. Al sy vermoëns was tot ontwikkeling in staat; die kapasiteit en lewenskrag daarvan moes aanhoudend toeneem. [Opv. 15]

Groot van gestalte en volkome eweredig het die mens uit die hand van Sy Skepper te voorskyn gekom. Sy aangesig was bloesend van gesondheid en die lig van lewe en vreugde het daaruit gestraal. Adam was baie langer as die mense wat die aarde nou bewoon. Eva was effens korter, maar Sy was van edele gestalte en heeltemaal skoon. Die sondelose egpaar het geen kunsmatige klere gedra nie; hulle was beklee met 'n gewaad van lig en heerlikheid soos die wat die engele dra. Solank as wat hulle in gehoorsaamheid aan God voortgeleef het, het daardie ligkleed hulle omhul. [PP. 35]

God het die mens reg geskape. Hy het hom met edel karaktertrekke bedeel sonder enige neiging tot die sonde. Hy het hom met groot verstandelike vermoëns bedeel en het die sterkste aanleidings moontlik tot troue onderdanigheid aan hom voorgehou. Volmaakte voortdurende gehoorsaamheid was die voorwaarde van ewige geluk. Op hierdie voorwaarde kon hy tot die boom van die lewe toegang hê. [PP 40]

Adam is geskape in die ewebeeld van God en op proef gestel.Hy [70]
het 'n volmaak-ontwikkelde liggaam gehad. Al sy sinne was in volmaakte harmonie. In al sy denke, woorde en dade was hy in ooreenstemming met die wil van sy Skepper. [R&H.Feb.24,1874(i 140)]

Toe God die mens in Sy ewebeeld geskape het, was die menslike liggaam volmaak in alle opsigte, maar dit was sonder lewe. Toe het 'n persoonlike, selfbestaande God die asem van die lewe in daardie liggaam geblaas en dit het 'n lewende asemhalende, intelligente wese geword. [8T 264]

Ons eerste ouers, alhoewel onskuldig en heilig geskape, was nie sonder moontlikheid van te sondig nie. God het hulle vrye denkende wesens gemaak, met die vermoë om Sy wysheid en die goedheid van Sy karakter en die regverdigheid van Sy vereistes te waardeer en met volle vryheid om te gehoorsaam of nie. Hulle sou gemeenskap hê met God en heilige engele, maar voordat hulle vir ewig veilig kon gemaak word, moes hulle lojaliteit getoets word... gehoorsaamheid, volmaak en voortdurend was die voorwaarde van ewige geluk. Op hierdie voorwaarde sou hy [die mens] toegang hê tot die boom van die lewe. [PP 48/9]

Toe Adam versoek is in Eden, was hy sonder 'n smet van sonde. Hy het gestaan in die krag van sy volmaaktheid voor God. Al die organe en vermoëns van sy wese was ewe ontwikkel en in ewewigtige balans. [1 SM 267]

Die mens was die sieraad in die skepping van God gemaak, in die ewebeeld van God en ontwerp as die teenbeeld van God; maar die Satan het gepoog om die beeld uit te wis en Sy eie beeld op hom af te druk. Die mens is kosbaar vir God want hy was geformeer in Sy ewebeeld. [R&H June 18,1895 (3:265)]

Alhoewel die mense voor die vloed hulself volkome oorgegee het aan sonde, was dit meer as 2000 jaar voordat hulle van die

gevolge van die oortreding van die natuurwette in hulle liggame bewus geword het. As Adam oorspronklik geen groter liggaamskrag gehad het as die mense van vandag nie, sou die menslike geslag reeds uitgesterf het. [R&H Dec. 13,1881 (i 301)]

## Ons Afhanklikheid Van God

Ons afhanklikheid van God is absoluut en hoort ons nederig te hou en omrede ons afhanklikheid van Hom, hoort ons kennis van Hom te vermeerder. God wil hê ons moet met elke spesie van selfsug wegdoen en tot Hom kom, nie as ons eie baas nie, maar as die Here se vrygekoopte besitting. [TM 324/5]

[71] Die fisiese organisme van die mens is onder Gods toesig, maar dit is nie soos ‘n klok wat aan die gang gesit word en vanself aangaan nie. Die hart klop; polsslag volg op polsslag, ademing volg op adem, maar die hele wese is onder God se toesig. “Julle is God se landgoed,” Sy gebou. In God lewe, beweeg en bestaan ons hele wese. Elke hartklop, elke asemteug is die inademing van Hom wat in Adam se neus die asem van die lewe geblaas het - die ingewing van die altyd teenwoordige God, die Groot Ek Is. [SDABC 1:1081 (R&H Nov. 8,1898)]

## Paradys Verbeur

Adam was gekroon as koning in Eden. Aan hom is gegee heerskappy oor elke lewende wese wat God geskape het. Die Here het Adam en Eva geseën met intelligensie soos aan geen dier gegee is nie. Hy het Adam die regmatige heerser oor al die werke van Sy hande gemaak...

Hy, (Satan) het trots gespog dat die wêreld wat God gemaak het, nou aan hom behoort. Noudat hy Adam, die monarg van die wêreld oorwin het, het hy die mensegeslag as sy onderdane verkry en dat hy nou Eden moet besit endit sysetel moes maak. [R&H Feb. 24,1874 (1:139,140)]

## Voorwaarde vir Onsterflikheid

Die waarskuwing aan ons stamouers: “Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe” [Gen. 2: 17], het nie beteken dat hulle op die

einste dag toe hulle die verbode vrug geëet het, sou sterf nie. Maar op daardie dag sou die onherroeplike vonnis gevel word. Onsterflikheid is op voorwaarde van gehoorsaamheid aan hulle belowe. Deur oortreding sou hulle die ewige lewe verbeur. [pp 52]

## Oorsprong van sonde

Die sonde het sy oorsprong in selfsugtigheid. [KE 3] Sonde het by die Satan begin. Hy het homself in die hemel al voorgeneem om vir homself te lewe... en selfsug het die wet geword van almal wat hulle onder sy leierskap skaar. [R&H Julie 16,1901]

"Selfsug het die plek van liefde ingeneem," [SC 17] en is die wese van verdorwenheid" [CS 24], want onder die een hoof "selfsug" val elke ander sonde." [4T 384]

Satan het tot 'n groot mate geslaag in die uitvoer van sy planne. Deur die medium van invloed, deur gewin te maak uit die invloed van verstand oor verstand, het hy Adam oorreed om te sondig. So was [72]
die menslike natuur van die begin af bedorwe. En sedertdien het die sonde sy haatlike werk voortgesit. In elke sonde wat gepleeg word, ontwaak die weerklank van daardie oorsponklike sonde. [R&H April 16,1901 (2:281)]

Dieselfde gees wat die rebellie in die hemel laat ontstaan het, veroorsaak nog rebellie op aarde. Onder die mense volg Satan dieselfde beleid wat hy met die engele gevolg het. Sy gees heers vandag in die kinders van ongehoorsaamheid. Net soos hy, trag hulle om die beperkings van Gods wet af te skaf en hulle beloof vryheid aan die mense deur oortreding van die gebooie. [GS 569]

## Die Val

Daar is niks wat duideliker in die Skrifte géleer word as die feit dat God geensins verantwoordelik is vir die sonde nie; dat daar geen willekeurige onttrekking van goddelike genade en geen gebrek in die goddelike regering was wat rede kon gegee het vir die opstand in die hemel nie. Die sonde is 'n indringer vir wie se bestaan geen rede gegee kan word nie. Dit is 'n verborgenheid en onverklaarbaar; om 'n verskoning daarvoor te maak sou beteken om ditteverdedig. [GS 560]

## Erfsonde

Ons toestand, deur sonde, is buitengewoon en die mag wat ons herstel moet bonatuurlik wees, anders is dit waardeloos. Daar is maar een mag wat die bose se houvas op menseharte kan verbreek en dit is die krag van God in Jesus Christus. Slegs deur die bloed van die Gekruisigde is daar reiniging van sonde. Sy genade alleen kan ons in Staat stel om die neigings van ons gevalle natuur in dwang te hou. [8T 291 ]

Om die saak reg te verstaan, moet ons onthou dat ons harte van nature bedorwe is en dat ons uit onsself geen regte weg kan volg nie. Dit is slegs deur die genade van God, gevoeg by die ernstigste strewe aan ons kant, dat ons die oorwinning kan behaal. [CT 544]

Die vleeslike hart is vol haat teenoor die waarheid soos dit is teenoor Jesus. Tensy ouers dit hulle eerste taak maak om hulle kinders se skrede te rig in die pad van geregtigheid van hulle vroegste jare af, sal hulle die verkeerde weg kies bo die regte. [ML 261 ]

[73] Omrede hul verwantskap met die eerste Adam, ontvang die mens niks behalwe skuld en die doodvonnis nie. [SADBC 6:1074 (Letter 68,1899)]

Al wat kinders erf is sonde. Sonde het hul van God vervreem. [CG 475]

Omrede sy (Adam se) sonde is sy nasate gebore met inherente neigings tot ongehoorsaamheid. [SDABC 5:1128]

## Die Gevolge Van Sonde

Die sondeval het nie in die mens nuwe vermoëns kragte en emosies geskep nie, want dit sou refleksie werp op God. Dit was deur ongehoorsaamheid aan God se vereistes dat hierdie kragte verdraai is; die geneentheid is misplaas en weggekeer van ‘n hoë en heilige doel tot ‘n laer doelstelling en om ‘n laer standaard te bevredig. [R&H Maart 1,1887 (2:115)]

## Vryheid Van Wil

God verwag van al Sy skepsels liefdesdiens - ‘n liefde wat sy ontstaan het in ‘n intelligente besef van Sy karakter. Hy het geen

behae in gedwonge liefde nie en aan almal het hy 'n vrye wil gegee, sodat hulle Hom vrywillig kan dien. [GS 560/1]

In die verlossingswerk is daar geen dwang nie. Geen dwang word van buite af toegepas nie. Onder invloed van die Gees van God staan dit die mens vry om te kies wie hy wil dien. Die verandering wat intree as die siel hom aan Christus oorgee, bring die hoogste begrip van vryheid. Die uitwerping van die sonde is die taak van die siel self.

Dis wel waar dat ons geen mag het om ons van die Satan se beheer te bevry nie, maar wanneer ons verlang om van die sonde bevry te word en in ons groot behoefte roep om 'n krag bo en buite onsself, word die kragte van die siel aangevul met die Goddelike krag van die Heilige Gees en julle gehoorsaam die wil in die vervulling van die wil van God. [KE 420]

As hulle [die jeug], nie moedswillig in gevaar instorm en hulleself onnodig in die weg van versoeking plaas nie, as hulle bose invloede en geselskap vermy en dan onvermydelik gedwing word om in gevaarlike geselkap te wees, sal hulle die stukrag hê om vir regte beginsels te staan en dit te bewaar en daar sedelik ongedeerd van uitkom. As die jeug, behoorlik opgevoed, hul vertroue in God plaas, sal hulle sedelike vermoëns die sterkste toets deurstaan. [ML 72]

In "Die Pilgrim se reis na die Ewigheid" is daar 'n karakter met die naam, Buigbaar. Jeug, vermy die karakter. Diegene wat deur dit voorgestel word is baie tegemoetkomend, maar hulle is soos 'n riet [74]
in die wind. Hulle het geen wilskrag nie. Elke jong persoon behoort te leer om besluite te maak. 'n Verdeelde toestand van die wil is 'n vals strik en lei tot die ondergang van baie jong mense. Wees vasberade of jou huis of karakter sal gebou wees op 'n fondament van sand. [ML 73 (R&H Mei 9,1899)]

Wil jy nie sonder verwyl jouself in 'n regte verhouding met God plaas nie? Wil jy nie sê: "Ek sal my wil aan Jesus gee en ek sal dit nou doen" en van die oomblik af geheel en al aan die Here se kant wees nie?.... Sê: "Ek sal glo, ek glo dat God my helper is en jy sal vind dat jy triomferend is in God. Deur vasberade die wil aan die kant van God te hou, sal elke emosie deur die wil van Jesus gevange geneem word. Jy sal dan jou voete op die vaste rots vind. Dit sal met tye elke greintjie wilskrag verg wat jy besit, maar dit is God wat vir

jou werk en jy sal uit die gietproses kom as ‘n voorwerp van eer. [5T 514]

Julle mag manne van verantwoordelikheid en invloed word as, deur die krag van die wil, en in verbinding met goddelike krag, julle ywerig deelneem aan diewerk. [4T 561:3]

Sal u, my broeders in die bediening, die ryke beloftes van God aangryp? Sal u uself laat verdwyn en Jesus laat verskyn? Self moet sterf voordat God in u kan werk. Ek raak besorgd as ek sien hoedat self in een dan ‘n ander te voorskyn kom. Ek sê aan u in die naam van Jesus van Nasaret, julle wil moet sterf en soos Gods wil word. Hy wil julle oor smelt en julle reinig van elke smet. [9T181]

Die juk wat ons vir diens inspan, is die wet van God. Die groot liefdeswet wat in Eden geopenbaar is, vanaf Sinai afgekondig is en in die nuwe verbond op die hart geskryf word, is wat die menslike arbeider aan die wil van God inspan. As ons aan ons eie begeertes oorgelaat moes word, om te volg waar ons wil ons heen lei, sou ons in die Satan se geledere beland en sy hoedanighede ontvang. Daarom bind God ons aan Sy wil, wat hoog en edel en verheffend is. [KE 288]

Dit is ‘n verskriklike ding as ‘n mens sy wil teen die wil van God stel, soos opgeopenbaar in Sy spesifieke vereistes. Al die eer wat ‘n persoon kan ontvang op die troon van ‘n koninkryk, sal ‘n powere vergoeding wees vir die verlies van God se guns deur ‘n daad van ontrouheid aan die hemel. [2 SDABC 1018 (STSept. 7,1888)]

Deur die wilsbesluit van ‘n oomblik kan jy jouself in die mag van Satan plaas, maar dit sal baie meer as die wilsbesluit van ‘n lewe.
[75] Die besluit mag geneem word, die werk begin, maar die bereiking daarvan sal werk, tyd en volharding, geduld en opoffering verg. Die man wat vrywillig van God afdwaal in die volle heerlikheid van die lig, sal vind, wanneer hy besluit om terug te keer, dat dorings en distels in sy pad opgeskiet het. [ML 322]

Alle ware opregtheid kom uit die hart. Christus se werke het uit Sy hart gekom. En as ons instem, sal Hy Hom so met ons gedagtes en strewe vereenselwig, ons hart en gees so met Sy wil saamsmelt, dat ons, as ons Hom gehoorsaam, maar net ons eie impulse sal uitvoer. Die wil, gelouter en geheilig, sal sy hoogste behae in Sy diens vind. As ons God ken soos dit ons voorreg is om hom te ken, sal ons lewe een van voortdurende gehoorsaamheid wees. Deur ‘n begrip van die

karakter van Christus, deur gemeenskap met God, sal die sonde vir ons verwerplik word. [KE 604]

Christus is die" lig wat elke mens verlig" wat in die wêreld aan kom was. Net soos elke mens deur Christus lewe het, so ontvang ook elke siel deur Hom die een of ander straal van Goddelike lig. Nie net intellektuele vermoë nie, maar geestelike mag, 'n insig in wat reg is, 'n verlange na die goeie bestaan in elke hart. Maar teen hierdie beginsels worstel daar 'n vyandige mag.

Deur sonde is die mens van God uitgesluit. Sonder die verlossingsplan sou ewige skeiding van God, die duisternis van 'n eindelose nag, syne gewees het. Deur die offerande van die Heiland is gemeenskap met God weer moontlik gemaak. Ons mag nie persoonlik tot in Sy teenwoordigheid kom nie; in ons sonde mag ons nie Sy aange sig sien nie, maar in Jesus, die Heiland, kan ons Hom aanskou en met Hom sielsgemeenskap hê. "Die verligte... van die kennis van die heerlikheid van God" word "in die aangesig van Jesus Christus" geopenbaar. God versoen in Christus die wêreld met Homself. [Opv 28]

U begeer om uself aan Hom te gee, maar u is swak en 'n slaaf van twyfelmoedigheid en die sondige gewoontes oorheers u. U beloftes en voornemens is waardeloos. U kan u gedagtes en drifte en luste nie beheers nie. Die gedagte aan u gebroke beloftes en geloftes wat u nie nagekom het nie verswak u geloof in u eie opregtheid en laat u voel dat God u nie sal aanneem nie, maar u hoef nie moedeloos te word nie. Wat u nodig het is om die ware krag van die wil te besef. Dit is die heersende krag in die hart van die mens; dit laat hom besluit en kies. Alles hang af van die regte gebruik van die wil. God het aan alle mense die vermoë gegee om te kies; hulle moet daardie krag beoefen. U kan u hart nie verander nie, u kan God nie uit u eie liefhê nie, maar u kan kies om Hom te dien. U kan u wil
aan Hom onderwerp; Hy sal dan in u werk om te wil sowel as om [76]
te werk na Sy welbehae. Op hierdie manier sal u hele natuur onder die beheersing van die Gees van Christus kom; u liefde sal in Hom sy middelpunt vind en u gedagtes sal in ooreenstemming met Hom wees. [Skrede van Christus pp. 48/9]

Hierdie wil, wat so 'n belangrike faktor vorm in die karakter van die mens, was met die val onder Satan se beheer geplaas en hy werk sedertdien in die mens om te wil en sy behae te doen, maar tot die

totale verderf en ellende van die mens. Maar die oneindige Offer van God in die gawe van Jesus, sy Geliefde Seun, om u offerande te word vir sonde, stel Hom in staat om te sê, sonder om een beginsel van Sy regering te verloën, "Gee julle oor aan My; gee My daardie wil, neem dit uit onder die beheer van Satan en Ek sal daarvan besit neem, dan kan Ek in julle werk om te wil en te werk na My welbehae." Wanneer Hy aan u die gesinheid van Christus gee, word jou wil soos Sy wil en jou karakter word verander om te word soos Sy karakter... 'n lewe van bruikbaarheid lê voor jou as jou wil God se wil word. [5T 515]

Ware Godsdiens het te doen met die wil. Die wil is die heersende mag in die menslike natuur en bring alle ander vermoëns onder sy beheer. Die wil is nie die smaak of neigings nie, maar dit is die besluitnemende mag wat mensekinders op die pad van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God plaas. [5T 513]

Die wil is nie die smaak of neigings nie, maar dit is die keuse, die besluitnemende, koninklike mag wat mensekinders op die pad van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God plaas. [ML 318]

Dis wel waar dat ons geen mag het om ons van die Satan se beheer te bevry nie, maar wanneer ons verlang om van die sonde bevry te word en in ons groot behoefte roep om 'n krag bo en buite onsself, word die kragte van die siel aangevul met die Goddelike krag van die Heilige Gees en julle gehoorsaam die wil in die vervulling van die wil van God. [KE 420]

Die mens se voorreg om 'n kennis van die waarheid op te doen sal, hoe groot dit ook al mag wees, vir hom nutteloos wees tensy die hart ontvanklik is vir die waarheid en daar 'n doelbewuste versaking van elke gewoonte en gegruik is wat in stryd is met sy beginsels. Aan diegene wat hulle so aan God onderwerp, met 'n eerlike verlange om Sy wil te ken en te doen, word die waarheid geopenbaar as die krag van God vir hul verlossing. Hulle sal kan onderskei tussen hom wat namens God praat en hom wat bloot namens homself praat. Die Fariseërs het nie hul wil met die wil van God verenig nie. Hulle het nie na waarheid gesoek nie, maar het verskonings gesoek om dit te ontwyk. [KE 410]

[77] Daar is geen geestelike krag daarin om gedurig ons swakhede en afdwalings te oorpeins en te kla oor die krag van Satan nie. Hierdie groot waarheid moet gevestig word as 'n lewende beginsel in ons

hart en verstand - die doeltreffendheid van die offerande vir ons gemaak, - dat God kan en sal red tot die uiterste diegene wat tot Hom kom, op die voorwaardes aangestip in Sy woord. Ons werk is om die wil aan die kant van Gods wil te plaas. Dan, deur die bloed van die versoening word ons deelgenote van die goddelike natuur; deur Christus word ons kinders van God en ons het die versekering dat God ons liefhet, net soos Hy Sy Seun liefgehad het. Ons is een met Jesus. Ons wandel waar Christus voorgaan in die weg. [5T 741 ]

Die geestelike verhouding kan daargestel word slegs deur die beoefening van persoonlike geloof. Hierdie geloof, aan ons kant, moet uiterste voorkeur, volkome afhanklikheid, totale toewyding uitdruk. Ons wil moet geheel en al onderwerp wees aan die goddelike wil; ons emosies, begeertes, ons belange en eer moet identifiseer met die vooruitgang van Christus se koninkryk en die eer van Sy saak, terwyl ons gedurig genade van Hom ontvang en Hy dankbaarheid van ons. [ML 11 ]

Die harmonie wat bestaan tussen mense verskillend van aard, is die sterkste getuienis wat gelewer kan word dat God Sy Seun in die wêreld gestuur het om sondaars te red. Dit is ons voorreg om die getuienis te lewer. Maar om dit te kan doen, moet ons onsself onder christus se bevel plaas. Ons karakters moet gevorm word in harmonie met sy karakter. Ons wil moet onderworpe wees aan Sy wil. Dan sal ons saamwerk sonder ‘n gedagte aan botsing. [8T.243]

Vir die hart wat gereinig is, is alles verander. Die transformasie van karakter is ‘n getuienis aan die wêreld van ‘n inwonende Christus. Die Gees van God bring ‘n nuwe lewe voort in die siel, en dit bring die gedagtes en begeertes in gehoorsaamheid aan die wil van Christus en die innerlike mens is hernu in die beeld van God. [PK233]

Jou wil moet onderwerp wees aan die wil van God. Jy het die hulp van die Here Jesus nodig. Laat slegs woorde wat skoon en rein en heilig is van jou lippe kom, want as ‘n evangeliedienaar sal jou gees en voorbeeld deur ander gevolg word. [GW 164]

Wanneer die waarheid, die plegtige, belangrike waarheid van [78]
hulle besit neem, sal die eie-ek sterf, dan salons nie sê: “ek wil daarheen gaan of ek sal nie hier bly nie,” maar daar sal gevra word, “Waar wil God hê dat ek moet wees. Waar kan ek Hom die beste verheerlik en waar kan ons gekombineerde pogings die meeste goed

verrig?" Hulle wil moet verswelg word deur die wil van God. [1T 138]

Moenie dink dat jy jou pogings en waaksaamheid vir 'n oomblik kan verslap nie; jy kan nie. Studeer Gods woord met ywer sodat jy nie onkundig is oor Satan se strikke nie en dat jy die weg na saligheid volmaakter leer ken. Jou wil moet versink in God se wil. Moenie jou eie behae najaag nie, maar die van ander rondom jou en deur dit te doen kan jy nie anders as gelukkig wees nie. [2T 313]

Self word teveel vermeng met al jou arbeid. Jou wil moet gevorm word deur God se wil of jy sal in allerhande versoekings val. Ek het gesien dat as jy saam met God werk en self uit sig hou sal jy van Hom sterkte ontvang wat harte sal bereik. [3T417]

Diegene wat nie deur hulle wederstrewige aard Sy wil teenstaan nie, sal nie in duisternis gelaat word nie, maar sal hernu word in kennis en ware heiligheid en sal selfs roem in die kruis van Christus. [2T 688]

Die ware Christen verkry 'n ondervinding wat heiligheid bring. Hy is sonder 'n greintjie skuldgevoel op sy gewete of 'n smet van verdorwenheid in sy siel. Die geestelikheid van die wet van God, met sy beperkende beginsels, word in sy lewe gebring. Die lig van waarheid verlig sy verstand. Die heerlikheid van volmaakte liefde vir die Verlosser, verjaag die miasma wat tussen sy siel en God gekom het. Die wil van God word sy wil, rein, verhewe, verfyn geheilig. Sy aangesig openbaar die lig van die hemel. Sy liggaam is 'n geskikte tempel vir die Heilige Gees. Heiligheid versier sy karakter. Die Here kan met hom gemeenskap hou, want liggaam en siel is in harmonie met God. [Letter 139,1898 (7 BC. 909)]

Wat is die eer wat aan Christus toegeskryf word? Sonder om dwang te gebruik, sonder geweld, verenig hy die wil van die menslike onderwerp met die wil van God. Dit is die wetenskap van alle wetenskappe, want daardeur word 'n geweldige verandering in die verstand en karakter teweegebring, 'n verandering wat verrig moet word in elkeen wat deur die poorte van die stad sal gaan. [ML 340]

Daar is nie so iets as Christus te volg tensy jy weier om self te bevredig en besluit om God te gehoorsaam. Dit is nie jou gevoel, jou
[79] emosies wat jou 'n kind van God maak nie, maar die doen van Gods wil. 'n Lewe van bruikbaarheid is voor jou as jou wil God se wil

word. Dan kan jy staan in jou Godgegewe manlikheid, ‘n voorbeeld van goeie werke. [5T 515]

Die jeug moet geleer word dat tyd goud werk is, dat dit gevaarlik is vir julle om te dink dat hulle onbesonne kan voortgaan sonder om berou en ondergang te oes. Hulle moet geleer word om sober te dink en om die goeie in ander se karakter te waardeer. Hulle moet geleer word om hulle wil aan God se kant te plaas dat hulle die nuwe lied kan sing en saam kan smelt met die harmonie van die hemel. [6T 158/9]

Op ‘n ander geleentheid het ek gepraat oor ware heiligmaking wat niks minder is as om daagliks te sterf tot die eie-ek en om daagliks met die wil van God eenvormig te word.

Paulus se heiligmaking was ‘n voortdurende stryd met homself Hy sê; “Ek sterf daagliks.” sy wil en begeertes het elke dag gebots met plig en die wil van God. In plaas van sy eie neigings te volg, het hy die wil van God gedoen, hoe onaangenaam of sieldodend dit vir sy menslike natuur was. [4T 299]

Maar as ons nie nou ‘n behae het in die oorpeinsing van hemelse dinge nie; as ons nie nou ‘n belang het om ‘n kennis van God op te doen nie, geen vreugde vind om Christus se karakter te aanskou, as heiligheid vir ons geen aantrekkingskrag het nie, - dan kan ons seker wees dat ons hoop op die hemel tevergeefs is. Volmaakte eenvormigheid met die wil van God is die hoë doel wat gedurig voor die Christen moet wees. [5T 547]

God is gewillig om baie vir jou te doen, as jy net jou behoefte aan hom besef. Jesus het hou lief. Strewe om te wandel in die wysheid en God en deur die veranderinge van die lewe, moenie rus totdat jy weet dat jou wil in harmonie met die wil van jou Skepper is nie. Deur geloof in Hom kan jy krag ontvang om elke versoeking van die Satan te weerstaan, en so jou morele vermoë vergroot met elke toets van God. [4T 561/2]

Jy moet ‘n vasberade wil jou tot hulp roep in die stryd teen jou neigings en verrnoëns... Dissiplineer jouself om die eie-ek af te sterf, om iou wil te onderwerp aan die wil van Christus... Jy kan nie ‘n Christelike karakter vervolmaak deur God te dien wanneer jy so voel en dit na te laat wanneer jy nie so voel nie. [4T 215]

Dit is nodig vir jou om jou wil te onderwerp aan die wil van God en wanneer jy dit doen, sal God dadelik besit neem en in jou werk

[80] onder die beheer van die Heilige Gees gebring word en selfs jou gedagtes sal aan Hom onderwerp word. Jy kan nie jou impulse jou emosies beheer soos jy moet nie. maar jy kan jou wil beheer en ‘n totale verandering maak in jou lewe deur jou wil te onderwerp aan Christus, dan sal jou lewe saam met Christus in God verskuil wees, en met ‘n mag verbind wees wat bo alle magte is... maar jou wil moet met Gods wil saamwerk, nie met maats wat deur Satan gebruik word om jou te verstrik en vernietig nie. [5T 514]

## Die Wil En Denkwese

Dit is ‘n wet van die verstand dat dit sal krimp of rek tot die dimensies van die dinge waarmee dit bekend word. Die verstandelike vermoëns sal seer sekerlik ineenkrimp, en die vermoë verloor om die dieper betekenis van die woord van God te begryp tensy dit drasties en aanhoudend ingespan word om te soek na waarheid. [R&H Ju ly 17,1888 (2:229)]

Maar iemand sê: “kan ek nie my eie weg volg en myself wees nie?” Nee, jy kan nie jou eie weg volg en die koninkryk van die hemele ingaan nie. Daar sal geen “my weg” wees nie. Geen menslike weg sal ‘n plek hê in die koninkryk van die hemel nie. Ons weë moet opgaan in Gods weë. [RH 23 Feb.1892, (2:546)]

Jy moet onthou dat jou wil die bron is van al jou dade. Die wil, wat so ‘n belangrike faktor is in die menslike karakter, was met die Sondeval aan Satan se beheer oorgegee en hy werk sedertdien in die mens om te wil en te doen volgens sy eie welbehae, maar tot die mens se ellende en verderf. Maar die opoffering van God wat Sy geliefde Seun Jesus gegee het as ‘n offer vir sonde, laat Hom toe, sonder om enige beginsel van Sy heerskappy te verloon, om te kan sê: “Gee jouself oor aan My, gee My jou wil, neem dit uit die beheer van Satan en Ek sal daarvan besit neem dan kan Ek in jou werk om te wil en te werk na My welbehae. Wanneer Hy aan jou die gesindheid van Christus gee, word jou wil soos Sy wil, en jou karakter verander om soos Sy karakter te wees. Is dit jou doel om God se wil te doen? Wil jy die Skrif gehoorsaam wees? [5 T 515]

## Die Beeld Herstel.

God beplan dat deur die werking van die Heilige Gees Sy beeld in die mens herskep sal word, dat ‘n nuwe en lewende beginsel in die denke wat deur sonde besoedel is ingeplant sal word. Die liefde van God is volkome in staat om te herstel, te herbou, te bemoedig en elke siel te versterk wat gewillig is om die waarheid te aanvaar soos dit is in Jesus. [TM 378]

Goddelike krag kan met menslike strewe verenig word, sodat die [81]
mens ‘n vry wese, ‘n oorwinnaar deur Jesus kan wees... Alhoewel die sedelike beeld van God in die mens byna uitgewis was deur die sonde van Adam, kan dit hernu word deur die verdienste en krag van Jesus. Die mens kan lewe met die sedelike afdruk van God in sy karakter, want Jesus sal dit aan hom gee. Tensy die morele beeld van God in die mens gesien word, kan hy nie die stad van God as oorwinnaar binnegaan nie. [RH 10 Jun.1890 (2:401)]

Die wat tot ‘n toegewyde verhouding met die God van die hemel kom, word nie aan hulle natuurlike swakhede oorgelaat nie... Soos Christus rein is in Sy sfeer, so kan die mens rein wees in sy sfeer. [RH.16 Sept.1890 (2:425)]

## Die Huis en die Huwelik.

Die huwelik is iets wat jou hele lewe sal raak en beïnvloed, hier en hiernamaals. ‘n Opregte Christen sal nie planne beraam in die rigting nie tensy hy weet dat God dit goedkeur. Hy sal nie vir homself wil kies nie, maar sal voel dat die Here vir hom moet kies. Ons moet nie onsself behaag nie, want Christus het nie Homself behaag nie. Ek wil nie hê dat jy moet dink dat ek sê jy moet met iemand trou wat jy nie lief het nie. Dit is sonde. Verbeelding en die emosionele natuur moet nie toegelaat word om tot verderf te lei nie. [AH 43 (RH 25 Sept.1888)]

God het uit die man ‘n vrou gemaak om vir hom ‘n gesellin en hulp te wees, om een te wees met hom, om hom bly te maak, aan te moedig en te seën en hy moet op sy beurt haar sterk helper wees. Almal wat die huweliksverhouding met ‘n heilige doel aangaan die man om die suiwer liefde van ‘n vrou se hart te verkry, die vrou om

haar man se karakter te verfyn en te verhef en dit volheid te gee, - vervul God se wil vir hulle.

Christus het nie gekom om die instelling te vernietig nie, maar om dit te herstel tot sy oorspronklike heiligheid en verhewendheid. Hy het gekom om die sedelike beeld van God in die mens te herskep, en Hy het Sy werk begin deur die huweliksverband te heilig. [AH 99 (MS.16,1899)]

As diegene wat aan trou dink nie ellendige, ongelukkige nabye tragting oor hulle huwelik wil hê nie, moet hulle dit nou die onderwerp van oordenking maak. 'n Onwyse keuse is een van die mees effektiewe middele om die bruikbaarheid van jong manne en vroue te vernietig. Die lewe word 'n las, 'n vloek. Niemand kan so
[82] doeltreffend 'n vrou se geluk en nuttigheid vernie-tig nie en haar 'n hartverskeurende lewe lei as haar eie man nie; en nie een kan 'n honderdste doen om die hoop en toekomsverwagting in 'n man te verydel, sy lewenskrag te verlam en sy invloed en vooruitsigte te vernietig, as sy eie vrou nie. Dit is met die troue dat die sukses en mislukking van baie mans en vrouens begin, in hierdie lewe sowel as in die hiernamaals. [AH 43 (RH 2 Feb.l 886)]

Groot versigtigheid moet aan die dag gelei word deur Christen jongmense in vriendskapsbande en in die keuse van maats. Pasop dat wat jy nou dink suiwer goud is en nie dalk onedel metaal blyk te wees nie. Wêreldse bande neig om struikelblokke te plaas in die weg van jou diens vir God en baie siele gaan ten gronde deur ongelukkige verbindings in besigheid of in die huwelik met diegene wat nie kan ophef of veredel nie. [AH 44]

Laat 'n jong man een soek om aan sy sy te staan wat bekwaam is om haar deel van die lewenslas te dra, een wie se invloed hom sal veredel en verfyn, en wat hom gelukkig sal maak in haar liefde.

Die keuse van 'n lewensmaat moet van so 'n aard wees dat dit die beste fisiese, verstandelike en geestelike welsyn sal verseker vir beide ouers en kinders - sodat dit beide ouers en kinders in staat sal stel om hulle medemens tot seën te wees en hul Skepper te vereer. [AH 45]

Hier is dinge wat oorweeg moet word: Sal die een met wie jy trou geluk in jou huis inbring? Is [sy] 'n ekonomis, of sal sy, as sy eers getroud is, al haar verdienste sowel as joune gebruik om haar ydelheid te bevredig? Is haar beginsels reg in hierdie rigting...

In jou keuse van ‘n vrou, studeer haar karakter. Sal sy geduldig en sorgsaam wees? Of sal sy ophou om vir jou vader en moeder te sorg juis wanneer hulle ‘n sterk steun nodig het om op te leun? [AH 46]

Laat die vrou wat ‘n vreedsame, gelukkige huwelik begeer, wat haar toekomstige ellende en verdriet wil vryspring, voordat sy haar liefde gee, eers vra: Het my beminde ‘n moeder? Wat is haar karakter? Erken hy sy verpligtinge teenoor haar? Is hy bedagsaam vir haar wense en geluk? As hy nie sy moeder respekteer en eer nie, sal hy respek en liefde teenoor sy vrou toon? Wanneer die nuwigneid van die liefde verflou sal hy my nog lief hê? Sal hy geduldig wees teenoor my foute of sal hy krities, oorheersend en baasspelerig wees? Ware toegeneentheid sien foute oor; liefde sien hulle nie raak nie. [AH 47] Vermy die wat oneerbiedig is. Vermy die een wat ‘n liefhebber [83]
is van ledigheid; vermy die een wat heilige dinge bespot. Vermy die geselskap van een wat vuiltaal gebruik of verslaaf is aan selfs een glas drank. Moenie luister na die voorstelle van’n man wat geen besef het van sy verantwoordelikheid teenoor God nie. Die waarheid wat die siel reinig sal jou die moed gee om jouself los te maak van die mees aangename kennis wat, soos jy weet, God nie liefhet of vrees nie en wat niks weet van die beginsels van ware geregtigheid nie. [AH 50,51]

Ware liefde is ‘n hoë en heilige beginsel, totaal verskillend in aard van daardie liefde wat deur aandrif opgewek word, en wat spoedig sterf as dit beproef word...

Daardie liefde wat geen beter fondament het as blote sensuele bevrediging nie, sal koppig, blind en onbeheerbaar wees...

Ware liefde is nie ‘n sterk, vurige, ontstuimige passie nie. Inteendeel, dit is kalm en diep in aard. Dit sien verby die uiterlike en word slegs deur eienskappe aangetrek. Dit is wys en oordeelkundig en sy toewyding is werklik en blywend. [AH 50,51]

As manne en vroue die gewoonte het om twee maal per dag te bid voordat hulle aan trou dink, dan moet hulle vier maal per dag bid as hulle so ‘n stap beoog. Die huwelik is iets wat jou lewe raak en beinvloed, hier in dié lewe en in die hiernamaals. [AH 71]

Dogters word nie selfverloëning en selfbeheer geleer nie. Hulle word vertroetel en hoogmoed word aangewakker. Hulle word hulle eie wil toegelaat sodat hulle koppig en astrant word en jy buite raad

is om te weet hoe om hulle van ondergang te red. Satan por hulle aan totdat hulle ‘n spreekwoord word in die mond van ongelowiges omrede hulle vrypastigheid en gebrek aan eerbaarheid en vroulike ingetoënheid. Die jong seuns word net so aan hulleself oorgelaat. Hulle is skaars in hulle tienerjare en hulle is al by die meisietjies van hulle eie ouderdom, neem hulle huistoe en sit ‘n vryery aan die gang. En die ouers is so totaal gevange geneem deur hulle eie verwenning en misplaasde liefde vir hul kinders dat hulle nie durf optree om ‘n verandering te maak om hulle vroegryp kinders te beheer in ‘n vinnige [vrypostige] lewe nie. [AH 52]

Sal kinders slegs hulle eie begeertes en neigings raadpleeg ongeag die advies en oordeel van hul ouers. Sommige skyn nie eers te dink aan die ouers se wense of voorkeur nie nog minder hulle te steur aan hulle volwasse oordeel nie. Selfsug het die deur van hul
[84] harte gesluit vir kinderliefde. Die denke van die jeug moet wakker geskud word in die saak. Die vyfde gebod is die enigste gebod waaraan ‘n belofte geheg is, maar dit word ligtelik opsy gestoot en selfs geïgnoreer deur die beminde se aanspraak. Minagting van ‘n moeder se liefde, ontering van ‘n vader se sorg, is sondes wat teen menige jong persoon opgeteken staan. [AH 72]

My liewe broer en suster: Julle het verenig in ‘n lewenslange verbond. Julle opvoeding in die getroude lewe het besing . Die eerste jaar van getroude lewe is ‘n jaar van ondervindings, ‘n jaar waarin man en vrou mekaar se onderskeie karaktertrekke leer ken, soos ‘n kind sy lesse op skool leer. In hierdie, die eerste jaar van julle getroude lewe, laat daar geen hoofstukke wees om julle toekomstige geluk te skaad nie. Om die huweliksverhouding behoorlik te begryp, is ‘n lewenslange taak. [AH 102; 7 T 45]

In julle lewensband moet julle liefde mekaar se geluk aanvul. Elkeen moet bydra tot die ander se geluk. Dit is die wil van God vir julle. Maar terwyl julle tot een saamsmelt, moet nie een van julle sy indiwidualiteit in die ander verloor nie. God is die eienaar van julle indiwidualiteit van Hom moet julle vra: Wat is reg? Wat is verkeerd? Hoe kan ek die beste die doel van my skepping vervul?

Julle liefde vir dit wat menslik is, moet sekondêr wees tot julle liefde vir God. [4 T 46]

Die huwelik, ‘n lewenslange verbintenis, is ‘n simbool van die band tussen Christus en Sy kerk. Die gees wat Christus openbaar

teenoor Sy kerk, is die gees wat die man en vrou teenoor mekaar moet openbaar...

Nog die man, nog die vrou moenie aanspraak maak op heerskappy nie. Moenie mekaar probeer dwing om iets te doen wat jy verlang nie. Julle kan dit nie doen en mekaar se liefde behou nie. [7 T 46/7]

Mans en vrouens moet hulleself aan God toewy aan die begin van hul getroude lewe...

Hoe versigtig en wyslik die huwelik ookal beplan is, is baie min paartjies volkome verenig wanneer die huwelik voltrek word. Die ware eenwording in die huwelik is die werk van die jare wat daarop volg. [MH 359/60]

Om ‘n ware verstandhouding in die huwelik te verkry is die werk van ‘n leeftyd. Dié wat hulle in die huwelik begewe, begin ‘n skool loopbaan waaruit hulle nooit afstudeer nie. [7 T 45]

Om met harte te speel is geen geringe misdaad in die oog van ‘n [85]
heilige God nie. En tog sal sommige geneentheid toon teenoor jong dames en hulle toegeneentheid opwerk, en dan eenvoudig weggaan en vergeet van die woord.” wat hulle gespreek het en die uitwerking daarvan. Hulle word aangetrek deur ‘n nuwe gesig en herhaal dieselfde woorde, wy aan ander dieselfde aandag. [AH 57]

’n Jong man wat die geselskap geniet en die vriendskap wen van ‘n jong dame sonder die wete van haar ouers, handel nie opreg met haar of haar ouers nie... Om hulle doel te bereik, handel hulle op ‘n wyse wat nie eerlik en openhartig is nie, en ook nie volgens Bybelse standaarde nie... Huwelike wat onder die omstandighede voltrek word is nie volgens die woord van God nie. Hy wat ‘n dogter weglei van haar plig af en haar verwar in haar idees van God se duidelike en uitdruklikie bevele om haar ouers gehoorsaam te wees en te eer, is nie een wat getrou sal wees aan die huweliks verpligting nie. [AH 57/58]

Van tyd tot tyd gebeur dinge op die kampgronde wat skyn elke poging tot raad en arbeid te weerstaan. En dit maak die werk van die predikant baie ontmoedigend. Daar is ‘n neiging aan die kant van sommige van die jeug teenwoordig om te veel aandag aan die jong dames te toon. As hierdie gees eers ‘n vastrapplek kry, werk dit soos suurdeeg en baie min indruk kan gemaak word op die jeug. Totdat hierdie gees totaal uitgeroei word en vervang word met die

sagmoedigheid en nederigheid van Christus, word hulle geestelike groei vertraag en alles wat aan hulle gesê word rol van hulle af soos water van 'n eend se rug. [RH 4 Nov.1884 (1:473)]

Die Satan se engele waak saam met diegene wat 'n groot deel van die nag aan hofmakery wy. As hulle oë geopen kan word sal hulle sien dat 'n engel hulle woorde en dade opteken. Die wette van kuisheid en gesondheid word oorskry. Dit sou meer paslik wees as sommige van die ure van hofmakery kon oorstaan tot na die huwelik maar in die algemeen eindig die minsaamheid gedurende hofmakery getoon, met die huwelik. [AH 56]

Hoekom is daar die swakheid? [die onvermoë om sondige begeertes te onderdruk] Dit is omdat die dierlike neigings versterk is deur gebruik totdat hulle bo toon voer oor die hoër magte. Manne en vroue kort beginsel en vastheid. Hulle sterf geestelik omdat hulle vir so lank die natuurlike luste gepamperlang het dat hulle selfbeheer skynbaar verdwyn het. Die laere drifte van hulle natuur het die
[86] leisels oorgeneem en dit wat die besturende mag moet wees, het die slaaf van verdorwe drifte geword. Die siel is vasgevang in felle verslaafdheid. Sensualiteit het die begeerte vir heiligheid geblus, en geestelike groei gestrem. [2T 348]

Dit is nadelig om te oorwerk, maar die gevolge van luiheid is meer te vrees. Ledigheid lei tot die vorming van verdorwe gewoontes. Werksaamheid put die persoon nie een vyfde deel soveel uit as die verderflike gewoonte om te masturbeer nie. [2T 348/9]

Vermy die lees en aanskouing van dinge wat onrein gedagtes sal suggereer. Ontwikkel die sedelike en intellektuele kragte. [2T 410]

Jy sal 'n getroue wagter moet word oor jou oë, ore en al jou sinne as jy jou gedagtes wil beheer en verhoed dat ydel en verdorwe gedagtes jou siel bevlek. Die krag van genade kan alleen die mees begeerlike werk verrig. [2T561]

Die dood voor oneer of die oortreding van Gods wet behoort die leuse van elke Christen te wees. [5T147]

As die gewoonte [van masturbasie] aanhou van vyftien jaar en ouer, sal die natuur protesteer teen die misbruik wat sy ly, en aanhou ly, en sal sy hul straf vir die oortreding van haar wette, vernaamlik van die ouderdom dertig tot vyf en veertig, met pyne en siektes van die stelsel, soos kwale van die lewer en longe, senuweepyne, ruma-

tiek, kwale yan die ruggraat, die niere en kwaadaardige gewasse. [CG 444-6]

Sommige wat ‘n groot belydenis maak verstaan nie die sonde van selfbevlekking en die sekere gevolge nie. Lank gevestigde gewoontes het hul begrip afgestomp. Hulle besef nie die uiterste sondigheid van die vernederende sonde nie, wyl dit die stelsel aftakel en die brein senukrag vernietig. Sedelike beginsel is uiters swak as dit met gevestigde gewoontes bots. [2 T 347]

### Humelik met nie-gelowiges.

Daar is in die Christen wêreld ‘n verbasend ontstellende onverskilligheid teenoor die lering in Gods woord oor die huwelike van Christene met ongelowiges. Vele wat voorgee dat hulle God vrees en liefhet, volg hulle eie begeertes eerder as om die raad te volg van Alwysheid. In ‘n saak wat lewensbelangrik is vir die geluk en welsyn van beide partye in die wêreld en die hiernamaals word rede, oordeel en die vrees van God opsy gesit en blinde ingewing en koppige vasberadenheid word toegelaat om beheer oor teneem... [AH 61; 5T 365/6]

Dit is alles soos Satan dit begeer. Hy weef sy bekoring om die [87]
siel en dit word betower en smoorverlief. Die rede laat die leisels van selfbeheer val op die nek van wellus, ongeheiligde hartstog neem oor, totdat dit te laat is en die prooi wakker word tot ‘n lewe van ellende en slawery. Dit is nie ‘n prentjie deur die verbeelding geskets nie, maar ‘n relaas van feite. Die Here gee nie Sy seën aan huwelike wat Hy eksplisiteit verbied het nie. [AH 61; 5T.365]

Die wat die waarheid bely, vertrap die wil van God deur huwelike met ongelowiges, hulle verloor Sy guns en dit lei tot bitter berou. Die ongelowige mag ‘n uitstekende sedelike karakter hê, maar die feit dat hy of sy nie Gods roepstem beantwoord het nie en so ‘n groot verlossing verontagsaam het, genoegsame rede hoekom so ‘n huwelik nie voltrek moet word nie. Die karakter van die ongelowige mag dieselfde wees as die van die jong man aan wie Jesus gesê het: “Een ding kom jy kort”en dit is die een ding wat nodig is. [AH 63; 4 T 505]

Alhoewel die gelowige se gesonde verstand hom waarsku teen die gevaar van ‘n lewenslange verbintenis met ‘n ongelowige, tog

triomfeer geneigdheid in nege gevalle uit tien. Geestelike agteruitgang begin die oomblik wat die belofte voor die altaar afgelê word geestelike ywer word gedemp en een vesting na die ander kantel totdat albei, sy aan sy, onder die swart banier van die Satan staan. Selfs in die feesviering by die huwelik seëvier die wêreldse gees oor gewete, geloof en waarheid. In die nuwe huis word die uur van gebed nie eerbiedig nie. Die bruid en bruidegom het mekaar gekies en Jesus ontslaan. [AH 65; 4 T 505]

Dit is ‘n gevaarlike saak om ‘n wêreldse verbintenis aan te gaan. Die Satan weet goed dat die uur van sulke huwelike die verloop van vele jong manne en vroue se godsdienstige ondervinding tot ‘n einde bring. Hulle is vir Christus verlore... Honderde het Christus en die hemel opgeoffer as gevolg van hulle huwelike met onbekeerde persone. [AH 66; 4 T 504/5/7]

Die gelowige maak dus ‘n opoffering vir Christus wat sy gewete kan goedkeur, en toon dat hy die ewige lewe te hoog ag om te waag dit te verloor. Hy voel dat dit beter sal wees om ongetroud te bly as om hom lewenslank te verbind met iemand wat die wêreld bo Jesus verkies en wat weglei van die kruis van Christus... Wees versigtig hoe jy voorwaardelike verlowings aangaan, maar breek liewer die verlowing voor die troue as om later te skei, soos so baie doen. [AH 68; 4T 506]

[88] Laat ‘n vrou haarself aan Christus gee voordat sy haarself aan enige aardse vriend gee en dan geen verbintenis aangaan wat daar mee bots nie. Die wat ware geluk soek moet die seën van die hemel hê op alles wat hulle besit of doen. Dit is ongehoorsaamheid aan God wat so vele huise vul met ellende. My suster, tensy jy ‘n huis wil hê waar die skadus nooit verdwyn nie, moenie jouself verbind aan een wat ‘n vyand van God is nie. [AH 67; 5 T 362/3]

## ’n Holistiese benadering.

Omdat die verstand en siel deur die liggaam uiting vind, hang sowel verstandelike as geestelike forsheid in groot mate van liggaamlike krag en werksaamheid af, alles wat liggaamlike gesondheid bevorder, bevorder die ontwikkeling van ‘n sterk verstand en ‘n ewewigtige karakter. [Opv. 195]

Die brein senuwees wat verbind is met die hele gestel, is die enigste middel waardeur die hemel met die mens kan kommunikeer en so sy innerlike lewe beinvloed. Wat ookal die sirkulasie van die elektriese strome in die senuwee stelsel verstoor, verminder die vitaliteit van die lewenskrag en die gevolg is ‘n verstomping van die ontvanklikheid van die verstand. [2T 347]

Die Satan is besig om die wêreld gevange te neem deur die gebruik van drank en tabak, tee, en koffie. [Ev.529]

Daar is geen klas skuldiger aan groter verdooldheid en misbruik van Sy genadegawes as diegene wat die opbrengs van die ,grond .gebruik vir die verbouing van bedwelmde drank nie. [GW 385/6]

Mense doen dinge onder die invloed van drank wat hulle inneem wat, as hulle nie geraak het aan die bedwelmde drank nie, hulle met afsku sou vervul. Wanneer hulle onder die invloed van die giftige vloeistof is, is hulle onder die Satan se beheer. Hy heers oor hulle en hulle werk saam met hom.[Te 24]

Deur die gebruik van tee en koffie word ‘n begeerte opgewek vir tabak. [Te 56/7]

Die gebruik van tabak stimuleer die begeerte vir drank. [3 T 488]

Die enigste veilige weg is om nie tee, koffie, wyne, tabak, opium en alkoholiese drank aan te raak, te proe of te hanteer nie. [3 T 488]

Die gif wat in so baie sogenaamde geneesmiddels voorkom skep gewoontes en smaak wat die ondergange van beide siel en liggaam beteken. Baie van die populêre nostrums en selfs sommige van die dwelm middels deur artse voorgeskryf, het ‘n groot aandeel daarin om ‘n grondslag te lê vir die drankgewoonte, die opium gewoonte, die morfien gewoonte, wat so ‘n vloek is vir die samelewing. [MH 327-9]

Tabak is ‘n stadige, arglistige, maar dodelike gif. In watter vorm [89]
dit ookal gebruik word, beïnvloed dit die gestel; dit is soveel gevaarliker omdat die uitwerking daarvan stadig, en feitlik onwaarneembaar is. Dit stimuleer en dan verlam dit die senuwees. Dit verswak en benewel die brein. [MH 327-9]

[90] # Hoofstuk 5 - Die Leerstuk oor die Kerk.

[91]

### ’n Openbaring aan die Wêreld

Dit is God se doel om deur Sy volk die beginsels van Sy koninkryk te openbaar. Sodat hulle in lewe en karakter die beginsels openbaar, begeer Hy om hulle af te sonder van die gewoontes, sedes en praktyke van die wêreld. Hy poog om hulle nader aan Homself te bring sodat Hy Sy wil aan hulle kan openbaar.

Die doel wat God vandag deur Sy volk wil bereik is dieselfde as wat Hy deur Israel wou bereik toe Hy hul uit Egipteland uitgelei het. [6T 9]

Die kerk van Christus is die skatkis waarin die hemel se rykdom gebêre word, om met ander te deel in die voorsienigheid van God soos die uitbreiding van Sy werk en die opbou van Sy saak dit vereis...

Die kerk van Christus is die enigste voorwerp op aarde op wie Hy Sy hoogste agting bestee, tog het dit swak en ondoeltreffend geraak as gevolg van selfsugtigheid. [R&H Dec. 11,1888(2:263)]

Die kerk op aarde bestaan uit dwalende manne en vroue wat deur middel van geduldige noulettende inspanning bearbei moet word sodat hulle opgelei en geoefen kan word om in hierdie lewe aanneemlik te kan werk en in die toekomstige lewe met heerlikheid en onsterflikheid bekroon kan word. [HA 414]

Die uitverkorenes van God is vir Hom dierbaar. Dit is hulle wat Hy uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig, om Sy lof te verkondig, om as ligte in ‘n donkere wêreld te skyn. [GJ144]

Die apostels het op ‘n vaste fondament gebou, naamlik die Rots van die Eeue. Na daardie fondament het hulle die stene gebring wat hulle uit die wêreld gegrawe het. [HA 596]

Hoe swak het die kerk nie gelyk toe Christus hierdie woorde gebesig het nie. Daar was net ‘n handjievol gelowiges, teen wie al die mag van duiwels en bose manne geslinger sou word, tog moes

die volgelinge van Christus nie vrees nie. Gebou op die Rots van hul sterkte, kon hulle nie oorweldig word nie. [KE 371 ]

Die gemeente het voortdurend groter geword, en hierdie aanwas van lidmate het 'n al groter las op die leiers gelê. Geen enkele persoon of selfs groep persone kon aanhou om hierdie laste alleen [92] te dra sonder om die toekomstige voorspoed van die kerk in gevaar te stel nie. Dit het nodig geword om die verantwoordelikheid wat in die vroeë dae van die kerk so getrou deur 'n paar manne uitgevoer is, verder te verdeel. Die apostels moes nou 'n belangrike stap doen om die van die evangeliewerk te vervolmaak deur sommige van die laste wat hulle self gedra het, nou op ander te lê. [HA 72]

Christus net voorsiening gemaak dat Sy kerk 'n hervormde liggaam sou wees, verlig deur die lig van die hemel en in besit van die heerlikheid van Immanuel. Dit is Sy doel dat elke Christen omring sal wees van 'n geestelike atmosfeer van lig en vrede. Daar is geen perke aan die bruikbaarheid van diegene wat deur self te loon, plek maak vir die werking van die Heilige Gees op die hart nie en ons lewe lei wat volkome toegewy is aan God. [8T19]

Christus het opgevaar na die hemel en Sy Heilige Gees gestuur om krag te verleen aan die werk van Sy dissipels. Duisende is in een dag bekeer. Die evagelie is in een geslag aan elke nasie onder die hemele geneem. [8T 26]

Die organisasie van die gemeente te Jerusalem moes as voorbeeld dien vir die organisasie van gemeentes in elke ander plek waar die boodskappers van die waarheid bekeerlinge tot die evangelie sou maak. [HA 74]

Die gemeente is Gods vesting, Sy vrystad, wat Hy in 'n opstandige wêreld behou. Elke verraad van die gemeente is troubreuk teenoor Hom wat die mensdom met die bloed van Sy eniggebore Seun gekoop het. Van die begin af was getroue siele die gemeente op aarde. In elke eeu het die Here Sy wagters gehad wat getrou voor hulle geslag hulle getuienis gelewer het. [HA12]

Daar is orde in die hemel en dit behaag die Here dat Sy kinders pogings aanwend om ordelik en stelselmatig te werk. Aan my is getoon dat daar orde in die kerk van God moet wees en beplanning om die laaste groot boodskap suksesvol uit te dra. [2 SG 231]

Die verhouding tussen Christus en Sy kerk word in die Bybel voorgestel deur 'n egverbintenis. Die Here het Sy volk met Hom

verbind deur ‘n plegtige verbond. Hy beloof om hulle God te wees en hulle verbind hulle om Syne en Syne alleen te wees. [GS 437]

Die beginsels vervat in hierdie beroemde protes... vorm die kern van Protestantisme. Hierdie protes het twee menslike gebruike wat die geloof betref, weerstaan die eerste is die indringing van die
[93] burgerlike magistraat en die tweede is die arbitrêre gesag van die kerk. In die plek van hierdie misbruike het Protestantisme die gewete hoër as die magistraat gestel en die gesag van Gods Woord hoër as die sigbare kerk. [GS 236]

Die name van die sewe gemeentes is simbolies van die kerk in die verskeie tydperke van die Christelike jaartelling. Die syfer 7 dui op volledigheid en is simbolies van die feit dat die boodskappe tot aan die einde van die tyd strek en die simbole wat gebruik word, openbaar die toestand van die kerk gedurende die verskillende tydperke in die geskiedenis van die wêreld. [HA 460]

Nieteenstaande die geestelike duisternis en die vervreemding van God wat daar in die kerk is wat Babilon uitmaak, is die grootste gedeelte van die ware navolgers van Christus nog in daardie kerke. Daar is baie wat nog nooit die spesiale waarhede vir hierdie tyd gehoor het nie. Daar is baie wat ontevrede is met hulle geestelike lewe en wat verlang na meer lig. Hulle soek tevergeefs na die beeld van Christus in die kerke waarvan hulle lede is. [GS 446]

Ek het gesien dat God Sy opregte kinders het onder die naam Adventiste en die gevalle kerke en voor die uitstorting van die plae sal predikante en lede uit hierdie kerke geroep word en hulle sal die waarheid aanneem. Die Satan weet dit en voor die luide roepstem van die derde engel gehoor word, sal hy opwinding laat ontstaan in hierdie kerke, sodat diegene wat die waarheid verwerp het, mag dink dat God met hulle is. Hy hoop om die opregtes te verlei en hulle te laat dink dat God nog vir die kerke werk. Maar die lig sal skyn en almal wat opreg is, sal die gevalle kerke verlaat en gaan aansluit by die oorblyfsel. [EW 223]

Sommige mense dink dat wanneer hulle in die kerk inkom sal al hul verwagtinge vervul word, en hulle slegs met die reines en volmaaktes te doen sal hê. Hulle is ywerig in hulle geloof, en wanneer hulle foute in kerklede sien, sê hulle:“Ons het die wêreld verlaat om geen omgang te hê met bose mense nie, maar die boosheid is hier ook teenwoordig “en hulle vra soos die diensknegte in die gelykenis,

"vanwaar kom die onkruid?" Maar ons moet nie teleurgesteld word nie, want die Here het nie aan ons gesê om te verwag dat die kerk volmaak sal wees nie en al ons ywer sal nie daarin slaag om die strydende kerk so rein as die triomfantlike kerk te maak nie. [TM 47]

Alhoewel daar euwels in die kerk bestaan en sal bestaan tot aan die voleinding van die wêreld, moet die kerk in die laaste dae die lig wees van 'n wêreld wat verontreinig en onsedelik is deur sonde. Die kerk, swak en vol foute, behoeftig aan vermaning, berisping en raad, [94]
bly nog die enigste voorwerp op aarde waarop Christus Sy hoogste agting uitstort. [TM 49]

Die uitgooi van die net is die prediking van die evangelie. Dit bring beide goeies en slegtes in die kerk in. Wanneer die sending van die evangelie voltooi is, sal die oordeel die skeidingswerk volbring. [GJ 103]

Die kerk is die werktuig wat God vir die verlossing van die mensdom aangewys het. Dit is op diens ingestel en sy sending is om die evangelie aan die wêreld oor te dra. Van die begin af was dit Gods plan dat Sy volheid en Sy genoegsaamheid deur die kerk aan die wêreld weerspieël moet word. Die lede van die kerk, die wat Hy uit die duisternis tot Sy wonderbare lig geroep het, moet Sy heerlikheid verkondig. Die kerk is die bewaarplek van die rykdom van die genade van Christus en deur die kerk sal die laaste en volle bewyse van die liefde van God uiteindelik aan selfs "die owerhede en magte in die hemele" ( Efe. 3:10) geopenbaarword. [HA 9]

Die werk van God op hierdie aarde sal nooit klaargemaak word nie voordat dle manne en vroue wat ons kerklidmaatskap uitmaak skouer aan die wiel sit en hulle pogings met die van predikante en kerkamptenare verenig nie. [9T 117]

Dit is nie die Here se doel dat Sy kinders moet koloniseer of saamtrek in groot gemeenskappe nie. Die dissipels van Christus is Sy verteenwoordigers op die aarde en die Here plan dat hulle verspreid moet wees deur die land, in die dorpe, stede en klein gemeenskappe, as ligte in die duisternis van hierdie wêreld.

Ons het maar nog net 'n klein deeltjie van die evangeliewerk gedoen wat God begeer dat ons vir ons vriende en bure moet doen. In al die stede van ons land is daar diegene wat nie die waarheid ken nie. En in die wye wêreld oor die see is daar baie nuwe velde

waar ons moet ploeg en die saad saai. [" An Appeal to Ministers and Church Officers"

Die leke in ons kerke kan 'n werk verrig wat hulle tot nou toe skaars begin het. Niemand moet na nuwe plekke verhuis bloot vir wêreldgewin nie; maar waar daar 'n opening is om 'n bestaan te maak, laat gesinne wat gevestig is in die waarheid, een of twee gesinne vir 'n plek ingaan om te werk as sendelinge... Hulle kan ons leesstof versprei, dienste hou in hulle huise, kennis maak met hul bure en hulle uitnooi na die dienste. So kan hulle hul lig laat skyn deur goeie werke. [8T 244]

[95] Die Here het 'n plek vir elkeen in Sy groot plan. Geen talent wat nie nodig is word gegee nie. Veronderstel dat die talent klein is. Die Here het 'n plek daarvoor en daardie een talent, getrou gebruik, sal die werk verrig wat God daarmee beplan. Die talente van die nederige kothuiser word benodig in die huis tot huis arbeid en kan meer verrig in die werk as die briljante gawes. [9T 37,38]

In gesigte van die nag het tonele van 'n groot hervormingsbeweging onder Gods volk voor my verbygegaan. Baie het God geloof. Siekes is genees, en ander wonderwerke is gedoen. 'n Gees van voorbidding is gesien soos voor Pinkster geopenbaar. Honderde en duisende het gesinne besoek en die Woord van God vir hulle geopen. Harte is oortuig deur die krag van die Heilige Gees en 'n egte gees van bekering is openbaar. Deure het aan alle kante oopgegaan vir die verkondiging van die waarheid. Die wêreld skyn verlig te wees deur die hemelse invloed. Groot seëninge is ontvang deur die ware en nederige volk van God. Ek het stemme van danksegging en lof gehoor, en daar skyn 'n hervorming te wees gelyk aan die wat ons in 1844 ondervind het. [9T 125,126]

Daar behoort meer huis-tot-huis arbeid onder ons kerklede te wees deur die gee van Bybelstudies en die verspreiding van leesstof. 'n Christelike karakter kan simmetries en volledig gevorm word slegs as die menslike werktuig dit as 'n voorreg beskou om onbaatsugtig te werk in die verkondiging van die waarheid en die besteding van middele ter ondersteuning van die saak van God. [9T127]

Terwyl Gods volk besig is met hul daaglikse werk kan hulle ander tot Christus lei. En terwyl hulle dit doen het hul die kosbare versekering dat die Heiland dig aan hul sy is. Hulle hoef nie te dink dat Hulle op hul eie swakke pogings moet staatmaak nie. Christus

sal aan hulle woorde gee om te spreek wat swak, vermoeide siele sal verkwik en versterk in hul stryd. Hulle eie geloof sal versterk word as hulle besef dat die Heiland besig is om Sy belofte te vervul. Nie alleen is hulle 'n seën tot ander nie, maar die werk wat hulle vir Christus doen, bring op sy beurt seëninge tot hulself. [9T 38,39]

As Christene gesamentlik sou optree, en vorentoe sou gaan as een man, onder die leiding van een Mag, om een doel te bereik, sal hulle die wêreld omkeer. [9T221]

Hemelse engele wag al lank vir menslike werktuie - die lede van die kerk - om met hulle saam te werk in die groot werk wat gedoen moet word. Hulle wag vir u. So wyd is die veld, so omvattend die plan, dat elke geheiligde hart in diens geneem sal word as in-strument van goddelike krag. [9T 46,47]

Diegene wie se taak dit is om die kerke te besoek, moet aan die [96]
broeders en susters opleiding gee in praktiese sendingwerk. Laat daar ook 'n klas wees vir die jeug. Jong manne en vroue moet opgelei word om werkers te wees by die huis, in hulle buurt en in die kerk. [An appeal to ministers and church officers]

My broers en susters, wil julle, graag die bedwelming verbreek wat julle vashou? Wil julle wakker geskud word uit die traagheid wat gelykstaan aan die doodsgreep? Gaan werk, of julle so voel of nie. Begin werk vir siele om siele na Jesus en 'n kennis van die waarheid te bring. In sulke arbeid sal julle beide 'n aansporing en 'n kuur vind dit sal beide stimuleer en versterk. [5T 387]

Dit het selfverloëning, selfopoffering, onstuitbare energie en aanhoudende gebed gekos om die verskillende sendingprojekte te bring tot waar hul nou is. Daar is gevaar dat sommige wat nou op die toneel verskyn gerusgestel voel om ondoeltreffend te handel, omdat hulle voel daar is nie nou so 'n groot behoefte vir selfverloëning en vlyt nie... dat tye verander het... dat daar nou meer middele beskikbaar is vir die werk van God....

Maar as daar dieselfde ywer en selfopoffering openbaar word in die huidige werk as in die begin, sal ons 'n honderdvoud meer verrig sien as wat nou die gevalis. [6T 417-419J

Vrouens, sowel as mans, kan deelneem in die werk om die waarheid te plaas waar dit kan vrugte dra. Hulle kan hul plek in hierdie krisistyd inneem en die Here sal deur hulle werk. As hulle, gevul met pligsgevoel, werk onder die invloed van die Gees van God, sal

hulle die nodige selfversekering verkry. Die Heiland sal die lig van Sy aangesig op hierdie vroue laat skyn wat hulself opoffer en dit sal hulle in staat stel om 'n werk te doen in gesinne wat die van mans oortref. Hulle kan in gesinne 'n werk doen wat mans nie kan doen nie, wat die dieper lewe raak. Hulle kan nader aan die harte kom van diegene wat nie deur mans bereik kan word nie. [9T 128J

Dit is duidelik dat al die preke wat gepreek is nie 'n groot klas selfverloënende werkers opgelewer het nie. Die onderwerp moet beskou word as ernstig in sy gevolge. Ons toekoms vir die ewigheid is op die spel. Die kerke droog op omdat hulle nie hul talente gebruik om lig te versprei nie. Sorgvuldige instruksie moet gegee word wat
[97] sal wees soos lesse van die Meester, sodat almal die lig na die praktyk kan deurvoer. Die wat oorsig het oor die kerke, moet bekwame manne kies en verantwoordelikheid gee terwyl hulle terselfdertyd opgelei moet word om op die beste wyse ander te dien en te seën. [6T 431J

Vandag is 'n groot gedeelte van die wat ons gemeentes uitmaak dood in oortreding en sonde. Hulle kom en gaan soos die deur op sy skarniere. Vir jare al luister hulle met selfvoldaanheid na die ernstigste sielroerende waarhede, maar voer dit nie deur in die praktyk nie. Daarom word hulle al hoe minder vatbaar vir die kosbaarheid van waarheid. Die roerende getuienisse van berisping en waarskuwing wek hulle nie tot bekering nie. Die soetste melodie wat van God kom deur mense lippe, regverdiging deur die geloof en die geregtigheid van Christus, ontlok nie by hulle 'n respons van liefde en dankbaarheid nie. [6T 426/7J

Ambagsmanne, prokureurs, handelaars en manne van alle beroepe, lei hulself op om meesters te word in hul veld. Moet die volgelinge van Christus minder intelligent wees, om, terwyl hulle in Sy diens staan, onkundig te wees oor hoe hulle te werk moet gaan? Die saak om die ewige lewe te beërf moet bo alle wêreldse konsiderasie wees. Om siele na Jesus te lei moet daar 'n kennis wees van die menslike natuur en 'n studie van die menslike denke. Dit vereis veel sorgvuldige beplanning en vurige gebed om te weet hoe om mense te nader oor die goot onderwerp van waarheid. [4T 67]

Sodra 'n kerk georganiseer is, laat die predikant die lede aan die werk sit. Hulle moet geleer word om suksesvol te werk. Laat die predikant meer tyd aan opvoeding as prediking bestee. Laat hy die

mense leer om aan ander die waarheid te gee wat hulle ontvang het. Terwyl nuwe bekeerlinge geleer moet word om raad te vra van die wat meer ondervinding het in die werk, moet hulle ook geleer word om nie die predikant in die plek van God te plaas nie.

## Gesag en Dissipline

Op die kerk as organisasie plaas Hy die verantwoordelikheid vir die indiwiduele kerklede. Die kerk het ‘n plig om die wat in sonde val te waarsku, te onderrig en, waar moontlik, te herstel. [GW 502]

’n Gees van oorheersing maak hom meester van ons konferensie presidente. As ‘n man vertrou op sy eie vermoë en poog om gesag uit te oefen oor sy broeders omdat hy voel dat hy beklee is met gesag om sy wil op ander af te dwing, is die beste weg om hom daarvan te onthef, voordat hy groot skade aanrig en sy eie siel sowel as die van [98] ander in gevaar stel. Julle is almal broers. Die neiging om baas te speel oor die Here se erfenis, sal reaksie uitlok tensy die broeders hul weë verander. Diegene in gesag moet die gees van Jesus openbaar. Hulle moet elke saak behandel soos Hy dit sou gedoen het. Hulle oorwegings moet deur die Heilige Gees gelei word. ‘n Man se amp maak hom geen jota of tittel hoër in Gods aansien nie; dit is slegs karakter wat tel. [TM 362]

’n Begeerte om baas te speel oor die Here se erfenis, sal, as daaraan toegegee word, uitloop op ‘n verlies aan siele. Die wat Christus waarlik liefhet sal poog om hulle lewe na Syne te skoei en in Sy gees te werk vir die redding van siele. [5T 614]

Christene behoort hulle nie op burgerlike regbanke te beroep om geskille te besleg wat tussen kerklede ontstaan nie. Hulle behoort sulke geskille ooreenkomstige Christus se onderrig onder mekaar te skik of deur die gemeente te laat besleg. Al geskied onreg ook, die volgeling van die nederige Jesus sal liewer onreg ly as om die sondes van sy broeders in die gemeente voor die wêreld bloot te lê. [HA 243]

Broeders moet nie hof toe gaan as dit enigsins vermy kan word nie, want hulle gee die vyand ‘n groot voorsprong om hulle te verstrik en te verwar. Dit sou beter wees om te skik teen ‘n verlies.

Hoe skuldig die oortreder ookal mag wees; hoe laakbaar die gevolge van Sy daad, hy sal altyd simpatiseerders vind. Wanneer hy

berispe word, is daar altyd ontoegewydes wat gereed staan om hom te ondersteun. Deur hulle onwyse simpatie, lei hulle hom om homself te sien as veronreg en op die wyse plaas hulle ‘n effektiewe struikelblok op sy pad na berou en hervorming. [R&HNov. 14,1882(1:339)]

Israel is aan die slaap vir die hoogmoed en modes en wêreldsheid in hulle midde. Dit is hierdie dinge wat God van Sy volk skei en die ark vir hulle wegsluit. [R&HDes. 12,1882(1:345)]

Deur die seun van God kan daardie invloed gebruik word om siele te red. Ons sal individueel verantwoordelik gehou word as ons een jota minder doen as waarvoor hy ons die vermoë geskenk het. [R&H Apr.24,1883(1:351)]

As ons niks sou sê wat kan seermaak of laat bedroef nie, behalwe in die nodige berisping van sonde, sodat God nie onteer word nie, hoeveel misverstand, bitterheid en sielswroeging sou nie verhoed
[99] word nie. [R&H Okt. 16, 1883(1:371)] Dit is verreweg makliker om sake in ons belangrike inrigtings op lakse, losse voet te laat voortgaan, as om wat aanstootlik is, wat vertroue en geloof sal verderf en vernietig, uit te roei. Dit sou verreweg beter wees om ‘n kleiner aantal werkers te hê wat minder sal vermag, maar wat getrou en standvastig soos ‘n rots sal wees in beginsel, met ‘n liefde vir die volle waarheid en gehoorsaam aan al die gebooie van God...

As diegene in verantwoordelike posisies iemand wat fouteer vryspreek, moe dig hulle nie alleen daardie een persoon, maar ook ander aan om ‘n verkeerde rigting in te slaan. Dit maak dit baie moeilik vir ander wat sulke reëls en so ‘n rigting wil volg wat die Here vereis. [R&H Nov. 6,1883(1:375)]

Die Here wil in die kantoor en in die kerk getroue manne hê wat oë het om te onderskei tussen goed en kwaad, wat nie sonde gereg-tigheid en geregtigheid sonde noem nie, manne wat sonde by die regte naam noem, of dit nou vir hulle sensuur of goedkeuring sal bring. [R&H Nov. 6,1883(1:347)]

## Die Leesstofbediening.

As daar een werk is wat meer belangrik is as enige ander, dan is dit om ons leesstof voor die publiek te plaas, sodat hulle die Skrifte kan ondersoek. Sendingwerk - die plaas van ons leesstof in die gesinskringe en dan saam met hulle te bid, is ‘n goeie werk en een

wat manne en vroue sal leer om pastorale werk te doen. [CM 7(4T 390)]

Wanneer ons kerklede die belangrikheid besef van leesstof verspreiding, sal hulle meer tyd daaraan bestee. Boeke en traktate sal in die huise geplaas word om die evangelie op verskillende maniere te verkondig... Die kerk moet aandag gee aan die leesstofbediening. Dit is een manier waarop sy haar lig kan laat skyn voor die wêreld. Dan sal sy voorwaarts gaan, skoon soos die maan, helder soos die son en verskriklik soos 'n leër met baniere. [CM 7(Ms. 113,1901)]

Die belangrikheid van die leesstofbediening word gedurig onder my aandag gebring. In die laaste tyd is hierdie werk nie met die lewe besiel wat dit aanvanklik gegee is deur manne wat dit hul spesialiteit gemaak het nie. Kolporteurs is uit hul werk geroep om aan ander werk deel te neem. Dit hoort nie so nie. Baie van ons kolporteurs, as hulle waarlik bekeer en toegewy is, kan meer verrig in hierdie lyn as in enige ander, om die waarheid voor die mense tebring. [CM 7,8(6T 329)]

Dit is waar dat sommige mense die boeke sal koop en dit dan op [100]
die rak of tafel plaas sonder om ooit daarna te kyk. God sorg egter vir Sy waarheid en die tyd sal kom wanneer na hierdie boeke gesoek sal word en hulle gelees word. Siekte of 'n ramp mag die huis tref en dan sal God deur die waarheid in die boeke vrede en hoop en rus aan bekommerde harte skenk. Sy liefde word aan hulle openbaar en hulle kan die kosbaarheid van Sy vergifnis begryp. Op hierdie wyse werk die Here saam met sy selfopofferende werkers. [CM 150(6T 313/4)]

Dit is aan my getoon dat selfs waar die mense luister na die gepredikte woord, die kolporteur nog sy werk moet voortsit in samewerking met die predikant; want al preek die predikant getrou die boodskap, kan die mense nie alles onthou nie. Die leesstof is dus nodig, nie alleen om hulle wakker te skud vir die belangrikheid van die boodksap nie, maar om hulle te grond in die waarheid en so te vrywaar van bedrieglike dwaling. [6T 315/6]

Ons leestof saai nou die evangelie saad en bring net soveel siele na Christus as die gepredikte woord. Kerke is al op die been gebring as gevolg van hul verspreiding. [CM 150(R&H Jun. 10,1880)]

Kolporteurs moet uitgaan in alle dele van die land. Die belangrikheid van die werk is gelyk aan die van die evangelie dienaar. Die

lewende prediker en die stille boodskapper is albei nodig vir die voltooiing van die groot werk voor ons... Ons leesstof kan gaan geen dienste gehou kan word nie. [CM 8]

Laat wyse planne beraam word om verdienstelike studente te help om hulle eie skoolgeld te verdien deur die boeke te verkoop, as hulle so begeer. Die wat op hierdie manier genoeg geld verdien om te betaal vir hulle skoolgeld, doen terselfdertyd waardevolle praktiese ondervinding op wat hulle op ander gebiede sal bekvaam om sendingwerk te doen. [9T 79]

## Die Mediese Sendingwerk

God het verskillende gawes in die kerk geplaas. Hulle is kosbaar in hul regte plek en elkeen kan bydra in die werk om ‘n volk voor te berei vir Christus se spoedige wederkoms. [GW. 481 ]

Voeg die mediese sendingwerk saam met die verkondiging van die derde engel se boodskap. Wend gereelde, georganiseerde pogings aan om die kerklede uit die dooie slaap op te wek waarin hulle al vir jare verkeer. Stuur na die kerke werkers wat die beginsels van die
[101] gesondheidsboodskap sal uitlewe... Sien of die asem van die lewe nie na ons kerke sal terugkeer nie. ‘n Nuwe element moet in die werk ingebring word. [6T 267]

Ek bid om wysheid en die krag van God om aan julle te kan verduidelik wat die evangeliese sendingwerk behels. Dit is ‘n groot en belangrike afdeling van ons kerkwerk. Maar baie het die reine, veredelende beginsels wat aanvaarvare mediese sendingwerk onderskraag, uit die gesig verloor. [8T 206]

Die werk van die Here het honderde werkers nodig wat opgelei is in praktiese mediese werk, en wat gewillig is om van huis tot huis te arbei as onderwysers, 8ybelwerkers en kolporteurs. Sulke studente kan die skool verlaat sonder dat hulle hul beginsels van gesondheidshervorming of hulle liefde vir God opgeoffer het. [MM59]

Om vooroordeel te oorbrug en toegang tot mense te verkry, moet daar mediese sendingwerk gedoen word, nie net in een of twee plekke nie, maar in baie plekke waar die waarheid nog nie verkondig is nie. Ons moet werk as evangelie mediese sendelinge om vermoeide siele te genees deur aan hulle die boodskap van

verlossing te bring. Hierdie werk sal vooroordeel afbreek soos geen ander middel nie. [Ev. 515(9T 211)]

Ek kan sien dat die mediese sendingwerk 'n wig is waardeur siele bereik kan word. [CH 535]

Die mediese sendingwerk moet vir die werk van die kerk wees soos die regterarm vir die liggaam. Die derde engel verkondig die gebooie van God en die geloof in Jesus. Die mediese sendingwerk is die evangelie in werking. Alle aspekte van die werk moet saamvloei in volmaakte harmonie om die uitnodiging te gee:"Kom, want alle dinge is gereed." [8T 77]

Die mediese sendingwerk moet nie geskei word van die evangeliebediening nie. Die Here het aangedui dat die twee nou sal saamwerk soos die arm en die liggaam. Sonder hierdie eenheid is nie een van die twee volkome nie. Die mediese sendingwerk is die evangelie in beeld. [6T 241 ]

Die mediese sendingwerk is God se werk en dra Sy stempël en wyl middele nie gebruik moet word wat die werk kan verhinder of mank laat gaan in nuwe gebiede nie, moet dit nie as onbelangrik beskou word nie...

Die werk wat nou gedoen word in mediese sendingwerk moes jare gelede al gedoen gewees het en sou gedoen gewees het as Gods volk waarlik bekeerd was tot die waarheid. As hulle die woord studeer het met nederige harte en as hulle eerbiedig die God van die heelal se wil gesoek het in plaas van hulleself te behaag. As ons lede [102]
die werk gedoen het, sou baie mense van vermoë en invloed bekeerd gewees het en by ons aangesluit het om die boodskap van Christus se wederkoms te verkondig. [6T 300/1 (MM 241)]

Ons het nou 'n tyd bereik waar elke lid van die kerk die mediese sendingwerk moet aanpak. Die wêreld is 'n siekehuis vol van die prooi van beide liggaamlike en geestelike krankhede. Mense gaan oral verlore weens 'n gebrek aan die waarhede wat aan ons toevertrou is. [7T 62]

Nederige getroue manne moet met hierdie boeke uitgaan as kolporteur evangeliste om die waarheid te neem na diegene wat anders nooit verlig sou word nie. Diegene wat die werk aanpak moet gereed wees om mediese sendingwerk te doen. Die siekes en lydenes moet gehelp word. Baie vir wie die erbarmingswerk gedoen word sal luister na die woorde van die lewe en dit aanneem. [9T 289]

## Die Opvoeding Van Die Jeug

Die werk wat naaste aan ons kerklede lê is om belang te stel in die jeug. [CT 42]

Die heersende invloed in die gemeenskap is ten gunste daarvan om die jeug toe te laat om hulle eie kop te volg. As hulle roekeloos lewe, troos die ouers hulleself met die hoop dat wanneer hulle ouer is en vir hulself kan dink, hulle die verkeerde wee sal verlaat en nuttige manne en vroue word. Wat 'n mistasting. [R&H]

Die Here begeer dat die kerke oral die werk van die kerkskole met ywer moet aanpak en vrywilliglik gee om die onderwysers te onderhou. Die vraag is gevra: "Mag die tweede tiende nie gebruik word om die kerkskoolwerk te onderhou nie?" Dit kan vir geen beter doel aangewend word nie. [MS 67,1901]

Ek sien daar geen sin in dat die skool so afhanklik is van die tweede tiende om onkoste te dek nie. Ek is bevrees dat as die broeders te swaar steun daarop, probleme sal ontstaan. Julle moet geduldig werk om industrieë te vestig waar studente deel van hul skoolgeld kan verdien. Laat elke gesin soveel bydra as wat hulle kan om die onkostes te dra van die studente wat hulle na die skool toe stuur. [Letter 167,1904]

Laat die kerk toesien dat diegene wat daarby kan baat, die skool sal bywoon. Arm gesinne moet bygestaan word. [6T 217]

[103] Die kerk moet die situasie onder hande neem en deur hulle invloed die begeerde doel 'n werklikheid maak. Laat 'n fonds gestig word deur milddadige bydraes vir die daarstelling van skole vir die opvoedingswerk. [CT 44,45]

Ons konferensies keer hulle na die skole vir opgevoede en opgeleide werkers en hulle behoort die skole hartlik en intelligent te ondersteun. Aan my is getoon dat diegene wat in ons skole gebruik word om die woord van God te leer, om die Skrifte te verduidelik en studente op te voed in die dinge van die Here, deur die tiende onderhou mag word. Hierdie instruksie was lank gelede gegee en is onlangs oor en oor herhaal. [6T 215(CS 103)]

Ons het skole nodig wat selfonderhoudend is en dit kan gebeur as ons onderwysers behulpsaam, vlytig en ekonomies is. [WE 28]

Die bedrag wat vereis word vir skoolgeld en vir losies, moet genoeg wees om die salarisse van die personeel te betaal en om

oorvloedig en gesonde kos aan tafel te voorsien; dit moet vir die meubilering van die kamers sorg en vir die instandhouding van die geboue, sowel as ander lopende onkostes. [6T 210,211]

Die kerk is aan die slaap en besef nie die omvang van die behoefte vir die opvoeding van die kinders en jeug nie. "Hoekom?" vra een, "waarvoor die groot behoefte vir so 'n deeglike opvoeding van die jeug? Dit skyn net so goed te wees om 'n paar te neem wat besluit het op geleerdheid, of 'n ander rigting wat opleiding nodig het en voed hulle op, dan is dit al wat nodig is. Dit is nie nodig dat die hele klomp jongmense so goed opgelei moet word nie. Sal dit nie aan alle vereistes voldoen nie?" Ek antwoord, NEE, definitief nie... Al ons jong mense behoort die voorreg te hê van 'n opvoeding in ons skole, sodat hulle besiel kan word om medewerkers van God te word. Hulle het almal 'n opvoeding nodig, sodat hulle bruikbaar en gekwalifiseerd kan wees vir poste van verantwoordelikheid in beide private en publieke lewe. [R&H Feb. 13,1913]

As die studente wat ons kolleges bywoon... onvoordelige vermaaklikhede en oormatige eetlus sou afsweer, sal hul verstande helder wees om kennis na te jaag. Hulle sal 'n sedelike krag verkry wat hulle in staat sal stel om onwrikbaar te staan wanneer versoeking hulleoorval. [R&H Aug. 26,1884(1:455)]

## Die Kerk In Die Wêreld

Die Here self het 'n skeidsmuur ingestel tussen die dinge van die wêreld en die dinge wat Hy uit die wêreld uitverkies het om vir Homself te heilig. Die wêreld erken nie die onderskeid nie; hulle [104]
voer aan dat dit onnodig is... Baie beweerde Christene is vasberade om die muur af te takel en omgang tussen Christus en Belial te behou. [R&H. Jan. 8,1884(1:389)]

Diegene in wit klere om die troon van God is nie van die groep wat as liefhebbers van plesier meer as liefhebbers van God gekenmerk is nie en wat verkies om saam met die stroom te beweeg instede van die golwe van teenstand te verduur nie. [R&H.Ok. 161883(1:372)]

Ek het gesien dat God ontevrede was met Sy volk omdat hulle borgstaan vir ongelowiges. [Spr. 11:15]

Sabbathouers behoort nie in vennootskap te wees met ongelowiges nie. [IT 200,201]

Bedrog, valsheid en ontrou mag verdoesel word en vir mense oë bedek word, maar nie vir Gods oog nie. Die engele van God wat waak oor die ontwikkeling van karakter en sedelike waardes weeg, skryf in die Boeke van die hemel die kleine transaksies wat die karakter openbaar. As 'n werksman in sy daaglikse werk ontrou is en sy werk verwaarloos, sal die wêreld nie verkeerd oordeel as hulle die gehalte van sy godsdiens bereken volgens die gehalte van sv werk nie. [4T 309]

Gelykvormigheid aan die wêreld sal nooit slaag as middel om die wêreld tot Christus te keer nie. Christene moet volkome toegewyd wees aan God as die kerk effektief wil wees in hul invloed ten goede vir ongelowiges. [R&H Aug. 23,1892(2:589)]

## In Die Wêreld Maar Nie Van Die Wêreld Nie.

Die volk van God moet nie die modes van die wêreld naboots nie. Sommige het dit gedoen en is vinnig besig om die besondere heilige karakter te verloor wat hulle moet kenmerk as Gods volk. Hulle negeer hulle belydenis. Hulle dink hulle is nie soos die wêreld nie, maar hulle is so na aan hulle in kleredrag, in handel en wandel, dat daar geen onderskeid tussen hulle is nie... Sommige het die neiging om so na aan die wêreld in kleredrag en lewensstyl te wees as moontlik en tog hemel toe te gaan... Sommiges trek soos die wêreld aan om invloed te hê. [R&H. Sept.9,1884 (1:459)]

Die ooste is nie verder van die weste af as wat die kinders van die lig in gewoontes, handel en wandel is van die kinders van die duisternis nie. Hierdie onderskeid sal skerper in kontras word soos ons die einde van tyd nader kom. [R&HJan. 8,1884(1:389)]

[105] Is die standaard van die Christelike godsdiens verrlaag om aan te pas by die huidige afvallige toestand van die belydende volk van God? Nee, die standaard bly net waar God dit geplaas het. Heilige manne van ouds moes alles prysgee vir Christus, hulle moes Sy Gees deel en Sy voorbeeld navolg. Hy sal niks minder nou aanvaar nie. [R&H Nov. 7, 1882(1 337)]

## Rentmeesterskap

Moenie klagtes en murmurering in hulle harte en verstande plaas wat nie sou bestaan as jy dit nie suggureer nie. Leer met pen en stem dat ons moet werk; dat God mense rentmeesters gemaak het dat hulle kan help met die verskillende ondernemings vir die vooruitgang van Sy saak; dat die tiendes en offergawes slegs 'n klein deeltjie is van wat God van hulle vereis; dat hulle vinnig moet werk want die genadedeur gaan binnekort sluit. [R&B. Des. 18, 1883 (1:384)]

Die Here verrig nie wonderwerke waar Hy die middele voorsien het waardeur die werk gedoen kan word nie. Gebruik julle tyd en talente in Sy diens en Hy sal nie faal in Sy medewerking met julle nie. [R&H Julie 11,1888(2:229)]

Elke geleentheid om 'n behoeftige broeder te help of om die saak van die Here vir die verspreiding van die waarheid te ondersteun is 'n pêrel wat jy vooruit na die hemel kan stuur. [5T 249]

Die gebrek aan beginsel wat openbaar word deur diegene wat die fondse van die Here misbruik, sal ook in sy bestuur van ander sake openbaar word. Dit sal in al die sake rakende sy persoonlike finansies openbaar word. Die man wat God beroof is besig om karaktertrekke te ontwikkel wat hom toegang tot die gesin van God omhoog sal kos. [6T 391 ]

## Ons Publikasies

Aan my is meegedeel dat selfs waar die mense die boodskap van die lewende prediker hoor, die kolporteur sy werk moet voortsit in samewerking met die predikant, want al dra die predikant die waarheid getrou oor, kan die mense nie alles behou nie. Leesstof is dus essensieel, nie alleen om hulle wakker te skud vir die teenswoordige nie, maar om hulle te vestig in die waarheid en hulle te vrywaar van misleidende dwaling. [6T 315/6]

As daar een werk is wat belangriker is as enige ander, dan is dit die werk om ons publikasies voor die publiek te kry, wat hulle sal lei om die Bybel te ondersoek. Sendingwerk - die bekendstelling van ons publikasies aan gesinne, deur met hulle te gesels en saam met [106]
en vir hulle te bid, is 'n goeie werk en een wat manne en vroue sal opvoed om pastorale werk te doen. [4T 390]

Kolporteurs moet na alle dele van die land uitgaan. Die belangrikheid van die werk is ten volle gelyk aan die van die bediening. Die lewende prediker en stille boodskapper word albei benodig in die voltooiing van die groot werk voor ons...

Die leesstof kan plekke bereik waar geen dienste gehou kan word nie. [CM 8]

Laat wyse planne gelê word om waardig;e studente te help om hul eie skoolg;elel te verdien deur die boeke te hanteer, as hulle so verkies. Diegene wat sodoende genoeg fondse verdien om te betaal vir hulle kursus byeen van ons opleidingskole, sal waardevolle praktiese ondervinding bekom wat hulle sal bekwaam om baanbreker-sendingwerk in ander rigtings te doen. [9T 79]

## Getuienis Aan Die Wêreld

Ek voel ontsteld as ek sien dat die gees van die wêreld die harte en denke beheer van vele wat 'n hoë belydenis maak van die waarheid. Selfsug en selfverwenning word deur hulle gekoester, maar goddelikheid en stoere integriteit word nie deur hulle aangekweek nie. [4T 306]

Daar is behoefte aan stelselmatige werk; maar waar sommige van julle so lank neem om te besin, beplan en gereed te maak vir die werk, neem die Satan vooraf besit van die terrein met sy betowerende fabels en mense se aandag word in beslag geneem deur die dwalinge van die meester bedrieër...

Neem die werk oral en in enige plek op. Doen wat naaste aan jou is, voor jou eie deur, hoe nederig en roemloos dit skyn te wees. [R&H Mrt. 13, 1888(2:193)]

Daar is baie lede van ons groter kerke wat feitlik niks doen nie en wat tog 'n goeie werk kan verrig instede van saam te drom behoort hulle uit te sprei na plekke waar die waarheid nog nie in ag gevind het nie. Bome wat te na aan mekaar geplant is gaan nie vooruit nie. [R&H Mei 15,1888(2:211)]

God het 'n werk om te doen vir die leraars van ander kerke. Die Here wil hê dat hulle gered word. Hulle, soos onsself, kan onsterflikheid verkry slegs deur geloof en gehoorsaamheid. Ons
[107] moet ywerig vir hulle werk dat hulle dit kan verkry. Die Here wil dat hulle deel sal hê in Sy spesiale werk vir die tyd. Hy wil hê dat hulle

sal tel onder diegene wat aan Sy huishouding spyse op bepaalde tye sal gee. Hoekom sou hulle nie met die werk besig wees nie? [6T 77/8]

Daar is sommige wat vernaamlik toegerus is om vir die hoër klasse te werk. Hulle moet die Here daagliks soek en ‘n studie maak van hoe om die mense te bereik, nie net deur toevallige kennismaking nie, maar deur hulle aan te, gryp deur persoonlike inspanning en lewende geloof, deur ‘n diepe liefde vir hulle siele te openbaar, ‘n ware besorgdheid dat hulle ‘n kennis van die waarheid sal hê soos dit in die woord van God is. [6T 81 ]

Ons praat baie van die verwaarloosde armes; moet daar nie ook aandag gegee word aan die verwaarloosde rykes nie? Baie sien neer op die klas as hopeloos en hulle doen min om die oë te open van diegene wat, verblind en verdwaas deur die krag van Satan, die ewigheid buite rekening gelaat het. Duisende welgestelde mense het ongewaarsku na hul graf gegaan omdat hulle volgens voorkoms geoordeel is en as hopeloos verbygegaan is. Maar onverskillig soos wat hulle mag voorkom, is aan my getoon dat die meerderheid in die klas ‘n sielelas het. Daar is duisende rykes wat sterf van hongersnood aan sielevoedsel. [6T78]

## Die Sakramente - Doop

Jesus het, voor Sy dood, ‘n herdenkingsdiens ingestel van Sy gebreekte liggaam en Sy bloed gestort vir die sonde van die wêreld deur die instelling van die Laaste Avondmaal. Hy het gesê:“Want so dikwels asjulle hierdie brood eet en die beker drink, herdenk julle die Here se dood tot Hy kom.” Die berouvolle sondaar, wat die vereiste stappe neem in bekering, herdenk in sy doop die dood, teraardebestelling en opstanding van Christus. Hy gaan af in die water in uitbeelding van die dood en teraardebestelling van Christus en hy word opgewek uit die water in uitbeelding van die opstanding. Nie om die ou lewe van sonde voort te sit nie, maar om ‘n nuwe lewe in Christus Jesus voort te sit. [5 BC 1113(3 SP 204)]

Laat diegene wat die stempel van God ontvang het deur die doop let op hierdie woorde en onthou dat God op hulle Sy siel geplaas het en hulle as Sy seuns en dogters erken het. Die Vader, Seun en Heilige Gees, oneindig in mag en alwetend, ontvang diegene wat

in opregte verbond met Hom tree. Hulle is teenwoordig by elke doopplegtigheid om die dopelinge te ontvang wat die wêreld verloën
[108] en Christus in die sieletempel ontvang het. Die dopelinge het deel geword van die gesin van God en hulle name is in die Boek van die Lewe van die Lam geskryf. [6 BC 1075(MS 17:5 1900)]

Johannes het die koms van die Messias verkondig, en die mense tot bekering geroep. As simbool van die reiiliging van sonde, het hy hulle in die waters van die Jordaan gedoop. Deur middel van ‘n betekenisvolle aanskouingsles het hy dus te kenne gegee dat diegene wat hulle die verkore volk van God noem deur die sonde besoedel is en dat hulle sonder die reiniging van die hart geen deel in die koninkryk van die Messias kan hê nie. [KE 73]

Deur die geloof het hulle die waarheid aangaande die soenoffer van Christus aangegryp en Hom as hul verlosser aangeneem. Toe is hulle in die naam van Jesus gedoop en toe Paulus hulle “die hande opgelê het,” het hulle ook die doop van die Heilige Gees ontvang waardeur hulle in staat gestel is om die tale van ander nasies te praat en te profiteer, so is hulle toegerus om as sendelinge in Efese en sy omstreke te werk en ook om uit te gaan om die evangelie in klein-Asië te verkondig. [HA 225]

## Die Sakramente - Die Avondmaal

Christus het op die oorgangspunt tussen twee bedelinge en hul twee groot feeste gestaan. Hy, die vlekkelose Lam van God, was op die punt om Hom as sondoffer aan te bied, om sodoende die stelsel van sinnebeelde en seremonies wat vierduisend jaar lank na Sy dood verwys het, te beeindig.Toe Hy die Paasmaal saam met Sy dissipels gebruik, het Hy in die plek daarvan ‘n diens ingestel wat as herdenking van Sy groot offer kon dien. Die volksfees van die Jode sou vir goed verdwyn. Die diens wat Christus ingestel het was vir Sy volgelinge in alle lande en deur al die eeue bedoel. [KE 592]

Wanneer ons die brood en wyn ontvang wat Christus se gebroke liggaam en gestorte bloed voorstel, sluit ons, ons in verbeelding aan by die toneel in die bovertrek. Dit is asof ons deur die tuin gaan wat geheilig is deur die sielesmart van hom wat die sonde van die wêreld gedra het. Ons is aanskouers van die stryd waardeur ons versoening

met God verkry is. Dit is asof Christus voor ons gekruisig word. [KE 599]

Christus is daar deur die Heilige Gees om die seël op Sy eie instelling te plaas. Hy is daar om die hart te oortuig en te versag. Nie'n sweem van berou gaan ongemerk by Hom verby nie. Hy wag op die berouvolle gebrokene van hart. Alles is oorgehaal om daardie siel te ontvang. Hy wat die voete van Judas gewas het, verlang om die hart van elke sondevlek te was. [KE 596]

Niemand moet van die Nagmaal af wegbly omdat 'n onwaar- [109]
dige mens teenwoordig mag wees nie. Elke dissipel word gevra om openlik deel te neem en so getuienis te lewer dat hy Christus as persoonlike Verlosser aanvaar. Dit is op hierdie persoonlike afsprake van Hom, dat Christus Sy volk ontmoet en met Sy teenwoordigheid verkwik. Onwaardige harte en hande kan selfs die Nagmaal bedien, Christ.us is daar om Sy kinders te bedien. Almal wat kom met hul geloof op Hom gevestig, sal 'n groot seën wegdra. Almal wat hierdie tye van Goddelike voorreg verwaarloos, sal skade ly. Van hulle sal tereg gesê kan word:"Julle is nie almal rein nie." [KE 596]

Die Nagmaal is 'n belofte van die wederkoms van Christus. Dit was bedoel om hierdie hoop helder in die gees van die dissipels te laat brand. Telkens as hulle saamgekom het om Sy dood te gedenk, het hulle mekaar daaraan herinner hoe Hy die beker geneem het en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: "Drink almal daaruit, want dit is My bloed, die bloed van die Nuwe Testament, vir julle, Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van My Vader." [KE 597]

Christus is nog aan die tafel waarop die Paasmaal voorgesit is. Die ongesuurde brode wat vir die Pasga gebruik word staan voor Hom. Die Pasga wyn, totaal ongegis, staan op die tafel. Hierdie simbole gebruik Christus om Sy eie vlekkelose offer voor te stel. Niks wat deur gisting aangetas is, wat die simbool van die sonde en die dood is, kan die "lam sonder gebrek en vlekkeloos voorstel nie" [1 Pet. 1:19] [KE 593]

Hy het die nuwe verbond aan hulle opgedra waardeur almal wat Hom ontvang, kinders van God word en mede-erfgename van Christus. Deur hierdie verbond was elke seun wat die hemel in hierdie en die toekomstige lewe kan uitstort hulle s'n. Hierdie verbondsakte

sou deur die bloed van Christus bekragtig word. En die hou van die sakrament sou hulle herinner aan die perkelose opoffering wat vir elkeen van hulle individueel gemaak is as deel van die gevalle mensdom se groot geheel. [KE 597]

Die gebreekte brood en suiwer druiwesap sou die gebroke liggaam en gestorte bloed van die Seun van God voorstel. Brood met suurdeeg moet nie op die Nagmaaltafel kom nie; ongesuurde brood is die enigste korrekte voorstelling van die Avondmaal. Niks wat gegis is moet gebruik word nie. Slegs die suiwer sap van die wynstok en ongesuurde brode moet gebruik word. [6 BC 1090(R&H Jun. 7,1898)]

[110] Die Paasfees is ingestel as herdenking van Israel se verlossing uit Egiptiese slawerny. Totdat Hy die tweede maal sal kom in krag en heerlikheid, moet hierdie instelling gevier word. Dit is die middel waardeur Christus se groot werk vir ons vars in die geheue gehou moet word. Christus se voorbeeld verbied eksklusiviteit by die Nagmaal. [KE 592/3]

### Die Sakramente - Die Voetewassing

Toe staan Hy, die Goddelike Leraar, van die tafel op. Hy het Sy bo-kleed, wat Sy bewegings gestrem het, uitgetrek, 'n handdoek geneem, en Hom daarmee omgord. Verbaas het Sy dissipels Hom aangekyk en in stilte gekom te sien wat gaan gebeur." Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy om Hom gehad het." [KE 584]

Nadat Christus die dissipels se voete gewas het, Sy bo-kleed aangetrek en weer, gaan sit het, sê Hy vir hulle:"Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen." [KE 589]

Hierdie instelling is deur Christus aangewys as voorbereiding vir die gebruik van die sakrament. Die hart kan nie in gemeenskap met Christus wees terwyl hoogmoed, onmin en strewe na oorheersing in die hart seëvier nie. Ons is nie voorbereid om die gemeenskap van Sy liggaam en bloed te ontvang nie. Dit is daarom dat Christus die deelname aan Sy ontlediging eerste laat plaasvind. [KE 590]

## Die Christelike Huis

Ouers het, oor die algemeen te veel vertroue in hulle kinders, want dikwels wanneer hulle hul kinders vertrou, handel hulle in versteekte boosheid. [R&H Sept. 2,1884(1:457)]

Daar behoort 'n vaste beginsel by Christen ouers te wees om eensgesind te wees in die opvoeding van hulle kinders. In sommige gevalle is daar skuld in hierdie opsig nl. 'n gebrek aan eenheid. Die skuld lê soms by die vader, maar meer dikwels by die moeder. Die vader se werk vereis dikwels dat hy van huis af, en die geselskap van sy kinders, moet wees. Die behepte moeder verwen en bederf hulle en haar invloed te hê. Somtyds laat sy verkeerde dinge toe wat nie vir een oomblik geduld moet word nie en steek dit dan vir die vader wees. As die vader dit uitvind, verskonings aangevoer en halwe waarhede vertel. [R&H Sept. 2,1884(1:457)]

Die heersende invioed in die gemeenskap is ten gunste daarvan [111]
om die jeug toe te laat om hulle eie kop te volg. As hulle roekeloos lewe, troos die ouers hulleself met die hoop dat wanneer hulle ouer is en vir hulself kan dink, hulle die verkeerde weë sal verlaat en nuttige manne en vroue word. Wat 'n mistasting.

Die redding van kinders hang baie af van die koers deur die ouers ingeslaan. Kinders moet bedwing en hulle drifte beteuel word of God sal hulle vernietig in die dag van Sy toorn en die ouers wat hulle nie beheers het nie, sal nie blaamloos wees nie.

Selfs nadat hulle mondig is, word van kinders vereis dat hulle hul ouers moet respekteer. Hulle moet luister na die raad van vrome ouers en nie voel omdat hulle 'n paar jare ouer is, hulle daardeur hulle plig ontgroei het nie. [R&H.Sept.2 1884 (1:457)]

## Matigheid

Ware matigheid leer ons om ons van alles te onthou wat skadelik is en wat gesond en voedsaam is oordeelkundig te gebruik. [R&H Sept. 23, 1884(1:463)]

Sewendedag Adventiste hanteer lewensbelangrike waarhede. Op die gebied van matigheid behoort hulle alle ander mense ver voor te wees. [MM 273]

As die werk van matigheid deur ons voortgesit is soos dit dertig jaar gelede gedoen is, (1870) as ons by ons kampvergaderings die kwaad uitgebeeld het wat deur onmatige ete en drinke gedoen word, en vernaamlik deur sterk drank; as hierdie dinge saam met die bewyse van Jesus se wederkoms gestel is, sou daar 'n skudding onder die volk gewees het. As ons ywer getoon het in verhouding met die belangrikheid van die waarhede wat ons preek, sou ons instrumenteel gewees het in die redding van honderde, ja duisende, van ondergang. [Te 257(6T 111)]

In ons werk by kampvergadering moet meer aandag daaraan gegee word om die beginsels van gesondheid en matigeid te leer. Hierdie kwessies moet 'n belangrike plek vul in ons pogings. My boodskap is, voed die mense op oor die kwessie van matigheid. [Te. 244]

Volgens die lig aan my gegee, moet elke lidmaat onder ons die gelofte aflê en hom verbind met die matigheids beweging. [Te 197]

[112] Die rede hoekom baie van ons sal val in die tyd van benoudheid is vanweë laksheid in matigheid en toegewings aan aptyt. [Te 150)

Nie een van julle het die belangrikheid van gesondheidshervorming besef nie, maar wanneer die plae rondom julle val, sal julle die beginsels gesondheidshervorming en matigheid in alle dinge sien - dat matigheid alleen die grondslag is van al die gawes wat van God kom, die grondslag van alle oorwinnings behaal. [Te 201]

Die apostel het die belangrikheid besef van 'n gesonde liggaam om 'n sukses te maak van 'n volmaakte Christelike karakter... Hy noem die vrugte van die Gees, wat matigheid insluit. [CD 44]

Matigheid bestaan nie net uit weerhouding van drank en tabak nie, dit gaan verder. Dit moet alles beheer wat ons eet. [CD 406]

Laat ons predikante en kolporteurs die banier van streng matigheid opneem. Moet nooit skaam wees om te sê: "Nee dankie, ek eet nie vleis nie... " As tee aangebied word, bedank dit en gee jou redes daarvoor. Verduidelik dat dit ongesond is en alhoewel dit tydelik stimuleer, verdwyn die effek spoedig en depressie neem oor. [CD 412]

Bo alle ander plekke wat net met wêreldlike belange te doen het, behoort wetgewende liggame en geregshowe vry te wees van die vloek van onmatigheid. Goewerneurs, senatore, volksraadslede.

regters; manne wat die wette van die land maak en toepas... moet mense wees wat geen sterk drank gebruik nie. [HH 326]

Almal wat heilige verantwoordelikhede op hulle geneem het, moes streng geheelonthouers wees, sodat hulle verstand helder kon wees om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is, sodat hulle beginselvas kon wees en wysheid kon hê om die gereg uit te oefen en om genade te betoon. [PP 372]

Matigheid in alle dinge moet saam met die Elia boodskap verbind word om mense te keer van hulle afgodediens, vraatsugtigheid en hulle uitspattigheid in kleredrag en ander sake. [3T 62]

As ons net kan besef dat die gewoontes wat ons aanleer in die lewe ons ewige belange kan bepaal en dat ons ewige bestemming afhang van streng matigheids gewoontes, sal ons harder strewe na matigheid in ete en drinke. [3T 489]

God doen ‘n beroep op ons om ons standpunt in te neem op die breë platform van matigheid met betrekking tot ons ete, drinke en, kleredrag. [CG 409]

Die grondslag van ‘n opregte karakter in die toekomstige man [113]
word bepaal deur streng matigheidsgewoontes in die moeder voor die geboorte van haar kind. [AH 258]

God hou almal verantwoordelik vir die invloed wat sy siel omring, vir homself en ook vir ander. Hy doen ‘n beroep op jong manne en vroue om streng matig en gewetenstrou te wees in die gebruik van die vermoëns van die liggaam en verstand. [CT102]

Om die gesondheid te bewaar is matigheid in alle dinge nodig, matigheid in arbeid, in ete en drinke. Ons hemelse Vader het die lig van gesondheidshervorming aan ons gestuur om ons te beskerm teen die kwaad wat spruit uit verwende eetlus sodat die wat reinheid en vroomheid liefhet, kan weet hoe om met gesonde oordeel die goeie dinge te gebruik wat Hy vir hulle voorsien het, en deur matigheid te beoefen in die daaglikse lewe, hulle geheilg mag word deur die waarheid. [4T 652]

[114] # Hoofstuk 6 - Die Die Leerstuk oor die Versoening.

[115]

Die verlossings plan was geen nagedagte - ‘n plan wat na die val van Adam geformuleer is nie. Dit was” die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is.” [Rom, 16:25] Dit was die ontplooiing van die beginsels wat deur die eeue heen die grondslag van die troon van God was. Van die begin af het God en Christus geweet van die afvallige se bedrieënde mag. God het dit nie beskik dat daar sonde sou wees nie, maar Hy het die ontstaan daarvan vooruitgesien en het voorsienihg vir die vreeslike gebeurtenis gemaak. So groot was Sy liefde vir die wêreld dat Hy Hom verbind het om Sy eniggebore Seun te gee” sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” [Joh.3:16] [KE 3]

### Die voorgenome Versoening.

God het ‘n voorkennis van die gebeure van die toekoms, selfs voor die skepping van die wêreld. Hy het nie Sy wil aangepas by omstandighede nie, maar toegelaat dat dinge ontwikkel en tot ‘n punt kom. Hy het nie sekere omstandighede bepaal nie, maar het geweet dat sekere omstandighede sou bestaan. Die plan wat in werking sou tree indien enige van die intelligente wesens van die hemel sou sondig - dit is die geheim, die verborgenheid wat van alle eeue af reeds bestaan. ‘n Offerande is voorberei in die ewige voorneme om te doen wat God vir die gevalle mens gedoen het. [SDABC 6:1082 (ST25 Mrt.1897)]

Daar is verborgenhede in die woord van God, in Sy voorsienigheid en in die plan van verlossing, wat die mens nie kan peil nie. Maar die menslike verstand, met ‘n sterk begeerte om sy nuuskierigheid te bevredig en om die raaisels van die eeue op te los, weier om die duidelike weg deur die geopenbaarde wil van God aangedui, te glo en tuur nuuskierig rond in dinge wat verborge is sedert die begin van die wêreld. [SDABC 2:995]

Die plan van verlossing het 'n plek gehad in die raadsaal van die Oneindige van ewigheid af. Die evangelie is die openbaring van die liefde van God vir die mens en sluit alles in wat nodig is vir die geluk en welsyn wat nodig is vir diemensdom. [FE186]

Die Seun van God, roemryke Bevelvoerder van die hemel, was bitter jammer vir die gevalle mensdom. Sy hart is met oneindige ontferming aangedaan toe die ellende van die verlore wêreld voor Hom opdoem. Maar goddelike liefde het reeds 'n plan bedink waardeur die mens gered kon word. OortredIng van Gods wet het die [116] lewe van die sondaar geëis. In die ganse heelal was daar net Een wat ten behoewe van die mens aan sy eise kon voldoen. Omdat die wet van God net so heilig is as God self, kon net een wat aan God gelyk is vir die oortreding versoen. Niemand behalwe Christus kon die gevalle mensdom van die vloek van die wet verlos en hom weer tot eensgesindheid met' die Hemel herstel nie. Christus sou die skuld en die skande van die sonde op Hom neem - sonde wat vir'n heilige God so aanstootlik is dat die Vader en Sy Seun moes skei. Christus was gewillig om tot die diepte van ellende neer te daal om die verlore mensdom te red. [PP 56]

Die plan van verlossing is gewilliglik deur die Heiland aanvaar en dit is die doel van Christus dat al ons gawes vrywillig moet wees. [3T 413]

Selfs die engele is nie in die beraadslaging tussen die Vader en die Seun toegelaat toe die verlossingsplan beraam is nie en menslike wesens moet hulle nie met die geheimenisse van die Allerhoogste bemoei nie. Ons is so onkundig aangaande God soos klein kindertjies, maar soos klein kindertjies kan ons Hom liefhê en gehoorsaam. [HH 410]

Die Godheid was met deernis gevul vir die gevalle mensdom en die Vader, Seun en Heilige Gees het hulself gegee om die verlossingsplan in werking te stel. [CH 222]

Die Seun van God het aangebied om met Sy eie lewe vir hulle sonde versoening te doen. Daar sou aan hulle 'n proeftyd toegestaan word en deur berou en geloof in Christus kon hulle weer kinders van God word. [PP 60J

In sy onskuld het Adam openbare gemeenskap met Sy Maker geniet, maar sonde het skeiding tussen God en die mens bewerk, en net die versoening van Christus kon die kloof oorbrug sodat

die seëninge en die saligheid van die hemel na die aarde oorgedra kon word. Die mens kon sy Skepper nog nie regstreeks nader nie, maar God sou deur middel van Christus en die engele met hom gemeenskap hou. [PP 61 ]

Moses was 'n sinnebeeld van Christus. Net soos Israel se middelaar sy aangesig bedek het omdat die volk dit nie kon verdra om sy heerlikheid te aanskou nie, so het ook Christus, die Goddelike Middelaar, Sy Godheid met mensheid bedek toe Hy na die aarde gekom het. As Hy met die glans van die hemel geklee neergedaal het, kon Hy geen toegang tot die mens in sy sondige toestand gevind het nie, hulle sou die heerlikheid van Sy teenwoordigheid nie kon verduur het nie. Daarom het Hy Hom verneder en is Hy" in die gelykheid van die sondige vlees" gemaak [Rom.8:3] sodat Hy die sondige geslag kon bereik en hulle kon ophef. [PP 337]

[117] Die woorde: "My uur het nog nie gekom nie," dui op die feit dat elke daad van Christus op aarde ter vervulling van die plan was wat van die ewigheid af bestaan het. Voordat Hy na die aarde gekom het, het Hy die plan in al sy besonderhede voor Hom gereed gehad, maar waar Hy onder die mense beweeg het, is Hy stap vir stap deur die wil van die Vader gelei. Hy het nie geaarsel om op die bestemde tyd op te tree nie. Met dieselfde onderwerping het Hy gewag totdat die tyd aangebreek het. [KE 114]

Daar was egter meer as die redding van die mensdom by die verlossings plan betrokke. Dit was nie die enigste rede waarom Christus na die aarde gekom het nie; dit was nie net dat die bewoners van hierdie aarde die regte agting vir die wet van God sou hê nie; dit was ook bedoel om die karakter van God voor die heelal te regverdig. Dit was aan hierdie gevolg van Sy groot opoffering, die invloed daarvan op die bewoners van ander wêrelde sowel as op die mens, dat die Heiland gedink het toe Hy pas voor Sy kruisiging gesê het:"Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. En Ek, as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek." [Joh. 12:31,32]. Christus se sterwensdaad vir die verlossing van die mens sou nie net weer vir die mensdom toegang tot die hemel oopstel nie, maar dit sou die manier waarop God en Sy Seun die opstand van die Satan behandel het, ten aanskoue van die ganse heelal regverdig. Dit sou die bestendigheid

van die wet van God bevestig en die aard en die gevolge van die sonde blootlê. [PP 62]

## Die Versoening in Vooruitskou

Hemelse engele het die plan wat vir hulle verlossing beraam is, volledigêr aan ons stamouers verduidelik. Aan Adam en sy gesellin is die versekering gegee dat hulle, ondanks hulle groot sonde, nie aan beheersing deur die Satan oorgegee sou word nie. Die Seun van God het aangebied om met Sy eie lewe vir hulle sonde versoening te doen. Daar sou aan hulle 'n proeftyd toegestaan word en deur berou en geloof in Christus kon hulle weer kinders van God word. [PP 60]

As ons na die reënboog kyk, die seël en teken van God se belofte aan die mens dat die vloedgolf van Sy toorn nie weer die aarde sal verwoes deur 'n watervloed nie, word ons daarvan bewus dat meer as net menseoë die luisterryke toneel aanskou. Die engele juig by aanskoue van hierdie teken van Gods liefde vir die mens.
Die Verlosser van die wêreld aanskou dit, want dit was deur Sy [118]
bemiddeling dat die boog in die hemele gestel is, as teken of verbond van Sy belofte aan die mens. God self aanskou die boog in die wolke en gedenk die ewige verbond tussen hom en die mens. [1BC 1091]

Voor die grondlegging van die aarde is die verbond gemaak dat almal wat gehoorsaam is, almal wat deur die oorvloedige genade wat voorsien is, heilig en sonder blaam voor God is deur daardie genade, kinders van God sal wees. Hierdie verbond, wat reeds van ewigheid af bestaan, is aan Abraham gegee negentien honderd jaar voordat Christus sou kom. Met watter intense belangstelling het Christus, in Sy mensheid, die mensdom bestudeer om te sien of hulle gebruik sou maak van die voorsiening aangebied. [6 BC 1114]

Twee keer het die wêreld Gods verbond en Sy insettinge verwerp. Die mense voor die sondvloed en die nakomelinge van Noag het die gesag van God verwerp. Daarna het God met Abraham 'n verbond gesluit en vir Hom 'n volk aangeneem wat die bewaarders van Sy wet moes wees. [PP 339]

Die alles-omvattende terme van hierdie verbond was bekend aan Abraham se kinders. Dit was sodat die Israeliete 'n seën kon wees vir die volke en dat Gods naam groot gemaak sou word "deur die hele aarde" [Eks. 9:16] dat hulle uit Egiptiese slaweny verlos

is. As hulle gehoorsaam sou wees aan Sy vereistes, sou hulle die ander volke ver vooruit wees in wysheid en begrip, maar hierdie voorsprong sou bereik en gehandhaaf word slegs sodat God deur hulle Sy doel kon vervul vir al die volke van die aarde. [PK 368]

Die plek waar die tempel gebou is, is lank as geheiligde plek beskou. Dit was hier waar Abraham, die vader van die gelowiges, sy bereidwilligheid getoon het om sy enigste seun te offer in gehoorsaamheid aan die bevel van Jehova. Hier het God die verbondsbelofte aan Abraham hernu, 'n verbond wat die heerlike Messiaanse belofte van verlossing aan die mensdom deur die offer-ande van die Seun van die Allerhoogste ingehou het. [Sien Gen. 22:9, 16-18] Dit was hier toe Dawid brandoffers en soenoffers geoffer het om die doodsengel se vergeldende swaard af te weer, dat God hom met vuur uit die hemel geantwoord het. [1 Kron. 21] En nou was die aanbidders van Jehova weer hier om hul God te ontmoet en hulle beloftes van trou aan Hom te hernu. [PK 37]

Hy het toe van Abraham en sy saad die besnydenis vereis, wat soos 'n sirkel uit die liggaam geneem is, as teken dat God hul uitgesny het en van die volke afgeskei het as Sy eiendom. Deur hierdie teken het hul plegtig beloof dat hulle nie met ander volke sou ondertrou nie, want deur dit te doen sou hulle hul eerbied vir God en Sy wet verloor en soos die nasies rondom hulle afgodedienaars word.

[119] Deur die daad van besnydenis het hulle plegtig beloof om die vereistes van die verbond met Abraham gemaak na te kom en afgesonder van al die nasies,volmaakte wees. [3SG 297]

Die instruksies aan Moses gegee vir Israel, met hul klinkklare onbuigsame bepalings, moet deur Gods volk vandag bestudeer en gehoorsaam word. [Letter 259,1903]

Moses, die sigbare leier van die Israeliete, was toegelaat in die verborge beraadslagings van die Allerhoogste. Die mense is bewys gegee dat Moses wel met God gepraat het en van Hom die instruksie ontvang het wat hy aan hulle gegeehet. [1BC 1103]

Die verbond wat God met Sy volk hy Sinai gemaak het, moet ons toevlug en sterkte wees Die Here het aan Moses gesê: "So moet jy met die huis van Jakob spreek en aan die kinders van Israel se: Julle het gesien wat Ek aan die Egiptenare gedoen het en dat ek julle op arendsvlerke gedra en tot myself gebring het. As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, dan sal julle My

eiendom uit al die volke wees want die hele aarde is Myne en julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n heilige nasie wees.” [Eks 19:4-6]

En Moses het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat die Here hom beveel het.Toe antwoord die hele volk eenparig en sê: “Alles wat die Here gespreek het sal ons doen.”

Hierdie verbond is vandag van nog net soveel krag as toe die Here dit met ou Israel gemaak het. [1 8C 1103 (SW Maart 1,1904)]

Aan ons, net soos aan Israel, is die Sabbat gegee as ‘n ewige verbond. Aan die wat Sy heilige dag eerbiedig, is die Sabbat ‘n teken dat God hulle as Sy uitverkore volk erken. Dit is ‘n belofte dat Hy aan hulle Sy verbond sal vervul. Elkeen wat die teken van God se heerskappy aanvaar, plaas homself onder die goddelike ewige verbond. Hy bind homself aan die goue ketting van gehoorsaamheid waarvan elke skakel ‘n belofte is. [6T 350]

Die bloed alleen het krag. Dit alleen kan versoening doen vir ons sonde. Dit is die bloed van die eniggebore Seun van God wat vir ons waarde het om nader aan God te kom, dis Sy bloed alleen wat die sonde van die wêreld wegneem. Smórens en saans aanskou die heelal elke gesinskring wat bid en

die engel met die wierook wat die bloed van die versoening voorstel, vind toegang tot God. [7BC971 (MS15,1897)]

Gedurende daardie jare is die volk gedurig daaraan herinner dat [120]
hulle onder die misnoeë van God was. In die opstand te Kades het hulle God verwerp en God het hulle ook ‘n tydland verwerp. Omdat hulle ontrou was aan die verbond, het hulle nie die teken van die verbond, naamlik die besnydenis, ontvang nie. Deur te begeer om na die land van hulle diensbaarheid terug te keer, het hulle bewys dat hulle die vryheid onwaardig was en daarom moes die Paasfees wat ter herinnering van hulle verlossing uit die slawediens ingestel is, nie gevier word nie. [PP 424]

Die opheffing van die besnydenis sedert die oproer te Kades was vir Israel ‘n voortdurende getuienis dat hulle verbond met God, waarvan dit die aangewese simbool was, verbreek was. En die opheffing van die Pasga, die gedenkteken van hulle verlossing uit Egipte, was ‘n bewys van die misnoeë van die Here oor hulle begeerte om na die land van hulle diensbaarheid terug te keer. Die jare van daardie

verwerping was egter nou verby. Weer eens het God Israel as Sy volk erken en die teken van die verbond is herstel. Al die mense wat in die woestyn gebore is, is besny.

## Die Verbond

Op dieselfde manier as wat die Bybel twee wette voorhou waarvan een onveranderlik en ewig en die ander voorlopig en tydelik was, so is daar ook twee verbonde. Die genadeverbond is oorspronklik in Eden met die mens aangegaan toe God hom na die sondeval beloof het dat die vrou se saad die slang se kop sou vermorsel. Hierdie verbond het vir alle mense vergifnis en die ondersteundende genade van God beloof vir toekomstige gehoorsaamheid deur geloof in Christus. Dit het ook aan hulle die ewige lewe belowe op voorwaarde dat hulle aan Gods wet getrou bly. So het die patriarge die hoop op die verlossing ontvang.

Hierdie selfde verbond is met Abraham vernu in die belofte:“ln .iou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word.” [Gen. 22:18]. Hierdie belofte het na Christus verwys. So het Abraham dit verstaan [Gal. 3:8,16] en hy het op Christus vertrou vir die vergifnis van sondes. Dit was daardie .geloof wat Vir hom tot regverdigheid gereken is.

Ondanks hierdie verbond met Adam gemaak en met Abraham hernu is, kon dit nie voor die dood van Christus bekragtig word nie. Weens die belofte van

[121] God het die verbond bestaan vandat die eerste wenk van verlossing gegee was. Dit is deur die geloof aangeneem, nogtans word dit ‘n nuwe verbond genoem nadat Christus dit bekragtig het. Die wet van God was die grondslag van die verbond wat eenvoudig’n reëling was om mense weer in ooreenstemming te bring met die wil van God en hulle te vestig waar hulle Godswet kon gehoorsaam. [pp 381/2]

As pand van hierdie verbond van God met die mensdom het ‘n rokende oond en ‘n vurige fakkel, sinnebeelde van die Goddelike teenwoordigheid, tussen die verdeelde offerdiere deurgegaan en hulle geheel en al verteer. By herhaling het Abraham ‘n stem die oordrag van die land Kanaan aan sy nageslagte “van die rivier van

Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier," hoor bevestig. [PP136]

Aan my is gesê om die denke van ons mense te vestig op die sesen-vyftigste hoofstuk van Jesaja. Hierdie hoofstuk bevat belangrike lesse vir diegene wat aan die Here se kant van die stryd tussen goed en kwaad veg." So sê die Here: Bewaar die reg en doen geregtigheid, want My heil is naby om te kom en My geregtigheid om geopenbaar te word... Elkeen wat die Sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie en hulle wat vashou aan My verbond, hulle sal Ek bring na My heilige berg." Dit verwys na die verbond in Eks. 19.

Die verbond wat God met Sy volk by Sinai gemaak het, moet ons toevlug en sterkte wees... "En Moses het gekom en die oudstes van die volk bymekaar geroep en voor hulle hierdie woorde gespreek:... En die hele volk het geantwoord, en gesê: Alles wat die Here sê sal ons doen." Hierdie verbond is nog net so van krag vandag as toe die Here dit met Israel gemaak het. [Off. 1:449 (R&HMrt. 1,1904)]

Van kardinale belang vir die kerk van God vandag as bewerkers van Sy win gerd, is die boodskappe met raad en vermaning deur die profete gegee wat Sy ewige wil vir die mens duidelik maak. In die lesse van die profete word Sy liefde vir 'n verlore wêreld en Sy plan vir hulle verlossing duidelik openbaar. [PK 22]

Die verlossingsplan deur die dood van Christus, die groot Soenoffer en Sy heerlike koms is aan hom geopenbaar. Abraham het dit ook in Sy Edense skoonheid herstel gesien soos dit in die uiteindelike en volledige vervulling van die belofte as ewige besitting aan hom gegee sal word. [PP136]

In hierdie gesig is die verlossingsplan aan Jakob geopenbaar, nie ten volle nie, maar die dele wat toe vir hom noodsaaklik was. Die geheimsinnige leer wat hy in sy droom gesien het, was dieselfde as [122]
die waarna Christus in Sy gesprek met Natanael verwys het. Hy het gesê:"Van nou af sal julle die hemel geopen sien en die engele van God opklim en neerdaal op die Seun van die mens." [Joh. 1:S2(PP 187/8)]

Terwyl Moses op die berg was, het God nie net die tafels van die wet aan hom gegee nie, maar ook die verlossingsplan verduidelik. [PP 336]

Terwyl Saul saam met die profete aanbid het, het die Heilige Gees 'n groot verandering in hom teweeggebring. Die lig van Goddelike

reinheid en heiligheid het die duisternis van die natuurlike hart verdring. Hy het homself gesien soos hy werklik voor God was. Hy het die heilige sieraad gesien. Nou is hy geroep om die stryd teen die Satan aan te knoop en hy het gevoel dat sy krag vir hierdie stryd geheel en al van God moes kom. Die verlossingsplan wat voorheen vir hom dof en onseker voorgekom het, het voor sy gemoed oopgegaan. Die Here het hom die krag en wysheid vir sy hoë pos gegee. Hy het die Bron van krag en genade aan hom geopenbaar en hom laat verstaan wat God van hom as sy plig eis. [PP 647]

Die Joodse tabernakel was 'n tipe van die Christelike kerk... Die kerk op aarde, wat bestaan uit die wat getrou en lojaal aan God is, is die ware tabernakel met die Verlosser as middelaar. God en nie en mens nie, het hierdie tabernakel op hoë grond opgerig.

Die tabernakel is die liggaam van Christus en Hy bring van noord, suid, oos en wes diegene wat dit saamstel. 'n Heilige tabernakel word gebou deur diegene wat Christus as hul persoonlike Saligmaker aanvaar. [7 BC 931 (ST Feb. 14,1900)]

Ons groot Hoëpriester het die rol van offerande volbring toe Hy buite die poorte gely het. 'n Volmaakte versoening is gemaak vir die sonde van die volk. Jesus is ons Voorspraak, ons Hoëpriester, ons Middelaar. Ons huidige posisie is dus die van ou Israel, wat in die voorhof staan en wag vir die salige hoop en die verskyning van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus. In die dood van Christus as lam geslag vir die sonde van die wêreld, het die beeld sy vervulling verkry. Die groot Hoëpriester het die enigste offerande gemaak wat van waarde kan wees. [7 BC 913]

In hierdie openbaringe van die Goddelike teenwoordigheid is die heerlikheid van God deur Christus geopenbaar. Nie net tydens die eerste koms van Christus nie, maar in al die eeue na die val en in
[123] die belofte van die verlossing het "God in Christus die wêreld met Homself versoen" (2 Kor. 5:9). In sowel die eeu van die patriarge as in die bedeling van die Jode was Christus die grondslag en die middelpunt van die offerstelsel. Sedert die sonde van ons stamouers was daar geen regstreekse gemeenskap tussen God en mens nie. Die Vader het die wêreld in die hande van Christus oorgelaat sodat Hy die mensdom deur middel van Sy middelaarswerk kan verlos en die gesag en heiligheid van die wet van God kan verdedig. Alle gemeenskap tussen die hemel en die gevalle mensdom het deur

middel van Christus geskied. Dit was die Seun van God wat die belofte van die verlossing aan ons stamouers gegee het. Dit is Hy wat Hom aan die patriarge geopenbaar het. Adam, Noag, Abraham, Isak, Jakob en Moses het die evangelie verstaan. Hulle het die verlossing deur die mens se Pand en Plaasvervanger verwag. Daardie heilige manne van ouds het gemeenskap gehou met die Verlosser wat in mensevlees na die aarde sou kom en sommige van hulle het van aangesig tot aangesig met Christus en met hemelse engele gepraat.

Christus was nie net die leier van die Hebreërs in die woestyn, die Engel in wie die Naam van Jehova was en wat in die sluier van die wolkkolom voor die volk uitgegaan het nie - maar dit was Hy wat die wet aan Israel gegee het. Te midde van die vreeslike heerlikheid van Sinai het Christus ten aanhore van die hele volk die tien voorskrifte van Sy Vader se wet bekend gemaak. Dit is Hy wat die wet op die twee kliptafels gegraveer en dit toe aan Moses gegee het.

Dit is Christus wat deur die profete tot Sy volk gespreek het. In sy sendbrief aan die Christelike gemeente sê die apostel Petrus dat die profete "geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy voor-uit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna" (1 Pet. 1:10,11). Dit is die stem van Christus wat deur die Ou Testament tot ons spreek. "Die getuienis van Jesus is die gees van profesie". (Openb. 19:10]

Toe Jesus onder Sy volk verkeer en hulle geleer het, het Hy die aandag van die volk op die Ou Testament gevestig. Aan die Jode het Hy gesê: "Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het en dit is die wat van My getuig (Joh. 5:39)" Die boeke van die Ou Testament was destyds al deel van die Bybel wat bestaan het. Weer het die Seun van God gesê:"Hulle het Mosesen die Profete; laat hulle na die luister." En toe het Hy bygevoeg: "As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, ai sou iemand ook uit die dode opstaan." [Luk. 16:29,31 ]

Christus het die seremoniële wet gegee. Selfs nadat dit nie meer [124]
van krag was nie, het Paulus die regte plek en waarde daarvan aan die Jode voorgehou deur aan te toon waar dit by die verlossingsplan

inpas en wat sy verhouding is tot die werk van Christus en die groot apostel verklaar dat hierdie wet heerlik en sy Goddelike oorsprong waardig is. Die plegtige diens van die heiligdom het belangrike waarhede voorgestel wat deur navolgende geslagte geopenbaar sou word. Die wierook wolk wat saam met die gebede van Israel opgestyg het, is 'n voorstelling van Sy geregtigheid wat alleen in staat is om die sondaar se gebede vir God aanneemlik te maak; die bloeiende slagoffer op die brandofferaltaar het getuig van 'n Verlosser wat sou kom en uit die allerheiligste plek het die sigbare teken van die Goddelike Teenwoordigheid geskyn. Deur al die eeue van duisternis en afvalligheid is die geloof langs hierdie weg in menseharte brandende gehou totdat die tyd vir die koms van die beloofde Messias aangebreek het.

Voordat Hy in die gedaante van 'n mens op aarde verskyn het, was Jesus reeds die lig van Sy volkdie Lig van die wêreld. [PP376-378]

## Die Voorsiene Versoening

Die dood van Christus aan die kruis het die vernietiging verseker van hom wat die mag van die dood het, die oorsprong van die sonde. Wanneer die Satan vernietig is, sal daar niemand wees om tot die kwaad te verlei nie, die versoening sal nooit herhaal hoef te word nie en daar sal geen gevaar wees van nog 'n opstand in die heelal nie. Dit alleen wat sonde in hierdie wêreld van duisternis kan terughou, sal dit in die hemel verhoed. Die betekenis van die kruis van Christus sal verstaan word deur die heiliges en engele. Die gevalle mens sal nie 'n tuiste in die paradys hê sonder die Lam wat voor die grondlegging van die aarde geslag is nie. Sal ons dan nie die kruis van Christus verhef nie? Die engele gee eer aan Christus, want selfs hulle is nie veilig as hulle nie die lyding van Christus in ag neem nie. Dit is deur die voltreffendheid van die kruis wat engele teen afval bewaar word. Sonder die kruis sal hulle geensins veiliger wees teen sonde as die ander engele voor die val van die Satan nie. Volmaakte engele het misluk in die hemel. Volmaakte mense het gefaal in Eden, die paradys van God. Almal wat veilig wil wees op aarde of in die hemel moet hulle oë vestig op die Lam van God. [SDABC 1:1132]

[125] Niemand wat in Jesus Christus glo is onder die juk van die wet

van God nie, want Sy wet is 'n wet van lewe en nie van die dood nie, vir diegene wat sy insettinge onderhou. Almal wat die geestelikheid van die wet besef, wat sy krag erken om die sonde te ontbloot, is in net so 'n hulpelose toestand as die Satan self, tensy hulle die versoening aanvaar vir hulle voorsien in die genesende offerande van Christus, ons versoening en eenwording met God.

Deur geloof in Christus word gehoorsaamheid aan elke beginsel van die wet moontlik gemaak. [SDABC 6:1077]

Die apostel doen 'n beroep op almal om die voorbeeld van Christus te volg. Die Aanvoerder van die hemel het Homself gegee om 'n lewe van vernedering en armoede te lei, dat Hy saam met die gevalle mensdom kon staan om die beeld van God in die mens te herskep. Die Here Jesus was gewillig om arm te word sodat deur Sy vernedering en Sy dood aan die kruis, Hy die losprys vir ons kan betaal.

Of ons arm of ryk is, ons moet nooit vergeet dat die armoede van Christus 'n deel was van Sy menslike erflating nie. Dit was nie net die verraad of die lyding aan die kruis wat die versoening uitgemaak het nie. Die vernedering waarvan Sy armoede deel was, is ingesluit in die versoening. Christus het in Sy eie Goddelike siel die hele spektrum van menslike lyding omvat. [SDABC 6:1103]

Luister na sy verduideliking van die werk van die Messias as die groot Hoëpriester van die mensdom - die Een wat deur die offer van Sy eie lewe eens en vir altyd vir die sonde van almal versoening sou doen en dan Sy bediening in die hemelse heiligdom sou aanvaar. Paulus het sy toehoorders laat verstaan dat die Messias na wie se koms hulle verlang het, reeds gekom het dat Sy dood die teenbeeld was van al die soenoffers en dat Sy bediening in die hemelse heiligdom die groot werklikheid was wat sy skaduwee teruggewerp en die betekenis van die bediening van die Joodse priesterskap verklaar het. [HA197]

Die goeie nuus van die evangelie is die eerste keer aan Adam gegee in die aankondiging aan hom dat die saad van die vrou die slang se kop sou vermorsel en dit is oorgedra deur opeenvolgende geslagte aan Noag, Abraham en Moses. Die kennis van die wet van God en die plan van verlossing is aan Adam en Eva oorgedra deur Christus self. Hulle het die kosbare les bewaar en dit aan hulle

kinders en kleinkinders oorvertel. Op hierdie wyse is die wet van God as pag bewaar. [1 SM 230]

[126] Terwyl Moses in die berg saam met God was, is die plan van verlossing, soos in die begin met die val van Adam, aan hom geopenbaar op indrukwekkende wyse. Hy het toe geweet dat die Engel wat Israel op hul reis vergesel het, in die vlees geopenbaar sou word. Die dierbare Seun van God, wat een met die Vader was, sou alle mense wat in Hom sou glo en vertrou, een met God maak. Moses het die ware betekenis van die offerandestelsel verstaan. Christus het die evangelieplan aan Moses geleer en die heerlikheid van die evangelie het, deur Christus, sy aangesig laat skyn sodat die volk nie na hom konkyknie. [1 SM 231/2]

In die vonnis wat oor Satan uitgespreek is, is daar 'n aanduiding van verlossing gegee. "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou," het God gesé "en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal Hom in die hakskeen byt" [Gen.3:15]. Hierdie vonnis, wat ten aanhore van ons oerouers uitgespreek is, was vir hulle 'n belofte. Voordat hulle van die doring en die distel verneem het, van die arbeid en smart wat hulle lewenslot moet wees, of van die stof waarheen hulle moet terugkeer, het hulle na woorde geluister wat nie anders kon as om hulle met hoop te besiel nie. Alles wat verlore is deur aan Satan toe te gee, kon deur Christus herwin word. [Opv.27]

In elke offergawe aan God moet ons die een groot Gawe erken deur wie alleen ons diens voor God aanvaarbaar is. Toe Abel die eersteling van sy kudde geoffer het, het hy God erken, nie alleen as die Gewer van sy aardse seëninge nie, maar ook as die Gewer van die Verlosser. Abel se offer was die beste wat hy kon bring, want dit was die Here se aangewese vereiste. Maar Kain het slegs die opbrengs van die land gebring en dit was nie deur die Here aanvaar nie. Al ons offergawes moet besprinkel word met die bloed van die versoening. As die duur gekooptes van die Seun van God, moet ons ons lewe aan die Here gee. [SDABC 1:1086]

Hy het die nuwe verbond aan hulle opgedra waardeur almal wat Hom ontvang, kinders van God word en mede-erfgename van Christus. Deur hierdie verbond was elke seën wat die hemel in hierdie en die toekomstige eeue kan uitstort, hulle s'n. Hierdie verbondsakte sou deur die bloed van Christus bekragtig word en die hou van

die sakrament sou hulle herinner aan die perkelose opoffering wat vir elkeen van hulle indiwidueel gemaak is as deel van die gevalle mensdom se groot geheel. [KE 597]

Die Vader plaas Sy liefde op Sy uitverkorenes wat tussen mense woon. Dit is diegene wat Christus verlos het deur die losprys van Sy eie bloed en omdat hulle gehoor gee aan die roeping van Christus. Deur die soewereine genade van God, word hulle uitverkies om [127]
gered te word as Sy gehoorsame kinders. Op hulle is die vrye genade van God, die liefde waarmee Hy hulle liefgehad het. Elkeen wat hom soos 'n kindjie sal verootmoedig, wat die Woord van God met die eenvoud van 'n kindjie sal ontvang en gehoorsaam, sal onder die uitverkorenes van God wees. [6BC 1114]

In die raadsbesluite van die hemel is voorsiening gemaak dat die mens, alhoewel oortreders, nie sou vergaan in hulle ongehoor-saamheid nie, maar, deur geloof in Christus as hulle Plaasvervanger en Pand, die uitverkorenes van God kan word, uitverkies tot die aanneming tot kinders deur Jesus Christus vir Homself volgens die behae van Sy wil. God wil hê dat alle mense gered word, want voldoende voorsiening is gemaak deur die gawe van God se eniggebore Seun as losprys vir die mens. Die wat verlore gaan, gaan verlore omdat hulle weier om deur Christus aangeneem te word as die kinders van God. [6BC 1114(St Jan. 2,1893)]

'n Ander verdrag wat in die Skrifte die ou verbond genoem word, is by Sinai tussen God en Israel aangegaan en dit is daar op die plek deur die bloed van 'n offerdier bekragtig. Die verbond met Abraham is deur die bloed van Christus bekragtig en word die" tweede" of" nuwe" verbond genoem omdat die bloed waarmee dit verseël is, gestort is na die bloed wat die eerste verbond bekragtig het. Dat die nuwe verbond reeds in die dae van Abraham geldig was, blyk uit die feit dat dit destyds deur sowel die belofte as die eed van God bevestig is - die twee "onveranderlike dinge," waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg." [Heb. 6:18]

Die versoenings offerande is volledig en voldoende. Dit is die nuwe verbond, verseël deur Sy bloed, gestort vir die vergifnis van die sonde van vele. Dit het Christus by die laaste avondmaal verklaar. In hierdie beker is daar, vir diegene wat in geloof drink, vredemakende, sielreinigende krag. Dit is die balsem van Gilead wat deur God

voorsien is om genesing en gesondheid aan die sonde belaaide siel te gee. [SBC. 1102(Letter 108.1899)]

Onder die nuwe verbond is die voorwaardes waaronder die ewige lewe verkry kan word, dieselfde as onder die ou verbond, volmaakte gehoorsaamheid. Onder die ou verbond was daar vele oortredinge van moedswillige aard waarvoor die wet nie voorsiening gemaak het nie. In die nuwe en beter verbond het Christus die wet vervul vir die oortreders van die wet, as hulle Hom aanvaar deur geloof as persoonlike Saligmaker. "Maar almal wat Hom aangeneem het, aan
[128] hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word": aan almal wat tot Christus kom en op Sy meriete vertrou om hulle sondes weg te neem. In die nuwe verbond word ons deur die bloed van Christus gereinig. [7 BC 931 (Letter 276,1901)]

Die verbondsark, met die versoendeksel, wat die heilige wet van God bevat, is 'n toonbeeld van Jehova self. Terwyl ons ons daarin verheug dat Jesus gekom het, dat die offerandes van die vorige bedeling vervang is deur die volmaakte offerande vir die sonde, laat dit ons nie toe om daardie tyd te verag nie. Die wat kwetsende opmerkings maak oor die Joodse bedeling, toon aan dat hulle onkundig is aangaande die Skrifte en die krag van God. [R&H Mar 2,1886(2:23)

## 'n Volmaakte Versoening

Ons moet ons verheug dat die versoening volledig is en glo in Christus as ons volmaakte Verlosser. Ons weet dat die Vader ons liefhet soos Hy die Seun liefhet. [R&Hnovl 1,1890 (2:438)]

Die bloed van Jesus Christus is voldoende, maar moet gedurig aangewend word... As dit nodig was in die ou bedeling dat die onreine deur die bloed van besprinkeling gereinig moes word, hoeveel te meer vir die wat in die sware tye van die laaste dae lewe en blootgestel is aan die versoekings van die Satan om die bloed van Christus daagliks aan te wend. [R&H Jan.9,1883(1:319)]

Niemand is 'n lewende Christen tensy hy 'n daaglikse ondervinding het in die dinge van God nie... Soos hy groei tot volmaaktheid, ondervind hy bekering tot God elke dag en hierdie bekering is nie voltooi totdat 'n volmaakte Christelike karakter bereik is nie en volle

voorbereiding gemaak is vir die aanwend van onsterlikheid. [R&H Aug 17,1886 (2:67)]

Hoe volkome ons toewyding mag gewees het by bekering, dit sal ons niks baat tensy dit daaglik hernu word nie. [R&H Jan 6,1885(1:495)]

### Die Toegepaste Versoening - Regverdiging

Die werk wat die Christelikheid bestem is om te bereik is nie om die wet van God af te takel nie of om in die minste afbreuk te doen aan Sy waardigheid nie, maar om daardie wet in die hart en verstand te skryf. As die wet op die wyse in die hart van die gelowige gegraveer is, nader hy die ewige lewe deur dieverdienstevan Jesus. [R&H Jul 21,1891 (2:506)]

Christus, die Hersteller, plant 'n nuwe beginsel van lewe in die [129]
siel en die plant groei en dra vrugte. Die genade van God reinig terwyl dit vergewe en maak mense geskik vir 'n heilige hemel. [R&H Jul 14,1891 (2:504)]

Die huidige boodskap, regverdiging deur die geloof, is 'n boodskap van God; dit dra die Goddelike stempel, want sy vrugte is tot geregtigheid... Ons het ook meer kennis nodig, ons moet ingelig word oor die plan van verlossing. Daar is nie een uit 'n honderd wat die Bybelleer aangaande hierdie onderwerp, wat so noodsaaklik vir ons teenwoordige en ewige welsyn is, verstaan nie. [R&H Sep 3,1889(2:329)]

Regverdiging is die verlossing van 'n siel uit die verderf, sodat hy heiligmaking kan verkry en deur heiligmaking die lewe van die hemel. Regverdiging beteken dat die gewete, gereinig van bose werke, geplaas word waar dit die seëninge van heiligmaking kan ontvang. [7 BC 908 (MS 113,1902)]

Christus is die weg, die waarheid en die lewe en die mens kan geregverdig word slegs deur Christus se geregtigheid wat ons toegereken word. Die mens word vrylik geregverdig deur die genade van God deur die geloof en nie deur werke sodat ons kan roem nie. Verlossing is die gawe van God deur Jesus Christus. [R&H Nov 11,1890(2:437)]

Vergifnis en regverdiging is een en dieselfde ding. Deur geloof verander die gelowige van die posisie van 'n rebel, 'n kind van

sonde en die Satan, na die posisie van 'n lojale onderdaan van Jesus Christus, nie omrede inherente goedheid nie, maar omdat Christus hom aanvaar deur aanneming as Sy kind. Die sondaar ontvang die vergifnis van sy sonde, want die sonde word nou gedra deur sy Pand en Plaasvervanger. Die Here praat met Sy hemelse Vader, en sê: "Dit is My kind, Ek stel hom vry van die oordeel van die dood en gee hom My lewens-assuransie polis - die ewige lewe - want Ek het sy plek geneem en gely vir sy sondes. Hy is My geliefde seun." Dus staan die mens, vergewe en geklee met die lieflike kleed van Christus se geregtigheid, sonder sonde voor God.

Regverdiging is die teenoorgestelde van oordeel. Die perkelose genade van God word uitgeogefen teenoor diegene wat dit glad nie verdien nie. Hy vergewe oortredings en sonde om Jesus ontwil, wat die versoening vir ons sonde geword het. Deur geloof in Christus word die skuldige oortreder in die guns van God gebring en in die sterk hoop op die ewige lewe. [6BC 1070 (RC 74)]

[130] **Die Toegepaste Versoening - Heiligmaking**

In al Sy handelinge met Sy volk het God die heiligmaking van die kerk voor oë. Hy het hulle van ewigheid af gekies om heilig te wees. [PP 444]

Die mens is in die begin geskape in die ewebeeld van God, nie alleen wat karakter betref nie, maar ook in vorm en gelaatstrekke. Die sonde het die goddelike beeld geskend en byna uitgewis, maar Christus het gekom om te herstel wat verlore was. Hy sal ons vernederde liggame van gedaante verander om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam. Die sterflike, verganklike vorm, sonder enige skoonheid en wat eenmaal deur die sonde besoedel was, is nou volmaak, heerlik en onsterflik. [GS728]

Soos God volmaak is in Sy sfeer, so word van ons vereis om volmaak te wees in ons sfeer. Daar is 'n groot werk vir elkeen om hierdie hoë standaard te bereik en sommige het kwalik hul ABC in die skool van Christus geleer. Ons sal bereik volgens ons strewe en ons karakter sal slegs wees wat ons daarvan maak, want deur die goddelike hulp voorsien, kan ons oorwin. [R&HJune. 3,1883(1:432)]

Die Here het die mens van ewigheid uitverkies om heilig te wees." Want dit is die wil van God, naamlik hulle heiligmaking."

Die wet van God verdra geen sonde nie, maar vereis volmaakte gehoorsaamheid. Die weerklank van Gods stem kom gedurig tot ons:“Heiliger, nog heiliger.” En ons antwoord moet altyd wees: “Ja, Here, nog heiliger.” Heiligheid is binne bereik van almal wat daarna reik in geloof, nie as gevolg van goeie werke nie, maar omrede die verdienste van Christus. [7 BC 908 (MS 113,1902)]

Ons heiligmaking is die werk van die Vader, Seun en die Heilige Gees. Dit is die vervulling van die verbond wat God gemaak het met diegene wat hulself verbind het om saam met Hom, Sy Seun en die Heilige Gees, in gemeenskap te staan. Is u wedergebore? Het u ‘n nuwe mens in Christus Jesus geword? Werk dan saam met die drie groot magte van die hemel wat vir julle werk. [7BC 908]

“God het die mens “geskape na Sy beeld” (Gen. 1:27) en dit was Sy doel dat hoe langer die mens geleef het, hoe vollediger hy hierdie beeltenis sou openbaar - om des te vollediger die heerlikheid van die Skepper te weerkaats. Al sy vermoëns was tot ontwikkeling in staat; die kapasiteit en lewenskrag daarvan moes aanhoudend toeneem. Ontsaglik groot was die speelruimte vir hul beoefening; heerlik die veld wat vir hulle navorsing oopgestel is... Om in die mens die beeld van sy Skepper te herstel, om hom terug te bring na die volmaaktheid waartoe hy geskape is, om die ontwikkeling
van liggaam, verstand en siel te bevorder, sodat die Goddelike doel [131]
met Sy skepping verwesentlik kan word - dit sou die werk van die saligmaking wees. Dit is die doel van die opvoeding, die groot doel van die lewe. [Opv 15,16]

Die lewe van Daniël is geïnspireerde illustrasie van ‘n lewe wat heilig gemaak is. Dit is ‘n les vir almal en vernaamlik vir die jeug. Streng gehoorsaamheid aan die vereistes van God is voordelig vir die heil van liggaam en verstand. Om die hoogste peil op sedelike en verstandelike vlak te bereik, is dit nodig om wysheid en krag van God te vra en streng matigheid in al die gewoontes van die lewe aan te kweek. [SL 23]

Henog is ‘n uitstaande karakter. Sommige mense sien hom as ‘n geval ver bokant die deursnee man se bereik. Maar Henog se karakter wat so heilig was dat hy hemel toe geneem is sonder om die dood te smaak, is ‘n voorbeeld van wat die lewens en karakters van almal wat, soos Henog, saam met Christus wil gaan wanneer Hy kom,

moet wees. Sy lewe is 'n voorbeeld van wat elke persoon se lewe kan wees as Hy hom aan God verbind. [R&H Sept. 1,1885(1:543)]

Die goddelike karakter van die profeet (Henog) is 'n voorbeeld van die peil van heiligheid wat diegene moet bereik wat hoop om hemel toe te gaan. [R&HJul. 31,1888(2:233)]

Die Heiland vra alles van ons: Hy vra ons eerste en heiligste denke, ons reinste en mees intense toegeneentheid. As ons waarlik deelgenote van die goddelike natuur is, sal Sy lof gedurig op ons lippe en in ons harte wees. Ons enigste veiligheid is om alles aan Hom oor te gee en daagliks te groei in genade en 'n kennis van die waarheid. [SL 95]

Die heiligmaking in die skrifte afgebeeld, het te doen met die hele mensliggaam, siel en gees. Hier is die konsep van ware toewyding. Paulus bid vir die kerk te Thessalonika dat hulle die groot seën mag ontvang. 1 Thes. 5:23. [SL7-10]

Heiligmaking is'n daaglikse werk. Laat niemand homself bedrieg met die geloof dat God hulle sal vergewe en seën terwyl hulle een van Sy vereistes vertrap nie. As ons moedswillig en wetend sondig, doof dit die stem van die Gees en sonder die siel af van God. Hoe godsdienstig ons ookal voel, Jesus kan nie in 'n hart woon wat Sy wet verwerp nie. Die Here vereer diegene wat Hom vereer. [R&H Nov 15,1887(2:169)]

[132] Heiligmaking is nie die werk van 'n oomblik, 'n uur of 'n dag nie, maar van 'n leeftyd. Dit word nie verkry deur 'n gevoel van geluk nie, dit is die gevolg van voortdurend vir die sonde te sterf en voortdurend vir Christus te leef. Verkeerde dinge kan nie reggestel of verandering in die karakter bewerkstellig word deur af en toe floue pogings aan te wend nie. Dit is alleen deur langdurige, volhardende inspanning, strenge selfbeheersing en ernstige stryd dat ons sal oorwin. [PP 441 /2]

Daar is in die godsdienstige wêreld 'n teorie van heiligmaking wat in sigself vals is en 'n gevaarlike invloed het. In baie gevalle het diegene wat voorgee dat hulle geheilig is, nie die ware ondervinding nie. Hulle heiligmaking bestaan uit wil en lippetaal aanbidding. Diegene wat werklik strewe na volmaakte karakters, sal nooit daarop roem dat hulle sondeloos is nie. Hulle lewens mag miskien onberispelik wees, hulle mag miskien lewende voorbeelde wees van die waarheid wat hulle aangeneem het, maar hoe meer hulle hulle ver-

stand dissiplineer om die karakter van Christus te oorpeins, hoe nader hulle aan die goddelike beeld kom, hoe duideliker sal hulle Sy vlekkelose volmaaktheid besef en hoe meer sal hulle hul eie tekortkominge aanvoel.

As mense aanvoer dat hulle geheilig is, gee hulle genoegsame bewvs dat hulle ver van heilig is. Hulle sien nie hulle eie swakheid en armoede nie. Hulle dink hulle weerkaats die beeld van Christus, want hulle het geen ware kennis van Hom nie. Hoe groter die afstand tussen hulle en die Heiland, hoe regverdiger kom hulle in hul eie oë voor. As ons in berou en ootmoedige vertroue die lewe van Jesus oorpeins, Hy wat deur ons sonde deursteek is en gebuk moes gaan deur ons laste, kan ons leer om in Sy voetstappe te wandel. Deur Hom te aanskou, word ons verander in Sy goddelike beeltnis. En wanneer Hy Sy werk in ons volbring, sal ons op geen regverdigheid van ons eie aanspraak maak nie, maar Hom verhef, terwyl ons ons hulpelose siele op Sy verdienste laat rus.

Die Heiland het altyd selfregverdiging verdoem. Hy het Sy dissipels geleer dat die uitnemendste soort aanbidding dit is wat hom openbaar in 'n stil, onopsigtelike wyse. Hy het hulle gewaarsku om liefdadigheid sonder akklamasie te doen, nie met vertoon nie, nie om deur die mens gesien te word nie, maar tot eer van God en in afwagting van hulle loon in die hiernamaals. As hulle goeie dade doen om deur hul medemens gesien te word, sal hul geen loon van hul Vader in die hemel ontvang nie.

Die volgelinge van Christus is geleer om nie te bid om deur ander gehoor te word nie." Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborge is en jou Vader wat in die verborge sien, sal jou in die openbaar [133]
vergelde." Sulke uitdrukkings van die lippe van Christus toon dat Hy nie die soort vroomheid deur die Fariseërs beoefen, met goedkeuring bejeën het nie. Die bergpredikasie toon dat dade van erbarming slegs edel is en aanbidding slegs welriekende invloed het as dit in 'n onverwaande wyse gedoen word, in berou en ootmoed. Die suiwere motiewe heilig die daad.

Ware heiligmaking is algehele gelykvormigheid aan die wil van God. Opstandige gevoelens en gedagtes is oorwin en die stem van Jesus wek 'n nuwe lewe wat die hele wese omvat. Die wat waarlik geheilig is sal nie hul eie opinies as die maatstaf van goed en

kwaad voorhou nie. Hulle is nie eng en selfregverdig nie, maar hulle vertrou hulself nie, sodat hulle nie dalk sal struikel en kort skiet in die vereistes waarop die beloftes gegrond is nie.

Baie wat voorgee dat hulle geheilig is, is onkundig aangaande die werk van genade in die hart. As hulle beproef word is hulle soos die selfregverdige Fariseërs. Hulle verdra geen teenspraak nie. Rede en oordeel word opsy geskuif en hulle vertrou geheel en al op hulle gevoelens, terwyl hulle steun op emosionele ondervindings wat hulle een of ander tyd gehad het. Hulle is hardkoppig en dwars in hulle aanspraak op heiligheid, met baie lippetaal maar sonder vrugte as bewys. Diegene wat voorgee dat hulle heilig gemaak is, bedrieg nie net hulself deur hulle huigelary nie, maar lei ander, wat vuriglik begeer om die wil van God te doen, op die verkeerde weg. Hulle voer keer op keer aan: "God lei my! God leer my! Ek lewe sonder sonde" Baie wat in aanraking kom met hierdie gees ervaar 'n duistere geheimsinnigheid iets wat hulle nie kan verstaan nie. Maar dit dra glad nie die beeld van Christus, ons enigste voorbeeld, nie. [SL 7-10]

Heiligmaking is 'n progressiewe werk. Die opeenvolgende stappe word in die woorde van Petrus uiteengesit (2 Pet. 1:5-11). Hier is vir ons 'n onfeilbare weg. Vir die wat daagliks by hul Christelike deugde byvoeg, sal God die gawes van die Gees vermenigvuldig. [SL 94,95]

Heiligmaking is nie die werk van 'n oomblik, 'n uur of 'n dag nie. Dit is gedurige groei in genade. Ons weet nie vandag hoe fel ons stryd móre gaan wees nie. Die Satan lewe en is aktief en ons moet elke dag die Here smeek om hulp om hom te weerstaan. Solank as wat die Satan leef sal ons onsself moet onderwerp, aanvegtinge moet oorwin en daar is geen rusplek, 'n plek waar ons sal kan sê dat ons ons doel bereik het nie. [IT 340]

[134] Die kosbaarste vrug van heiligmaking is sagmoedigheid. Wanneer hierdie bekoring die siel beheers, word die karakter deur sy invloed gevorm. Die mens wag voortdurend op God en onderwerp sy wil aan Hom. [SL11 -15]

Ons moet daagliks strewe teen uiterlike boosheid en innerlike sonde as ons 'n volmaakte Christelike karakter wil verkry. [R&H Mei 30,1882(1:319)]

Kortliks, die mens moet oorwin soos Christus oorwin het. En dan, deur die oorwinning wat dit sy voorreg is om deur die almagtige naam van Jesus te verkry, kan hy 'n erfgenaam van God word en mede-erfgenaam van Christus.

Dit kan nie die geval wees as Christus al die werk van oorwinning moet doen nie. Die mens moet sy deel doen. Die mens moet 'n oorwinnaar in sy eie reg wees deur die krag en genade wat Jesus aan hom skenk. [R&H Nov. 21, 1882(1:341)]

Daar is ruwe blokke wat uit die steengroef van die wêreld gekap word, maar dit is nie die plan van God dat hulle so onverwerk bly nie. Ons sal almal in Gods werkswinkel gebring word waar die hamer en die beitel sy werk kan doen totdat ons reggekap is, dan moet ons 'n nog veeleisender werk van boen en bruinering ondergaan totdat ons geskik is vir 'n plek in die tempel van God waar elke blok in sy plek geplaas sal word sonder beitel of hamer. [R&HDes. 18,1883(1:384)]

Die kind van God verkry krag soos hy vooruitgaan; sy lig moet meer en meer skyn anders sal dit dof word en uitgaan. Sy geloof moet sterker word, sy toewyding meer volledig, sy liefde meer volmaak, sy ywer onvermoeid, sy moed bestendig, sy geduld onuitputlik, wyl hy stadig vooruitgang maak in die kennis van die waarheid en die liefde van Jesus. [R&H Des.18, 1883(1:384)]

God sal nie vir ons doen wat ons vir onsself kan doen nie. [R&H Mei 20, 1884(1:427)]

Ware godsdiens is niks minder as gelykvormigheid aan die wil van God en gehoorsaamheid aan alles wat Hy beveel het en in ruil gee dit ons geestelike lewe, reken die geregtigheid van Christus aan ons toe en bevorder 'n gesonde en gelukkige beoefening van die beste vermoëns van die hart en verstand. [R&H Mei 27,1884(1:429)]

Deur die werk van die Heilige Gees, die heiligmaking deur die waarheid, word die gelowige geskik gemaak vir die hemelhowe daarbo, want Christus werk in ons en Sy geregtigheid is op ons. Daarsonder sal geen siel reg hê op die hemel nie. Ons sal nie die [135]
hemel geniet nie tensy ons geskik gemaak is vir daardie heilige atmosfeer deur die invloed van die Heilige Gees en die geregtigheid van Christus. [1 SM 395]

By geen punt in ons ondervinding kan ons ontslae raak van dit wat ons in staat gestel het om te begin nie... Goddelike genade is nodig aan die begin, genade is nodig vir elke tree wat ons gee en

goddelike genade alleen sal die werk voltooi. Daar is geen plek waar ons sorgeloos kan rus nie. [TM 507/508]

God lei Sy volk stap vir stap. Hy bring hulle op verskeie plekke om aan hulle te toon wat in die hart is. Sommige hou vol in een opsig, maar skiet te kort in ‘n ander opsig. Met elke stap vorentoe word die hart ‘n bietjie feller beproef. As die belydende volk van God vind dat hulle harte in opstand kom hierteen, behoort hulle te besef dat hulle nog ‘n stryd het vir oorwinning as hulle nie deurdie Here uitgespuug wil word nie. [1T187]

Daar is eerlike siele wat deels in God vertrou en deels in hulleself. Hulle vertrou nie op God om deur Sy krag behoue te bly nie, maar steun op hulle eie waaksaamheid teen versoeking en die verrigting van sekere pligte om deur Hom aanvaar te word. Daar is geen oorwinnings in hierdie soort geloof nie. Sulke mense werk vrugteloos; hulle siele is gedurig in slawerny en hulle vind geen rus voordat hulle hul laste aan die voet van Jesus neergelê het nie. [1 SM 353]

In die wedergebore hart sal daar ‘n vaste beginsel wees om die wil van God te gehoorsaam, want daar is ‘n liefde vir wat regverdig, goed en heilig is. [R&H.Mei 26,188501:525]

Die feit dat ons geroep is om beproewings te verduur, bewys dat die Here in ons iets kosbaars sien wat Hy graag wil ontwikkel. As Hy niks in ons sien wat tot Sy eer kan strek nie, sal Hy nie tyd mors om ons te probeer louter nie. Ons doen nie die moeite om ‘n doringbos te snoei nie. Christus werp nie waardelose materiaal in die oond nie. Dit is waardevolle erts wat hy beproef. [7 T 214]

Wanneer God beplan dat ‘n persoon ‘n verantwoordelike pos moet beklee, openbaar Hy in Sy genade aan Hom die verborge gebreke in sy lewe sodat hulle na binne kan kyk en krities die komplekse emosies en werking van hulle hart kan ondersoek om uit te vind wat verkeerd is; hulle kan dan hulle denke en gedrag verfyn. God wil hê dat Sy diensknegte bekend raak met die sedelike masjinerie van hulle eie harte. [4T 85]

[136] Baie gee voor dat hulle aan die Here se kant is, maar hulle is nie; die oorwig van al hulle dade is aan die Satan se kant. Hoe sal ons weet aan watter kant ons is? Wie besit die hart? Aan wie dink ons deurentyd? Met wie voer ons graag gesprek? Wie het ons teerste gevoelens en lewenskragte? As ons aan die Here se kant is sal ons

gedagtes van Hom wees en ons keurigste oorpeinsing van Hom wees. Ons het geen vriendskap met die wêreld nie; ons, met alles wat ons het, is aan Hom toegewy. Ons wil graag Sy beeld dra en Sy Gees inadem, Sy wil doen en Hom in alle dinge behaag. [R&H Aug. 16, 1887(2:261)]

Terwyl die jongmense hulle verlossing uitgewerk het met vrees en bewing, was dit God wat in hulle gewerk het om te wil en te doen na Sy welbehae. Die voorwaardes vir die beloning van ons goeie werke is asof alles van ons afhang. Om Gods genade ons eie te maak, moet ons ons deel doen. [R&HJun. 19,1887(2:156)]

Van die kruis tot die kroon moet daar ernstig gestrewe word; daar is 'n stryd teen ingebore sonde en aanvegtinge van uiterlike boosheid. Die Christelike lewe bestaan uit stryd en opmars. Laat ons voorwaarts gaan, want ons stry vir'n onverwelklike kroon. Laat ons met alle ywer ons roeping en verkiesing vas maak. Ons sal uiteindelik triomfeer as ons nie ons pogings tot die goeie verslap nie. [R&H Nov. 29,1887(2:171)]

Alle geskape wesens is van God afhanklik vir lewe. Niemand kan goed wees of doen behalwe soos hy daagliks van God afhanklik lewe nie. En geen siel is regverdig langer as wat hy in lewensbelangrike verbinding met God is, die bron van alle deug, lewe en krag nie. [Letter 7 Feb 6,1894]

Daar is baie buite ons geledere wat in Gods guns is, want hulle het gelewe volgens die lig wat God aan hulle gegee het... As 'n volk het ons die wet gepreek totdat ons so droog soos die berge van Gilboa is, wat nog dou nog reën het. Ons moet Christus in die wet preek en dan sal daar sap en voedsel in die prediking wees wat die verhongerde kudde van God sal voed. [R.&H Mar 11,1890(2:376)]

Baie aanvaar Christus as 'n artikel van die geloof maar hulle het nie reddende geloof in Hom as hulle Offer en Heiland nie. Hulle besef nie dat Christus gesterf het om hulle te red van die straf van die wet wat hulle oortree het nie, sodat hulle teruggebring kan word tot gehoorsaamheid tot God nie... Nie dat hulle mag voortgaan in sonde nie, maar dat hulle van daardie sonde verlos kan word; dat hulle deur die verdienste van Sy geregtigheid in die guns van God [137]
herstel kan word. Weet u dat 'n heilige en regverdige God u pogings om Sy wet te hou sal aanvaar op grond van die verdienste van Sy

geliefde Seun wat vir jou rebellie en sonde gesterf het. [R&H Jul. 24,1888 (2:231)]

Die wit klere is die geregtigheid van Christus wat in jou karakter ingebou kan word... Jy mag sê dat jy in Jesus glo wanneer jy ‘n waardering het van die koste van verlossing. Jy kan dit sê as jy voel dat Jesus vir jou gesterf het aan die kruis van Golgota; as jy ‘n intelligente begrip het van geloof dat Sy dood dit moontlik maak vir jou om op te hou sondig en om ‘n volmaakte karakter te verkry deur die genade van God aan jou geskenk as koopprys van Christus se bloed. [R&H ,Jul 24,1888 (2:231)]

## Heiligmaking en Karakterbou

Moenie dink dat jy moet wag totdat jy een deug volmaak het voordat jy die volgende aanpak nie. Nee, hulle moet saam groei, gevoed uit die fontein van liefde; elke dag van jou lewe kan jy die geseënde eienskappe vervolmaak wat in die karakter van Christus geopenbaar is. [R&H Jul 29,1890(2:416)]

Die mens is geplaas in ‘n wêreld van verdriet, sorge en vertwyfeling. Hy is hier geplaas om getoets en beproef te word soos Adam en Eva, sodat hy ‘n opregte karakter kan ontwikkel en harmonie bring uit struweling en verwarring. [R&HApr. 21,1885(1:515)]

Daar sal geen verandering van karakter wees wanneer Christus kom nie. Karakterbou moet plaasvind gedurende die proeftyd. Hulle dade word daagliks in die boeke van die hemel aangeteken en hulle sal, in die dag van die Here, hul loon ontvang volgens hulle werke. Niemand sal die heilige stad ingaan behalwe as oorwinnaars nie. [R&H Aug. 25,1885(1:541/2)]

Die aanbidding van Christus verlaag nie die ontvanger nie, dit maak hom nooit kru, onbeskof, verwaand, driftig of ongenaakbaar nie. Inteendeel, dit verfyn die smaak, suiwer die oordeel en bring hulle in gevangenisskap met Christus. God se ideaal vir Sy kinders is hoër as die hoogste menslike denke. Hy het Sy heilige wet gegee as afskrif van Sy karakter. [8T. 63/64]

Ons sal individueel wees vir tyd en ewigheid wat ons gewoontes ons maak. Die lewens van diegene wat goeie gewoontes vorm en wie getrou is in die uitvoer van elke plig, sal as skynende ligte wees wat helder strale op die weg van andere laat skyn, maar as gewoontes van

ontrouheid toegelaat word, as lakse, nalatige gewoontes toegelaat word om oorhand te verkry, sal wolke, donker soos middernag, die [138] vooruitsigte van die lewe verduister en die persoon uitsluit uit die ewige lewe. [4T 452]

Die waarheid in die hart ontvang, is in staat om jou wys te maak tot verlossing. Deur te glo en te gehoorsaam sal jy genoegsame genade ontvang vir elke dag se pligte en beproewinge. Jy het nie vandag genade nodig vir móre nie. Berus jou daarin dat jy net met vandag te kampe het. Oorwin vir vandag, verloën self vir vandag; waak en bid vir vandag; verkry oorwinnings in die Here vandag. [3T 333]

Daar is geen geestelike krag daarin vir ons om gedurig oor ons swakhede en afdwalings te tob en die krag van die Satan te betreur nie. Laat ons nie al die onaangename prentjies opgaar nie - die ongeregtighede en korrupsie en teleurstellings, die bewyse van die Satan se mag - om dit in die wandelgange van ons herinnering te hang nie, om daaroor te praat en te weeklaag totdat ons siele gevul is met mismoedigheid. [5T 741 ]

## Die Wet en Die Evangelie

Die wet en die evangelie gaan so in mekaar oor dat die waarheid nie geleer kan word soos dit is in Jesus sonder om hierdie onderwerpe in volmaakte harmonie te bring nie. Die wet is die evangelie van Christus gesluierd; die evangelie is niks minder of meer as die wet omskryf nie, om sy verreikende beginsels te demonstreer nie. [R&H Mei 27,1890(2:398)]

Niemand sal deur sy eie verdienste gered word nie, die loon van die ewige lewe is deur Christus gekoop en geensins deur die mens verdien nie; tog moet evangeliedienaars onthou dat elke persoon volgens sy werke beloon sal word. Die verhoor in die hemelhof sal noulettend werk op die beginsel van werke en ons lusteloosheid en gebrek aan ywer sal hul besluit beïnvloed. [R&HJunl 7,1884 (1:435)]

Ons kan nooit in ons onaktiewe lewe gered word nie. Die lewe van Jesus is ‘n berisping vir elke lui persoon. In Sy krag kan ons ‘n groter en meer volmaakte werk doen. [R&H Jun 24,1878(1:438)]

Al jou goeie werke kan jou nie red nie, maar dit is nogtans onmoontlikvirjou om gered te word sonder goeie werke. [R&H Mrt 21,1878 (1:194)]

## Geloof en Werke

Maar, dierbare broeders, is dit voordelig om twyfel uit te spreek met betrekking tot Christus se gewilligheid om julle te aanvaar? Ek is bevrees julle maak te veel staat op gevoel, deur dit die kriterium te maak. [R&H Jul. 1, 1884(1:439)]

[139] Die populêre fabel dat al wat die mens moet doen is om te glo, het duisende en tienduisende vernietig omdat hulle dit geloof noem wat nie geloof is nie maar slegs ‘n dogma... Sommige van ons broeders is bevrees dat ons te veel op die onderwerp van regverdiging deur die geloof sal bly vassteek, maar ek hoop en bid dat niemand onnodig onsteld sal word nie, want daar is geen gevaar as die leerstelling geleer word soos dit in die Skrifte geleer word nie. As daar nie in die verlede nagelaat is om die mens hieroor in te lig nie, sou dit nie nodig gewees het om nou die aandag daarop te vestig nie. [R&HAprl 1890(2:381)]

Om die gebooie van God te hou vereis van ons goeie werke, selfverloëning, self-opoffering en toewyding tot ander se beswil; nie dat ons werke alleen ons kan red nie, maar dat ons seer sekerlik nie sonder ons goeie werke gered kan word nie. Nadat ons alles gedoen het wat ons in staat is om te doen, dan moet ons sê: Ons het niks meer as ons plig gedoen nie en ons beste werke is onwaardig om die kleinste guns van God te verdien. Christus moet ons geregtigheid en ons kroon van verblyding wees. [R&H Jul 13,1886(2:60)]

Ons moet nie geheel en al passief wees deur te dink dat daar geen werk toegesê is aan diegene wat die ewige lewe wil beërf nie. Nee, nee, die Here vra ons om die beste te doen met die vermoëns wat Hy aan ons gee, om elke vermoë in te span en elke krag in te span sodat ons nie die ewige lewe misloop nie. Dat die mens in luiheid en onaktiwiteit gered kan word is totaal onmoontlik. Die geloof en werke gaan hand in hand. Dat die mens niks het om te doen behalwe om te glo nie, is ‘n dwaling en ‘n gevaarlike leer... ‘n mens wat in sy sonde gered word, sal uit voeling wees met die plan van verlossing en die werk van God. [R&H Okt 30,1888(2:257)]

Daar is ‘n werk wat elkeen van ons moet doen as ons die ewige lewe wil beërwe. Maar alhoewel ons ons deel doen wat God ons gegee het om te doen, moet ons besef dat, nadat ons dit alles gedoen het, ons nog ver kortkom van die ewige lewe as die Here nie aan Sy kant gedoen het wat die sterflike mens nie vir homself kon doen nie. Die geestelike lewe is totaal afhanklik van die samewerking van die menslike en goddelike bronne. [R&H Okt 30,1888(2:257)]

Geloof en werke gaan hand aan hand, want enige goeie daad op [140] sigself is dood. Die hele werk van God in die menslike siel word verrig deur die samewerking van die goddelike Gees met die mens se poging. “Sonder My,” het Christus gesê, “kan julle niks doen nie.” Daar is ‘n behoefte aan gedurige waaksaamheid en ywerige, liefdevolle toewyding, maar hierdie dinge sal natuurlik kom as die siel deur die krag van God bewaar word deur die geloof. Ons kan niks, absoluut niks doen om ons aan te beveel voor God nie. [R&H Jun 17,1884(1:188)]

Geloof, op sigself, is ‘n handeling van die denke... Baie maak die fout om die fyn nuanses tussen regverdiging en heiligmaking omsigtig te probeer omskryf. Hulle bring dan hulle eie idees en spekulasie uit in die definisies. Waarom moet ons meer omsigtig probeer wees as die geïnspireerde Woord oor die lewensbelangrike kwessie van regverdigmaking deur die geloof. [RC 77(Ms. 12a, 1901)]

Ons hoor dikwels dat dit is wat Jesus vir ons gedoen het en nie wat ons vir onsself doen wat ons weg bepaal na die hemel nie. Dit mag waar wees in een sin maar nie in ‘n ander sin nie. Daar is ‘n werk wat ons moet doen om ons geskik te maak vir omgang met engele. Ons moet wees soos Jesus, vry van die smet van sonde. [R&H Nov 17,1885(1:565)]

In die laaste dag sal ons goedgekeur of verdoem word volgens ons werke. [R&H lan 19,1886(2:11)]

Hier word dit duidelik verklaar dat die ewige lewe afhanklik is van gehoorsaamheid aan al die voorskrifte van God. [R&H Nov 17,1885(1:566)]

Die seremoniële wet was luisterryk; dit was die voorsiening wat Christus gemaak het in ooreenkoms met die Vader om te help in die verlossing van die mensdom. Die hele bediening van die tipiese diens is op Christus gebaseer.

Christene maak ‘n vreeslike fout as hulle van hierdie wet, die seremoniële, praat asof dit veeleisend en arbitrêr is en dit dan kontrasteer met die evangelie van Christus en Sy sending op die aarde asof Hy in opposisie was tot die regverdige voorskrifte wat hulle die wet van Moses noem. [R&H Apr. 29, 1875(1:164)]

Manne wat voorgee dat hulle as wagters op Sionsmure staan, praat van die Joodse tydperk as een van duisternis. Hulle stel die godsdiens van die Hebreërs voor as bestaande slegs uit vorme en seremonies en beeld dan in sterke kontras die heerlike lig en voorregte van die evangelie dispensasie uit. Terwyl dit die Here behaag dat ons die seëninge van die evangelie na waarde skat, word die sending van Christus verkeerd voorgestel deur diegene wat Sy werk in die ou dispensasie, soos in die geskiedenis van Adam af tot by die Christelike era, verkleineer. [R&H Sep 14,1886(2:75)]

[141] Dit betaam nie gelowiges in God of die Skrif om die dispensasie wat stap vir stap gelei het tot die huidige, te versmaai nie. In die lewe en dood van Christus het ‘n lig teruggeflits op die verlede, om betekenis te gee aan die hele Joodse bediening en ‘n volmaakte eenheid van die ou en nuwe dispensasie te maak.

Hoekom kan diegene wat voorgee dat hulle die Skrifte verstaan nie sien dat God se vereistes onder genade dieselfde is as in Eden - volmaakte gehoorsaamheid aan Sy wet nie?... Die evangelie of die Nuwe Testament is nie die Ou Testament met ‘n nuwe verlaagde vereiste sodat die sondaar in sy sonde gered kan word nie. Sy geregtigheid word slegs aan die gehoorsame toegereken.

Daar is vele kerklede wat slegs passiewe lede is. Hulle sien geen noodsaaklikheid om te stry vir die ewige lewe nie, maar die Here doen ‘n beroep op almal om hulle kragte in die stryd te werp, om elke vermoë in te span om die ewige lewe waardig te wees. [R&H Jun 19,1888(2:222)]

Christus het na hierdie wêreld gekom om aan die mens geestelike krag te verleen om te kombineer met menslike poging en dat Hy goddelike krag binne bereik van die hulpelose mensdom kan plaas. Bid en werk en werk en bid en handel dan asof sukses van jou elke poging afhang. [R&H Dec. 18, 1888(2:271)]

Almal wat daders van die woord is sal een wees met Christus en soos Henog, met God wandel. [R&H Jan 8,1889(2:227)]

Dit was nodig om die groot standaard van geregtigheid te verhef, maar baie het in die proses nagelaat om die geloof in Jesus te predik. As ons die gees en krag van die derde engel se boodskap wil hê, moet ons die wet en die evangelie saam preek, want hulle gaan hand aan hand. [R&H Sept. 3,1889(2:330)]

Ons geregtigheid word gevind in gehoorsaamheid aan die wet van God deur die meriete van Jesus Christus... Ons kan dit nie bekostig om op een punt te oortree nie... Die mens kan nie die vereistes van die wet van God in sy eie krag alleen nakom nie. Sy offerande, Sy werke, sal die smet van sonde dra. 'n Redmiddel is voorsien in die Heiland, wat aan die mens die meriete van sy eie verdienste gee en hom 'n medewerker in die groot werk van verlossing maak.

As ons Christus aanskou, deurboor vir ons sonde, sal ons sien [142]
dat ons nie die wet van God kan breek en in Sy guns bly nie; want ons sal voel dat ons, as sondaars, die verdienste van Christus moet aangryp en die sonde afsterf... Jesus het gesterf sodat Hy aan die berouvolle sondaar Sy eie geregtigheid kan toereken en dit moontlik maak vir die mens om die wet te onderhou. Die liefde van God is oneindig, maar tog kan die sondaar nie vergewe word behalwe deur die plan van verlossing nie, wat die skande, die hoon, die smaad en dood van die Seun van God omvat nie. Hierdie feit behoort uit alle redelike denke die idee wat deur baie wat hulleself heiligmaking toeëien, dat Sy dood 'n einde gemaak het aan gehoorsaamheid aan Sy wet, uit te wis. [R&H Jun 17,1890(2:403)]

God se genade werk onverpoosd in die mens se hart en wanneer dit aanvaar word, word die bewys dat dit aanvaar is in die lewe en karakter van die ontvanger gesien, want geestelike lewe en groei sal van binne ontwikkel. Die genade van Christus in die hart sal altyd geestelike lewe stimuleer en geestelike groei sal plaasvind. [R&H Mei 24,1892(2:570)]

Die mens kan nie sy eie verlossing uitwerk sonder goddelike bystand nie en God sal hom nie red sonder sy gewillige samewerking nie. [R&H Aug. 30, 1892(2:591)]

Die verantwoordelikheid vir ons ondergang sal voor ons eie deur gelé word. Die Woord van God spreek tot ons asof alles van ons eie pogings afhang. Ons moet kom, ons moet die bose teenstaan, ons moet strewe om deur die poorte te gaan, ons moet die wedloop

met geduld hardloop, ons moet die geloofstryd aanknoop, ons moet worstel met owerhede en magte, ons moet worstel met God in gebed as ons sonder smet voor die troon van God wil staan. [R&H Sep 6,1892(2:593)]

Die mens bou homself nie op as woonplek vir die Gees nie, maar tensy daar samewerking is van die mens se wil met God se wil, kan die Here niks vir hom doen nie. Die Here is die groot Meesterbouer en tog moet die mens saamwerk met die Goddelike Werker, anders sal die hemelse gebou nie voltooi word nie. Al die krag is van God en al die eer kom Hom toe, maar nogtans rus al die verantwoordelikheid by die mens, want God kan niks doen sonder sy samewerking nie. [R&H Okt 25,1892(2:605)]

[143] Die evangelie verswak nie die vereistes van die wet nie; dit verhef die wet en maak dit groot. Onder die Nuwe Testament word niks minder vereis as onder die Ou Testament nie. Laat niemand hom troos met die misleiding, so aangenaam vir die sondige hart, dat God enige opregtheid aanvaar, dit maak nie saak wat die geloof is of hoe onvolmaak die lewe nie, God vereis in Sy kind volmaakte gehoorsaamheid. [R&H Nov 1,1892(2:607)]

Predikante vertel somtyds aan die mens dat hulle niks te doen het behalwe om te glo nie; dat Jesus alles gedoen het en hulle eie werke niks is nie. Maar die Woord van God sê duidelik dat die weegskaal in die oordeel fyn gebalanseer sal wees en dat die besluit op die bewysstukke gebaseer sal wees...

Ons pogings in vrome werke, vir onsself sowel as vir die verlossing van siele, sal'n definitiewe uitwerking op ons loon hê. [R&H Oh 25, 1881(1:291}]

Sedert die val van die mens is God se genade en sedelike heerskappy onskeidbaar. Hulle loop hand aan hand deur albei dispensasies. “Erbarming en waarheid vloei inmekaar; geregtigheid en vrede het mekaar omhels.” [R&HMrt 8,1881 (1:267)]

God het aan die mens ‘n volmaakte maatstaf gegee in Sy wet. As hy dit gehoorsaam, sal hy daardeur lewe, deur die verdienste van Christus. As hy dit oortree, het dit die mag om te verdoem. Die wet wys mens na Christus en Christus wys hulle terug na die wet. [R&H Sept 20, 1881(1:288)]

Ware vryheid en onafhanklikheid word gevind in die diens van God. Sy diens sal op u geen beperking plaas wat nie jou geluk

sal bevorder nie. Deur aan Sy vereistes fe voldoen, sal jy vrede, genoegsaamheid en vreugde vind wat jy nooit kan hê in die weg van oortreding en sonde nie. Oordink sorgvuldig die vryheid wat jy begeer. Is dit die vryheid van die seuns van God, om vry te wees in Christus Jesus of noem u die toegee aan selfsugtige drifte vryheid? Sulke vryheid bring slegs bitter berou; dit is die wreedste slawerny. [R&H Aug 26 1884(1:455)]

Almal sal beloon word in juiste verhouding met die getrouheid, volharding en ywerige pogings wat gedoen word om die Here se sake te hanteer, maar die geval van baie word voorgestel deur die ontroue dienskneg wat sy heer se talent begrawe het, d.w.s. onttrek het aan die wêreld. [R&H Jun, 23, 1885(1:533)] ,

Baie sal nie bekwaam wees om die hemel in te gaan nie omdat hulle nie die balangrikheid sien van die volmaakte Voorbeeld nie. Sommige noem kruheid, slordigheid en onnette klere nederigheid en vryheid van hoogmoed, maar nederigheid is vervul met afsku by aanskoue van sulke maats en wil nie saam met hulle gesien word nie. [R&H Sept 8,1885(1:546)]

Die sorgelose standpunt wat so behaaglik is vir die hart van vlees, [144]
is dat Christus alles gedoen het, dat persoonlike strewe onnodig is en eerder bewys is van ongeloof. Maar die Skrif beveel dat ons ons eie verlossing uitwerk in vrees en bewing. Selfvoldaanheid sal ons nooit red nie. Die wat dink dat omdat Christus alles gedoen het as verdienste, daar dus niks oorbly vir hulle om te doen om aan die vereistes te voldoen nie, mislei hulle eie siele. Christus het gesê: "Ek heilig Myself dat hulle ook deur die waarheid geheilig kan word." [R&H Dec 22, 1885(1:575)]

Word wakker, broeders en susters! Moenie bang wees vir goeie werke nie. Moenie traag wees om goed te doen nie, want julle sal jul loon ontvang as julle volhard. [R&H Apr 20, 1886(2:38)]

Sommige mag aanspraak maak daarop dat hulle groot geloof het in Jesus en dat daar niks is wat jy kan doen wat Christus nie vir jou doen nie. Maar wanneer Christus die dode opwek, sal dit geheel en al van jou handel en wandel afhang of jy sal opstaan tot die lewe of die dood. [R&H Apr 3, 1888(2:199)]

Die mens kan niks bereik sonder Jesus nie en tog is dit so beplan in die plan van verlossing dat die einddoel nie bereik kan word sonder menslike samewerking nie... Hy het lig en waarheid gestuur

dat ons kan wandel in die strale van die Son van Geregtigheid en nie die vonkies van ons eie tonteling nie. [R&H Nov 1; 1890(2:608)]

Om vergewe te word soos Christus vergewe, is nie alleen om vrygespreek te word nie, maar om hernu te word in die verstand. [R&H Aug. 19, 1890(2:419)]

Christus reken aan ons Sy sondelose karakter toe en stel ons voor die Vader in Sy eie reinheid. Daar is baie wat dink dit is onmoontlik om die mag van die sonde te ontsnap, maar die belofte is dat ons gevul kan word met al die volheid van God. Ons mik te laag. Die doel is veel hoër... Ons moet die hoogste eienskappe van die karakter van God weerkaats... Die wet van God is die verhewe maatstaf waaraan ons moet voldoen deur die toegerekende geregtigheid van Christus. [R&H Jul 12, 1892(2:581)]

## Die Ondersoekende Versoening

Net soos die sondes van die volk in die ou tyd op die sondoffer geplaas is en dit deur sy bloed, in beeld, in die aardse heiligdom ingebring is, so ook word die sondes van die boetvaardiges onder die
[145] nuwe verbond deur geloof op Christus geplaas en in werklikheid in die hemelse Heiligdom ingebring. En net soos die sinnebeelde reiniging van die aardse heiligdom geskied het deur die verwydering van die sondes wat dit besoedel het, so ook word die werklike reiniging van die hemelse heiligdom teweeggebring deur die verwydering of die uitdelging van die sondes wat daar opgeteken is. Maar voor dit kan geskied, moet daar 'n ondersoek van die boeke wees om vas te stel wie deur belydenis van sonde en geloof in Christus geregtig is op die seëninge van die versoening. Die reiniging van die heiligdom bring dus 'n werk van ondersoek mee - 'n oordeelswerk. Hierdie werk moet gedoen word voor die wederkoms van Christus om Sy volk te verlos, want wanneer Hy kom, kom Hy met Sy loon om almal te vergeld volgens hulle werke. [Openb 22:12(GS 482))

Beide die profesie van Daniel 8:14, "Tweeduisend driehonderd aande en mores, dan sal die heiligdom in sy regte stand herstel word" en die eerste engel se boodskap, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom," wys op Christus se bediening in die allerheiligste plek, naamlik die ondersoekende oordeel en nie op die koms van Christus vir die verlossing van Sy volk

en die vernietiging van die goddelose nie. Die fout is begaan, nie in die berekening van die profetiese tydperke nie, maar in verband met die gebeurtenis wat aan die einde van die 2,300 dae moes plaasvind. [GS 486]

Die koms van Christus as ons Hoëpriester na die Allerheiligste plek vir die reiniging van die heiligdom soos in Dan 8:14 verklaar; die koms van die Seun van die mens na die Oue van dae, soos in Dan. 7:13 geopenbaar en die koms van die Here na Sy tempel, soos deur Maleagi voorspel, is beskrywings van dieselfde gebeurtenis en dit is ook voorgestel deur die koms van die bruidegom soos deurChristus beskryf in die gelykenis van die tien jong meisies in Matt.25. [GS 488]

In die gelykenis van Mattheus 22 word dieselfde beeld van 'n bruilof gebruik en daar word die ondersoekende oordeel voorgestel as 'n werk wat plaasvind voor die bruilof. Net voor die bruilof kom die koning die gaste ondersoek (v. 11) om te sien of almal die bruilofskleed aan het, naamlik die vlekkelose kleed van karakter, gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam. (Openb. 7:14) Die een wat sonder die bruilofskleed aangetref is, is uitgewerp, maar almal wat die bruilofskleed aangehad het, is deur God aangeneem en waardig geag om 'n deel in Sy koninkryk te hê en om op Sy troon te sit. Hierdie werk van die ondersoek van die karakter of die vasstelling wie almal gereed is vir die koninkryk van God, stel die ondersoekende oordeel voor, die sluitingswerk in die heiligdom daarbo.

Wanneer die ondersoekingswerk klaar is, wanneer die lewens [146] van almal wat deur die eeue heen bely het dat hulle navolgers van Christus was, ondersoek is, dan en nie voor daardie tyd nie, sal die genadetyd sluit en die genadedeur toegaan. In daardie een kort sinnetjie:"En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit." word ons gebring tot die einde van die Heiland se laaste bediening en tot die tyd wanneer die werk vir die verlossing van die mens voleindig is. [GS 491 ]

Toe die hoëpriester in die sinnebeeldige diens die Heilige plek op die versoendag verlaat het, het hy voor God ingegaan met die bloed van die sondoffer ten behoewe van al die Israeliete wat waarlik hul sondes bely het. Christus het dus maar een deel van al Sy werk as Middelaar volbring, om te begin met die ander deel van Sy werk

en Hy pleit nog Sy bloed voor die Vader ten behoewe van sondaars. [GS 492]

Dit is diegene wat Jesus in geloof volg in die groot werk van versoening wat die seëninge van Sy middelaarswerk vir hulle ondervind, terwyl diegene wat die lig wat hierdie bedieningswerk openbaar, verwerp, geen seën ontvang nie. [GS 493/4]

Die groot Offer was geoffer en aangeneem en die Heilige Gees wat op Pinksterdag neergedaal het, het die aandag van die dissipels van die aardse op die hemelse heiligdom gevestig, waarin Jesus gegaan het deur Sy eie bloed, om op Sy dissipels die voordele van die versoening uit te stort. [EG 222]

So het diegene wat die onderwerp ondersoek het, onomstootlike bewys van die bestaan van die heiligdom in die hemel gevind. Moses het die aardse heiligdom gemaak volgens 'n patroon wat aan hom getoon is. Paulus leer ons dat dit 'n afbeeldsel van die ware heiligdom in die hemel was. Johannes getuig dat hy die heiligdom in die hemel gesien het.

In die hemelse tempel, die woonplek van God, is Sy troon in geregtigheid en oordeel bevestig. In die Allerheiligste plek is Sy wet, die groot maatstaf van reg waarvolgens die ganse mensheid geoordeel sal word. Die ark waarin die tafels van die wet is, is bedek met die versoendeksel waar Christus Sy bloed ten behoewe van die sondaar pleit. Hier het ons dus 'n voorstelling van die vereniging van geregtigheid en genade in die verlossingsplan. [GS 475]

[147]

## Die Uitvoerende Versoening

Net soos die hoëpriester sy priesterlike kleed opsy gesit het en in die kleed van 'n gewone priester gedien het, so het Christus Homself ontledig en die vorm van 'n dienskneg aangeneem en die offerande geoffer, Hyself as priester, Hyself as slagoffer. Soos die hoëpriester, nadat hy die diens in die Allerheiligste voltooi het, uitgekom het na die wagtende volk in Sy hoëpriesterlike kleed, so sal Christus die tweede maal kom gekleed in die glorieryke reinwit kleed, so wit soos geen seep dit kan kry nie. Hy sal kom in Sy eie heerlikheid en in die heerlikheid van Sy Vader as Koning van konings en Here van here en die engeleskare sal Hom vergesel. [1 BC 11112(MS 113,1899)]

Diegene wat die geleentheid het om die waarheid te hoor en geen poging aanwend om dit te verstaan nie, omdat hulle dink dat as hulle dit nie hoor nie, hulle nie verantwoordelik sal wees nie, sal voor God net so skuldig staan asof hulle dit gehoor en verwerp het. Daar sal geen verskonings wees vir diegene wat in dwaling bly terwyl hulle die waarheid kon verstaan het nie. In Sy lyding en dood het Jesus versoening gedoen vir alle onwetende sondes maar daar is geen versoening vir moedswillige blindheid nie. [R&H Apr. 25, 1893(5BC 1145)]

In die teenwoordigheid van die vergaderde bewoners van die aarde en die hemel vind die finale kroning van die Seun van God plaas. En nou, beklee met die opperste majesteit en krag, spreek die Koning van die konings die vonnis uit oor die rebelle teen Sy regering en daar word regverdige straf uitgedeel aan diegene wat Sy wet oortree en Sy volk verdruk het. Die profeet van God sê: "Ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan en die boeke is geopen en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke." [Openb. 2:11,12]

Sodra die boeke geopen word en die oog van Jesus op die goddelose gevestig is, word hulle bewus van elke sonde wat hulle nog ooit gepleeg het. Hulle sien presies waar hulle voete afgedwaal het van die weg van reinheid en heiligheid en presies hoe ver hoogmoed en opstand hulle gevoer het in die oortreding van die wet van God. Die verleidelike versoekings wat hulle aangemoedig het deur verlustiging in sonde, die seëninge wat hulle misbruik het, die boodskappe van God wat hulle verag het, die waarskuwing wat hulle verwerp het, die strome van genade wat hulle teruggehou het deur 'n halsstarrige onboetvaardige hart - alles sien hulle nou soos met letters van vuur geskryf.

Bokant die troon verskyn die kruis en panoramies word die [148]
tonele vertoon van Adam se versoeking en sondeval en die agtereenvolgende stappe in die groot verlossingsplan. Die Heiland se nederige geboorte, Sy kinder - en jonge lingsjare van eenvoud en gehoorsaamheid; Sy doop in die rivier Jordaan; Sy vas en versoeking in die woestyn; Sy openbare bediening waarin Hy aan die mens die

hemel se kosbaarste seëninge ontvou het; die dae vol dade van liefde en genade; die nagte van gebed en die waking in eensaamheid op die berge; die sameswerings van afguns, haat en kwaadwilligheid...

En nou, voor die slingerende skare word die eindtonele geopenbaar - die geduldige Lyer betree die pad na Golgota, die Vors van die hemel hangende aan die kruis; die trotse priesters en die honende gepeupel wat spot met Sy doodsangs; die bonatuurlike duisternis, die bewende aarde, die geskeurde rotse, die geopende grafte wat die oomblik aanwys toe die wêreld se Verlosser Sy lewe opgegee het. [GS 751,2]

[L.W. Die Ondersoekende oordeel en uitvoerende versoening word in die hoofstuk oor die Leer van die Laaste Dae meer breedvoerig behandel].

# Hoofstuk 7 - Die Leerstuk Oor Eindgebeure [149]

God het die mens altyd gewaarswku teen komende oordele. Wie in Sy boodskap vir hul tyd geglo en hul geloof in dade oorgesit het ter gehoorsaamheid aan Sy gebooie, het aan die oordele ontkom wat die ongehoorsames en ongelowiges getref het. Die Woord het tot Noag gekom: "Gaan iy in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek regverdig bevind voor My aangesig in hierdie geslag." Noag het gehoorsaam en is gered." ... Die woord het tot Lot gekom:"Maak julle klaar, gaan uit hierdie plek uit, want die Here gaan die stad verwoes" [Gen.7:1; 19:14]. Lot het hom aan die beskerming van die hemelse boodskappers onderwerp en is gered. So is Christus se dissipels gewaarsku teen die verwoesting van Jerusalem. Diegene wat gewag het op die teken van die komende verwoesting en uit die stad gevlug het, het die verwoesting vry gespring. So word ons nou gewaarsku teen Christus se wederkoms en die verwoesting wat die wêreld sal tref. Wie ag op die waarskuwing slaan, sal gered word. [KE 574]

Ons moet die groot profetiese bakens studeer wat die tye waarin ons lewe aandui. [4 MR 163]

Daar is behoefte aan 'n deegliker studie van die Woord van God. Daniël en die Openbaring moet veral aandag ontvang soos nog nooit tevore nie. Die lig wat Daniël van God ontvang het, is spesiaal vir die laaste dae gegee. [TM 112,3]

Die onvervulde voorspellings van die boek Openbaring sal spoedig vervul word. Die profesie moet nou in alle erns studeer word deur die volk van God en duidelik verstaan word. [1NL 96]

Die ernstige boodskappe wat in hul volgorde gegee is in die boek Openbaring moet die eerste plek inneem in die denke van die volk van God. [Ev. 194/5]

Die profesieë word vinnig vervul. Baie meer hoort gesê te word oor hierdie geweldig belangrike onderwerpe. Die dag is op hande wat die lotsbestemming van siele vir ewig sal vaslê.

Daar hoort groter ywer te wees om die onderwerpe voor die mense te hou. Die ernstige feite hoort nie net voor die mense van die wêreld gehou te word nie, maar ook voor ons kerke, dat die dag van die Here skielik sal kom, onverwags. Die vreesaanjaende waarskuwing van die profesie is gerig aan elke siel. Laat niemand
[150] voel dat hy veilig is teen die gevaar om onverhoeds betrap te word nie. Laat niemand se vertolking van die profesie jou beroof van die oortuiging van die kennis van gebeure wat sal toon dat die groot gebeurtenis naby is nie, ja, voor die deur. [FE 335/6]

Ons kan nie nou met akkuraatheid die tonele beskryf wat hulle sal afspeel in ons wêreld in die toekoms nie, maar dit weet ons, dat dit nou die tyd is om te waak en bid, want die groot dag is op hande. [2 SM 35]

## Eindgebeure verbind aan 1798.

Maar die dier met die lamshorings het uit die aarde opgekom. In stede dat hy ander volke onderwerp het om homself te bevestig, moet die volk wat hier voorgestel is, opkom uit terrein wat voorheen nie deur ander volke beset was nie en dit moes langsaam en vreedsaam ontwikkel. Hierdie volk kon dus nie opkom onder die oorbevolkte en worstelende nasies van die Ou Wêreld naamlik uit daardie onstuimige see van "volke en menigtes en nasies en tale" nie. Ons moet dit dus in die Westelike Halfrond gaan soek.

Watter volk van die Nuwe Wêreld wat blyke gegee het van mag en grootheid en wat die aandag van die wêreld getrek het, het in 1798 opgekom? Die antwoord is voor die hand liggend. Een volk en slegs een, beantwoord aan die beskrywings van hierdie profesie; op onmiskenbare wyse dui dit die Verenigde State van Amerika aan. Keer op keer is die gedagte, byna die juiste woorde van profeet, onbewustelik aangehaal deur die redenaar en geskiedskrywer waar hulle die opkoms en ontwikkeling van hierdie volk beskryf het. Daar is gesien dat die dier "uit die aarde opkom" en volgens die vertalers beteken die woord wat hier "opkom" vertaal is, letter-lik, "om voort te spruit soos 'n plant."

Soos ons gesien het moet daardie volk opkom op terrein wat nie voorheen beset was nie. In sy beskrywing van die opkoms van die Verenigde State praat 'n vooraanstaande skrywer van" die wonder

van sy opkoms uit niksen soos 'n stille saadjie het ons gegroei tot 'n ryk." ln 'n uitgawe van die jaar 1850 het 'n Europese tydskrif van die Verenigde State gepraat as "'n wonderbaarlike ryk wat voortspruit en te midde van die stilte van die aarde daeliks sy mag en sy hoogmoed vermeerder het." In 'n toespraak oor die Pelgrim-stigters van Amerika, gelewer te Plymouth, het Edward Everett gesê: "Het hulle gesoek na 'n stil plekkie wat deur sy verborgenheid nie aanstoot kon gee nie, veilig in sy afgeleëntheid, waar die klein kerkie van Leiden vryheid van gewete kon geniet? Aanskou die magtige geweste waarheen hulle in vreedsame verowering die banier van die kruis gedra het." [GS 504]

"Aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te [151]
doen." En die profeet sê: "Ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was" Verder sê hy: "As iemand krygsgevangene maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word." Die twee-en-veertig maande stem ooreen met die "tyd en tye en die helfte van 'n tyd," naamlik drie en 'n half jaar of 1 260 dae (Dan. 7). Gedurende hierdie tydperk sou die pouslike mag Gods volk verdruk. Soos ons in vorige hoofstukke aangetoon het, het hierdie tydperk begin met die opperheerskappy van die pousdom in die jaar 538 n.C. en dit het geëindig in 1798. In daardie jaar is die pous deur die Franse leër gevange geneem en die pouslike mag het 'n dodelike wond gekry; toe ook is die voorspelling vervul dat as iemand krygsgevangene maak, gaan hy in krygsgevangenskap." (GS 503]

## Die Ondersoekende Oordeel

Net soos die sondes van die volk in die ou tyd op die sondoffer geplaas is en dit deur sy bloed, in beeld, in die aardse heiligdom ingebring is, so ook word die sondes van die boetvaardiges onder die nuwe verbond deur geloof op Christus geplaas en in werklikheid in die hemelse heiligdom ingebring. En net soos die sinnebeeldige reiniging van die aardse heiligdom geskied het deur die verwydering van die sondes wat dit besoedel het, so ook word die werklike reiniging van die hemelse heiligdom teweeggebring deur die verwydering of die uitdelging van die sondes wat daar opgeteken is. Maar voor dit kan geskied, moet daar 'n ondersoek van die boeke wees

om vas te stel wie deur belydenis van sondes en geloof in Christus geregtig is op die seëninge van Sy versoening. Die reiniging van die heiligdom bring dus ‘n werk van ondersoek mee - ‘n oordeelswerk. Hierdie werk moet gedoen word voor die wederkoms van Christus om Sy volk te verlos, want wanneer Hy kom, kom Hy met Sy loon om almal te vergeld volgens hulle werke. [Openb. 22:12] [GS 482]

In die sinnebeeldige diens het alleen diegene wat hulle sondes bely het en wie se sondes deur die bloed van die sondoffer in die heiligdom ingeneem is, deel gehad. So ook sal daar op daardie groot dag van uiteindelike versoening en die ondersoekende oordeel net die sake van Gods volk in aanmerking kom. Die oordeel van die goddelose is heeltemal ‘n afsonderlike werk en dit vind later plaas. “Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin, by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?” 1 Pet. 4:17. [GS 548]

[152] Waar die boeke in die oordeel geopen word, ondersoek God die lewens van almal wat ooit in Jesus geglo het. Beginnende met die lewens van diegene wat eerste op die aardie gelewe het, stel ons voorspraak die sake van elke daaropvolgende geslag voor en Hy sluit af met die sake van diegene wat nog lewe. Elke naam word genoem en elke saak word deeglik ondersoek. Name word goedgekeur en name word verwerp. As enigeen sonde wat nie bely en nie vergewe is nie, in die boeke van die hemel het, sal sy naam uit die boek van die lewe uitgedelg word en sy goeie dade sal uitgewis word uit Gods gedenkboek. Aan Moses het die Here gesê: “Wie teen My gesondig het, die sal Ek uitdelg uit my boek.” Exod. 32:33. En die profeet Esegiël sê: “As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen... aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie.” Esegiël 18:24. [GS 548]

Ons leef vandag in die groot versoendag. Terwyl die hoëpriester in die sinnebeeldige diens besig was om versoening te doen vir Israel, moes almal hulle siele in bekering voor die Here verootmoedig sodat hulle nie onder die volk uitgeroei sou word nie. Net so ook behoort almal wat nou hulle name wil laat bly in die boek van die lewe, in die paar dae van genadetyd wat nog oorbly hulle siele voor God te verootmoedig in berou vir hulle sonde en in ware bekering. Daar moet deeglike hartondersoek plaasvind. Die ligsinnige gees wat deur so baie belydende Christene geopenbaar word, moet versaak word.

Daar lê 'n ernstige stryd voor almal om die bose neigings wat hulle wil oormeester, te oorwin. Die voorbereidingswerk is 'n persoonlike werk. Ons word nie in groepe gered nie. Die reinheid en toewyding van een sal nie die gebreke in die karakter van 'n ander aanvul nie. Hoewel alle volke in die gereg voor God sal moet verskyn, sal Hy die lewe van elke persoon so deeglik ondersoek asof daar nie nog 'n ander siel op aarde was nie. Elkeen moet getoets word en sonder vlek of rimpel of iets dergeliks bevind word.

Plegtig is die tonele wat in verband staan met die sluitingswerk van die versoening. Die allergewigtigste belange is daarin betrokke. Die oordeel is nou aan die gang in die hemelse heiligdom. Vir jare al is hierdie werk aan die gang. Spoedig - niemand weet hoe gou nie - kom die lewendes aan die beurt. In die vreeslike teenwoordigheid van God sal ons lewens in oënskou geneem word. In hierdie tyd, meer as in enige ander, behoort ons ag te gee op die Heiland se vermaning, "Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie." Mark 13:33. "As jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie." Openb. 3:3. Wanneer die ondersoekende oordeel [153]
afgesluit word, sal die lot van alle mense vir die dood of die lewe beslis wees. Die genadetyd sluit 'n tyd voor die verskyning van die Here op die wolke van die hemel. In Openbaring, waar Christus vooruit sien na hierdie tyd, verklaar Hy:"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen en wie vuil is, laat hom nog vuiler word. En kyk, Ek kom gou en My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openb. 22:11,12. . [GS 558]

Op dieselfde wyse moet die tipes wat op die tweede koms betrekking het, ook op die tye vervul word wat in die sinnebeeldige diens aangetoon is. Onder die Mosaiese stelsel het die reiniging van die heiligdom of die groot versoendag, op die tiende dag van die sewende Joodse maand geval, toe die hoëpriester, nadat hy versoening vir die hele Israel gedoen en sodoende hulle sondes uit die heiligdom verwyder het, verskyn en die volk geseën het. (Lev.16:29-34). So is daar ook geglo dat Christus, ons groot Hoëpriester sou verskyn om die aarde te reinig deur die uitwissing van sonde en sondaars en om Sy wagtende volk die onsterflikheid te gee. Die tiende dag van die sewende maand, die groot versoendag , die tyd van die reiniging van die heiligdom, wat in die jaar 1844 op die twee-en-twintigste

Oktober geval het, is beskou as die datum wanneer die Here sou kom. Dit het ooreengestem met die bewyse alreeds aangevoer, naamlik dat die 2 300 dae sou eindig in die herfs en daardie gevolgtrekking het onweerlegbaar geskyn. [GS458, 459]

Beide die profesie van Daniël 8:14, "Tweeduisend driehonderd aande en móres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word" en die eerste engel se boodskap, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van Sy oordeel het gekom,"wys op Christus se bediening in die Allerheiligste plek, naamlik die ondersoekende oordeel en nie op die koms van Christus vir die verlossing van Sy volk en die vernietiging van die goddelose nie. Die fout is begaan, nie in die berekening van die profetiese tydperk nie, maar in verband met die gebeurtenis wat aan die einde van die 2 300 dae moes plaasvind. As gevolg van hierdie fout het die gelowiges teleurstelling ondervind, maar tog is alles wat deur die profesie voorspel is en alles wat hulle volgens die Skrifte verwag het, vervul. Op hierdie selfde tyd toe hulle die mislukking van hulle hoop betreur het, het, die gebeurtenis wat deur die boodskap voorspel is en wat moes vervul word voordat die Here kon kom om sy diensknegte te beloon, plaasgevind.

[154] Christus het gekom, nie na die aarde soos hulle verwag het nie, maar soos deur die sinnebeeld voorafgeskadu, na die allerheiligste plek van die tempel van God in die hemel. Daniël stel Hom voor as komende tot die Oue van dae: "Ek het gesien in die naggesigte en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom, soos die Seun van 'n mens en Hy het gekom, nie na die aarde toe nie, maar tot by die Oue van dae en hulle het Hom nader gebring voor Hom."Dan. 7:13

Hierdie koms is voorspel deur die profeet Maleagi: "Dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare" Mal.3:1. Die koms van die Here na sy tempel was skielik en onverwags vir sy volk. Hulle het Hom nie daar gesoek nie. Hulle het verwag dat Hy na die aarde sou kom "in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie." 2 Thess. 1:8 [GS 486-487]

Wanneer die ondersoekingswerk klaar is, wanneer die lewens van almal wat deur die eeue heen bely het dat hulle navolgers van Christus was, ondersoek is, dan en nie voor die tyd nie, sal die genade

tyd sluit en die genadedeur toegaan. In daardie een kort sinnetjie,"En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof en die deur is gesluit," word ons gebring tot die einde van die Heiland se laaste bediening en tot die tyd wanneer die werk vir die verlossing van die mense voleindig is. [GS 491 ]

## Middernagtelike Geroep

Baie dink met afsku aan die handelswyse van die Jode in hulle verwerping en kruisiging van Christus en waar hulle die geskiedenis lees van die skandelike behandeling wat Hy ondergaan het, dink hulle dat hulle Hom liefhet en dat hulle Hom nie sou verloën het soos Petrus of Hom sou gekruisig het soos die Jode nie. Maar God wat die harte van almal kan lees, het die liefde wat hulle sê dat hulle vir Jesus het, op die proef gesteL Die ganse hemel het met die grootste belangstelling gekyk hoe die eerste engel se boodskap ontvang word. Vele wat gesê het dat hulle Jesus liefhet en wat trane stort wanneer hulle die verhaal van die kruis lees, het gespot met die goeie nuus van Sy koms. Pleks dat hulle die boodskap met blydskap aangeneem het, het hulle gesê dat dit ‘n bedrog was. Hulle het diegene gehaat wat sy koms liefgehad het en het hulle uit die kerke verban. Diegene wat die eerste boodskap ver werp het, kon nie baat by die tweede nie; ook is hulle nie bevoordeel deur die middernagtelike geroep wat hulle sou voorberei om deur geloof saam met Jesus in te gaan in die allerheiligste plek van die hemelse [155]
heiligdom nie. Deur die twee vorige boodskappe te verwerp, is hulle verstand so verduister dat hulle geen lig kon sien in die derde engel se boodskap wat die weg aangewys het na die allerheiligste plek nie. Ek het gesien dat net soos die Jode Jesus gekruisig het, so het die kerke hierdie boodskappe gekruisig en daarom het hulle geen kennis van die weg tot die allerheiligste plek nie en hulle kan geen voordeel trek uit die middelaarswerk van Jesus daar nie. Net soos die Jode, wat hulle nuttelose offers gebring het, so stuur hulle hulle gebede op na die afdeling wat Jesus verlaat het en die Satan, in sy skik met hierdie bedrog, neem sogenaamde Christene tot homself en hy werk met sy krag en tekens en wonders van die leuen om hulle in sy strik te vang. Sommige bedrieg hy op die een manier en ander weer op ‘n ander. Hy het verskillende verleidings vir die

verskillende soorte mense. Sommige sal die een dwaling met afsku verwerp, terwyl hulle 'n andereen geredelik sal aanneem. Die Satan bedrieg sommige met Spiritisme. Ook kom hy in die gedaante van'n engel van die lig en versprei hy sy invloed oor die land deur middel van valse reformasies. Die kerke is in hulle skik en hulle meen dat God op wonderbaarlike wyse vir hulle werk, terwyl dit al die tyd die werk van 'n ander gees is. Die opwinding bedaar later en dit laat die wêreld en die kerk in 'n slegter toestand as voorheen. [EG 222,3]

Die koms van Christus as ons Hoëpriester na die Allerheiligste plek vir die reiniging van die heiligdom, soos in Daniël 8:14 verklaar; die koms van die Seun van die mens na die Oue van dae, soos in Daniel 7:13 geopenbaar en die koms van die Here na Sy tempel soos deur Maleagi voorspel, is beskryf as van dieselfde gebeurtenis en dit is ook voorgestel deur die koms van die brui degom soos deur Christus beskryf in die gelykenis van die tien jong meisies in Mattheus 25. [GS 488]

Dit was die middernagtelike geroep wat krag sou gee aan die tweede engel se boodskap. Engele is uit die hemel gestuur om die ontmoedigde heiliges op te wek en hulle te berei vir die groot werk voor hulle. Dit was nie die mees talentvolle manne wat eerste hierdie boodskap ontvang het nie. Engele is gestuur na die nederiges en toegewydes en hulle moes die boodskap gee: "Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!" Diegene aan wie hierdie boodskap toevertrou is, het haastig en in die krag van die Heilige Gees die boodskap verkondig en hulle ontmoedigde broeders opgewek. Hierdie werk was nie afhanklik van die wysheid en geleerdheid van mense nie, maar van die krag van God en Sy heiliges wat die roepstem gehoor
[156] het, kon dit nie weerstaan nie. Die vromes het eerste die boodskap aangeneem en diegene wat voorheen leiers was in die werk was die laaste om dit aan te neem en te help met die wekroep: "Daar kom die bruidegom, gaan uit hom tegemoet!"

In elke deel van die land is daar lig gegee op die tweede engel se boodksap en die roepstem het die harte van duisende week gemaak. Die boodskap het gegaan van stad tot stad en van dorp tot dorp, totdat die wagtende volk van God heeltemal wakkergeskud was. Baie kerke wou nie toelaat dat die boodskap in hulle midde verkondig word nie en menigtes wat die lewende getuienis gehad het, het hulle aan die gevalle kerke onttrek. Daar is 'n groot werk gedoen deur die

middernagtelike geroep. Dit was ‘n hartdeursoekende boodskap wat die gelowiges laat verlang het na ‘n dieper geestelike lewe. Hulle het geweet dat hulle nie op mekaar kon leun nie. [EG 203/4]

Deur te vas, te waak en gedurig te bid, het die heiliges verlangend gewag op hulle Here. Daar was selfs sondaars wat met siddering gedink het aan die koms, maar die massas het die gees van die Satan geopenbaar in hulle teenstand teen die boodskap. Orals het hulle spottend gesê:“Niemand weet die dag of die uur nie.” Bose engele het hulle aangepor om hulle harte te verhard en elke ligstraal uit die hemel te verwerp sodat hulle vasgevang kon word in die strikke van die Satan. Baie van die wat voorgegee het dat hulle die koms van Christus verwag het, het geen aandeel geneem in die verkondiging van die boodskap nie. Die heerlikheid van God wat hulle gesien het, die nederigheid en toewyding van die wagtendes eh die oorweldigende getuienis, het hulle laat bely dat hulle die waarheid aangeneem het, maar hulle was nie bekeer nie; hulle was nie gereed vir die koms van hulle Here nie. [EG 203/4]

Toe daar geroep is: “Daar kom die bruidegom gaan uit hom tegemoet!” het diegene wat gewag het, opgestaan “en hulle lampe reggemaak” hulle het die Woord van God met ‘n ywer en belangstelling ondersoek soos nooit tevore geken is nie. Engele is uit die hemel gestuur om diegene wat ontmoedig was, op te wek en hulle te berei om die boodskap te ontvang. Die werk het nie in menslike wysheid en geleerdheid geskied nie, maar in die krag van God. Dit was nie diegene met groot talente nie, maar die nederiges en toegewydes wat eerste was om die oproep te gehoorsaam. Boere het hulle gesaaides op die lande laat staan, werktuigkundiges het hulle gereedskap neergesit en met trane en blydskap uitgegaan om die boodskap te verkondig. Diegene wat eers leiers in die saak was, was die laaste om by hierdie beweging aantesluit en oor die algemeen het die kerke hulle deure vir die boodskap gesluit en ‘n hele aantal van die wat dit aangeneem het, het van die kerke afgeskei. In die [157]
voorsienigheid van God het die verkondiging van hierdie boodskap aangesluit by die van die tweede engel en krag aan daardie werk gegee. [GS 460]

## Die Eerste Engel Se Boodskap

Die eerste engel se boodskap van Openbaring 14 wat die uur van Gods oordeel aankondig en die mense maan om God te aanbid, is bedoel om die belydende volk van God af te skei van die verderflike invloede van die wêreld en om hulle op te wek om hulle toestand van wêreldgesindheid en afvalligheid te besef. In hierdie boodskap het God aan die kerk 'n waarskuwing gestuur wat, as dit aangeneem word, die booshede wat hulle van Hom skei, uit die weg sal ruim. As hulle die boodskap van die hemel aanneem, hulle harte voor die Here verootmoedig en in opregtheid klaarmaak om in Sy teenwoordigheid te staan, sal die Gees en krag van God onder hulle geopenbaar word. Die kerk sal weer daardie geseënde staat van eenheid, geloof en liefde bereik wat daar in die apostoliese tyd was toe die gelowiges een van hart en siel was, die woord van God met vrymoedigheid gespreek het en "die Here daagliks by die gemeente gevoeg het die wat gered was. (Hand.4:31,32; 2:47) [GS 435]

Op dieselfde wyse het Miller en sy medewerkers die profesie vervul en het hulle 'n boodskap wat volgens goddelike ingewing voorspel is, gegee. Maar hulle sou dit nie kon gee as hulle die profesieë wat op hulle teleurstelling gewys het, ten volle verstaan het nie. Hierdie profesieë het 'n ander boodskap wat voor die Here se koms aan alle volke verkondig moes word, aangewys. Die eerste en tweede engele se boodskappe is opdie regte tydstip gegee en hulle het die werk wat God met hulle beoog het, gedoen.

Die engel wat help met die verkondiging van die derde engel se boodskap, sal die hele wêreld verlig met sy heerlikheid. Hier word daar 'n wêreldwye werk met onbekende krag voorspel. Die Adventboodskap van 1840-44 was 'n heerlike openbaring van die krag van God; die eerste engel se boodskap het na elke sendingstasie in die wêreld gegaan en in sommige lande is daar die grootste godsdienstige belangstelling opgewek wat nog ooit gesien is sedert die Hervorming van die sestiende eeu, maar dit sal oortref word deur die magtige beweging in verband met die finale waarskuwing van die derde engel. [GS 692]

Die wêreld het toegekyk en verwag dat as die tyd verstryk en Christus nie kom nie, die hele stelsel van Adventisme tot niet sou
[158] gaan. Maar hoewel vele weens bittere versoeking hulle geloof ver-

saak het, was daar ander wat pal gestaan het. Die vrugte van die Adventbeweging - die gees van nederigheid en hartondersoek, van versaking van die wêreld en hervorming van die lewe wat daarmee gepaard gegaan het, het getuig dat dit van God was. Hulle durf dit nie ontken dat die krag van die Heilige Gees in die prediking van die wederkoms getuig het en hulle kon geen fout in die berekening van die profetiese tydperke ontdek nie. Die bekwaamstes onder hulle teenstanders het nie daarin geslaag om hulle stelsel van Skrifverklaring omver te werp nie. Die stellings wat hulle ingeneem het na ernstige, biddende skrifondersoek en met verstande verlig deur die Gees van God en harte brandende met lewende krag, kon hulle nie prys gee nie - stellings wat die skerpste kritiek en bitterste teenstand van godsdienstige leiers en wyses van die wêreld uitgelok het en wat nie omvergewerp kon word nie deur die gekombineerde magte van geleerdheid en welsprekendheid en wat die verwyte en skeldtaal van sowel eerbares as slegtes trotseer het. [GS 464/5]

## Tweede Engel Se Boodskap

Hierdie skriftuur verwys na ‘n tyd wanneer die aankondiging dat Babilon geval het, soos ,gemaak deur die tweede engel van Openbaring 14, herhaal sal word met die bykomstige verklaring van die verdorwenheid van die verskillende organisasies waaruit Babilon bestaan - dit wil sé, na die tyd dat die boodskap die eerste maal verkondig is in die somer van 1844. Die ontsettende toestand van die godsdienstige wêreld word hier beskryf. Met elke verwerping van die waarheid word die verstand van die mense al meer verduister, hulle harte word harder, totdat hulle verskans is in ‘n ongelowige, hardnekkigheid. In veragting van die waarskuwings wat God gegee het, sal hulle voortgaan om een van die gebooie te vertrap, totdat hulle daartoe gebring is om diegene wat daardie gebod heilig, te vervolg. Christus word verag in die veragting van Sy Woord en Sy volk. Namate die kerke die leerstellings van Spiritisme aanneem, word die vleeslike hart nie langer beteuel nie en die belydenis van godsdiens word ‘n dekmantel om die afskuwelikste sondes te bedek. ‘n Geloof in spiritistiese verskynsels maak die deur oop vir verleidende geeste en lerings van duiwels en dus sal die invloed van bose engele in die kerke gevoel word.

Die tweede engel van Openbaring 14 se boodskap is die eerste maal in die somer van 1844 verkondig en toe was dit meer direk van toepassing op die kerke van die Verenigde State waar die waarskuwing aangaande die oordeel wyd en syd verkondig is en ook deur
[159] die meeste verwerp is en waar die afval in die kerke die grootste was. Maar die boodskap van die tweede engel is nie in 1844 ten volle vervul nie. Toe het die kerke 'n sedelike val ondergaan as gevolg van hulle verwerping van die lig van die Adventboodskap, maar die val was nie volkome nie. Namate hulle die spesiale waarhede vir hierdie tyd verwerp het, het hulle steeds laer en laer gesink, maar toe kon dit nog nie gesê word dat Babilon geval het "omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery" nie. Sy het toe nog nie al die nasies van haar wyn laat drink nie. Die gees van wêreldgesindheid en die onverskilligheid teenoor die toetswaarhede van ons tyd, bestaan reeds en neem steeds toe in die Protestantse kerke in alle Christen lande en hierdie kerke is ingesluit in die vreeslike veroordeling van die tweede engel. Maar die afval het nog nie 'n klimaks bereik nie.

Die Bybel verklaar dat Satan voor die koms van die Here "met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan" sal werk, "omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie" en dat hulle "die krag van die dwaling" sal aanneem "om die leuen te glo." (2 Thess. 2:911). Nie alvorens hierdie toestand bereik is en die vereniging van die kerk met die wêreld in die hele Christendom verwesenlik is, sal die val van Babilon volkome wees nie. Die verandering vind trapsgewyse plaas en die volkome vervulling van Openbaring 14:8 is nog in die toekoms. [GS 446]

## Die Groot Teleurstelling

Die skriftuur wat meer as enige ander die fondament en hoofpilaar van die Adventgeloof was, is die verklaring: "Twee duisend drie honderd aande en móres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word." (Dan.8:14) Hierdie woorde was welbekend aan almal wat geglo het in die Here se spoedige wederkoms. Die lippe van duisende het hierdie profesie herhaal as die wagwoord van hulle geloof.

Almal het gevoel dat hulle heerlikste verwagtings en gekoesterde hoop op die gebeurtenisse wat daarin voorspel is, berus het. Dit is aan my getoon dat hierdie profetiese dae in die herfs van 1844 sou eindig. Saam met die res van die Christen wêreld het Adventiste gelgo dat die aarde of 'n deel daarvan, die heiligdom was. Hulle het verstaan dat die reiniging van die heiligdom die loutering van die aarde deur vuur op die laaste groot dag sou wees en dat dit sou plaasvind tydens die wederkoms - vandaar die gevolgtrekking dat Christus in die jaar 1844 sou terugkom.

Maar die vasgestelde tyd het verbygegaan en die Here het nie [160] gekom nie. Die gelowiges het geweet dat Gods Woord nooit kon faal nie; dit moes hulle verklaring van die profesie wees wat verkeerd is, maar waar was die fout? Vele wou die probleem oplos deur te ontken dat die 2,300 dae in 1844 geêindig het. Hulle kon geen rede hiervoor gee nie behalwe die feit dat Christus nie op die tyd toe Hy verwag is, gekom het nie. Hulle het aangevoer dat dat as die profetiese tydperk in 1844 geëindig het, Christus toe sou gekom het om die heiligdom te reinig deur die loutering van die aarde deur vuur en aangesien Hy nie gekom het nie, kon daardie tydperk nie beëindig wees nie.

Om hierdie gevolgtrekking te aanvaar, sou 'n verwerping van die vorige berekening van die profetiese tydperk beteken het. Dit is bevind dat die 2,300 dae begin het toe die bevel van Artasasta vir die herbouing van Jerusalem in die herfs van die jaar 457 v.C. in werking getree het. Dit as aanvangspunt nemende, was daar volkome eenstemmigheid in die toepassing van al die gebeurtenisse wat voorspel is in die verklaring van daardie tydperk in Dan. 9:25-27. Nege-en-sestig weke, die eerste 483 jaar van die 2,300 jaar, sou reik tot die Messias, die Gesalfde en Christus se doop en salwing met die Heilige Gees in die jaar 27 n.C. het presies ingepas. In die helfte van die sewentigste week sou die Messias gedood word. Drie en 'n half jaar na Sy doop is Christus gekruisig, naamlik in die lente van die jaar 31 n.C. Die sewentig weke of 490 jaar, was bestem spesiaal vir die Jode. 8y die verstryking van hierdie tydperk het daardie volk hulle verwerping van Christus verseël deur die vervolging van Sy dissipels en die apostels het hulle in die jaar 34 n.C. tot die heidene gewend. Met die eerste 490 jaar van die 2,300 verstreke, het daar nog 1,810 jaar gereik tot 1844. "Dan," heí die engel gesê: "sal

die heiligdom in sy regte staat herstel word." Al die voorafgaande spesifikasies van die profesie is presies vervul op die bepaalde tyd.

Volgens hierdie berekening was alles duidelik behalwe dat daar nie gesien is dat 'n gebeurtenis wat ooreenstem met die reiniging van die heiligdom, in die jaar 1844 plaasgevind het nie. Om te ontken dat die dae toe geëindig het, was om die hele saak in verwarring te bring en stellings te versaak wat onteenseglik bewys is deur reeds vervulde profesieë.

Maar God het Sy volk in die groot Adventbeweging gelei. Sy krag en heerlikheid was met die werk en Hy sou nie toelaat dat dit in duisternis en teleurstelling eindig en bestempel word as 'n valse en fanatieke opwinding nie. Hy sou Sy Woord nie in twyfel en in onsekerheid laat nie. Hoewel vele die berekening wat hulle eers van die profetiese tydperke gemaak, opgegee het en die beweging
[161] wat daarop gebaseer was, ontken het, was ander onwillig om die punte van hulle geloof wat deur die Skrifte en deur die getuienis van die Gees van God bevestig is, prys te gee. Hulle het geglo dat die beginsels van Skrifverklaring wat hulle in hulle ondersoek van die profesieë gevolg het, gesond was en dat dit hulle plig was om die waarhede wat hulle ontdek het, vas te hou en voort te gaan met die ondersoek van die Bybel op die weg wat hulle ingeslaan het. Hulle het biddend hulle stelling ondersoek en die Skrifte weer nagegaan in 'n poging om hulle fout te ontdek. Daar hulle geen fout in hulle berekening van die profetiese tydperke kon vind nie, is hulle daartoe gelei om die onderwerp van die heiligdom deegliker te ondersoek.

In hulle ondersoek het hulle ontdek dat daar geen skriftuurlike bewys is vir die algemene beskouing dat die aarde die heiligdom is nie, maar in die Bybel het hulle 'n volle uiteensetting in verband met die heiligdom - sy aard, plek en dienste-ontdek; die getuienis van die gewyde skrywers was so volledig en duidelik dat daar geen twyfel meer omtrent die saak bestaan het nie. In sy brief aan die Hebreërs sê die apostel Paulus: "So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad. Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word en agter die tweede voorhangsel die wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aaron wat gebloei het en die tafels van

die verbond en daarbo-op die gerubs van die heerlikheid wat die versoendeksel oorskadu het." Heb. 9:1 -5

Die heiligdom waarna Paulus hier verwys het, was die tabernakel wat deur Moses op bevel van God as die aardse woonplek van die Allerhoogste opgerig is." Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat ek onder hulle kan woon." Exod. 25:8. Dit was die bevel wat aan Moses gegee is toe hy saam met God op die berg was. Die Israeliete was op reis deur die woestyn en die tabernakel is so gemaak dat dit van plek tot plek vervoer kon word; ten spyte hiervan was dit egter 'n pragtige stuk handewerk. Die mure het bestaan uit regop planke, oorgetrek met 'n dik laag goud, wat in silwergroewe gerus het. Die dak het uit 'n aantal gordyne of oortreksels bestaan; die buitenste laag was van velle en die binneste van fyn linne, pragtig uitgewerk met figure van gerubs. Behalwe die voorhof waar die brandofferaltaar gestaan het, het die tabernakel self uit twee afdelings bestaan, naamlik die Heilige plek en die Allerheiligste plek wat van mekaar geskei is deur 'n pragtige gordyn of voorhangsel; 'n dergelike voorhangsel het voor die ingang tot die eerste afdeling gehang.

Aan die suidekant van die Heilige plek was die kandelaar met [162]
sewe lampe wat die heiligdom dag en nag verlig het. Aan die noordekant was die tafel met die toonbrode en voor die voorhangsel wat die Heilige plek van die Allerheiligste plek geskei het, was die goue brandofferaltaar vanwaar 'n wolk van wierook-die gebede van Israel-daeliks tot God opgestyg het.

In die Allerheiligste plek was die verbondsark, 'n pragtige kis waarvan die hout met goud oorgetrek was. Hierin is die twee kliptafels waarop God die wet van Tien Gebooie geskryf het, gebêre. Bokant die ark, vormende as't ware 'n beskerming vir die heilige kis, was die versoendeksel, ook 'n pragtige stuk handewerk, aan elke kant waarvan twee gerubs van soliede goud gestaan het. In hierdie afdeling is die goddelike teenwoordigheid geopenbaar in 'n wolk van heerlikheid tussen die twee gerubs.

Nadat die Hebreërs in Kanaan gevestig was, is die tabernakel deur die tempel van Salomo vervang wat, hoewel dit 'n permanente gebou en op groter skaal was, proporsioneel en wat meubels aanbetref, dieselfde was. In hierdie vorm het die heiligdom voortbestaan

behalwe gedurende die tyd van Daniël toe dit in puin was todat dit in die jaar 70 n.C. deur die Romeine verwoes is.

Dit is die enigste heiligdom waarvan ons in die Bybel lees, wat ooit op die aarde bestaan het. Paulus het verklaar dat dit die heiligdom van die eerste verbond was; maar het die nuwe verbond dan ook nie 'n heiligdom nie?

By verdere ondersoek van Hebreërs is daar ontdek dat 'n tweede of 'n heiligdom van die nuwe verbond te kenne gegee word met die woorde van Paulus wat reeds aangehaal is:"So dan het die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad." Die woordjie "asook" gee te verstaan dat Paulus al voorheen van hierdie heiligdom gepraat het. Hulle het teruggeblaai na die begin van die agste hoofstuk en daar het hulle gelees: "Die hoofsaak nou van wat ons gesê het, is dit: Ons het so 'n Hoërpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele, 'n bedienaar van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie'n mens nie." Heb. 8:1,2.

Hier is die heiligdom van die nuwe verbond geopenbaar. Die heiligdom van die eerste verbond is deur die mens opgerig deur Moses gebou; hierdie een is deur die Here opgerig en nie deur 'n mens nie. In die eersgenoemde heiligdom het aardse priesters diens gedoen; in laasgenoemde doen Christus, ons Hoëpriester, diens aan die regterhand van God. Die een heiligdom was op aarde en die ander een in die hemel.

[163] En wat meer is, die tabernakel wat deur Moses opgerig is, is volgens 'n sekere patroon gemaak. Die Here het hom beveel: "Volgens alles wat Ek jou laat sien - die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort so moet julle dit maak." Weer is die bevel herhaal, "En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon is." Exod. 25:9,40.

En van die eerste tabernakel sê Paulus: "Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, dat die heilige plekke daarvan afbeeldinge was van die dinge in die hemele," dat die priesters wat gawes geoffer het volgens die wet "'n afbeeldsel en skaduwee van hemelse dinge" bedien het en Christus het nie ingegaan in'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die

aangesig van God vir ons te verskyn.” (Heb.9:9,23; 8: 5; 9:24) [GS 469-72]

Die Satan en sy engele was druk besig in ‘n poging om die aandag van so baie as hulle maar kon, af te trek van die lig. Die groep wat dit verwerp het, is in duisternis gelaat. Ek het gesien dat die engel van God met die grootste belangstelling waak oor Sy belydende volk om die karakter op te teken wat hulle gevorm het onder die verkondiging van die hemelse boodskap aan hulle. En waar baie van diegene wat voorgegee het dat hulle Jesus liefhet, die hemelse boodskap spottend en met haat verwerp het, het ‘n engel op ‘n perkamentrol hulle skandelike daad opgeteken. Die ganse hemel was met verontwaardiging vervul dat Jesus so geaffronteer is deur Sy sogenaamde volgelinge.

Ek het die teleurstelling gesien van diegene wat die Here verwag het toe Hy nie op die verwagte tyd gekom het nie. Dit was Gods doel om die toekoms te verberg en Sy volk tot ‘n besluit te bring. Sonder die prediking van ‘n bepaalde tyd vir die koms van Christus, sou die werk wat God beoog het nie gedoen gewees het nie. Die Satan het menigtes gelei om die groot gebeurtenisse in verband met die oordeel en die einde van die proeftyd ver in die toekoms te stel. Dit was dus nodig om die mense aan die verstand te bring dat hulle elke oomblik gereed moet wees.” [EG 210]

Die onderwerp van die heiligdom was die sleutel wat die geheim van die teleurstelling van 1844 ontsluit het. Dit het ‘n hele stelsel van waarheid geopenbaar, samehangend en eenstemmig, wat gewys het dat Gods hand die groot Adventbeweging gelei het en dit het teenwoordige pligte geopenbaar namate dit die posisie en werk van [164]
Sy volk aan die lig gebring het. Net soos die dissipels van Jesus na hulle vreeslike nag van angs en teleurstelling bly was toe hulle hulle Here weer gesien het, het diegene wat in geloof uitgesien het na sy tweede koms, hulle ook nou verbly. Hulle het verwag dat Hy in heerlikheid sou kom om Sy diensknegte te beloon.Toe hulle hoop teleurgestel is, het hulle Jesus uit die oog verloor en, soos Maria, by die graf, het hulle uitgeroep:“Hulle het die Here... weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.” Maar nou het hulle Hom in die Allerheiligste plek weer gesien as hulle medelydende Hoëpriester wat eerlank as hulle Koning sal verskyn om hulle te verlos. Lig uit die heiligdom het die verlede asook die hede en die

toekoms verlig. Hulle het geweet dat God hulle deur Sy onfeilbare voorsienigheid gelei het. Hoewel hulle, soos die eerste dissipels, die boodskap wat hulle verkondig, nie verstaan het nie, was dit nogtans in alle opsigte juis. In die verkondiging van die boodskap het hulle Gods doel vervul en hulle werk in die Here was nie tevergeefs nie. Met die wedergeboorte tot ‘n lewende hoop, het hulle hulle verheug met ‘n onuitspreeklike vreugde. [GS 485-486]

Versigtig en plegtig het diegene wat die boodskap aangeneem het, die tyd afgewag waarop hulle verwag het om hulle Here te ontmoet. Elke móre het hulle gevoel dat dit hulle eerste plig was om bewys van hulle aanname deur God te kry. Hulle harte is saamgesnoer en hulle het saam en vir mekaar gebid. Dikwels het hulle saamgekom op afgesonderde plekke om gemeenskap met God te hou en van die lande en plantasies het gebede hemelwaarts gestyg. Die versekering dat die Heiland hulle aangeneem het, was vir hulle belangriker as hulle daelikse voedsel en waar ‘n wolk hulle verstand benewel het, het hulle nie gerus totdat dit weg was nie. Namate hulle Sy vergewende genade ondervind het, het hulle verlang om Hom wat hulle siele liefhet, te sien.

Maar weer was hulle tot teleurstelling gedoem. Die tyd waarop hulle die Here verwag het, het verbygegaan en hulle Heiland het nie gekom nie. Met onwrikbare vertroue het hulle uitgesien na Sy koms en nou het hulle gevoel soos Maria wat, toe sy by die Heiland se graf kom en dit leeg vind, wenende uitgeroep het: “Hulle het my Here weggeneem en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie.” Joh. 20:13.

’n Gevoel van vrees - ‘n vrees dat die boodskap miskien waar kan wees - het vir ‘n tyd gedien om die ongelowige wêreld in bedwang te hou. Na die tyd verstreke was, het hierdie gevoel nie sommer
[165] verdwyn nie; aan die begin durf hulle nie juig oor die teleurgesteldes nie maar toe daar geen tekens van Gods wraak gesien is nie, het hulle vrees verdwyn en hulle het weer met hulle verwyte en spottery begin. ‘n Groot menigte wat voorgegee het om te glo in die spoedige wederkoms van die Here, het hulle geloof versaak.

Sommige van die wat so vol vertroue was se hoogmoed was nou so gekwes dat hulle gevoel het dat hulle van die wêreld kon weghardloop. Soos Jona het hulle teen God gemurmureer en gewens dat hulle dood was. Diegene wat hulle geloof op die opinies van

andere en nie op die Woord van God gegrond het nie, was nou maar te gereed om van sienswyse te verander. Die spotters het die swakkes en lafhartiges tot hulle geledere gewin en hulle het almal saamgestaan in die verklaring dat daar nou geen vrees of verwagtings meer kon wees nie. Die tyd het aangebreek, die Here het nie gekom nie en die wêreld mag nog vir duisende jare staan.

Die ernstige, opregte gelowiges het alles vir Christus opgegee en het Sy teenwoordigheid soos nooit tevore ondervind nie. Hulle het, soos hulle geglo het, hulle laaste waarskuwing aan die wêreld gegee en verwagtende om eerlank in die teenwoordigheid van hulle goddelike Meester en die heilige engele ontvang te word, het hulle in 'n groot mate hulle onttrek aan die geselskap van diegene wat die boodskap nie aangeneem het nie. Met vurige verlange het hulle gebid:"Kom Here Jesus, kom gou." Maar Hy het nie gekom nie. Om nou weer die swaar laste en sorge van die lewe op te neem en die verwyte, smaad en bespotting van die wêreld te verduur, was 'n vreeslike beproewing van hulle geloofen geduld.

Maar hierdie teleurstelling was nie so groot as die van die dissipels tydens Christus se eerste koms nie. Toe Jesus triomfantlik Jerusalem binnegery het, het Sy navolgers gemeen dat Hy op die punt gestaan het om die troon van Dawid te bestyg en om Israel van sy verdrukkers te verlos. Met groot hoop en blye verwagting het hulle met mekaar gewedywer om eer te betoon aan hulle Koning. Vele het hulle klere as tapyt in Sy pad gegooi of hulle het palmtakke voor Hom neergegooi. In hulle uitbundige vreugde het hulle almal saam geskreeu: "Hosanna vir die Seun van Dawid!" Toe die Fariseërs, versteurd en vertoornd deur hierdie uitbarsting van vreugde, versoek het dat Jesus Sy dissipels moes bestraf, het Hy geantwoord: "As hulle swyg, sal die klippe uitroep." (Luk.19:40). Die profesie moet vervul word. Die dissipels was besig om die doel van God uit te werk, maar nogtans was hulle gedoem tot bittere teleurstelling. Slegs 'n paar dae sou verloop en dan sou hulle getuies wees van die Heiland se bittere dood en Hom moes begrawe. Hulle verwagtings [166]
is nie in een enkele opsig verwesenlik nie en hulle hoop het saam met Jesus gesterf. Nie alvorens hulle Here as oorwinnaar uit die graf te voorskyn gekom het, kon hulle alles wat in die profesieë voorspel is verstaan nie, "Dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan." (Hand.l 7:3)

Vyfhonderd jaar tevore het die Here deur die profeet Sagaria verklaar: "Verheug jou grootlik, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou, regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel, die vul van 'n eselin." Sag. 9:9. As die dissipels besef het dat Christus op pad was na Sy verhoor en dood, sou hulle hierdie profesie nie kon vervul nie. [GS 461-463]

## Die Derde Engele Boodskap

Toe Jesus se bediening in die heilige plek klaar was en hy die allerheiligste plek binnegegaan en voor die ark gestaan het waarin die wet van God was, het Hy 'n ander magtige engel gestuur met die derde boodskap aan die wêreld. 'n Perkamentrol is in die engel se hand gegee en terwyl hy op die aarde neergedaal het in krag en majesteit, het hy 'n vreeslike waarskuwing gegee wat die skrikwekkendste dreigement bevat het wat die mensdom nog ooit gehoor het. Die doel van die boodskap was om die kinders van God op hulle hoede te stel deur hulle te wys op die uur van versoeking en angs waarin hulle sou kom. Die engel het gesê: "Hulle sal in stryd kom met die dier en sy beeld. Hulle enigste hoop op die ewige lewe is om standvastig te bly. Al sou hulle lewens in gevaar kom, moet hulle vasklem aan die waarheid." Die derde engel het sy boodskap as volg afgesluit:"Hier kom die geduld van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." Onderwyl hy hierdie woorde gesê het, het hy na die hemelse heiligdom gewys. Die aandag van almal wat hierdie boodskap aanneem, word gevestig op die allerheiligste plek waar Jesus voor die ark staan om finaal in te tree vir atmal vir wie daar nog genade is en vir diegene wat die wet van God onwetend gebreek het. Hierdie versoening word gedoen vir die regverdige dode sowel as vir die regverdige lewendes. Dit sluit in almal wat gesterf het in geloof in Christus, maar wat, omdat hulle nie die lig gehad het op Gods gebooie nie, onwetend gesondig het deur hulle te oortree. [EG 217]

Toe het ek die derde engel gesien. Die engel by my het gesê: "Vreeslik is sy werk. Hy is die engel wat die koring moet versamel tussen die onkruid en dit moet verseël of in gerwe bind vir die hemelse skuur. Hierdie dinge behoort die hele hart beet te pak en al die aandag te geniet."

Die derde engel se boodskap, wat die boodskap van die eerste en tweede engel omvat, is die boodskap vir hierdie tyd. Ons moet die banier ophef waaróytttttttttttttttttt op geskrywe is: Die gebooie van God en die geloof van Jesus. Die wêreld moet spoedig voor die groot Wetgewer verskyn oor sy verbreekte wet. Dit is nie nou die tyd om die groot strydvraag te ignoreer nie. Die Here doen 'n oproep op Sy volk om die wet groot en heerlik te maak. [8T 197:2] [167]

Wanneer die derde engel se boodskap afgesluit word, sal daar nie meer genade wees vir die skuldige aardbewoners nie. Die volk van God het hulle werk gedoen. Hulle het die "laat reëns, tye van verkwikking van die aangesig van die Here," ontvang en hulle is berei vir die beproewingsuur voor hulle. Engele haas heen en weer in die Hemel. 'n Engel wat terugkeer van die aarde kondig aan dat sy werk klaar is; die eindtoets is aan die wêreld gegee en almal wat hulle getrou betoon het aan die goddelike gebooie, het die" seël van die lewende God" ontvang. Nou staak Jesus Sy voorbidding in die heiligdom daarbo. Hy hef Sy hande op en met'n luide stem sê Hy: "Dit is volbring." Die leërskare van engele haal hulle krone af terwyl Hy die volgende plegtige aankondiging doen: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen en wie vuil is, laat hom nog vuiler word en laat die regverdige nog reverdiger word en laat die heilige nog heiliger word." Openb. 22:11. Elke saak is beslis vir die lewe of die dood. Christus het versoening gedoen vir Sy volk en hulle sondes uitgedelg. Die getál van Sy onderdane is vol." Die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel" sal eerlank gegee word aan diegene wat die saligheid beërf het en Jesus sal regeer as Koning van die konings en Here van die here. [GS 695-696]

## Valse Hoop

Maar ten spyte van die gemis aan geloof en vroomheid is daar nogtans ware navolgers van Christus in hierdie kerke. Voordat die laaste oordele van God op die aarde kom, sal daar onder die volk van God so 'n herlewing wees van die outydse godsvrug as wat daar nie sedert die dae van die apostels was nie. Gods Gees en krag sal uitgestort word op Sy kinders. In daardie tyd sal baie hulle afskei van die kerke waarin liefde vir hierdie wêreld die liefde vir God en

Sy Woord vervang het. Baie, beide predikante en leke, sal blymoedig die groot waarhede aanneem wat God in hierdie tyd laat verkondig om 'n volk te berei vir die wederkoms van die Here. Die sielevyand wil hierdie werk verhinder en voordat die tyd vir hierdie beweging aanbreek, sal hy trag om dit te belet deur 'n valse beweging te laat
[168] ontstaan. In die kerke wat hy kan bedrieg, sal hy dit voorstel of Gods spesiale seën alreeds uitgestort is en daar sal blykbaar groot belangstelling in godsdienstige dinge wees. Baie sal hulle verbly omdat God op wonderbaarlike wyse vir hulle werk, soos hulle meen, terwyl dit die werk van 'n ander gees is. Onder die dekmantel van godsdiens sal Satan trag om sy invloed te verbrei oor die Christelike wêreld. [GS 532]

## Die Skudding

God is besig om Sy volk te skud. Hy wil 'n rein eh heilige kerk hê. Ons kan nie die harte van mense lees nie. Maar die Here het middele voorsien om Sy kerk te suiwer. 'n Korrupte volk het verrys wat nie saam met die volk van God kon woon nie. Hulle het vermaning verag en wou nie berispe word nie. Hulle het die geleentheid gehad om te weet dat hulle in 'n ongeregtige stryd gewikkel is. Hulle het tyd gehad vir berou maar was te lief vir self om dit te laat sterf. Hulle het dit vertroetel en dit het sterk geword en hulle het self geskei van die vertrouende volk van God wat Hy vir Homself onderrig. Ons moet God dank dat 'n weg geopen is om die kerk te red, want Gods wraak sou oor ons gekom het as hulle by ons gebly het. [IT 99:3]

God het aan my getoon dat die manne Hazaels is en 'n vloek vir ons mense is. Hulle is wyser as wat geskryf is. Hierdie ongeloof in die waarhede van Gods woord omdat menslike oordeel nie die verborgenhede van Sy werk kan begryp nie, word gevind in alle oorde, in alle klasse van die samelewing. Dit word geleer in die meeste van ons skole en selfs in kleuterlesse. Duisende wat voorgee om Christene te wees gee gehoor aan valse geeste. Die gees van duisternis sal jy oral teëkom onder die dekmantel van godsdiens. As almal wat voorgee om goddelik te wees, dit werklik is, as almal wat dit bely vir die waarheid preek en nie daarteen nie en as hulle manne was, gelei deur Sy Gees, dan kon ons 'n ligstraal in die morele

duisternis sien. Maar die gees van antichris heers soos nooit tevore nie.

Ons kan wel uitroep: “Red o Here, want daar is geen vrome meer nie,” want die getroues het verdwyn onder die mensekinders. Ek weet dat vele ver te goed dink van die huidige tyd. Hierdie gemaksugtige siele sal verswelg word in die algehele verwoesting. Maar ons moet nie hoop opgee nie. Ons is geneig om te dink dat as daar nie getroue predikante is nie, daar geen getroue Christene kan wees nie, maar dit is nie die geval nie. God het belowe dat waar die herders vals is, Hyself vir die kudde sal sorg. Hy het nooit die kudde geheel en al afhanklik van mense gemaak nie. Maar die dag van reiniging van die kerk nader vinnig. God wil Sy volk rein en getrou hê. In die magtige uitwanning wat spoedig sal plaasvind, sal ons beter die sterkte van [169]
Israel kan peil. Die tekens dui aan dat die tyd naby is dat die Here openbaar sal word met die gaffel in Sy hand en Hy Sy vloer deur en deur sal dors.

Die dae kom haas nader, wanneer daar groot verwarring en verwardheid sal wees. Die Satan, geklee in die kleed van engele, sal, indien moontlik, die uitverkorenes mislei. Daar sal vele gode en here wees. Elke wind van lering sal waai. Die wat hulde betoon het aan sogenaamde wetenskap, sal dan nie die leiers wees nie. Die wat vertrou het op intellek, aanleg of talente, sal dan nie aan die hoof van sake staan nie. Hulle het nie tred gehou met die lig nie. Die wat hulself ontrou bewys het sal nie toevertrou word met die kudde nie. In die laaste plegtige werk sal min groot manne gebruik word. Hulle is selfvoldaan, onafhanklik van God en Hy kan hulle nie gebruik nie. Die Here het getroue diensknegte, wat, in die skudding, in die toetstydperk openbaar sal word. Daar is kosbare siele, nou onbekend, wat nie die knie voor Baal gebuig het nie. Hulle het nie die lig gehad wat so gekonsentreerd op julle geskyn het nie, maar dit mag wees dat onder ‘n nuwe en onaantreklike uiterlike ‘n reine helderheid van ‘n egte Christelike karakter openbaar sal word. In die daglig kan ons nie die sterre sien as ons na die hemel kyk nie. Hulle is daar in die hemelruim, maar die oog kan hulle nie onderskei nie. In die nag sien ons egter hulle luister. [5T 80-81]

Die groot skudding het begin en dit sal voortgaan en almal sal uitgeskud word wat nie gewillig is om onverskrokke en onwrikbaar vir die waarheid te staan en opofferings te maak vir God en Sy saak

nie. Die engel het gesê: “Dink jy dat enigeen verplig sal word om op te offer? Nee, nee; die offers moet vrywillig geskied. Dit sal alles neem om die saailand te koop.” Ek het God gesmeek om Sy volk te spaar, want sommige van hulle het swak geword en was sterwende.Toe het ek gesien dat die oordele van God spoedig sal kom en ek het die engel gesmeek om in sy taal tot die mense te spreek. Hy het geantwoord: “Al die donders en blitse van die berg Sinai sal nie diegene beweeg wat nie beweeg kan word deur die duidelike waarhede van Gods Woord nie en ‘n boodskap van ‘n engel sal hulle ook nie wakkerskud nie.” [EG 45]

Ek het gesien dat sommige nie deel geneem het aan die wroeging en voorbidding nie. Hulle skyn sorgeloos en nalatig te wees. Hulle het nie die duisternis rondom hulle weerstaan nie en dit het hulle verswelg soos ‘n digte wolk. Die engele het diegene verlaat en ander te hulp gesnel wat geworstel het met al hul mag om die bose engele teen te staan en hulself probeer help het deur God met volharding aan
[170] te roep. Maar die engele het die verlaat wat geen poging aangewend het om hulself te help nie en ek het hul uit die gesig verloor. Soos die biddendes hul ernstige geskrei voortsit, het ‘n straal lig van Jesus soms tot hulle gekom om hulle harte te bemoedig en hul aangesigte teverlig. [IT 180/1]

Ek het sommige sien pleit met God met sterk geloof en ernstige smeekbedes. Hulle gesigte was bleek en kommervol - tekens van ‘n inwendige stryd. Hulle het ernstig en vasberade gelyk; groot sweetdruppels het op hulle voorhoofde gestaan. So nou en dan is hulle aangesigte verlig deur tekens van Gods goedkeuring en dan het hulle weer daardie ernstige, kommervolle houding aangeneem.

Bose engele het om hulle vergader en duisternis geskep om Jesus vir hulle oë te verberg, sodat hulle net die duisternis rondom hulle sou sien en gelei kon word om God te wantrou en teen Hom te murmureer. Hulle enigste veiligheid was om na omhoog te kyk. Engele van God hou wag oor Sy volk en toe die bose engele die giftige atmosfeer rondom hierdie beangste mense geskep het, het die hemelse engele gedurig met hulle vlerke oor hulle gewaai om die duisternis te verdryf.

Waar hierdie bidders voortgegaan het met hulle smeekbedes, het daar by tye ‘n ligstraal van Jesus na hulle gekom om hulle harte te bemoedig en hulle aangesigte te verlig. Sommige, het ek gesien,

het nie deelgeneem aan die smeekbedes nie. Dit het gelyk of hulle onverskillig was en nie omgegee het nie. Hulle het nie geveg teen die duisternis rondom hulle nie en dit het hulle in 'n digte wolk omsluit. Die engele van God het hierdie mense verlaat en diegene gaan help wat besig was om te bid. Ek het engele sien haas na almal wat geprobeer het om hulleself te help deur volhardend tot God te roep. Maar Sy engele het diegene verlaat wat geen poging gemaak het om hulleself te help nie en ek het hulle nie meer gesien nie.

Ek het verneem wat die betekenis is van die skudding wat ek gesien het en is getoon dat dit veroorsaak is deur die onomwonde getuienis van die Waaragtige Getuie aan die Laodicense. Dit sal 'n uitwerking hê op die hart van die ontvanger en hom lei om die banier te verhoog en die onomwonde waarheid te verkondig. Sommige sal nie hierdie reguit getuienis aanneem nie; hulle sal daarteen in opstand kom en dit is dit wat die skudding sal veroorsaak onder Gods volk.

Ek het gesien dat die getuienis van die Waaragtige Getuie grotendeels verrontagsaam is. Die ernstige getuienis wat so baie te doen het met die lotsbestemming van die kerk, is lig opgeneem indien [171]
nie heeltemal veronagsaam nie. Hierdie getuienis moet 'n grondige bekering bewerkstellig; almal wat dit waarlik aanneem, sal dit gehoorsaam en hulle sal gereinig word.

Die engel het gesê: "Luister bietjie daarna!" Toe het ek 'n stem gehoor soos van baie musiekinstrumente wat almal in harmonie bespeel is. Dit het die mooiste musiek wat ek nog ooit gehoor het, oortref - dit was so vol genade, barmhartigheid en verheffende, heilige vreugde. Dit het deur my hele wese getril. Toe het die engel gesê: "Kyk daar!" My aandag is gevestig op die groep wat so geweldig geskud is. Ek het diegene gesien wat so smekende en in angs gebid het. Die afdeling engele wat hulle bewaak het, is verdubbel en hulle het 'n wapenrusting aangehad wat hulle van hulle hoof tot by hulle voete bedek het. Hulle het ordelik voortbeweeg, soos 'n afdeling soldate. Hulle gelaat het die tekens getoon van die vreeslike stryd wat hulle deurgemaak het; nogtans het hulle gesigte, wat tekens getoon het van die kwaai, inwendige stryd, nou gestraal van die lig en heerlikheid van die hemel. Hulle het die oorwinning behaal en dit het die grootste en heiligste vreugde aan hulle ontlok.

Die aantal in die groep het verminder. Sommige van hulle is uitgeskud en langs die weg agtergelaat. Die onverskilliges, wat nie volhardend en smekend saamgebid het met diegene wat die oorwinning en die verlossing op prys gestel het nie, het dit nie verkry nie en hulle is in duisternis agtergelaat; hulle plekke is dadelik ingeneem deur ander wat die waarheid aangeneem het. Bose engele het nog om hulle saamgepak, maar hulle het geen mag oor hulle gehad nie.

Ek het diegene wat die wapenrusting aangehad het, die waarheid met groot krag hoor verkondig. Dit was doeltreffend. Baie was eers gebonde; sommige vroue deur hulle mans en sommige kinders deur hulle ouers. Die opregtes wat eers belet was om die waarheid te hoor, het dit nou gretig aangeneem. Alle vrees vir hulle huisgenote was weg; alleen die waarheid was vir hulle van belang. Hulle het verlang en gedors na die waarheid. Dit was vir hulle dierbaarder as die lewe self. Ek het gevra wat hierdie groot verandering teweeggebring het. Die engel het geantwoord:"Dit is die laat reën, die verkwikking van die aangesig van die Here, die luide geroep van die derde engel."

Daar het groot krag gerus op hierdie uitverkorenes. Die engel het gesê:"Kyk!" toe is my aandag gevestig op die goddelose of ongelowiges. Hulle was in rep en roer. Die ywer en krag wat die volk van
[172] God besiel het, het hulle woedend gemaak. Aan alle kante was daar verwarring. Ek het gesien dat daar maatreëls getref word teen die groep wat die lig en krag van God gehad het. Die duisternis rondom hulle het digter geword, maar hulle het pal gestaan, goedgekeur deur God en vertrouende op Hom. Ek het gesien dat hulle bang word, toe het ek hulle baie ernstig tot God hoor roep. Hulle het dag en nag aangehou roep: "Laat U wil, o God, geskied! As dit U Naam kan verheerlik, voorsien tog 'n uitweg vir U volk! Verlos ons van die heidene rondom ons. Hulle het besluit dat ons moet sterf maar U arm kan ons red. "Dit is al woorde wat ek kan onthou. Dit het geskyn of almal hulle onwaardigheid gevoel het en hulle het hulle volkome oorgegee aan die wil van God; maar, soos Jakob, het elkeen, sonder uitsondering ernstig gesmeek en geworstel om uitredding.

Kort nadat hulle met hulle smeking begin het, wou die engele, in medelye met hulle gaan om hulle te verlos. Maar, 'n statige, bevelvoerende engel het hulle belet. Hy het gesê:"Die wil van God is nog nie volbring: nie. Hulle moet die beker drink. Hulle moet gedoop word met daardie doop." Eerlank het ek die stem van God

gehoor wat die hemele en die aarde geskud het. Daar was 'n groot aardbewing. Orals het geboue ineengestort. Toe het ek 'n oorwinningskreet gehoor; dit was kragtig en musikaal en helder. Ek het na die groep gekyk wat 'n rukkie tevore in bande en in sulke ellende was. Hulle was verlos uit hulle gevangeskap. 'n Heerlike lig het hulle beskyn. Hoe mooi het hulle toe gelyk! Al die tekens van kwelling en afmatting was weg en gesondheid en skoonheid is gesien op elke gelaat. Hulle vyande, die heidene rondom hulle, het soos dooie mense neergeval. Hulle kon die lig wat op die verloste heiliges geskyn het nie verduur nie. Hierdie lig en heerlikheid het op hulle gebly totdat Jesus in die wolke van die hemel gesien is en die getroue, beproefde groep verander is in 'n oomblik, in 'n oogwink, van heerlikheid tot heerlikheid. En die grafte is geopen en die heiliges het voortgekom, beklee met onsterflikheid en roepende: "Die dood en die graf is oorwin" en tesame met die lewende heiliges is hulle opgeneem, die Here tegemoet in die lug en almal het met musikale stemme oorwinnend gejuig. [EG 230-233]

Namate die storm nader, het 'n groot aantal van diegene wat voorgegee het om in die derde engel se boodskap te glo maar wat nie geheilig is deur gehoorsaamheid aan die waarheid nie, hulle geloof prysgegee en aangesluit by die geledere van die teenstanders. Deur met die wêreld te verenig en met sy gees besiel te word, sal hulle sake net soos die wêreldlinge beskou en wanneer die toets kom, sal hulle gereed wees om die maklike, populêre kant te kies. Talentvolle [173]
en innemende mense wat hulle eenmaal in die waarheid verbly het, sal hulle kragte gebruik om siele te bedrieg en te mislei. Hulle sal die bitterste vyande word van hulle gewese broeders. Wanneer Sabbathouers voor die howe gebring word oor hulle geloof, sal hierdie afvalliges die beste werktuie van Satan wees om hulle te beskuldig en vals voor te stel; hulle sal deur valse getuienis en beskuldigings die owerheid teen eersgenoemdes ophits. [GS 689]

En omdat ongeregtigheid sal vermeerder sal die liefde verflou. Die atmosfeer is besoedel met sonde. Gods volk sal spoedig beproef word deur 'n vuurtoets en 'n groot aantal van die wat nou skyn eg en getrou te wees, sal as onedele metale bewys word. Instede van versterk en bevestig te word deur teenstand, dreigemente en mishandeling, sal hulle hul lafhartig saam met die teenstanders skaar. Die belofte is; Die wat My eer, sal Ek eer. Sal ons minder geheg

wees aan Gods wet omdat die wêreld poog om dit tot niet te maak? [8T 135:1]

Die feit dat daar geen stryd of oproer onder Gods volk is nie, is geen bewys dat hulle vashou aan suiwer leer nie. Daar is rede om te vrees dat julle nie duidelik onderskei tussen waarheid en dwaling nie. Wanneer geen nuwe vrae begin word deur ondersoek van die Skrifte nie, wanneer geen meningsverskille mense na hulle Bybels jaag nie, om sodoende vir hulleself vas te stel dat hulle die waarheid het, sal daar nou baie wees soos van ouds, wat sal vashou aan oorlewering en aanbid wat hulle self nie weet nie.

Aan my is getoon dat baie wat teenwoordige waarheid bely, nie weet wat hulle glo nie. Hulle verstaan nie die bewyse van hulle geloof nie. Hulle het geen waardering vir die huidige werk nie. Wanneer die beproewings kom, is daar manne, wat vir ander preek, wat sal vind, na hulle hul eie sienings ondersoek het, dat daar baie dinge is waarvoor hulle geen rede het nie. Totdat hulle so getoets word, ken hulle nie hul eie onkunde nie. Daar is baie in die kerk wat dit as vanselfsprekend aanvaar dat hulle verstaan wat hulle glo, maar totdat strydvrae opduik, ken hul nie hulle eie swakheid nie. Wanneer afgesonder van ander gelowiges en gedwing om alleen te staan en hul geloof te verduidelik, is hulle verbaas om te sien hoe verward hulle idees is oor wat hulle aanvaar het as waarheid. Daar was sekerlik, in ons geledere ‘n afwyking van die lewende God en ‘n vertroue in mense, deur menslike wysheid in die plek van goddelike wysheid te plaas.

[174] God sal Sy volk wakkerskud. As ander metodes faal sal Hy kettery toelaat in hulle midde, wat hulle sal wan om die kaf van die koring; te skei. Die Here roep elkeen wat glo in Sy Woord om te ontwaak uit hul slaap. Kosbare lig het gekom, paslik vir hierdie tyd. Dit is Bybelwaarheid wat die gevare aandui wat op ons is. Die lig hoort ons te lei tot ywerige studie van die Skrifte en ‘n kritiese ondersoek in ons standpunte. Die Here wil dat ons elke rigting en standpunt deuglik en met volharding deursoek, met gebed en vas... Hulle geloof moet vas gegrond wees op die Woord van God sodat wanneer toetse kom en hulle voor howe verskyn om vir die waarheid te verantwoord, hulle in staat sal wees om ‘n rede te gee vir die hoop wat in hulle is met vrees en bewing. [5T 707]

Ek het gesien dat net soos die Jode Jesus gekruisig het, so het die kerke hierdie boodskappe gekruisig en daarom het hulle geen kennis van die weg tot die Allerheiligste plek nie en hulle kan geen voordeel trek uit die middelaarswerk van Jesus daar nie. Net soos die Jode, wat hulle nuttelose offers gebring het, so stuur hulle hulle nuttelose gebede op na die afdeling wat Jesus verlaat het en die Satan, in sy skik met hierdie bedrog, neem sogenaamde Christene tot homself en hy werk met sy krag en tekens en wonders van die leuen om hulle in sy strik te vang. Sommige bedrieg hy op die een manier en ander weer op 'n ander. Hy het verskillende verleidings vir die verskillende soorte mense. Sommige sal die een dwaling met afsku verwerp, terwyl hulle 'n ander een geredelik sal aanneem. Die Satan bedrieg sommige met spiritisme. Ook kom hy in die gedaante van'n engel van die lig en versprei hy sy invloed oor die land deur middel van valse reformasies. Die kerke is in hulle skik en hulle meen dat God op wonderbaarlike wyse vir hulle werk terwyl dit al die tyd die werk van 'n ander gees is. Die opwinding bedaar later en dit laat die wêreld en die kerk in 'n slegter toestand as voorheen. [EG 223]

## Wonderlike Werking Van Satan

Deur die dekreet wat die pouslike instelling afdwing in verbreking van die wet van God, sal ons nasie haar volkome losmaak van geregtigheid. Wanneer Protestantisme haar hand oor die afgrond steek om die hand te neem van die Roomse mag; wanneer sy die hand oor die afgrond steek om die hand van spiritisme te neem en wanneer, onder die invloed van die drievoudige verbond, ons land elke beginsel van sy grondwet as 'n Protestantse en Republikeinse regering sal repudieer en voorsiening sal maak vir die propagering van pouslike dwaling en misleidings, dan kan ons weet dat die tyd gekom het vir die wonderbaarlike werking van Satan en dat die einde naby is.

Soos die naderende Romeinse leërs 'n teken was vir die dissi- [175]
pels van die ophande synde vernietiging van Jerusalem, so kan die dwaling 'n teken vir ons wees dat die perke van God se lankmoedigheid bereik is en dat die beker van ons nasie se ongeregtigheid vol is en dat die genade engel byna gereed is om te vertrek, om nooit

weer terug te keer nie. Die volk van God sal dan gedompel word in daardie tonele van beproewing en ellende wat die profete beskryf het as die tyd van Jakob se benoudheid. Die geskrei van die getroue vervolgde gelowiges gaan op na die hemel. Soos die bloed van Abel van die grond af uitgeroep het, so is daar stemme wat ook tot God roep uit martelaarsgrafte, van kelders van die see, bergspelonke en kloosterselle." Hoe lank, Here, Heilige en waaragtige, oordeel en wreek u nie ons bloed op hulle wat die aarde bewoon nie?" [5T 451:1,2]

Net voor ons is "die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel." (Openb.3:10). Almal wie se geloof nie opdie Woord van God gevestig is nie, sal bedrieg en oorwin word. Satan werk" met allerhande verleiding van ongeregtigheid" om die mensekinders te beheers en sy bedrieëry sal steeds toeneem. Maar hy sal sy doel bereik alleen namate mense vrywillig aan sy versoekings toegee. Diegene wat ernstig soek na 'n kennis van die waarheid en wat trag om hulle siele te reinig deur gehoorsaamheid en wat doen wat hulle kan om hulleself voor te berei vir die stryd, sal in die God van waarheid 'n vaste vesting hê. "Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar," is die belofte van die Heiland aan ons. (Openb. 3:10). Liewer as om een siel wat op Hom vertrou, oor te laat om deur Satan oorwin te word, sal hy al die engele uit die hemel stuur om Sy volk te beskerm. [GS 635]

Hy het getrag om die gedaantes van afgestorwe vriende aan mense te laat verskyn. Hierdie vervalsing is volmaak; die bekende voorkomste, die woorde, die buiging van die stem, word met wonderbaarlike juistheid weergegee. Vele word vertroos met die versekering dat hulle geliefdes in die hemelse geluksaligheid is en sonder enige vermoede van gevaar, luister hulle na "verleidende geeste en leringe van duiwels." [GS 625]

Deur Spiririsme verskyn Satan as die weldoener van die mens. Hy genees die siekes en gee voor dat hy 'n nuwe en meer verhewe stelsel van godsdiens het, maar terselfdertyd werk hy as verwoester. Sy versoekings lei menigtes tot hulle ondergang. Onmatigheid onttroon die rede; botviering van die vleeslike luste, stryd en bloedvergieting is die gevolg. Satan skep behae in oorlog, want dit wek
[176] die laagste drifte van die siel op en dit voer die slagoffers, gedrenk

in sonde en bloed, die ewigheid in. Dit is sy doel om die volke tot oorlog teen mekaar op te sweep, want sodoende kan hy die aandag van die mense aftrek van die werk van voorbereiding vir die dag van God.

Satan werk deur die elemente om sy oes van onvoorbereide siele in te samel. Hy het die geheime van die laboratoriums van die natuur nagegaan en hy gebruik al sy krag om die elemente te beheers sover as God hom toelaat. Toe hy toegelaat is om Job te teister, hoe vinnig was die vee en beeste en diensknegte en huise en kinders weggeveeg! Die een ramp het op die ander gevolg soos in ‘n oomblik. Dit is God wat Sy skepsels beskerm en hulle beskut teen die mag van die verwoester. Maar die Christenwêreld het sy minagting vir die wet van Jehova getoon en die Here sal doen presies wat Hy verklaar het dat Hy sal doen - Hy sal Sy seëninge aan die aarde onttrek en Sy beskerming aan diegene wat in opstand is teen Sy wet en wat ander leer en dwing om dieselfde te doen, ontneem. Satan beheer almal wat nie spesiaal deur God beskerm word nie. Hy sal sommige begunstig en voorspoedig maak om sy eie planne te bevorder en oor ander sal hy moeilikhede laat kom om hulle te laat glo dat dit God is wat hulle teister. Terwyl hy hom aan die mensekinders voordoen as die groot geneesheer wat al hulle siektes kan genees, sal hy siekte en rampe laat ontstaan totdat digbewoonde stede omskep is in ruines en verwoesting. Hy is nou reeds aan die werk. In ongelukke en rampe op see en land, in groot brande, in verwoestende winde, in verskriklike haelstorms, in storms, oorstromings, orkane vloedgolwe en aardebewings orals en in ‘n duisend vorms beoefen Satan sy mag. Hy laat ryp oeste verwoes en hongersnood en ellende is die gevolg. Hy besoedel die lug en duisende kom om in pestilensies. Hierdie rampe sal meer dikwels en met ontsettender gevolge kom. Verwoestings sal kom oor mens en dier. “Die aarde treur, dit verwelk... en die hoë mense van die aarde versmag. Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners, want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.” Jesaja 24:4,5. [GS 666/7]

## Satan Boots Christus se Wederkoms Na

En wat meer is, Satan word nie toegelaat om die wyse van Christus se koms na te maak nie. Die Heiland het Sy volk gewaarsku teen

bedrog op hierdie punt en Hy het die wyse van Sy koms duidelik voorspel. "Daar sal valse christusse en valse profete opstaan en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn - moet nie uitgaan nie. Kyk, Hy is in die binnekamer - moet dit nie glo nie. Want soos
[177] die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens." (Matt.24:27) Dit is onmoontlik om hierdie koms na te maak. Dit sal oor die hele wêreld bekend wees - deur almal gesien word.

Alleen diegene wat ywerige studente van die Skrifte is en wat die liefde vir die waarheid aangeneem het, sal beskerm word teen die verskriklike bedrog wat die wêreld sal oorval. Deur die getuienis van die Bybel sal hulle die bedrieër in sy vermomming herken. Almal sal getoets word. Deurversoeking sal die opregte Christen geopenbaar word. Is die volk van God nou so onbeweeglik gevestig op Gods Woord dat hulle nie sal toegee aan die getuienis van hulle sintuie nie? Sal hulle in so 'n krisis vasklem aan die Bybel en die Bybel alleen? Indien moontlik sal die Satan hulle belet om die voorbereiding te maak sodat hulle kan staande bly in daardie dag. Hy sal sake so reël dat hulle weg versper word; hy sal hulle verstrik met aardse skatte, hulle swaar en vermoeiende laste laat dra, sodat hulle harte beswaar kan word met die sorge van hierdie lewe en dat die dag van beproewing hulle kan oorval soos 'n dief. [GS 707/8]

As kronende toneel in die groot drama van bedrog sal Satan hom voordoen as Christus. Lank reeds het die kerk uitgesien na die koms van die Heiland as die verwesenliking van sy hoop. Die groot bedrieër sal dit nou laat skyn asof Christus werklik gekom het. In verskillende dele van die wêreld sal Satan homself onder die mense openbaar as 'n majestueuse wese van skitterende heerlikheid wat voldoen aan die beskrywing van die Seun van God soos deur Johannes in Openbaring gegee. (Openb. 1:13-15). Die heerlikheid waarmee hy omring is, is onoortreflik - sterwelinge het nog nooit so iets aanskou nie. 'n Triomfkreet weergalm deur die lug: "Christus het gekoml Christus het gekoml" Die mense val in aanbidding voor hom neer, onderwyl hy sy hande ophef en 'n seën op hulle uitspreek net soos Christus Sy dissipels geseën het toe Hy op aarde was. Hy het 'n sagte, dog soetklinkende stem. In sagte, medelydende woorde

verkondig hy sommige van dieselfde heerlike, hemelse waarhede wat die Heiland gespreek het; hy genees die siektes van die mense en dan, in sy aangenome karakter van Christus, beweer hy dat hy die Sabbat verander het tot Sondag en hy gebied almal om die dag wat hy geseën het, heilig te hou. Hy verklaar dat diegene wat volhard in die heiliging van die sewende dag, sy naam laster deur te weier om te luister na sy engele wat hy gestuur het met lig en waarheid. Dit is die groot, byna onweerstaanbare bedrog. Net soos die Samaritane wat deur Simon, die towenaar, bedrieg is, luister die skare, groot en klein, na hierdie towery en hulle sê:"Hy is die groot krag van God" (Handelinge 8:10) [GS 707]

## Nasionale Sondag Wet [178]

Namate die stryd uitbrei tot nuwe velde en die aandag van die mense gevestig word op Gods vertrapte wet, word Satan baie bedrywig. Die krag waarmee die verkondiging van die boodskap gepaard gaan, sal diegene wat dit weerstaan, woedend maak. Die geestelikes sal byna bomenslike pogings aanwend om die lig uit te sluit sodat dit nie op hulle gemeentes skyn nie. Deur alle middels tot hulle beskikking sal hulle trag om die bespreking van hierdie allerbelangrikste vraagstukke te onderdruk. Die kerk sal hom beroep op die sterk arm van die burgerlike owerheid en in hierdie werk sal Katolieke en Protestante verenig. Namate die beweging vir verpligte Sondagsviering stoutmoediger en beslister word, sal die wet ingeroep word teen die bewaarders van die gebooie. Hulle sal bedreig word met boete en tronkstraf; sommige sal verantwoordelike betrekkings aangebied word en ander sal beloning en ander voordele ontvang om hulle te beweeg om hulle geloof te versaak. Maar hulle onverbiddelike antwoord is: "Oortuig ons van ons dwaling uit die Woord van God" dieselfde antwoord as wat Luther onder dergelike omstandighede gegee het. Diegene wat voor die hof gebring word, sal die waarheid sterk verdedig en sommige wat hulle hoor, sal gelei word om ook uit te staan vir al die gebooie van God. Op hierdie manier sal die lig aan duisende gebring word wat andersins niks van hierdie waarhede sou geweet hetnie. [GS 688/9]

Wanneer die vooraanstaande kerke van die Verenigde State amalgameer op leerstellings waaroor hulle almal eens is en die staat be-

ïnvloed om hulle wette uit te voer en hulle instellings te handhaaf, dan sal Protestants-Amerika die beeld gemaak het van die Roomse hierargie en die oplegging van burgerlike straf op andersdenkendes sal die onvermydelike gevolg wees.

Die dier met die twee horings "maak dat aan almal, die kleintjies en die grotes en die rykes en die armes en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee is, sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier ofdie.getal van sv naam het." (Openb. 13:16,17). Die derde engel se waarskuwing lui as volg: "As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God." Die dier wat in hierdie boodskap genoem word en waarvan
[179] die aanbidding afgedwing word deur die dier met die twee horings, is die eerste of die luiperd dier van Openbaring 13 - die pousdom. Die beeld van die dier stel 'n vorm van afvallige Protestantisme voor wat sal ontstaan wanneer die Protestantse kerke die hulp van die burgerlike regering inroep om hulle dogmas verpligtend te maak. Die "merk van die dier" sal later verklaar word. [GS 510]

Daar is vele, self onder diegene wat betrokke is by die beweging om Sondagviering af te dwing, wat blind is vir wat sal volg op die daad. Hulle sien nie dat hulle direk teen godsdiensvryheid werk nie. Daar is vele wat nog nooit die aanspraak van die Bybel Sabbat verstaan het nie en die valse grondslag vir Sondagviering nie. Enige beweging ten gunste van Godsdienswetgewing is in die waarheid 'n toegewing aan die pousdom wat vir soveel eeue teen vryheid van gewete geveg het. Sondagviering het sy bestaan te danke aan die "verborgenheid van ongeregtigheid" en die afdwing daarvan feitlik 'n erkenning van die beginsels wat die hoeksteen van Romanisme is. Wanneer ons nasie só die beginsels van ons regering sal afsweer om 'n Sondawet uit te vaardig, sal Protestantisme deur die daad die hand reik na die pousdom; dit sal niks anders wees as om lewe te gee aan die tirannie wat al so lank gretig sy kans afwag om weer in aktiewe despotisme te ontluik. [5T 711-712]

Die Sabbat sal die groot toets van getrouheid wees, want dit is die deel van die waarheid wat veral betwis word. Wanneer alle mense voor die finale toets te staan kom, dan sal die skeidslyn getrek word tussen diegene wat God dien en diegene wat Hom nie dien

nie. Terwyl die viering van die valse sabbat in gehoorsaamheid aan die staatswette, maar in botsing met die vierde gebod, 'n betuiging van trou is aan 'n mag wat in stryd is met God, sal die viering van die ware Sabbat in gehoorsaamheid aan Gods wet die bewys van getrouheid aan die Skepper wees. Terwyl die een klas deur die aanvaarding van die teken van onderwerping aan aardse magte die merkteken van die dier ontvang, ontvang die ander klas deur die teken van getrouheid om goddelike gesag te verkies, die seël van God. [GS 685]

Die tyd is nie meer ver in die toekoms wanneer elke siel getoets sal word nie. Die merkteken van die dier sal op ons afgedwing word. Die wat trapsgewyse toegegee het aan wéreldse eise en gekonformeer het met wêreldse tradisie, sal dit nie moeilik vind om eerder toe te gee aan die owerhede nie, as om die skyf van spot, beledigings, dreigemente van tronkstraf en die dood te word. Die stryd is tussen die Wet van God en dié van mense. In die tyd sal die slyk geskei word van die goud in die kerk. Ware vroomheid sal duidelik aan sy glans erken word. Vele sterre bewonder vir hulle luister, sal verduister. Kaf sal soos wolke voor die wind weggevoer word, self [180]
van plekke waar ons net koring gesien het. Almal wat die versiering van die heiligdom aanvaar het, maar nie met die geregtigheid van Christus beklee is nie, sal in die skande van hulle naaktheid openbaar word. [5T 81]

Broeders en Susters, as ek tog net iets kan sê wat julle sal wakker skud om die belangrikheid, die betekenis van die gebeure wat nou plaasvind, te besef. Ek verwys julle na die aggressiewe bewegings wat gedoen word om godsdiensvryheid te beperk. God se geheiligde gedenkteken is afgebreek en in Sy plek staan 'n valse Sabbat, sonder heiligheid, voor die wêreld. En, terwyl die magte van die duisternis elemente van benede opsweep, stuur God krag van bo om die krisis te beveg deur Sy lewende instrumente wat die wet van God verhef. Nou is dit ons geleentheid om in vreemde lande te werk. Soos Amerika, die land van godsdiensvryheid met die pousdom sal verenig om die gewete te dwing om 'n valse Sabbat te eer, sal die volke uit elke deel van die aardbol haar voorbeeld volg. Ons mense is nie halfpad wakker genoeg om alles in hul mag te doen, met die fasiliteite binne bereik om die boodskap van waarskuwing uit te brei nie. [6T 18:2]

Wanneer die toetstyd kom, sal diegene wat Gods Woord hulle lewensreëel gemaak het, geopenbaar word. In die somer is daar nie eintlik ‘n merkbare verskil tussen die immergroen bome en die ander nie, maar as die winter daar is, bly die immergroen bome onveranderd terwyl die ander bome kaal is. So ook kan die valse belyer nie nou onderskei word van die ware Christen nie, maar die tyd is voor die deur wanneer die verskil opmerklik sal wees. Laat teenstand, dweepsug en onverdraagsaamheid maar weer hulle koppe uitsteek, laat die vuur van vervolging weer aangesteek word en die halfhartige huigelaars sal wankel en hulle geloof versaak, maar die opregte Christen sal so onwrikbaar soos ‘n rots staan. Sy geloof sal sterker en sy hoop heerliker wees asindiedaevan voorspoed. [GS 681 ]

## Die Merk Van Die Dier Ontvang

Maar Christene van vorige geslagte het Sondag gevier en gemeen dat hulle daardeur die Bybelse Sabbat gevier het en daar is tans ook opregte Christene in alle kerke, die Rooms-Katolieke kerk inkluis, wat eerlik glo dat Sondag die Sabbat is wat God ingestel het. God neem sulke opregtheid aan. Maar wanneer Sondagviering deur die wet verpligtend gemaak word en die hele wêreld ingelig is aangaande die verpligting van die ware Sabbat, dan sal diegene wat Gods gebod
[181] oortree om ‘n gebod te gehoorsaam wat geen hoër gesag het as die van Rome nie, daardeur die pousdom vereer bokant God. Daardeur sal hulle hulde betoon aan Rome en aan die mag wat ‘n instelling wat deur Rome beveel is, verpligtend maak. Hulle sal besig wees om die dier en sy beeld te aanbid. As mense dan die instelling verwerp waarvan God sê dat dit ‘n teken is van Sy gesag en in die plek daarvan ‘n instelling vereer wat Rome verkies het as die teken van sy oppergesag, sal hulle daardeur die teken van getrouheid aan Rome aanvaar, naamlik” die merk van die dier.” Dit is eers wanneer die saak duidelik onder die aandag van die volk gebring is en hulle voor die keuse gestel word om te kies tussen die gebooie van God en die gebooie van mense, dat diegene wat volhou met hulle oortreding die “merk van die dier” sal ontvang. [GS 514]

Met die saak so duidelike gestel, sal enigeen wat Gods wet vertrap en menslike gebooie gehoorsaam, die merk van die dier ontvang;

hy neem die teken aan van trou aan die mag wat hy verkies om te gehoorsaam in stede van God. Die waarskuwing van die hemel lui as volg: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemengd ingeskink word in die beker van sy toorn.” Openb. 14:9,10.

Maat’die wraak van God sal niemand tref aleer die waarheid aan sy verstand en gewete tuisgebring is en hy dit verwerp het nie. Daar is vele wat nog nie ‘n geleentheid gehad het om die spesiale waarhede vir hierdie tyd te hoor nie. Die verpligting van die vierde gebod is nog nooit in die ware lig voor hulle gestel nie. Hy wat in elke hart kan sien en wat al die beweegredes ken, sal nie toelaat dat enigeen wat begeer om die waarheid te ken, bedrieg word ten opsigte van die dinge waaroor die stryd gaan nie. Die dekreet sal nie blinde -lings op die mense afgedwing word nie. Elkeen sal genoeg lig ontvang om op intelligente wyse sy eie keuse te maak. [GS 685]

Die Sabbat sal die groot toets van getrouheid wees, want dit is die deel van die waarheid wat veral betwis word. Wanneer alle mense voor die finale toets te staan kom, dan sal die skeidslyn getrek word tussen diegene wat God dien en diegene wat Hom nie dien nie.Terwyl die viering van die valse sabbat in gehoorsaamheid aan die staatswette, maar in botsing met die vierde gebod, ‘n betuiging van trou is aan ‘n mag wat in stryd is met God, sal die viering van die ware Sabbat in gehoorsaamheid aan Gods wet die bewys van getrouheid aan die Skepper wees. Terwyl die een klas deur die aanvaarding van die teken van onderwerping aan aardse magte die merkteken van die dier ontvang, ontvang die ander klas deur die teken van getroubaarheid aan Goddelike gesag te verkies, die seël van God. [GS 685]

En ek het gesien dat as God die Sabbat verander het van die [182]
sewende tot die eerste dag, sou Hy ook die bewoording van die Sabbatgebod verander het daar op die kliptafels wat nou in die ark is in die allerheiligste plek van die tempel in die hemel en dit sou as volg gelees het: “Die eerste dag is die Sabbat van die Here julle God.” Maar ek het gesien dat die bewoording nog is soos dit was toe dit op die kliptafels geskryf is deur die vinger van God en toe Hy dit aan Moses op Sinai gegee het. “Maar die sewende dag is die Sabbat van die Here julle God.” Ek het gesien dat die heilige Sabbat

die skeidsmuur is en dit altyd sal bly tussen die ware Israel van God en die ongelowiges en dat die Sabbat die groot vraag is wat die harte sal verenig van Gods dierbare, wagtende heiliges. [EG 31]

## Die Luide Groep

Ek het engele heen en weer sien haas in die hemel. Hulle het op die aarde neergedaal en weer opgevaar na die hemel, in voorbereiding vir 'n belangrike gebeurtenis. Toe het ek 'n ander magtige engel gesien, met opdrag om na die aarde te vlieg om sy stem te voeg by die van die derde engel om krag aan sy boodskap te gee. Groot krag en heerlikheid is aan hierdie engel gegee, lig wat hierdie engele gebring het, het orals binnegedring en hy het met 'n groot stem geroep: "Geval, geval het die groot Babilon, dit het geword die woonplek van duiwels en die plek van allerhande onreine en haatlike voëls." Die boodskap van die val van Babilon, soos verkondig deur die tweede engel, word herhaal, met die melding van die korrupsie wat die kerke binnegedring het sedert 1844. Die werk van hierdie engel kom op die regte tyd om aan te sluit by die laaste groot werk van die derde engel se boodskap waar dit uitbrei tot 'n luide geroep. Die volk van God word so voorberei om te staan in die uur van versoeking waarin hulle eerlank sal kom. Ek het gesien dat 'n groot lig hulle bestraal en hulle het saamgestaan om die derde engel se boodskap sonder vrees te verkondig.

Engele is gestuur om die magtige engel uit die hemel by te staan en ek het stemme wat orals binnegedring het soos dit gelyk het, hoor sê:"Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel en God het haar ongeregtighede onthou." Dit het geskyn of hierdie boodskap bykomstig tot die derde engel se boodskap was en daarby aangesluit het, net soos die middernagtelike geroep aangesluit het by die tweede engel se boodskap in 1844. Die heerlikheid van God het die geduldige, wagtende heiliges bestraal
[183] waar hulle sonder vrees die laaste plegtige waarskuwing gegee het, die val van Babilon aangekondig het en Gods kinders geroep het om uit haar uit te gaan, sodat hulle haar vreeslike ondergang kon vryspring. [EG 237]

Hierdie gesig is in die jaar 1847 gegee toe daar maar baie min van die Adventbroeders was wat die Sabbat gehou het en onder hulle was daar maar min wat gemeen het dat die onderhouding daarvan belangrik genoeg was om die skeidslyn te trek tussen die kinders van God en ongelowiges. Nou begin ons die vervulling van daardie gesig sien. "Die begin van die tyd van benoudheid" waarvan hier melding gemaak word, het nie betrekking op die tyd wanneer die plae uitgestort sal word nie, maar verwys na 'n kort periode net voor hulle uitgestort word, terwyl Christus nog in die heiligdom is. In daardie tyd, onderwyl die verlossingswerk agfesluit word, sal daar moeilikhede op die aarde kom en die volke sal toornig wees, maar hulle sal in bedwang gehou word sodat die werk van die derde engel nie belet word nie. In daardie tyd sal die laat reëns of die tyd van verkwikking van die aangesig van die Here kom om krag te gee aan die luide stem van die derde engel en om die heiliges te berei om te kan staan in die periode wanneer die sewe laaste plae uitgestort sal word. [EG 75-76]

Die engel wat help met die verkondiging van die derde engel se boodskap, sal die hele wêreld verlig met sy heerlikheid. Hier word daar 'n wêreldwye werk met ongekende krag voorspel. Die Adventboodskap van 1840-1844 was 'n heerlike openbaring van die krag van God; die eerste engel se boodskap het na elke sending-stasie in die wêreld gegaan en in sommige lande is daar die grootste godsdienstige belangstelling opgewek wat nog ooit gesien is sedert die Hervorming van die sestiende eeu; maar dit sal oortref word deur die magtige beweging in verband met die finale waarskuwing van die derde engel. [GS 692]

Die boodskap sal verkondig word, nie soseer deur argumente nie, as deur 'n diepe oortuiging van die Gees van God. Die argumente is reeds aangevoer. Die saad is gesaai en nou sal dit opkom en vrugte afwerp. Die leesstof wat versprei is deur sendingwerkers, het sy invloed laat geld, maar baie wat onder die indruk daarvan gekom het, is belet om die waarheid ten volle te verstaan en te gehoorsaam. Nou sal die ligstrale orals deurdring en die waarheid sal in sy helderheid gesien word en die opregte kinders van God sal die bande verbreek wat hulle vashou. Familiebetrekkinge en kerklike bande is nou magteloos om hulle vas te hou. Die waarheid is vir hulle dierbaarder as alle ander dinge en ten spyte van die magte wat

teen die waarheid verenig is, sal ‘n groot getal hulle aan die kant van die Here skaar. [GS 693]

[184]

## Verseëlingstyd

In Gods Woord word ons die gevolge getoon van die verkondiging van die derde engel se boodskap. “Die draak was vertoornd op die vrou en hy het gegaan om oorlog te maak met haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” Openb. 12:17. Die weiering om God se gebooie te gehoorsaam en ‘n vasbeslotenheid om haat te koester teen diegene wat die gebooie verkondig, lei tot ‘n vasberade oorlog deur die draak, wie se hele mag teen die gebooie - bewarende volk van God gemonster word. “En hy maak dat aan almal, die kleintjies en die grotes en die rykes en die armes en die vry mense en die slawe ‘n merk op hul regterhand en op hulle voorhoofde gegee is, sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Openb. 13:16,17.

Die teken, of seël van God is geopenbaar deur die onderhouding van die sewende dag Sabbat, die Here se gedenkteken van die Skepping.” Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my Sabbatte onderhou, want dit is ‘n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die Here is wat julle heilig.” Eks. 31:12,13. Hier word die Sabbat duidelik aangedui as ‘n teken tussen God en Sy volk. [8T 117)

Ek het ook gesien dat vele nie besef wat hulle moet wees om te kan lewe in die teenwoordigheid van die Here nie, sonder ‘n Hoëpriester in die heiligdom gedurende die tyd van benoudheid. Diegene wat die seël van die lewende God ontvang en beskerm word in die tyd van benoudheid, moet die beeld van Jesus ten volle weerkaats.

Ek het gesien dat vele daardie voorbereiding verwaarloos wat so nodig is en dat hulle uitgesien het na die tyd van “verkwikking”en na die “laat reëns” wat hulle sal versterkom te kan staan in die dag van die Here en te lewe in Sy teenwoordigheid. O, hoeveel het ek gesien in die tyd van benoudheid sonder ‘n beskutting. Hulle het in gebreke gebly om die nodige voorbereiding te maak; daarom kon

hulle nie die verkwikking verkry wat almal moet hê om hulle geskik te maak om te lewe in die teenwoordigheidd van ‘n Heilige God nie. Diegene wat weier om hulle te laat regkap deur die profete en wat in gebreke bly om hulle siele te reinig deur gehoorsaamheid aan die volle waarheid en wat aanneem dat hulle toestand baie beter is as wat dit werklik is, sal kom tot die tyd wanneer die sewe laaste [185]
plae val, om dan eers te ontdek dat hulle reggekap moes gewees het vir die gebou. Maar dan sal daar nie tyd wees om dit te laat doen nie en daar sal geen Middelaar wees om hulle saak te bepleit voor die Vader nie. Voor hierdie tyd sal daardie vreeslike dekreet reeds uitgevaardig wees: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen en wie vuil is, laat hom nog vuiler word en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word." Ek het gesien dat niemand kan deel in die verkwikking tensy hy die oorwinning behaal oor elke swakheid, hoogmoed, selfsug, liefde vir die wêreld en oor elke verkeerde woord en daad nie. Ons behoort dus steeds nader en nader te kom aan die Here en ernstig te streef om daardie voorbereiding te maak wat ons in staat sal stel om te kan staan in die slag van die dag van die Here. Laat almal onthou dat God heilig is en dat alleen heilige wesens ooit in Sy teenwoordigheid sal kan lewe. [EG 63)

Die vyande van Gods wet, van die predikante tot by die minste onder hulle, het nou ‘n nuwe begrip van waarheid en plig.Te laat sien hulle dat die Sabbat van die vierde gebod die seël van die lewende God is.Te laat besef hulle die ware aard van hulle valse sabbat en die fondament van sand waarop hulle gebou het. Hulle ontdek dat hulle teen God geveg het. Godsdienstige leiers het siele tot die verderf gelei terwyl hulle voorgegee het om hulle na die poorte van die Paradys te lei. Eers in die dag van finale afrekening sal dit bekend word hoe groot die verantwoordelikheid van diegene wat die heilige amp beklee, is en hoe vreeslik die gevolge van hulle ontrouheid is. Eers in die ewigheid sal ons in staat wees om te besef wat die verlies van een enkele siel beteken. Vreeslik sal die verdoemenis wees van die aan wie God sal sê:"Gaan weg van My, jou bose dienskneg." [GS 724]

Die gelowige biddendes is as’t ware verskuil in God. Hulle weet self nie hoe veilig hulle beskerming is nie. Aangevuur deur die Satan, poog die heersers van die wêreld om hulle te vernietig, maar as hulle

oë geopen kon word, sou hulle, soos Elisa se dienskneg by Dothan, die engele van God rondom hulle sien soos ‘n laer wat deur hulle heerlikheid die magte van die duisternis terug hou.

Wanneer die volk van God hul voor Hom ootmoedig en pleit vir rein harte, kom die bevel:“Neem weg die vuil klere van hulle af” en die bemoedigende woorde word gespreek: “Kyk, Ek het jou skuld van jou weggeneem en ek beklee jou met feesklere.” Die vlek-lose kleed van Christus se geregtigheid, word deur die beproefde,
[186] versoekte, tog getroue kinders van God aangetrek. Die veragte oorblyfsel word in verheerlikte klere geklee, om nooit meer deur die bedorwenheid van die wêreld besmet te word nie. Hulle name word behou in die boek van die lewe van die Lam, op die rol van die getroues van alle eeue. Hulle het die liste van die verleier weestaan, hulle het nie die pad byster geraak as gevolg van die draak se gebrul nie. Nou is hulle vir ewig veilig van die versoeker se strikke. Hulle sonde word oorgeplaas op die oorsaak van alle sonde. Die oorblyfsel word nie net vergewe en aanvaar nie, maar vereer. ‘n Rein tulband word op hulle hoofde geplaas. Hulle moet wees soos konings en priesters voor God. Terwyl die Satan sy beskuldigings teen hulle rig om hulle te vernietig, het heilige engele heen en weer tussen hulle gegaan en die seël van die lewende God op hulle geplaas. Dit is hulle wat op die berg Sion staan saam met die Lam, met die Vader se naam op hulle voorhoofde geskrywe. Hulle sing ‘n nuwe lied voor die troon, daardie lied wat geen mens kan leer behalwe die 144,000, wat van die aarde verlos is nie. Openb. 14:4.

Nou tree die woorde van die engel in vervulling. Sag.3:8. Christus word geopenbaar as Redder en Verlosser van Sy volk. Nou word die oorblyfsel inderdaad sinnebeelde as die trane en vernedering van hul pelgrimstog plek maak vir vreugde en eer in die teenwoordigheid van God en die Lam. “In die dag sal die Spruit van die Here wees tot sieraad en heerlikheid en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygemaaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly en gespaar is in Jerusalem, die sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskryf is in Jerusalem.” Jes. 4:2,3. (5T 475,6]

Op hierdie manier sal die volkome vervulling van die nuwe verbond verwesenlik word: “Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.” ” ln die dae en in die tyd, spreek die Here, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar

dit sal daar nie wees nie en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie." Jer. 31:34; 50:20. "In die dag sal die Spruit van die Here wees tot sieraad en heerlikheid en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, die sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem." Jes. 4:2,3. [GS 552]

As Jakob hom nie voorheen bekeer het van sy sonde van bedrog in verband met die geboortereg nie, sou God nie sy gebed verhoor en sy lewe gespaar het nie. So ook in die tyd van benoudheid; as daar sondes teen Gods volk staan wat nie bely is nie, terwyl hulle in die tyd van benoudheid gefolter word deur vrees en angs, sou hulle
oorweldig word; wanhoop sou hulle geloof vernietig en hulle sou [187]
geen vrymoedigheid hê om tot God om verlossing te bid nie. Maar terwyl hulle 'n diepe besef van hulle onwaardigheid het, is daar nie bedekte sondes wat geopenbaar moet word nie. Hulle sondes het vooruitgegaan na die gereg en dit is uitgedelg; dit kan nie weer in herinnering gebring word nie. [GS 703]

Ek het engele heen en weer sien haas in die hemel. 'n Engel met 'n skrywer se inkpot aan sy sy het van die aarde af teruggekom en aan Jesus gerapporteer dat sy werk klaar was en dat die heiliges genommer en verseël is. Toe het ek gesien dat Jesus, wat voor die ark waarin die tien gebooie is, gedien het, die reukpan neergooi. Hy het Sy hande opgehef en met 'n groot stem uitgeroep: "Dit is verbyl" Die ganse leërskare van engele het hulle krone afgehaal toe Jesus die volgende plegtige aankondiging gedoen het: "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen en wie vuil is, laat hom nog vuiler word en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word." Elke saak is beslis of vir die lewe of vir die dood.Terwyl Jesus in die heiligdom gedien het, is die regverdige dode geoordeel en daarna die lewende heiliges. Christus het Sy koninkryk ontvang, nadat Hy versoening gedoen het vir Sy volk en hulle sondes uitgedelg het. Die onderdane van Sy koninkryk was voltallig. Die huwelik van die Lam is voltrek. Die koninkryk en die grootheid daarvan onder die ganse hemel, is gegee aan Jesus en die erfgename van die saligheid en Jesus sal regeer as Koning van die konings eh Here van die here. [EG 238,9]

## Die Tyd van Benoudheid

Wanneer die derde engel se boodskap afgesluit word, sal daar nie meer genade wees vir die skuldige aardbewoners nie. Die volk van God het hulle werk gedoen. Hulle het die “laat reëns, die tye van verkwikking van die aangesig van die Here”ontvang en hulle is berei vir die beproewingsuur voor hulle. Engele haas heen en weer in die hemel. ‘n Engel wat terugkeer van die aarde, kondig aan dat sy werk klaar is; die eindtoets is aan die wêreld gegee en almal wat hulle getrou betoon het aan die Goddelike gebooie, het die “seël van die lewende God” ontvang. Nou staak Jesus Sy voorbidding in die heiligdom daarbo. Hy hef Sy hande op en met ‘n luide stem sê Hy. “Dit is volbring.” Die leërskare van engele haal hulle krone af terwyl Hy die volgende plegtige aankondiging doen: “Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen en wie vuil is, laat hom nog vuiler word en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word.” Openb. 22:11. Elke saak is beslis vir die lewe of die
[188] dood. Christus het versoening gedoen vir Sy volk en hulle sondes uitgedelg. Die getal van Sy onderdane is volk. “Die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel” sal eerlank gegee word aan diegene wat die saligheid beërf het en Jesus sal regeer as Koning van die konings en Here van die here. [GS 695]

Wanneer Hy die heiligdom verlaat, bedek donkerheid die aardbewoners. In daardie vreeslike tyd moet die regverdiges voor ‘n Heilige God leef sonder ‘n Middelaar. Die bedwang wat die goddelose weerhou het, is nou opgehef en Satan het volkome beheer oor die verharde onboetvaardiges. Gods lankmoe digheid is beëindig. Die wêreld het Sy genade verwerp, sy liefde versmaai en Sy wet vertrap. Die goddelose het die grense van hulle genadetyd oorskry; die Gees van God wat hulle so hardnekkig weerstaan het, is eindelik onttrek. Sonder die beskerming van goddelike genade, is daar vir hulle geen beskerming teen die Bose nie. Satan sal nou die aardbewoners in die laaste groot stryd dompel. Namate die engele van God die woeste winde van menslike drifte los, sal al die elemente van stryd vryelik woed. Die hele wêreld sal gewikkel word in ‘n verwoesting baie erger as die van Jerusalem vanouds. [GS 695/6]

Toe God sy teenwoordigheid eindelik aan die Joodse volk onttrek het, het die priesters en die volk dit nie besef nie. Hoewel hulle onder beheer van Satan gestaan het en besiel was met die afskuwelikste en kwaadwilligste drifte, het hulle hulleself nogtans beskou as die uitverkorenes van God. Die diens in die tempel het voortgegaan; brandoffers is geoffer op die besoedelde altare en daeliks is die goddelike seën afgesmeek op 'n volk wat skuldig was aan die bloed van Gods geliefde Seun en wat steeds getrag het om Sy diensknegte en apostels om die lewe te bring. En so ook, wanneer die onherroeplike besluit in die heiligdom aangekondig en die lot van die wêreld vir ewig beslis is, sal die aardbewoners dit nie weet nie. Die volk aan wie die Gees van God finaal onttrek is, sal voortgaan met hulle vormdiens; die sataniese ywer waarmee die vors van die bose hulle besiel om sy kwaadwillige planne uit te voer, sal die skyn van ywer vir God hê. [GS 697]

Toe Jesus die allerheiligste plek verlaat het, het ek die klokkies van Sy kleed hoor lui en toe Hy daaruit is, het 'n wolk van duisternis die aardbewoners oordek. Nou was daar geen middelaar tussen die skuldige mens en 'n veronregte God nie. Terwyl Jesus nog gestaan het tussen God en die skuldige mensdom, is die mense in bedwang gehou, maar toe Hy uit getree het, is die weerhoudende krag verwyder en die Satan het volkome heerskappy gehad oor die [189]
onboetvaardiges. Terwyl Jesus nog in die heiligdom gedien het, was dit onmoontlik om die plae uit te stort, maar aangesien Sy werk daar nou klaar en Sy middelaarswerk afgesluit was, was daar niks om die wraak van God terug te hou nie en dit het met woede ontvlam op die onbeskutte hoof van die skuldige sondaars wat die saligheid versmaai en die bestraffing gehaat het. In daardie vreeslike tyd, na die afsluiting van Jesus se middelaarswerk, het die heiliges voor 'n Heilige God gelewe sonder 'n middelaar. Elke saak is afgehandel en elke juweel is genommer. Jesus het vir 'n rukkie in die eerste afdeling van die heiligdom vertoef en die sondes wat bely is terwyl Hy in die allerheiligste plek was, is geplaas op die Satan, die bewerker van die sonde; hy moet sy eie straf daarvoor ondergaan. [EG 239]

Dit was nodig dat die mense opgewek word om hulle gevaar te besef en dat hulle wakker gemaak word om klaar te maak vir die plegtige gebeurtenisse in verband met die sluiting van die genadetyd. Die profeet van die Here het gesê: ''Want die dag van die Here is

groot en uitermate vreeslik, wie kan dit verdra?" Wie sal kan staan wanneer Hy verskyn wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die moeite nie kan aanskou nie? Vir hulle wat roep: "My God, ons... ken U,"maar wat nogtans Sy verbond oortree en ander gode navolg, wat sonde in hulle hart verberg en die weë van ongeregtigheid liefhet, vir hulle sal die dag van die Here "duisternis en geen lig nie, ja donkerheid sonder 'n ligstraal" wees. "En in die tyd" sê die Here, "sal Ek Jerusalem met lanterns deursoek en besoeking doen oor die mense wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die Here doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie. Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek en aan die goddelose hulle ongeregtigheid en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder. Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die Here te red nie en hulle rykdom sal geplunder word en hulle huise verwoes word."

Die profeet Jeremia, vooruitsiende na daardie vreeslike tyd, het uitgeroep: "0 my ingewande, my ingewande, ek bewe van angs! Ek kan nie swyg nie, want jy, my siel, het basuingeluid gehoor, oorlogsgeskreeu, verwoesting op verwoesting word uitgeroep" (Jer. 4:19,20).

"Dié dag is 'n grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woesteid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu." " Kyk, die dag van die Here kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg"

[190] Met die oog op hierdie vreeslike dag doen die Woord van God in die ernstigste en plegtigste taal 'n beroep op Sy volk om wakker te skrik uit hulle geestelike doodsheid en om Sy aangesig in bekering en ootmoed te soek: "Blaas die basuin op Sion en blaas alarm op my heilige berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van die Here kom, want hy is naby... Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die volk, heilig die gemeente vergader die oudstes, versamel die kinders en die suigelinge! Laat die bruidegom uit sy kamer uitgaan en die bruid uit haar slaapvertrek. Laat die priesters, die dienaars van die Here, tussen die voorportaal en die altaar ween" (Joël 2:15-17). "Bekeer julle tot My met julle hele hart en met vas en geween en rouklag. En skeur julle hart en nie julle klere nie en bekeer julle tot die Here julle God, want Hy is

genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid en Een wat berou het oor die onheil." Joël 2:1,15-17, 12,13. [GS 357/8]

Toe het ek gesien dat Jesus Sy prieserlike kleed uittrek en Sy koninklike kleed aantrek. Op Sy hoof was baie krone, 'n kroon op 'n kroon. Omgewe van die leërskare van engele, het Hy die hemel verlaat. Die plae was besig om op die aardbewoners te val. Sommige het God verwens en vervloek. Ander het na die volk van God gehaas en hulle gesmeek om geleer te word hoe om Sy oordele te ontvlug, maar die heiliges kon hulle nie help nie. Die laaste traan vir sondaars was gestort, die laaste smeekbede gebid, die laaste las gedra en die laaste waarskuwing gegee. Die soete stem van genade sou hulle nie meer uitnooi nie. Toe die heiliges en die hele hemel belang gestel het in hulle verlossing, het hulle persoonlik geen belang gestel nie. Hulle het die keuse van die lewe of die dood gehad. Vele het die lewe begeer, maar hulle het geen poging gemaak om dit te verkry nie. Hulle het nie die lewe gekies nie en nou was daar geen versoeningsbloed meer om sondaars te reinig nie en geen ontfermende Verlosser om vir hulle te pleit nie en te roep: "Spaar, spaar die sondaar 'n bietjie langer." Die ganse hemel het saamgestaan met Jesus toe hulle daardie vreeslike woorde hoor: "Dit is verby. Dit is volbring." Die verlossingsplan is volvoer, maar min het verkies om dit aan te neem. En toe die soet stem van die genade wegsterf, het die goddelose vreesbevange geword. Met skrikwekkende helderheid het hulle die woorde gehoor: "Te laat! te Laat!"

Diegene wat Gods Woord nie op prys gestel het nie, het heen en weer gehaas, van see tot see geloop en van die noorde tot die ooste om te soek na die Woord van die Here. Die engel het gesê:
"Hulle sal dit nie vind nie. Daar is 'n hongersnood in die land; nie [191]
'n honger vir brood nie of 'n dors na water nie, maar om die Woord van die Here te hoor. Wat sou hulle nie betaal vir een woord van goedkeuring van God nie! Maar nee, hulle moet honger en dors ly. Dag na dag het hulle die verlossing versmaai en meer waarde geheg aan aardse skatte en aardse plesier as aan die skatte van die hemel en die pleitstem van die hemel. Hulle het Jesus en Sy heiliges verwerp. Die wat vuil is, moet nou vir ewig vuil bly." [EG 230-240]

## Die Groot Tyd Van Benoudheid

Wanneer Hy die heiligdom verlaat, bedek donkerheid die aardbewoners. In daardie vreeslike tyd moet die regverdiges voor 'n heilige God leef sonder 'n middelaar. Die bedwang wat die goddelose weerhou het, is nou opgehef en Satan het volkome beheer oor die verharde onboetvaardiges. Gods lankmoedigheid is beëindig. Die wêreld het Sy genade verwerp, Sy liefde versmaai en Sy wet vertrap. Die goddelose het die grense van hulle genadetyd oorskry; die Gees van God wat hulle so hardnekkig weerstaan het, is eindelik onttrek. Sonder die beskerming van goddelike genade, is daar vir hulle geen beskerming teen die Bose nie. Satan sal nou die aardbewoners in die laaste groot stryd dompel. Namate die engele van God die woeste winde van menslike drifte los, sal al die elemente van stryd vryelik woed. Die hele wêreld sal gewikkel word in 'n verwoesting baie erger as die van Jerusalem vanouds. [GS 69,6]

Diegene wat Gods wet vereer, word beskuldig dat hulle die oorsaak is van die oordele wat die wêreld tref en hulle sal ook beskou word as die oorsaak van die verskriklike stuiptrekkings van die natuur en die stryd en bloedvergieting wat die aarde met ellende vervul. Die krag waarmee die laaste waarskuwing gepaard gaan, maak die goddelose woedend; hulle woede bars los teen die gene wat die boodskap aangeneem het en Satan sal die gees van haat en vervolging tot groter heftigheid aanblaas. [GS 697]

Die Here het keer op keer aan my getoon dat dit teen die Bybel is om enige voorsorg te maak vir ons stoflike behoeftes. Ek het gesien dat as die heiliges voedsel opgaar of op die lande het in die tyd van benoudheid, wanneer die swaar hongersnood en pessiektes in die land is, sal dit van hulle afgeneem word deur geweldenaars en vreemdelinge sal hulle lande afoes. Dan sal dit die tyd vir ons wees om heeltemal op God te vertrou en Hy sal ons onderhou. Ek het gesien dat ons brood en water in daardie tyd aan ons gegee sal word en dat ons geen gebrek of honger sal ly nie, want God is by magte
[192] om vir ons 'n tafel te dek in die woestyn. As dit nodig is, sal Hy kraaie stuur om ons te voed soos Hy vir Elia gevoed het of hy sal manna uit die hemel laat reën soos vir die Israeliete.

Huise en grond sal in die tyd van benoudheid niks werd wees vir die heiliges nie, want hulle sal dan moet vlug voor die toomige

gepeupel en in daardie tyd sal hulle nie hulle eiendom van die hand kan sit om die saak van die waarheid te bevorder nie. Aan my is getoon dat dit Gods wil is dat die heiliges alle bande moet verbreek wat hulle kan belemmer voordat die tyd van benoudheid begin en dat hulle ‘n verbond met God moet maak deur opoffering. As hulle hulle besittings op die altaar sou lê en God ernstig vra wat hulle plig is, sal Hy hulle leer wanneer om hierdie dinge van die hand te sit. Dan, in die tyd van benoudheid, sal hulle vry wees, sonder enige beslommering.

Ek het gesien dat as daar diegene is wat aan hulle besittings vashou en nie die Here vra wat hulle plig is nie, sal Hy dit nie aan hulle bekend maak nie en hulle sal toegelaat word om hulle besittings te behou en in die tyd van benoudheid sal dit voor hulle staan soos ‘n berg om hulle te verpletter; hulle sal dan probeer om dit van die hand te sit, maar sal nie kan nie. Ek het gehoor hoe sommige hulle lot beklae. “Die saak het skade gely, Gods volk het gesmag na die waarheid en ons het geen poging gemaak om te voorsien in die behoefte nie; nou is ons besittings waardeloos. O, as ons dit maar opgegee en vir ons skatte in die hemel weggelê hetl” Ek het gesien dat ‘n offer nie vermeerder nie, maar steeds verminder totdat dit heeltemal verteer is. Ook het ek gesien dat God nie van al Sy kinders verwag om hulle besittings op dieselfde tyd van die hand te sit nie, maar as hulle geestelik is, sal Hy hulle leer, in ‘n tyd van behoefte, wanneer om te verkoop en hoeveel om te verkoop. Van sommige is in die verlede geverg dat hulle hulle besittings moet verkoop om die advent saak te onderhou, terwyl ander toegelaat is om hulle besittings te behou totdat daar ‘n behoefte is en dan, wanneer die saak dit nodig het, is dit hulle plig om te verkoop. [EG.50,1]

## Die Genade deur Sluit

Toe God Sy teenwoordigheid eindelik aan die Joodse volk onttrek het, het die priesters en die volk dit nie besef nie. Hoewel hulle onder beheer van Satan gestaan het en besiel was met die afskuwelikste en kwaadwilligste drifte, het hulle hulleself nogtans beskou as die uitverkorenes van God. Die diens in die tempel het voortgegaan; brandoffers is geoffer op die besoedelde altare en daeliks is die goddelike seën afgesmeek op ‘n volk wat skuldig was aan

[193] die bloed van Gods geliefde Seun en wat steeds getrag het om Sy diensknegte en apostels om die lewe te bring. En so ook, wanneer die onherroeplike besluit in die heiligdom aangekondig en die lot van die wêreld vir ewig beslis is, sal die aardbewoners dit nie weet nie. Die volk aan wie die Gees van God finaal onttrek is, sal voortgaan met hulle vormdiens. Die sataniese ywer waarmee die vors van die bose hulle besiel om sy kwaadwillige planne uit te voer, sal die skyn van ywer vir God hê. [GS 697]

## Sewe Laaste Plae

So [deur spiritisme], word die wêreld verstrik en gerusgestel om nie die vreeslike bedrog agter te kom voordat die sewe laaste plae uitgestort word nie. [EG. 80/81]

By 'n wêreldkonferensie van gelowiges van die teenwoordige waarheid, gehou te Sutton, Vermont, in September 1850, is aan my getoon dat die sewe laaste plae uitgegiet sal word nadat Jesus die heiligdom verlaat het. Die engel het gesê: "Dit is die wraak van God en die Lam wat die vernietiging en dood van die goddelose veroorsaak. Wanneer die stem van God spreek, sal die heiliges soos 'n magtige leër met baniere wees, maar hulle sal nie die oordeel uitvoer wat opgeteken is nie. Die voltrekking van die vonnisse sal geskied aan die einde van die duisend jaar." [EG 46]

Die plae is nie wêreldomvattend nie, anders sou die aardbewoners almal uitgeroei word. Dit is nogtans die vreeslikste gesêls wat sterwelinge ooit geken het. Voor die afsluiting van die genadetyd was al die oordele van God op die mense met genade vermeng. Die pleitende bloed van Christus het sondaars beskerm teen die volle straf op hulle sonde, maar in die eindoordeel word die grimmigheid van God sonder genade uitgestort. [GS 711 ]

Wanneer Christus Sy voorbidding in die heiligdom staak, sal die wraak van God ongemeng uitgestort word op diegene wat die dier en sy beeld aanbid en sy merkteken ontvang. Die plae wat Egipte getref het net voordat God Israel verlos het, stem ooreen met die nog verskrikliker en uitgebreider oordele wat die wêreld sal tref net voor die finale verlossing van Gods volk. Waar Hy hierdie vreeslike gesels beskryf, sê Johannes: "Kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het."

Die see het bloed geword soos van'n dooie en al die lewende wesens in die see het gesterwe. Die riviere en die waterfonteine het bloed geword" (Open.16:2-4). Vreeslik soos hierdie strawwe is, is Gods oordele volkome regverdig. Die engel van God het verklaar: "Ja, Here God, die Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele." [194]
(Open.16:7),"want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het vir hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien" (Open.16:6). Deur die volk van God op die aarde tot die dood te veroordeel, het hulle net so gewis die skuld op hulle hals gehaal asof hulle met hulle eie hande die bloed vergiet het. Net so ook het Christus die Jode van Sy tyd skuldig verklaar aan die bloed van al die heiliges wat vergiet is van die dae van Abel af, want hulle was besiel met dieselfde gees en hulle het getrag om dieselfde werk as die moordenaars van die profete doen. [GS. 710-711]

Die aardbewoners het die slagoffers geword van die wraak van God in die sewe laaste plae wat hulle hulle tonge laat kou het van pyn en hulle God laat vervloek het, veral die vals herders is getref deur Gods wraak. [EG. 2]

In diê plaag wat volg word daar krag aan die son gegee" om mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte" Open.16:8] Die profete beskryf die toestand van die aarde gedurende daardie vreeslike tyd as volg. [haal Joël 1:10-12,17-20; Amos 8:3 aan]. [TM 432]

## Die Doods dekreet

Daar die Sabbat die spesiale twispunt geword het deur die ganse Christendom en die godsdienstige en burgerlike owerhede verenig het om die viering van Sondag verpligtend te maak, sal die hardnekkige weiering van 'n klein minderheid om gehoor te gee aan die algemene vereiste, hulle die spesiale voorwerpe van algemene verfoeiing maak. Daar sal aangevoer word dat die paar wat in stryd is met 'n instelling van die kerk en 'n wet van die Staat, nie gedoog moet word nie en dat dit vir hulle beter sou wees om te ly as dat al die volke tot verwarring en wetteloosheid sou oorgaan. Dieselfde argument is byna tweeduisend jaar gelede teen Christus aangevoer deur die owerstes van die volk. "Dit is voordelig vir ons," het die listige Kajafas gesê, "dat een man vir die volk sterwe en nie die hele

nasie omkom nie." Hierdie argument sal afdoende blyk en daar sal eindelik teen diegene wat die Sabbat van die vierde gebod heilig, 'n dekreet uitgevaardig word waarin uitgemaak word dat hulle die swaarste straf verdien en waarkragtens dit die mense na 'n sekere tyd sal vrystaan om hulle dood te maak. Romanisme in die Ou Wêreld en afvallige Protestantisme in die Nuwe, sal dieselfde weg inslaan teenoor diegene wat die goddelike gebooie eerbiedig. [GS 698/9]

[195] **Kort Tyd Van Benoudheid**

Hierdie gesig is in die jaar 1847 gegee toe daar maar baie min van die Adventbroeders was wat die Sabbat gehou het en onder hulle was daar min wat gemeen het dat die onderhouding daarvan belangrik genoeë was om die skeidslyn te trek tussen die kinders van God en ongelowiges. Nou begin ons die vervulling van daardie gesin sien. "Die begin van die tyd van benoudheid" waarvan hier melding gemaak word, het nie betrekking op die tyd wanneer die plae uitgestort sal word nie, maar verwys na 'n kort periode net voor hulle uitgestort word, terwyl Christus nog in die heiligdom is. In daardie tyd, onderwyl die verlossingswerk afgesluit word, sal daar moeilikhede op die aarde kom en die volke sal toornig wees, maar hulle sal in bedwang gehou word sodat die werk van die derde engel nie belet word nie. In daardie tyd sal die "laat reëns" of die tyd van verkwikking van die aangesig van die Here, kom om krag te gee aan die luide stem van die derde engel en om die heiliges te berei om te kan staan in die periode wanneer die sewe laaste plae uitgestort sal word. [EG 75/6]

So ook sal die boodskap van die derde engel verkondig word. Wanneer die tyd aanbreek om dit met die grootste krag te verkondig, sal die Here deur eenvoudige werktuie werk en diegene wat hulle harte aan Hom toegewy het, sal Hy in sy diens lei. Die werkers sal vir hulle werk berei word deur die salwing van Sy Gees, liewer as deur opleiding in inrigtings. Manne van geloof en gebed sal gedring word om met heilige ywer uit te gaan en die woorde te verkondig wat God aan hulle gee. Die sondes van Babilon sal openbaar word. Die vreeslike gevolge wat daar sal wees wanneer die gebruike van die kerk deur die burgerlike gesag verpligtend gemaak word, die inbreuk van Spiritisme, die ongemerkte, maar vinnige vooruitgang

van die pouslike mag alles sal aan die kaak gestel word. Deur hierdie ernstige waarskuwings sal die mense wakker geskud word. Duisende en duisende wat nog nooit woorde soos hierdie gehoor het nie, sal luister. Met verbasing sal hulle aanhoor dat Babilon die kerk is wat geval het weens haar dwalings en sonde, omdat sy die waarheid wat aan haar uit die hemel gestuur is, verwerp het. Wanneer die mense na hulle vorige leraars gaan en gretig vra: "Is hierdie dinge so?,"sal die predikante fabels verkondig en strelende dinge profeteer om hulle vrees weg te neem en hulle opgewekte gewetes stil te maak. Maar omdat baie nie tevrede sal wees met blote menslike gesag nie en sal aandring op 'n duidelike "So sê die Here," sal die predikante, net soos die Fariseërs vanouds en woedend omdat hulle gesag in twyfel getrek is, die boodskap uitskel as die boodskap van Satan en hulle sal die massas wat die sonde liefhet, aanhits om diegene wat die boodskap verkondig, te belaster en te vcrvolg. [GS 687,8]

## Armageddon. [196]

Ons nader die slag van die groot dag van die Almagtige God. Wat nou nog onder beheer gehou word, sal dan losgelaat word. Die engel van genade is besig om haar vlerke toe te vou en maak gereed om afstand te doen van die troon en die wêreld aan die beheer van die Satan oor te laat. Vorstedomme en magte van die wêreld is in bittere opstand teen die God van die hemel. Hulle is gevul met haat teenoor die wat Hom dien en eerlank, binnekort, sal die laaste slag tussen goed en kwaad plaasvind. Die aarde gaan die slagveld wees, die toneel van die finale stryd en die uiteindelike oorwinning. ' [ML 308]

Die krag van die Heilige Gees sal op ons wees en die Aanvoerder van die Here se leërskare sal aan die hoof van die engele van die hemel staan om die slag te lei. Plegtige gebeure moet nog plaasvind in die toekóms. Trompet na trompet sal weerklink, skaal na skaal, een na die ander, moet uitgegiet word op die bewoners van die aarde. Tonele van ontsaglike belang is reg op ons. [Letter 109,1890 (SDABC 7:982)]

Twee groot magte in teenstelling met mekaar, word geopenbaar in die laaste groot slag. Aan die een kant staan die Skepper van die hemel en aarde. Diegene wat aan Sy kant geskaar is, het Sy seël

ontvang. Hulle is gehoorsaam aan Sy gebooie. Aan die ander kant staan die vors van duisternis saam met hulle wat dwaling en opstand verkies het. [R&H 7 Mei, 1901 (SDABC 7: 982/3]

Ons behoort die uitgieting van die sewende skaal te bestudeer. Die bosemagte sal nie die stryd gewonne gee sonder 'n slag nie. Maar die Voorsienigheid het 'n rol om te vervul in die slag van Armageddon. Wanneer die aarde verlig word met die heerlikheid van die engel van Openbaring 8, sal die godsdienstige elemente, goed en kwaad, ontwaak uit hul slaap en die leërs van die lewende God sal opruk. [MS 175,1899 (SDABC 7:983)]

Die slag van Armageddon moet spoedig plaasvind; Hy op wie se kleed geskryf staan "Koning van konings en Here van here," sal eerlank die leërs van die hemel uitlei. Dit kan nie nou gesê word deur die diensknegte van die Here soos deur die profeet Daniël nie:"Die vasgestelde tyd is nog in die verre toekoms" [Dan.10:1] Dit is nou maar net 'n kort tydjie voordat Gods getuies die werk sal voltooid hê om die weg van die Here voor te berei. [6T 406]

Ons word vertel van 'n groter slag, as toe die heidense Amoriete verslaan is, wat sal plaasvind in die sluitings tonele van die wêreld
[197] se geskiedenis, wanneer "Jehowa Sy skatkamer oopgemaak en die werktuie van Sy grimmigheid uitgebring het." " Het jy gekom,"vra Hy,"by die skatkamers van die sneeu? En het jy die skatkamers van die hael gesien wat ek opgespaar het vir die tyd van benoudheid, vir die dag van stryd en oorlog?" [PP 509]

## Bevryding Van Gods Volk

Spoedig het ek gesien dat die heiliges in groot angs verkeer het. Dit het gelyk of hulle omring was deur die bose bewoners van die aarde. Dit het geskyn of alles teen hulle was. Sommige het begin vrees dat God hulle eindelik verlaat het om gedood te word deur die goddelose. Maar as hulle oë geopen kon wees, sou hulle gesien het dat hulle omring was deur die engele van God. Toe het die verwoede skare gekom en daarna 'n menigte van bose engele wat die goddelose aangehits het om die heiliges dood te maak. Maar voordat hulle Gods volk kon nader, moes die goddelose eers deur 'n groep magtige, heilige engele dring. Dit was onmoontlik. Die engele

van God het hulle verplig om terug te val en dit het ook die bose engele wat dig om hulle was, genoodsaak om terug te val.

Dit was ‘n uur van die vreeslikste angs vir die heiliges. Hulle het dag en nag tot God geroep om verlossing. Oënskynlik was daar geen moontlikheid dat hulle sou ontsnap nie. Die goddelose het alreeds die oorwinning begin behaal en hulle het uitgeroep: “Waarom verlos julle God julle nie uit ons hande nie? Waarom váar julle nie op en red julle lewens nie?” Maar die heiliges het hulle nie geantwoord nie. Soos Jakob het hulle met God geworstel. Die engele was baie begerig om hulle te verlos, maar hulle moes nog ‘n bietjie wag; die volk van God moes eers die beker drink en met die doop gedoop word. Die engele, getrou aan hulle opdrag, het waggehou. God sou nie toelaat dat Sy Naam in die skande kom onder die heidene nie. Die tyd was byna daar vir Hom om Sy mag te openbaar en Sy heiliges op heerlike wyse te verlos. Vir die eer van Sy Naam sou Hy elkeen verlos wat geduldig vir Hom gewag het en wie se name in die boek geskrywe was.

Ek is terugverwys na die getroue Noag.Toe dit begin reën en die vloedwaters gekom het, was Noag en sy gesin veilig in die ark en God het die deur gesluit. Noag het die wêreld van sy tyd getrou gewaarsku, terwyl hulle hom bespot en gehoon het. Toe die waters op die aarde begin neersak en die een na die ander verdrink het, het hulle daardie ark waarmee hulle so lustig die spot gedryf het, veilig op die water gesien, met die getroue Noag en sy gesin daarin. Ek het gesien dat die volk van God, wat die wêreld getrou gewaarsku het van Sy komende toorn, verlos sou word. God sou nie die goddelose [198]
toelaat om diegene te vernietig wat gewag het op verheerliking en wat nie die dekreet van die dier gehoorsaam en sy merk ontvang het nie. Ek het gesien dat as die goddelose toegelaat sou word om die heiliges om die lewe te bring, sou die Satan en sy bose leërskare en almal wat God haat, baie bly gewees het. En 0, hoe ‘n groot oorwinning sou dit nie vir die Satan wees nie om in die laaste stryd mag te hê oor diegene wat so lank gewag het om Jesus te sien wat hulle liefhet! Diegene wat gespot het met die idee van die hemelvaart van die heiliges, sal sien hoe God vir Sy kinders sorg en hoe hulle heerlik verlos word.

Toe die heiliges die stede en dorpe verlaat het, is hulle agtervolg deur die goddelose wat hulle wou doodmaak, maar die swaarde wat

opgehef is om Gods volk te dood, het gebreek en so magteloos soos stukkies strooi op die grond geval. Engele van God het die heiliges beskut. Waar hulle dag en nag om verlossing gebid het, is hulle roepstem deur die Here verhoor. [EG 241-243]

## Spesiale Opstanding

Grafte word geopen en "baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik" (Dan. 12:2). Almal wat in geloof in die derde engel se boodskap gesterf het, kom verheerlik voort uit die graf om Gods verbond van vrede te hoor met diegene wat Sy wet onderhou het. "Ook hulle wat Hom deursteek het" (Open. 1:7). Diegene wat Christus bespot en uitgeskel het in sy doodsangs en die vernaamste teenstanders van Sy waarheid en Sy volk, word opgewek om Hom in Sy heerlikheid te sien en om die eer te aanskou wat die getroues en gehoorsames ontvang. [GS 721]

Dit was middernag toe God besluit het om Sy volk te verlos. Terwyl die goddelose rondom hulle gespot het, het die son skielik opgekom en in sy volle krag geskyn en die maan het stilgestaan. Die goddelose het die toneel in verbasing aanskou, terwyl die heiliges die tekens van hulle verlossing met eerbiedige vreugde aanskou het. Tekens en wonders het mekaar vinnig opgevolg. Dit het geskyn of die natuurlike gang van alles verstoor was. Die strome het opgehou om te vloei. Donker, swart wolke het opgekom en teen mekaar gebots. Maar daar was een oop plek van heerlikheid en daarvandaan is die stem van God gehoor, soos van baie waters en dit het die hemele en die aarde geskud. Daar was 'n groot aardbewing. Die
[199] grafte is geopen en diegene wat in die geloof gesterf het onder die derde engel se boodskap en die Sabbat gehou het, het opgestaan en verheerlik voortgekom om die verbond van vrede te hoor wat God sou maak met diegene wat Sy wet gehou het. [EG 286]

## Tafels Van Die Wet Verskyn In Die Lug

Terwyl hierdie woorde van heilige vertroue tot God opstyg, open die wolke en die sterrehemel word gesien, onuitspreeklik heerlik in teenstelling met die swart en toornige uitspansel aan albei kante. Die

heerlikheid van die Godstad stroom deur die halfoop poort en in die lig verskyn daar 'n hand wat kliptafels wat toegevou is, vashou. Die profeet het gesê: "Die hemele verkondig Sy geregtigheid" (Ps.97:6), want God staan gereed om te oordeel. Daardie heilige wet, Gods geregtigheid, wat te midde van donder en bliksem as lewensreël op Sinai afgekondig is, word nou aan die mense geopenbaar as die maatstaf van die oordeel. Die hand vou die tafels oop en die gebooie van die Dekaloog staan daar geskryf soos met 'n pen van vuur. Die woorde is so duidelik dat alle mense hulle kan lees. Dit kom in herinnering; die duisternis van bygeloof en dwaalleer word weggeveeg uit alle harte en Gods tien woorde, kort en bondig en gesaghebbend, word geopenbaar aan al die aardbewoners. [GS 72]

### Die Uur Van Christus Se Koms Word Aangekondig

Die stem van God word uit die hemel gehoor wat die dag en uur van Jesus se koms aankondig en wat die ewige verbond aan Sy volk oorhandig. Soos die hardste donderslae dreun Sy woorde oor die aarde. Die Israel van God staan en luister met hulle oë omhoog. Hulle aangesigte is verlig met Sy heerlikheid en hulle blink soos die gelaat van Moses toe hy van Sinai afgekom het. Die goddelose kan hulle nie aanskou nie. En wanneer die seën uitgespreek word op diegene wat God vereer het deur Sy Sabbat te heilig, word daar 'n magtige oorwinningskreet gehoor. [GS 724]

### Tweede Koms Van Christus

Kort daarna verskyn daar in die ooste 'n klein swart wolkie, omtrent so groot as 'n man se hand. Dit is die wolk rondom die Heiland en wat in die verte lyk asof dit in duisternis gehul is. Die volk van God weet dat dit die teken van die Seun van die mens is. In plegtige stilte staan hulle en kyk terwyl dit nader aan die aarde kom en steeds nader en heerliker word totdat dit naderhand 'n groot wit wolk is, die onderkant daarvan lyk soos 'n verterende vuur en daar bo-oor is die reënboog van die verbond. Jesus ry voort soos [200]
'n magtige oorwinnaar. Nou is Hy nie meer die" man van smarte" (Jes. 53:3) om die beker van skande en ellende te drink nie; Hy kom nou as oorwinnaar van hemel en aarde om die lewende en die dode

te oordeel." Getrou en Waaragtig en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid." (Open. 19:11). "En die leërs in die hemel het Hom gevolg" (Open. 19:14). Met hemelse lofliedere vergesel die engele Hom - 'n leërskare van engele wat ontelbaar is. Die uitspansel is bedek met heerlike gedaantes - tienduisend maal tienduisend en duisende van duisende" (Ps. 68:18; Op.5:11). Geen pen kan die toneel beskryf nie; geen menseverstand kan die heerlikheid besef nie." Sy Majesteit bedek die hemel en die aarde is vol van Sy lof. En glans soos sonlig is daar"(Hab.3:3,4). Namate die wolk steeds nader kom, sien elke oog die Vors van die lewe. Geen doringkroon skend nou Sy heilige hoof nie, maar Hy dra 'n kroon van heerlikheid. Sy aangesig oortref die verblindende heerlikheid van die middagson. "En Hy dra op Sy kleed en op Sy heup die Naam wat geskrywe is: DIE KONING VAN DIE KONINGS EN DIE HERE VAN DIE HERE." [GS 724/5]

## Eerste Opstanding - Regverdige Dode

Terwyl die aarde waggel, die weerligte uitslaan en die gedreun van donder gehoor word, roep die Seun van God die slapende heiliges te voorskyn. Hy kyk na die grafte van die regverdiges en dan met Sy hande uitgestrek na die hemel roep Hy:"Staan op, staan op, staan op, julle wat in die stof slaap, staan op!" Oor die lengte en breedte van die aarde sal die dode Sy stem hoor en hulle wat hoor, sal lewe. En oor die hele aarde sal die voetstappe gehoor word van die groot skare bestaande uit alle nasies, geslagte, tale en volke. Uit die gevangenis van die dood kom hulle met onsterflike heerlikheid beklee en roepende: "Dood, waar is jou angel? Doderyk waar is jou oorwinning" (1 Kor. 15:55). Dan verenig die lewende regverdiges en die opgewekte heiliges hulle stemme in 'n groot, blye oorwinningskreet.

Almal kom uit hulle grafte voort net so groot as toe hulle gesterf het. Adam, wat ook onder die verrese skare is, is lank en van pragtige liggaamsbou, maar hy is 'n bietjie kleiner as die Seun van God. Hy vorm 'n treffende teenstelling met die mense van latere geslagte en hierin kan die groot agteruitgang van die mens gesien word. Almal staan op in die lewenskrag van ewige jeug. Die mens is in die begin geskape in die ewebeeld van God, nie alleen wat karakter betref nie, maar ook in vorm en gelaatstrekke. Die sonde het die

goddelike beeld geskend en byna uitgewis, maar Christus het gekom om te herstel wat verlore was. Hy sal ons vernederde liggame van gedaante verander om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte [201] liggaam. Die sterflike, verganklike vorm, sonder enige skoonheid en wat eenmaal deur die sonde besoedel was, is nou volmaak, heerlik en onsterflik. Alle smette en gebreke word in die graf agtergelaat. Met vrye toegang tot die boom van die lewe in Eden wat so lank verlore was, sal die verlostes ontwikkel tot die volle grootte van die menslike geslag voor die sondeval. Die laaste spore van die vloek van die sonde sal weggeneem word en die getroues van Christus sal verskyn in die heerlikheid van die Here onse God en verstandelik, geestelik en liggaamlik sal hulle die volmaakte ewebeeld van hulle Here weerkaats. 0 wonderbare verlossing - die verlossing waarvan so lank gepraat is, waarop so lank gehoop is, waarna gretig vooruitgesien is, maar nooit ten volle begryp is nie! [GS 728/9]

## Heiliges Na Die Hemel

Toe het Jesus se silwertrompet weerklink onderwyl Hy afgedaal het op die wolk, omhul van vuurvlamme. Hy het na die grafte van die slapende heiliges gekyk en toe het Hy Sy oë en hande opgehef na die hemel en uitgeroep: “Ontwaak! ontwaak! ontwaak! julle wat slaap in die stof van die aarde, staan op.” Toe was daar ‘n groot aardbewing. Die grafte het oopgegaan en die dode het voortgekom, beklee met onsterflikheid. Die 144,000 het geskreeu:“Halleluja!” toe hulle hulle vriende herken wat deur die dood van hulle geskeur is en op dieselfde oomblik is ons verander en saam met hulle opgeneem die Here tegemoet in die lug [EG 15]

Toe het ek ‘n baie groot getal engele gesien wat heerlike krone van die stad gebring het; ‘n kroon vir elke heilige, met sy naam daarop geskryf. Namate Jesus om die krone geroep het, het engele hulle aan Hom gebring en met Sy eie regterhand het die lieflike Jesus die krone op die hoofde van die heiliges geplaas. Net so ook het die engele harpe gebring en Jesus het hulle aan die heiliges gegee. Die bevelvoerende engele het begin speel en toe het alle stemme ‘n dank en loflied aangehef en alle hande het kunstig die harpe bespeel en daar was die heerlikste musiek. Toe het ek Jesus die verloste skare sien lei na die poort van die stad. Hy het die hek

geneem en dit wyd oopgeswaai op sy skarniere en die volke wat die waarheid bewaar het, het Hy beveel om in te gaan. Binne die stad was daar die heerlikste dinge vir die oog om te sien. Orals het hulle heerlikheid en prag gesien. Toe het Jesus na Sy verloste heiliges gekyk; hulle aangesigte het gestraal van heerlikheid en terwyl Hy na hulle gekyk het, het Hy met Sy pragtige, musikale stem gesê: "Nou sien Ek die moeitevolle arbeid van My siel en Ek is versadig. Hierdie uitnemende heerlikheid is julle s'n om vir ewig te geniet.
[202] Julle lyding is op 'n end.'" 'Daar sal geen dood of droefheid of geween meer wees nie, ook sal daar geen pyn meer wees nie" (Open. 21:4). Ek het gesien dat die verloste skare neerbuig en hulle blink krone aan die voete van Jesus neerwerp en toe, nadat Sy lieflike hand hulle weer opgerig het, het hulle hulle harpe begin bespeel en die ganse hemel vervul met die heerlikste musiek en lofliedere aan die Lam. [EG 245/6]

## Die Millennium -1,000 Jaar

Die uitdrukking "afgrond" (0pen.20:1), stel die aarde voor in sy toestand van verwarring en duisternis, soos afgelei kan word uit ander skriftuurplase. Die Bybel sê van die aarde in die begin." Die aarde was woes en leeg en duisternis was op die wêreldvloed" (Gen. 1:2). Die woord wat hier vertaal is "wêreldvloed,"is in die Septuagint dieselfde as wat in die grondteks van Openbaring 20:1-3 "afgrond" vertaal is. Die profesieë leer ons dat die aarde, gedeeltelik altans, weer in hierdie toestand gebring sal word. Vooruitsiende na die groot dag van die Here, het die profeet Jeremia gesê: "Ek het na die aarde gekyk en dit was woes en leeg ook na die hemel en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk en hulle het gebewe en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk en daar was geen mens nie en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk en die land van tuine was 'n woestyn en al sy stede was afgebreek."

Hier het ons 'n beskrywing van die plek waar Satan en sy bose engele vir 'n duisend jaar sal woon. Beperk tot hierdie aarde, sal hy nie toegang hê tot die ander wêrelde om diegene wat nooit in die sonde geval het, te versoek en lastig te val nie. Dit is in hierdie sin dat hy gebind word. Daar bly geen mense oor op wie hy sy krag kan

beoefen nie. Hy is heeltemal afgesny van sy werk van bedrog en verwoesting wat vir soveel eeue sy enigste vreugde was.

Waar die profeet Jesaja vooruitgesien het na die tyd van Satan se ondergang, het hy uitgeroep: "Hoe het jy uit die hemel geval, o mórester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel,... my gelyk stel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou en sê: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, konink-ryke laat beef het? Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangene nie losgelaat het huistoe nie?" (Jes.14:12-17). Vir sesduisend jaar lank het Satan se rebellie die aarde laat sidder. Hy het" die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes,"en" hy het nie die [203] gevangenes losgelaat huis toe nie."Vir sesduisend jaar het hy die volk van God in sy gevangenis deelgeneem en hy sou hulle vir ewig gevange gehou het as dit nie was dat Christus die bande verbreek en die gevangenes vrygestel het nie.

Selfs die goddelose is nou buite bereik van Satan wat alleen met sy bose engele agterbly om die gevolge te sien wat die vloek van die sonde gebring het. "Die konings van die nasies, hulle almal rus met eer, elkeen in sy huis (die graf); maar jy is gewerp ver van jou graf, soos 'n afskuwelike uitspruitsel... Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk doodgemaak."

Vir 'n duisend jaar sal Satan heen en weer op die verwoeste aarde ronddwaal om die gevolge van sy rebellie teen die wet van God te betrag. Gedurende hierdie tyd is sy lyding vreeslik. Sedert sy val, het sy lewe van onophoudelike bedrywigheid hom geen kans gegee vir oorpeinsing nie, maar nou is sy krag ontneem en hy word alleen gelaat om sy werk sedert hy teen die regering van die hemel in opstand gekom het, te betrag en vooruit te sien met vrees en bewing na die ontsettende toekoms wanneer hy sal moet ly vir al die sonde wat hy gedoen het en gestraf sal word vir die sondes wat hy laat doen het.

## Gebeure Aan Die Einde Van Die Millenium

Aan die einde van die duisend jaar kom Christus weer na die aarde toe terug. Hy word vergesel van ‘n leërskare van verlostes, asook deur ‘n gevolg van engele. Terwyl Hy in groot heerlikheid neerdaal, gebied Hy die goddelose dode om op te staan vir die uitvoering van hulle vonnis. Hulle kom voort, ‘n magtige leërskare, ontelbaar soos die sand aan die see. Wat’n teenstelling is dit met dieegene wat in die eerste opstanding opgewek is! Die regverdiges het opgestaan, beklee met ewige jeug en skoonheid. Die goddelose staan op met die tekens van siekte en die dood. [GS 747]

## Bruilof Van Die Lam

Elke saak is beslis of vir die lewe of vir die dood.Terwyl Jesus in die heiligdom gedien het, is die regverdige dode geoordeel en daarna die lewende heiliges. Christus het Sy koninkryk ontvang nadat Hy versoening gedoen het vir Sy volk en hulle sondes uitgedelg het. Die onderdane van Sy koninkryk was voltallig. Die huwelik van die Lam is voltrek. En die koninkryk en die grootheid daarvan onder die ganse hemel, is gegee aan Jesus en die erfgename van die saligheid en Jesus sal regeer as Koning van die konings en Here van die here. [EG 239]

[204] In die gelykenis van Matthéüs 22 word dieselfde beeld van ‘n bruilof gebruik en daar word die ondersoekende oordeel voorgestel as ‘n werk wat plaasvind voor die bruilof. Net voor die bruilof kom die koning die gaste ondersoek (Matt. 22:11), om te sien of almal die bruilofskleed aan het, naamlik die vlekkelose kleed van karakter, gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam (Openb. 7:14). Die een wat sonder die bruilofskleed aangetref is, is uitge werp, maar almal wat die bruilofskleed aangehad het, is deur God aangeneem en waardig geag om ‘n deel in Sy koninkryk te hê en om op Sy troon te sit. Hierdie werk van die ondersoek van die karakter of die vasstelling wie almal gereed is vir die koninkryk van God, stel die ondersoekende oordeel voor, die sluitingswerk in die heiligdom daarbo. [GS 491 ]

Jesus het Sy engele gestuur om die aandag van die teleurgesteldes te vestig op die allerheiligste plek waarheen Hy gegaan het om die

heiligdom te reinig en spesiale versoening te doen vir Israel. Jesus het aan die engele gesê dat almal wat Hom sou vind ook die werk sou verstaan wat Hy sou doen. Ek het gesien dat Jesus, terwyl Hy in die allerheiligste plek was, in die huwelik sou tree met die Nuwe Jerusalem en dat Hy, na Sy werk in die koninklike krag, die dierbares wat so geduldig gewag het op Sy koms tot Hom sou neem. [EG 214]

In die somer en herfs van 1844 is die aankondiging gedoen. "Daar kom die bruidegom." Die klasse wat voorgestel is deur die verstandige en onverstandige meisies het toe ontstaan - die een klas het met vreugde uitgesien na die Here se koms en hulle het ywerig klaargemaak om Hom te ontmoet; die ander klas, uit vrees en handelende op die aandrif van die oomblik, is tevrede gestel met 'n teorie van die waarheid, maar dit het hulle aan die genade van God ontbreek. Ons lees:"En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof." Die koms van die bruidegom hier onder bespreking, vind plaas voor die bruilof. Die bruilof stel Christus se ontvangs van Sy koninkryk voor. Die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, wat die hoofstad van die koninkryk is, word genoem die bruid, die vrou van die Lam. Die engel het aan Johannes gesê: "Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my weggevoer in die gees," sê Johannes, "en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal" (Openb. 21:9,10). Dit is dus duidelik dat die bruid die heilige stad voorstel en die jong meisies wat uitgaan om die bruidegom te ontmoet, is 'n beeld van die kerk.

In Openbaring word die volk van God voorgestel as gaste by [205]
die bruilofsmaal (Openb. 19:9). As hulle gaste is, kan hulle nie ook voorgestel word as die bruid nie. Christus, soos deur die profeet Daniël verklaar, sal van die Oue van Dae in die hemel "heerskappy en eer en koningskap ontvang." Hy sal die Nuwe Jerusalem, die hoofstad van Sy koninkryk ontvang "toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is." (Dan. 7:14; Openb. 21:2). Nadat Hy die koninkryk ontvang het, sal Hy na die aarde terugkom in heerlikheid as Koning van die konings en Here van die here, om Sy volk te verlos wat "saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele" by die bruilofsmaal van die Lam. (Matt. 8:11). [GS 488/9]

## Die Einde Van Die Stryd

Aan die einde van die duisend jaar kom Christus weer na die aarde toe terug. Hy word vergesel van ‘n leërskare van verlostes, asook deur ‘n gevolg van engele. Terwyl Hy in groot heerlikheid neerdaal, gebied Hy die goddelose dode om op te staan vir die uitvoering van hulle vonnis. Hulle kom voort, ‘n magtige leërskare, “ontelbaar soos die sand aan die see.” Wat ‘n teenstelling is dit met diegene wat in die eerste opstanding opgewek is! Die regverdiges het opgestaan, beklee met ewige jeug en skoonheid. Die goddelose staan op met die tekens van siekte en die dood. [GS 747]

Christus daal neer op die Olyfberg vanwaar Hy na Sy opstanding opgevaar het en waar die engele die belofte van Sy wederkoms herhaal het. Die profeet sê:“Dan sal die Here my God kom, al die heiliges met U!” ” ln die dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant en die Olyfberg sal in twee dele gesplyt word... sodat daar ‘n baie groot dal sal wees; en die Here sal Koning wees oor die hele aarde; in die dag sal die Here een wees en Sy Naam een.” [Sag. 14:5,4,9] Wanneer die Nuwe Jerusalem in verblindende heerlikheid uit die hemel neerdaal sal dit tot rus kom op die plek wat daarvoor gereinig en gereed gemaak is en Christus met Sy volk en die engele sal die heilige stad binnegaan. [GS 748]

Satan bespreek sake met sy engele en daarna met hierdie konings en veroweraars en magtige manne. Hulle aanskou die mag en menigtes aan hulle kant en hulle verklaar dat die leër binne in die stad klein is vergeleke met hulle s’n en dat hulle dit kan oorwin. Hulle beraam planne om die rykdom en heerlikheid van die Nuwe Jerusalem in besit te neem. Dadelik maak almal gereed vir die slag. Bedrewe vakmanne maak oorlogstuig. Militêre leiers, beroemd vir hulle sukses, organiseer die menigtes in regimente en divisies. [GS 749]

[206] Christus verskyn nou sodat Sy vyande Hom kan sien. Hoog bokant die stad, op ‘n fondament van blink goud, is ‘n troon, hoog en verhewe. Op hierdie troon sit die Seun van God en rondom Hom is die onderdane van Sy koninkryk. Geen pen kan die mag en majesteit van Christus beskryf nie. Die heerlikheid van die Ewige Vader omring Sy Seun. Die heerlikheid van Sy teenwoordigheid

vervul die stad, maar dit strek buitekant die poorte en vervul die hele aarde met Sy glans. [GS750]

In die teenwoordigheid van die vergaderde bewoners van die aarde en die hemel vind die finale kroning van die Seun van God plaas. En nou, beklee met die opperste majesteit en krag, spreek die Koning van die konings die vonnis uit oor die rebelle teen Sy regering en daar word regverdige straf uitgedeel aan diegene wat Sy wet oortree en Sy volk verdruk het. Die profeet van God sê: “Ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan en die boeke is geopen en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat geskrywe is in die boeke, volgens hulle werke” (0penb.20:11,12).

Bokant die troon verskyn die kruis en panoramies word die tonele vertoon van Adam se versoeking en sondeval en die agtereenvolgende stappe in die groot verlossings plan. Die Heiland se nederige geboorte; Sy kinder-en jongelingsjare van eenvoud en gehoorsaamheid; Sy doop in die rivier Jordaan; Sy vas en versoeking in die woestyn; Sy openbare bediening waarin Hy aan die mense die hemel se kosbaarste seëninge ontvou het; die dae vol dade van liefde en genade; die nagte van gebed en die waking in eensaamheid op die berge; die sameswerings van afguns, haat en kwaadwilligheid waarmee Sy goedheid terugbetaal is; die ontsettende, misterieuse angs van Getsemane onder die verskriklike las van die sondes van die ganse wêreld; Sy oorgawe in die hande van die moordlustige gepeupel; die vreeslike gebeurtenisse van daardie nag van verskrikking - die weerlose gevangene, verlaat deur Sy geliefde dissipels, op meedoënlose wyse deur die strate van Jerusalem voortgesleep; die Seun van God, jubelend voor Annas gebring, in die hoëpriester se paleis verhoor, daarna in die geregsaal van Pilatus, voor die lafhartige en wrede Herodes, bespot, beledig, gemartel en tot die dood veroordeel - al hierdie dinge word duidelik voorgestel. [GS 752]

Dan, aan die einde van die duisend jaar, verlaat Jesus, saam met [207]
die engele en al die heiliges, die Heilige Stad, en terwyl Hy neerdaal na die aarde met hulle, word die goddelose dode opgewek, en dan sal daardie selfde manne wat Hom deursteek het en wat nou opgewek

is, Hom van ver sien in al Sy heerlikheid, vergesel van die engele en die heiliges en hulle sal oor Hom rou bedryf. [EG 53]

Die ganse bose wêreld staan nou voor die regbank van God op aanklag van hoogverraad teen die regering van die hemel. Hulle het niemand om hulle saak te bepleit nie; hulle staan sonder verskoning en die vonnis van die ewige dood word oor hulle uitgespreek. [GS 753]

Dit skyn of Satan verlam is waar hy die heerlikheid en die majesteit van Christus aanskou. Hy wat eenmaal 'n beskuttende gerub was, dink nou aan die plek vanwaar hy geval het. 'n Blinkende seraf, "seun van die môre," hoe is hy verander en hoe is hy verlaag. Van die raadsitting waaraan hy eenmaal die eer gehad het om deel te neem, is hy nou vir ewig uitgesluit. Hy sien nou 'n ander een naby die Vader staan, wat sy heerlikheid bedek. Hy het gesien hoedat die kroon op die hoof van Christus geplaas is deur 'n magtige engel van groot gestalte en majestueuse voorkomste en hy weet dat die verhewe posisie van daardie engel syne kon gewees het. [GS 754]

Elke oog in daardie groot skare is gerig op die heerlikheid van die Seun van God. Soos met een stem roep die goddelose menigtes uit: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Dit is nie liefde vir Jesus wat aanleiding gee tot hierdie woorde nie. Die krag van die waarheid dwing die woorde van onwillige lippe. Net soos die goddelose in hulle grafte neergedaal het, so kom hulle voort, met dieselfde vyandigheid teenoor Christus en dieselfde opstandige gees. Vir hulle is daar nie 'n nuwe genade tyd om die gebreke van die verlede aan te vul nie. Dit sou ook niks help nie. 'n Lewe van oortreding het nie hulle harte versag nie. As daar 'n tweede genadetyd aan hulle gegee word, sou hulle dit net soos die eerste bestee - in 'n ontduiking van die vereistes van God en in opstand teen Hom. [GS 747/8]

Satan se werk van verwoesting is vir ewig beëindig. Vir ses duisend jaar lank het hy sy wil uitgevoer, die aarde met ellende vervul en droefheid oor die ganse heelal veroorsaak. Die hele skepping het gesug en tesame in barensnood verkeer. Nou word Gods skepsels vir altyd verlos van sy teenwoordigheid en versoekings. "Die hele aarde rus, is stil; hulle [die regverdiges) breek uit in jubel" [Jes.14:
[208] 7] 'n Kreet van oorwinning en dank styg op van die ganse lojale heelal. "Die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie

waters en soos die geluid van sterk donder slae," word gehoor, wat sê: "Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar." (Openb.19:6)

Terwyl die aarde omhul is met die vlamme van verwoesting, is die regverdiges veilig in die heilige stad. Oor diegene wat in die eerste opstanding opgestaan het, het die tweede dood geen mag nie. Terwyl God vir die goddelose soos 'n verterende vuur is, is Hy vir Sy volk beide 'n son en 'n skild. [GS 758]

Al die skatte van die heelal sal oop wees vir die studie van die verlostes van God. Ongebonde deur sterflikheid sal hulle na verafgeleë wêrelde vlieg - wêrelde wat met droefheid vervul was by die aanskouing van menslike ellende en wat weergalm het met liedere van blydskap toe hulle verneem het van 'n siel wat verlos is. Met onuitspreeklike vreugde deel die kinders van die aarde in die blydskap en wysheid van wesens wat nooit geval het nie. Hulle deel in die skatte van kennis en wysheid wat verkry is deur die eeue heen in die oorpeinsing van Gods handewerk. Met 'n onbelemmerde gesig aanskou hulle die heerlikheid van die skepping - sonne, sterre en stelsels - wat almal op hulle vasgestelde bane rondom die troon van die Godheid beweeg. Op alle dinge, van die geringste tot die grootste, staan die Skepper se Naam geskrywe en in almal word die rykdom van Sy mag tentoongestel.

En namate die eeue verloop, sal daar steeds ryker en heerliker openbarings van God en Christus wees. Net soos kennis progressief is, sal ook liefde, eerbied en geluk vermeerder. Hoe meer mense van God leer, hoe groter sal hulle bewondering van Sy karakter wees. Waar Jesus voor hulle die rykdom van die verlossing en die verbasende prestasies in die groot stryd met Satan openbaar, sal die harte van die verlostes met groter toewyding tril en met nog heerliker vreugde sal hulle die siters van goud bespeel en tienduisend maal tienduisend en duisende van duisende stemme sal verenig in die magtige koor van lof.

"En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam kom toe die lof die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" Openbaring 5:13.

Die groot stryd is beindig. Sonde en sondaars bestaan nie meer [209]

nie. Die ganse heelal is skoon. Een pols van eensgesindheid en blydskap klop deur die groot skepping. Van Hom wat almal geskape het, vloei lewe en lig en blydskap deur die onbeperkte ruimtes. Van die kleinste atoom tot die grootste wêreld. Alle dinge, lewendig en leweloos, in hulle volmaakte skoonheid en vreugde, verklaar dat God liefde is. [GS 763/4]